**Openbaringe aan Bertus Hanekom**

## *Openbaring 1*

**HEBREËRS 11: 8**

*07/11/07*

Deur die geloof het Abraham toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek waar hy as erfenis sal ontvang, en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Ons Vader maak een deur toe en `n ander oop. So lei Hy ons net soos Hy vir Abraham gelei het. Ons kry `n voering in ons binneste en `n rusteloosheid in ons siel dan begin ons te besef ons Vader wil nou vir ons ander deurloop maak. Dan moet ons volg sonder om te weet wat lê vorentoe, want ons Vader is in beheer. Hy sal die pad aanwys so vinnig dit moet wees. Ons moet net begin beweeg. Seisoen begin en eindig. As die seisoen verby is, dan sal jy voel dit is tyd om aan te beweeg, moenie huiwer nie. Ons Vader wil `n verandering bring. Trek weg van Babel met haar verwarring in die kerke, ook weg van Mammon met sy plesiere. Rig jou oë op jou oerVader

## *Openbaring 2*

**07/11/07 23H15**

As jy dink die kraaie gaan aanhou kos bring, of as jy dink die spruitjie gaan vir ewig loop; dan maak jy `n baie groot fout, as jy nie saam met My loop nie.

As jou spruitjie opdroog, dan wil Ek jou help en iets nuts vir jou doen. Ek sal vir jou Liefde, Vreugde en Vrede bring. Doen net wat Ek vir jou sê, luister as Ek met jou praat, staan op en gaan doen wat Ek vir jou sê.

Bly in pas met My, julle het nog nie gearriveer nie. Ek is met julle, julle is nog onder konstruksie, maar Ek sal julle elke dag lei. Ek roep jou om jou lewe in My hand te plaas. Ek wil hê jy moet wees waar Ek wil hê jy moet wees. Amen

## *Openbaring 3*

*08/11/07*

Hoe kwalifiseer ons vir die smal pad? `n Mens moet gelowig bid en nie twyfel nie. Jakobus 1: 6.

Al is die uitdaging voor my hoe groot, jy kan jou na El wend vir `n antwoord, en opnuut oortuig kan word dat El se plan heers in my lewe en in my wêreld, hoe deurmekaar alles skyn te wees. Dit weet ek en met die ore van my siel luister ek na Sy stem in my wese. En omdat jy El se kind is in wie El `n welbehae het, sal Ek toesien dat alles in jou lewe ordelik verloop.

Kyk, Ek bou `n muur van lig om jou en geen aanval ookal, kan jou raak nie. Onthou, Ek is in jou.

Amen

## *Openbaring 4*

*13/11/0719h00*

Julle moet in julle lewensvreugde sien dat daar in My verlossing vir julle sondes is.

Hier is `n geleentheid. Dit is heel waarskynlik die eerste en laaste keer dat Ek by jou verbygaan, daarom gryp die geleentheid aan. Laat jou noodroep opklink. Dit sal jou nooit berou nie.

Ek het gekom om diegene te soek en te red wat met hul lewens `n dobbelspel met die sonde speel. Kyk, die sondestryd woed in jou kop. Wat ookal jou aandag trek, gaan jou beetkry. Elke keer as jy daaraan dink, maak jy dit nog sterker. Weerhou jou van `n nuttelose lewe. Bly weg van die by as jy nie gesteek wil word nie.

Verder sê Ek, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is, watter deug of lofwaardige saak daar ookal mag wees, daarop moet julle, julle gedagtes rig.

Kyk, as jy nie dit wat jy gekry het, gebruik nie, gaan jy dit verloor. As jy die vermoëns gebruik wat Ek jou gegee het, sal Ek dit vir jou vermeerder. Ek sal nog groter dinge aan jou bekend maak, wees net lief en getrou aan My. Dink na oor wat Ek vir jou sê.

Amen

## *Openbaring 5*

*19/11/0703h00*

Vir oulaas hou Ek My hand van verlossing uit na julle, neem dit nou aan, Ek sal jou insig gee om alles te verstaan. My guns gaan op die val wat My uit opregte liefde met hart en siel wil dien. In baie groot gevaar gaan julle veilig onder My beskerming staan.

Weet dan My kinders, dat daar vir My geen groter vreugde bestaan as `n swak mensekind wat sy eerste wankelende geestelike tree na My, sy Hemelse Vader, gee nie. Die wat My in sy hart dra, dra ook reeds verlossing van sy sondes. Wees veral versigtig wat in jou hart aangaan, want dit bepaal jou hele lewe. Daar waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.

Niks in jou lewe is toevallig nie, dis alles vir `n doel. En glo My, jy kan jou doelwitte bereik, net as jy alles insit. Jou lewensdoel is veel groter as jou persoonlike vervulling, jou innerlike vrede of selfs jou geluk. Kyk, die natuurlike sonde waarmee die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring liefde, lewe, vreugde en vrede.

Laat julle altyd onthou dat oral waar julle besig is, julle juis besig is op My arbeidsveld. Ek is immers die Skepper en Meester van alles. Slegs die wat My Lewende Waarheid binne hulleself dra, sal die vermoë besit om die waarheid te herken. Ek sal die gelowige bewaar en Ek sal `n dag gee waarop alles weer reggestel sal word. Dit behoort elke dag julle taak te wees, om julle op julle laaste dag voor te berei. My Woord gee Ek as troos en bemoediging en koppel dit aan die belofte dat dit sal gebeur die dag as Ek ingryp.

Julle liefdevolle Vader

Amen

## *Openbaring 6*

### IN U DIENS

*19/11/0703h45*

Vader, maak my `n instrument van U vrede,

waar daar haat is, laat Ek liefde bring

waar daar onreg is, vergifnis

wat daar twyfel is, geloof

waar daar wanhoop is, hoop

waar daar duisternis is, lig

waar daar droefheid is, blydskap.

Gee Vader dat ek

nie soseer sal soek om getroos te word nie, maar om te troos,

nie om begryp te word nie, maar om te begryp

nie om te ontvang nie, maar om te gee.

Want dit is deur te gee dat ons ontvang, dit is deur te vergewe dat ons vergewe word en dit is deur te sterwe dat ons tot die ewige lewe gebore word.

Amen

## *Openbaring 7*

### LIEFDE WAT JUBEL

*20/11/0702h00*

Nog `n manier om `n vriendskap met My te vestig, is om jou hele dag deur aan My Woord te dink. Ons noem dit oordenking, en die Skrif (Woord) raai ons dikwels aan om te dink oor wie Ek is, wat Ek is, wat Ek gedoen het en wat Ek gesê het.

Sonder die teelaarde van die liefde, in die ware Gees van groot Liefde, kan julle nooit strewe om ware draers te word van die vrugte van die Gees nie. Julle moet ook oordink wat die doel van vrugte van die Gees is. Dit is nie `n ornament of `n versiering nie, dis daar vir die geestelike voeding en versterking van die mens. Kyk My kinders, onderwerp jou gewilliglik aan My snoeiskêr sodat jy op My tyd en volgens My wil die vrugte van die Gees kan dra.

Liefde is die eerste vrug van die Gees. Die belangrikheid van liefde in julle geestelike lewe is nie `n toevallige of kunsmatige toestand nie.

Vreugde is liefde wat jubel,

Vrede is liefde wat rus gevind het,

Geduld is liefde wat in die storm buig

Vriendelikheid is liefde wat `n geur versprei,

Goedhartigheid is liefde wat in goeie werke geopenbaar word,

Getrouheid is liefde wat ten alle tye vertrou,

Nederigheid is liefde wat `n kruis dra,

Selfbeheersing is liefde wat die vlees kruisig.

Kyk, Ek het altyd probeer om die vonkie van liefde wat in die mens se hart oorgebly het, aan te blaas en te laat opvlam. Doen moeite, laat hierdie primêre vrug van Liefde ontwikkel, sodat jou liefde die hoofdoel van jou lewe sal wees. Sonder liefde is jy `n groot nul, wie die liefde ontbeer, ontbeer alles. Kyk, julle kry die gawe om mekaar lief te hê gratis van die Gees, julle moet Hom net aanneem, aanvaar en in julle laat woon. Ek sê vir elkeen van julle wat dit ervaar, bly dit `n opwindende ontdekking in jou lewe.

Daar is rede om besorg te wees oor die liefdeloosheid wat onder julle mense en My volk heers. Lees julle nie meer die gebod van die liefde in sy volle omvang nie. As julle nie met die liefde toegerus, beklee, oftewel aangetrek is nie, kan Ek nie by jou intrek nie. Ek sê vir jou, daadkragtige liefde en deernis begin in jou eie hart. Daarby sê Ek vir jou, dat Ek ook die behoefte het om te hoor en te sien dat jy My liefhet.

Dink hieroor:

Ek nooi jou

Ek bewaar jou

Ek is by jou

Ek ken jou, wees net lief vir My.

Amen

## *Openbaring 8*

### VIR DIE SONDAAR

*21/11/0702h00*

Voorwaarts met liefde My kinders, Ek gee ag op gelowiges wat na My roep. Dit sal vir julle wat glo, nuwe betekenis in die lewe gee. Solank julle nog nie by My is nie, is julle verlore. Ek het ook vir jou gekom. Maak nie saak hoe groot jou twyfel is nie, maak nie saak hoe verstote jy is nie, maak nie saak hoe groot jou sonde is nie.

Elkeen wat `n Bybel besit, besit die grootste skat op aarde. Bly dit ongelees, het dit geen waarde nie. Niks en niemand anders kan soveel vreugde en vrede, soveel geloof, hoop en liefde in ons lewens indra

nie. Verwaarloos die Woord en jy verwaarloos My.

Ek sê vir julle; in julle swakheid oortree julle telkemale die Wet. Julle weet dat wanneer julle een gebod oortree, dan oortree julle die hele Wet. Die hele Wet is om My. julle Vader. lief te hê en My alleen te dien en so ook julle medemens lief te hê soos julleself. Maar dit bely julle oor en oor, maar skiet dikwels tekort wanneer julle net julleself dien en liefhet. Ek wil hê julle moet geestelik groei en die sonde uitroei. Word wakker, maak jou oë oop, sodat jy ook die kragtige werking van My Wet kan ervaar.

Ek sal julle versterk wanneer julle swak voel, wanneer julle twyfel, wanneer julle siek voel, wanneer julle harte verskeur is, wanneer die eise van die lewe teveel word, wanneer mense julle verkeerd verstaan. Ek verstaan waarom so baie kinders van My nie die oorwinningslewe ken nie, hulle glo dat so iets waarlik nie moontlik is nie. Die Satan fluister byna kliphard "Ag, wie is nou sonder sondes? Elkeen het maar sy ou foutjies. " Hoe heerlik om agter die swakhede van ander te skuil. Die Woord sê egter, so sal elkeen van julle dan vir homself aan die Vader rekenskap gee.

Voorwaar, Ek sê vir jou, My kind, jy mag aan geen ding verslaaf wees nie, en deur geen swakheid oorheers word nie. Ek gee geen opdrag om julle te bespot nie. Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie. Kyk weg van die sonde. Gee dit oor aan My en bekommer jou nie meer daaroor nie. Deur My Woord te eer, sal julle ontvang. Moet nie na bewyse soek nie. Stap nou uit en gehoorsaam My Woord, en jy sal verlos word.

Stel jouself tot beskikking vir My en Ek sal jou gewete reinig van dooie werke. Luister dan vandag nog na My wat aan die kruis gesê het, "Dit is volbring" en kom na die Vader, Hy sterk jou daartoe,

"Ek is die Weg. " Kom nou en laat ons die saak uitmaak. Word My eiendom, sodat Ek jou ten volle kan besit. Wie My het, het die lewe. Julle begrip van My moet suiwer wees. Besluit dan vandag opnuut en volg My waar Ek jou lei.

Amen

## *Openbaring 9*

### HOE WEET EK DIT IS SONDE

*21/11/2007 23h00*

Van die vroegste tye af redeneer julle oor wat sonde is en wat nie. Wat is reg en wat is verkeerd? Hieroor vind daar op groot skaal haarklowery en muggiesiftery plaas. Die beslissing word veelal onderwerp aan `n persoonlike oordeel. `n Teks of `n deel daarvan word buite verband uit die Bybel gelig en dan voorgehou as die finale beslissing. Julle moet definitiewe beginsels hê waarvolgens jy jou beslissing kan maak.

Enkele hiervan is:

**1) IS DIT DIE WIL VAN MY VIR JOU LEWE?**

Dit is My wil dat julle deur goed te doen, `n einde sal maak aan die kwaad wat julle sonder begrip uit onkunde praat. My wil vir julle is slegs goed, alleen die allerbeste. Het Ek dan nie vir julle in Getsemané leer bid "Laat U wil geskied" nie. As `n verkeerde gewoonte jou gesondheid benadeel, as `n optrede jou verhoudingslewe vertroebel, as iets wat jy doen My ongelukkig maak, dan kan dit nie die wil van My vir jou wees nie. Kyk, die wêreld met al sy begeertes gaan verby, maar wie die wil van My doen, bly ewig lewe.

2) SAL DIT DIE TOETS VAN OPENBAARMAKING KAN DEURSTAAN?

Voorwaar Ek sal ook die dinge wat in duisternis verborge is, aan die lig bring en die bedoeling van die hart blootlê. As jy dink jou vriende, of jou ouers, of jou naaste sou weet wat jy doen, sou jy dan nog dink dat dit nie sonde is nie? Vergeet julle te maklik dat Ek wel weet? As baie van die dinge wat jy in die verborgene doen, aan die groot klok gehang moes word, sou jy dan nog dink dat dit nie sonde is nie?

3) WAARHEEN LEI DIT?

Wat is die noodwendige konsekwensies van jou dade? Die loon wat die sonde gee, is die dood, die genadegawe wat Ek, jou Vader gee, is die ewige lewe. Kyk, Jakobus sê dat `n klein vuurtjie `n groot bos aan die brand kan steek. Die sonde is soos `n vuur; dit begin klein, versprei vinnig en steek alles aan die brand, woed verskriklik en vernietigend en laat `n hoop uitgebrande as en eensame kole agter.

4) BEANTWOORD DIT AAN DIE BEPROEFDE MORELE WETTE VAN MY?

Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind. Dit beteken nie om outyds te wees nie, maar om ou, beproefde waardes in `n nuwe tydvak in te dra. Liefde, eerlikheid, reinheid en selfbeheersing is dinge wat `n Goddelike adel in julle lewe indra. Dit teendeel werk vernietigend op julle lewe in.

Kyk, met die waters wat verby is, sal julle meule nooit weer maal, uit die as op jou vuurherd sal julle nooit geen vlam meer haal, `n Traak-my-nieagtige houding lei tot versuim en dit word dikwels gebore uit die idee dat julle baie tyd het, ja, julle dink daar is geen rede vir haas nie, daar is genoeg tyd, daar is nog altyd `n môre.

Waarom nog wag? Jy weet dat jy die vermoë en talente het, jy het al die kanse en geleenthede, jy het al die hulp wat jy verlang. Tog laat jy toe dat jou ideale sterwe. Jy styg nooit op agter jou visioene aan nie. Jy plaas nie `n swaard in die hand van jou drome nie. Nee, die naasbeste word vir jou goed genoeg. Kyk, jou lewe bly `n voortploetering in die vlak modderwater van mislukking en selfverwyt.

Moenie tot môre uitstel wat julle vandag kan doen nie, jy weet nooit of môre ooit sal kom nie. Al wat julle werklik besit, is vandag. Gister is `n herinnering en môre is `n belofte. Uit die hand van My, jou Liefdevolle Vader, ontvang julle vandag en oor vandag sal julle ook aan My verantwoording moet doen. Daarom vermaan Ek julle om nie julle verhouding met My ligtelik te behandel en dit uitstel tot later nie, onthou van uitstel kom afstel.

Kyk, Ek weet en ken al jou heimlike swakhede. Daarom skenk Ek jou die oorwinning.

Julle liefdevolle Vader

Amen

## *Openbaring 10*

### VOORSKRIF VIR VREDE

*22/11/2007 om 20h00*

Die wêreld is naarstigtelik besig om hom voor te berei vir selfvernietiging - ‘n oorlog om alle oorloë te oortref. Wapenarsenale word steeds gedugter en groter, meer gesofistikeerd om uit te wis en te verwoes.

Kyk, julle leef in vyandskap met mekaar; julle loop met blinde woede deur die lewe; julle troetel

oogklappe, sodat julle nie miskien sal sien wat tot vrede lei nie. Bure leef in kwaai vriendskap; huise en huwelike en harte word vernietig deur onvrede en ontrou.

In jou diepste wese is jy in ‘n stryd met jouself en met My. Hoe gevoeliger julle vir die stem van My word en hoe sensitiewer julle vir die influistering van die gees is, hoe duideliker sal die dinge word wat vir julle vrede nodig is.

Julle moet die heerskappy en koningskap van My die Vader erken. Omdat julle My nie wil aanbid nie, neem minderwaardige dinge My plek in. Dan word julle uiteindelik soos die dinge wat julle liefhet en dien. Kyk, Ek het nog altyd in omgang met julle, die sekerheid gegee dat julle vir My saak maak. Om vrede te kan ken, moet julle My ernstig opneem. Julle moet julle ongeordende lewens en gesindhede onder My heerskappy plaas; julle gedagtes, woorde, dade en ideale. Kyk, julle moet met inspanning die dinge najaag wat tot julle vrede dien. Vrede lê binne die bereik van elke mens en is nie net ‘n ydele droom nie.

Voorwaar Ek sê vir julle, julle moet My volmaakte wil vir julle lewe soek, My wil aanvaar en gehoorsaam. Julle eie begeertes moet ondergeskik word aan My wil.

Staan vir ‘n wyle as`t ware eenkant. As dit enigsins moontlik is, sonder jou af met My. Dit hoef net vir enkele minute te wees; maar doen dit. Bevestig net weer jou afhanklikheid van My en glo dat My vrede ook vir jou beskikbaar is, net vir jou om te neem.

Laat hierdie lewensfilosofie stilweg jou lewe beheers. Jy sal sien dat spoedig sal jou moeë, gejaagde gees tot bedaring kom en My vrede sal soos ‘n verkwikkende reën jou lewe verfris. As jy nie liefde het nie, het jy ook nie vrede nie. Vrede is ‘n gawe wat Ek en Ek alleen aan jou gee. Ek verwag dat julle dit aan ‘n vredehonger wêreld moet deurgee.

Met die koms van die langverwagte Messias en Meester, is die aarde oordek met die moontlikheid van goeie verhoudings, welsyn en geluk. Daarom die hemelse boodskap: ‘Vrede op aarde vir die mense in wie Ek ‘n welbehae het. ’ Daar lê egter ‘n oseaan van droefheid en teleurstelling in My woorde; ‘As jy maar net vandag wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor. ’ Kyk, Ek bring die hemelse vrede op aarde in die harte van mense wat My toelaat om dit te doen. Die woord praat van die evangelie van vrede. Kyk, Ek bevestig dit self: ‘Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. ’ Met hierdie vrede moet julle op elke terrein van die lewe gaan leef en werk. Kyk, toe Ek My dissipels uitgestuur het, was My woorde aan hulle: ‘As julle in ‘n huis kom, moet julle eerste woorde wees: ‘Vrede vir hierdie huis. ’

Hierdie Christus-vrede moet in julle harte heers; dit moet julle bewaar van alle magte van onvrede; dit moet julle inspireer om julle vir vrede te beywer; dan sal Ek, wat Die Vrede is, met julle wees.

Hierop moet julle Christelike ywer toegespits wees: Om as kinders van die vrede met alle mense in harmonie in goeie orde saam te leef tot My eer.

Waar daar geloof is, is daar liefde. Waar daar liefde is, is daar vrede; waar daar vrede is - daar is Ek, julle Vader, en waar Ek is, is daar geen nood nie en daar gebied Ek My seën.

Beywer julle vir vrede met alle mense. Vrede op aarde.

Amen

## *Openbaring 11*

### SJALOOM! VREDE VIR JULLE!

*23. 11. 2007 om 00h06*

Ek sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

**Sjaloom** - beskryf die ideale toestand in die lewe. Dit behels volheid, volkomenheid en harmonie.

Dit is om te wees, eerder as om te besit. Om te wees wat Ek bedoel het jy sal wees. Wat jy waarlik is, is veel belangriker as wat jy besit. Kyk, jy word in die laaste instansie nie beoordeel aan jou besittings nie, maar aan die grootheid van jou gees. 'n Sjaloom-mens is 'n mens wat innerlike vrede, gemoedsrus, harmonie en vervulling ken. Dit is ook die verhouding wat tussen julle behoort te wees.

Die sjaloom-vrede is 'n gawe van My en Ek verwag dat julle dit aan 'n vredehonger wêreld moet deurgee. Kyk, julle staan ook onder die opdrag van My, julle Vader, wat gesê het: 'Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. ' Voorwaar Ek sê vir jou, liefde en trou sal mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede sal mekaar omhels.

**Eiréne**: - Dit word gesien as 'orde'. Kyk, Ek is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede. 'Waar eiréne heers, is elke ding op sy plek en funksioneer dit binne die wil van My. So moet alles ordelik en vredevol verloop.

Eiréne is die groot gawe van My in die eindtyd. Daarin is vervat 'Vrede op aarde', wat gepaard gaan met die koms van die vleesgeworde Woord, Messias en Meester. 'Soos die môreson sal Ek opgaan en uit die hoogte op julle afstraal, om lig te bring aan die wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om julle voetstappe te rig op die pad van vrede. '

Voorwaar Ek is julle vrede! Ek het julle vrede bewerkstellig. Ek is die een wat 'n einde maak aan vyandskap. In die plek van haatdraende mense, skep Ek 'nuwe' vredeliewende mense. Kyk, die muur van vyandskap het Ek weggeneem.

Hierdie vrede stel julle dan ook in staat om in vrede met julle medemens te lewe. Kyk, julle word gesante van vrede. Hierdie vrede groei in julle as vrug van die Apartgestelde Gees. Julle beywer julle vir die dinge wat julle onderlinge vrede opbou en bevorder. Dit skep 'n geestelike eenheid en samehorigheid wat noodwendig, onder My begeleidende hand, op vrede uitloop.

Eindelik lei dit dan ook tot innerlike sielevrede, omdat 'n mens nou ook van binne 'in orde' is. Alles wat verkeerd en buite orde was, is uit die weg geruim en elke ding in julle lewe is in sy regte perspektief rondom My gerangskik. Dan het julle 'n voorsmaak van die hemelse vrede, wat die eindresultaat is van eiréne - 'vrede met julle!'

Amen

***Nota:*** *(Dirk van Vuuren)*

*My ou broer, Bertus, het nog nooit enige Hebreeus in sy lewe gehoor nie, nog minder Grieks. Hierdie twee woorde het hy waaragtig met die innerlike oor by Vader gehoor, veral die woord shaloom, wat ons altyd as shalôm uitspreek. Selfs die Strongs woordeboek gee die uitspraak as "shaw-lome" in Engels weer. Hier volg die betekenisse van die twee woorde volgens die Strongs Konkordansie:*

## BERTUS PROFESIE 23/11/07 OOR VREDE

**1515 eirene { i-ray'-nay} (GRIEKS)** GK - 1645

1) a state of national tranquillity

1a) exemption from the rage and havoc of war

2) peace between individuals, i. e. harmony, concord

3) security, safety, prosperity, felicity, (because peace and harmony make and keep things safe and prosperous)

4) of the Messiah's peace

4a) the way that leads to peace (salvation)

5) of Christianity, the tranquil state of a soul assured of its salvation through Christ, and so fearing nothing from God and content with its earthly lot, of whatsoever sort that is

6) the blessed state of devout and upright men after death

**7965 shalowm { shaw-lome'} or shalom { shaw-lome'} (HEBREEUS)** GK - 8934 ##

1) completeness, soundness, welfare, peace

1a) completeness (in number)

1b) safety, soundness (in body)

1c) welfare, health, prosperity

1d) peace, quiet, tranquillity, contentment

1e) peace, friendship

1e1) of human relationships

1e2) with God especially in covenant relationship

1f) peace (from war)

1g) peace (as adjective)

7965. #***shaw-lome'*; or shâlôm**

*shaw-lome';* from 7999; *safe*, i. e. (fig. ) *well, happy, friendly;* also (abstr. ) *welfare*, i. e. *health, prosperity, peace:* - × do, familiar, × fare, favour, + friend, × great, (good) health, (× perfect, such as be at) peace (-able, -ably), prosper (-ity, -ous), rest, safe (-ty), salute, welfare, (x all is, be) well, x wholly.

## *Openbaring 12*

### VALSE VREDE

*23/11/2007 om 20h35*

In die lande waar aardbewings meer dikwels voorkom, is daar altyd voor 'n aardbewing 'n onwerklike stilte; maar dit is sinsbedrog. Dit skyn of die natuur op 'n mistieke wyse gedemp is en asof die aarde die

asem ophou vir die komende ramp. Die lug hang swaar van onheil; geen blaartjie roer nie; die voëlgesang verstom; die stilte van die kerkhof daal oor alles neer. Maar intussen staar huise, dorpe en stede, en duisende mense algehele uitwissing in die gesig.

So is dit met die swye van My, julle Vader, oor die valse vrede wat in My Naam verkondig word. Baie interpreteer hierdie stilte van My verkeerdelik as vrede, maar dit sal gevolg word deur die vernietigende aardbewing van My oordele.

Kyk, aan die Tessalonisense het die dringende waarskuwing gekom; "Wanneer die mense sê; 'Alles is rustig en veilig', sal die ondergang hulle skielik oorval soos geboortepyne 'n swanger vrou, en niemand sal ontkom nie".

Hoe word hierdie valse vrede dan omskep in My egte vrede, Gehoorsaamheid en 'n toegewyde lewenswandel bring ware vrede; "vir die wat My wet liefhet, is daar groot sekerheid. " Soos daar vrede in die natuur is wanneer alles volgens natuurwette verloop. So vind julle vrede wat in My volmaakte wil wandel. Daar is 'n groot verskil tussen vrede en die dood, soos daar 'n verskil is tussen 'n kalm en 'n dooie see. Die kalmering wat opium of dwelmmiddels bied, is spoedig uitgewerk en dan word die verslaafde weer die prooi van onvrede, die hunkering na die kwaad en die onvrede van 'n skuldige gewete wat martel.

Alleen by My vind julle ware onvervalste vrede, omdat Ek die bron daarvan is. Wanneer My vrede, deur Messias, julle deel word, leer julle die ware betekenis van die woord verstaan. Die Messias se dood en opstanding is die waarborg van julle vrede. Dit word aan julle bevestig deur My woord van vergiffenis, in antwoord op julle berou en belydenis.

Dan leef julle van dag tot dag vanuit die egte vrede wat die ryke deel is van My, julle Vader se gelowige kinders. Dan kan julle met eerlikheid verklaar: "Alles is reg!" omdat julle in die regte verhouding tot My staan en daarom deelgenote van My vrede word.

Direk na my doop (Bertus)

*24/11/2004 om 11h40*

Kyk daar is 'n bevrydende blydskap in die wete dat jy geloof en vertroue in My, die toets deurstaan het. "Vrede vir jou wat naby is. " Onthou altyd hierdie woorde: Ek, die Vader, sal jou altyd liefhê en aan jou vrede gee.

Amen

(*Hier wil ek, Dirk van Vuuren graag `n getuienis lewer. Hierdie broer van my, wat ons Vader so dringend en in so `n kort tyd waaragtig gesoek het, was reeds met die Gees gedoop toe ek hom met water gedoop het. Ek wou aanvanklik nie, want wie is ek om iemand te doop, wat ons Meester reeds met Gees gedoop het. Maar ter wille van hom en ook die ander wat nie hierdie dinge verstaan nie, het ek hom met water gedoop. Toe hy uit die water opkom, toe ervaar ek die wonderlikste gevoel wat ek nog nooit ervaar het nie. Deur sy hand, vloei toe `n kragtige stroom van Vader se Gees oor na my. Dit getuig ek as waar.*
)

## *Openbaring 13*

### RUSTIG BY GOD

*24. 11. 2007 om 22h00*

Innerlike onrus, beproewing en verwarring, word deur botsende belange veroorsaak, en dit lei uiteindelik tot onvrede, rusie en oorlog. Kyk, dit veroorsaak rusteloosheid, sowel as geestelike en verstandelike tamheid en verwarring.

Voorwaar, innerlike vrede is ‘n toegewyde en konstante verhouding met My. Om jou doelwitte in die lewe te identifiseer en dit met oorgawe na te jaag, gee rigting en stabiliteit aan jou bestaan.

Ja, Ek weet om ‘n lewensdoel te kies, is nie altyd maklik nie, maar daarsonder smaak jy nooit die vreugde van innerlike vrede en kalmte nie. As jy jou oopstel vir die invloed van die Heilige Gees en Hom vra om jou lewensdoel te omlyn, sal jy nie teleurgestel word nie.

Kyk, as jy opreg vir My vra vir ‘n lewensdoel waaraan jy jou lewe, tyd, kragte en talente kan wy en jy gehoorsaam die pad wat Ek aandui, volg, sal die vreugde en vervulling nie uitbly nie!

Voorwaar, jou lewe sal vol en vrugbaar ontwikkel. Wanneer ander paniekerig rondhardloop, sal jy vrede ken en rustig wees by My, omdat jou lewe beheers word deur die Heilige Gees.

Julle bely dat julle lewe in ‘n wêreld van onrus tussen mense, en dat julle meermale kwaad met kwaad vergeld en nie die norme oor vrede wat die Skrif voorhou, toepas nie. Kyk, julle word opgeroep om elke dag vir vrede te bid, en vrede na te streef. En deur julle vrese loop julle soveel mis van die vreugde wat die Heilige Gees gee. Vrede kan Satan verpletter.

Kyk, My gawe van vrede kom in oorvloed na julle wat gewillig is om ander te vergewe; selfs jou vyande wat jou benadeel en kwaad aandoen. Julle vind My vrede as julle verdruktes bevry; as julle voedsel gee aan hongeriges; as julle streef na ‘n regverdige samelewing waarin die liefde van My triomfeer.

Vrede met My is die toegangspoort tot vrede in My! Jou skuld is betaal; die kruis op Golgota is waarborg daarvan. Jy moet dit aanneem en jou eie maak.

Julle moet altyd hierdie woorde onthou: Ek, die Vader, sal julle altyd liefhê en aan julle vrede gee;

Ek, die Heilige Gees, sal julle altyd vertroos en julle in My waarheid lei.

Geseënd is julle vredemakers, want julle sal kinders van My, julle liefdevolle Vader genoem word.

Amen

## *Openbaring 14*

### VERGIFNIS

*25/11/2007 om 12h30*

Julle het gesien dat julle vrygespreek is op grond van My liefde. Om gered te wees, beteken om van jou oortreding teen die wet vrygespreek te wees. Kyk Ek die Almagtige, skryf julle skuld af. Ek het betaal wat julle nie kan vereffen nie. In julle plek het Ek met My lewe die offer gebring wat julle moes bring. Daarom kan julle as verlostes leef.

Dit beteken natuurlik dat julle ook geroepe is om mekaar te vergewe. Julle moet nie wraakgierig wees, julle moet nie so gesteld wees op julle eie eer dat julle mekaar nie kan vergewe nie. Nee, met die vrede wat die vergifnis van My bring, moet julle ook mekaar vergewe.

Dit is nogal ironies dat julle nie altyd kategories weet waar om My, julle Vader te plaas nie. Of Ek word as 'n toornige Opperwese voorgestel wat nie die geringste ou misstappie ongestraf laat nie, of anders as 'n Vader van liefde wat darem te regverdig en te goed is om die sonde te straf.

As daar twee dinge is wat julle vandag kan leer , is dit die volgende: Eerstens dat Ek tog 'n vergewende God is, en tweedens dat Ek die sondes nie ongestraf laat nie. Kyk, deur die gebed word die nuwe lewe vir jou as sondaar 'n werklikheid. Ontvang julle My as julle Geregtigheid, sterwe julle saam met My. Maar Ek is nie slegs julle Geregtigheid nie, maar ook julle Heiligmaking.

Kyk, by die kruis ontvang julle vergifnis van sonde en vrede; by die opstanding ontvang julle volkome verlossing. " Omdat Ek altyd leef om vir julle in te tree. "

Die slimste sielkundige kan nie die geheim van bekering verklaar nie.

Die beste antwoord is: Dit is 'n wonderwerk. Kyk die Messias sê: "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie van waar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is. "

Die geheim is: Julle moet wandel op die Woord van My. Julle sal die bose oorwin met die swaard van die Gees (dit is die woord van My).

Julle stryd is dus 'n stryd om nie te stry nie, want Ek stry vir julle. Julle moet stil wees.

Die Skrif sê: " Hy wat jou roep is getrou. Ek sal dit ook doen. " Dit is My werk in en deur julle. Stel julleself tot beskikking van My en die bloed van die Lam sal jou gewete reinig van dooie werke, en jy sal lewe en oorvloed hê.

Luister dan vandag nog na My wat aan die kruis gesê het: Dit is volbring", en kom na die Vader. Ek sterk jou daartoe!

Amen.

## *Openbaring 15*

### TEL JOU DAE EN LAAT ELKE DAG TEL

*26/11/2007 om 03h00*

Dit is nie die getal van julle dae wat belangrik is nie, maar die inhoud daarvan. ‘n Lang, nuttelose lewe is eintlik kort as dit met My meetsnoer gemeet word. Maar ‘n kort lewe, vol van arbeid en toewyding en seën aan ander, kan lank wees voor My julle Vader.

**Tel jou dae as ‘n kosbare besitting uit die hand van jou Vader**

‘n Mens staan dikwels in verwondering oor die feit van die lewe en tyd en wonder soms of jóú lewe onder die van soveel miljoene ander mense, dan werklik vir My tel. Maar Ek, jou Vader, doen alles met ‘n doel, ook die skepping van jou lewe pas in My meesterplan. Omdat Ek die bron en oorsprong daarvan is, is lewe en tyd heilig en moet julle dit met eerbied en groot dankbaarheid hanteer.

**Tel jou dae as persoonlike eiendom.**

Kyk, jy is ‘n eenmalige skepsel van My en die tyd en jare wat Ek aan jou gegee het om te leef, kan niemand anders vir jou lewe nie. Dit is jou voorreg, maar ook jou verantwoordelikheid. Kyk, die lewe is soos ‘n spieël: Dit gee niks anders terug as wat jy daarin plaas nie. Wat jy met jou lewe doen, het Ek aan jou oorgelaat. Ek vertrou jou met die grootste gawe wat Ek aan ‘n mens kan gee. Daar is nie ‘n enkele mens in die geskiedenis wat ‘n lewe van gemak en niksdoen gelei het nie.

**Tel jou dae as gewigtige tydperk.**

Vir elkeen is die lewe ‘n proeftydperk voordat julle die ewigheid ingaan. Kyk, julle is besig om ‘n vakleerlingskap uit te dien. Die lewe is ernstig, want dit loop uit op die ewigheid. Die manier waarop julle, julle tyd gebruik, sal bepaal waar julle die ewigheid deurbring. Kyk, baie van julle is gewillig om vir Christus te sterwe; dit is egter baie moeiliker om vir Christus te lewe.

Voorwaar Ek sê vir jou, hierdie waarheid is nie maklik om te aanvaar nie, maar totdat jy, jou eie innerlike lewe in harmonie met My het, is dit onmoontlik om te hervorm. Ek het immers gesê: Die koninkryk van die Vader is binne-in julle. Julle moet in julle persoonlike lewe aanhou streef na volmaaktheid, al skiet julle dikwels te kort.

Die groei tot volmaaktheid is ‘n geleidelike proses. Jy mag die voltooiing daarvan moontlik eers in die hemel smaak. Jy moet ‘n boom wees wat sy wortels diep in die goeie geloofsaarde inslaan en vrugte dra wat by jou bekering pas. Kyk, Ek het belowe om altyd met jou te wees - in oorwinning en in neerlaag. Ek sal jou in staat stel om in dié stukkie van My koninkryk wat jy vir My beman, ‘n positiewe bate te wees.

Amen

## *Openbaring 16*

### GEVAARLIKE HALWE WAARHEDE

*27/11/07 om 02h15*

Die geval van ŉ halwe waarheid is dat jy die verkeerde helfte kan beetkry. So is daar sekere dinge wat julle sê wat meesal veralgemeen is en wat gevaarlike halwe waarheid is

Kyk, julle sê soms: “Die Vader sal voorsien. ” Dit is ŉ heerlike waarheid, maar alleen as julle iets doen om julleself te help. As julle bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood" kan julle nie gemaklik terugsit in ŉ leunstoel en rustig slaap en dan verwag dat wanneer julle wakker word, daar brood en koek ook moet wees nie! Julle weet dat julle moet ploeg en saai, moet oes en bak, voordat die brood julle kan bereik. Sowaar, een van die grootste geestelike waarhede wat julle moet leer, is dat Ek, julle Vader, diegene help wat hulself help. As julle wil hê Ek moet voorsien, moet julle eers julle plig doen.

Dit word dikwels gesê dat as Ek aan jou ŉ taak gee, Ek jou ook die krag sal skenk om dit te doen. Ja, julle het dit almal al gesê: Maar dit is slegs ŉ halwe waarheid. Toewyding maak sleurwerk heilig. Om jouself oor te gee aan ŉ taak, vrywaar jou nie opleiding en vakleerlingskap nie. Nee, inteendeel dit lê die plig van voorbereiding onherroeplik op jou. As jy eenmaal deur My geroep word tot ŉ taak, moet jy jouself daartoe verbind om jou deel te doen.

Baie keer sê julle: “Daar sal ŉ deur oopgaan!" Ja, dit is waar, maar dan alleen as julle daarvoor soek. Ek sal sorg dat die deur daar is, maar julle moet dit vind en die sleutel in die slot sit en oopsluit. Ja, julle moet die deur oopmaak en self ingaan. Kyk, Ek die Messias, sê self: "Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; Klop, en vir julle sal oopgemaak word. " Kyk, daar is ŉ regte en ŉ verkeerde soort vertroue. Die verkeerde soort vertroue wag vir My om alles te doen. Die regte soort verklaar hom gewillig om wat gedoen moet word, om dit saam met My, julle Vader, te doen! Met My is alle dinge moontlik. Ek skep die moontlikhede, maar julle moet hulle omskep in werklikhede.

Kyk, Ek sê weer dat Ek, julle Aparte Vader, is die waarheid en alleen die volle waarheid. Jy moet jou nie

verkneg aan halwe waarhede wat jou geestelike lewe sal skaad nie.

Amen

## *Openbaring 17*

### GETUIE VIR CHRISTUS

*27/11/0703h40*

Om in hierdie wêreld vir My ŉ getuie te wees, moet julle aan sekere vereistes voldoen.

ŉ Betroubare getuie van My moet weet dat dit wat hy bely, die waarheid is en niks anders as die waarheid nie. Kyk in ŉ hofgeding kan jy nie getuienis lewer oor iets waarvan jy van ander gehoor het nie; dit moet ŉ eie persoonlike ondervinding wees. Jou getuienis is nie ŉ kwessie van "ek - dink - dit - is - so" nie!

ŉ Betroubare getuie vir My is nie soseer ŉ man van woorde nie, maar eerder ŉ man van dade. Die blote betroubaarheid van ŉ man se lewe moet die sterkste getuienis wees wat jy kan lewer. Jou belydenis en jou lewe moet mekaar sinvol aanvul. Kyk, die wêreld lees nie meer die Bybel nie, maar hy lees die leuens van hulle wat hulleself Christene noem. Kyk, Ek sê nie: "Jy sal vir My getuig" nie. Maar Ek verklaar: "Jy sal My getuie wees".

Ja, ŉ betroubare getuie is getrou ten opsigte van wat dit jou ookal mag kos. Dit beteken dat jy nie alleen bereid moet wees om vir My te getuig en te lewe nie, maar indien jy daartoe geroep word, om ook vir My te ly en te sterwe. Is die kwaliteit van jou getuienis sodanig dat jy dit sal kan doen? Om in hierdie sondige wêreld standpunt in te neem vir My en onverskrokke daarby te bly, is die roeping van die kinders van My, julle Vader.

Ja, jy vra, waar kry jy die krag vandaan om so ŉ tipe getuienis te kan lewer? Voorwaar Ek sê vir jou, jy kry dit deur die werking van die Heilige Gees en ŉ antwoord op gebed. Die Heilige Gees is soos dinamiet: Dit ontplof in hierdie wêreld en bring kragdadige veranderinge teweeg. Eers moet dit in jou lewe gebeur, dan moet dit deur jou getuienis uitdring tot almal met wie jy in aanraking kom. As jy jou lewe volkome tot My beskikking stel, sal Ek deur My Heilige Gees in jou lewe werk en sal jy die onbeskryflike glorie ervaar om Medewerker van My te wees. Dan sal jou Christenskap nie bevraagteken word deur die wêreld nie, maar sal jou lewe ŉ uitroepteken tot eer van My in jou lewe word. Amen

## *Openbaring 18*

### TWEE MENSE - TWEE HOUDINGS - TWEE GEBEDE

*27/11/0723h00*

Hoogmoed is 'n vyand van genade. Die hoogmoedige sien genade as 'n vernedering en omdat hy nie genade wil vra nie, gaan hy in sy hoogmoed verlore. Kyk, Petrus vermaan hierteen in sy brief! "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.

Die Fariseër en die tollenaar het een ding in gemeen; hulle is albei mense, nieteenstaande wat hulle van mekaar dink of wat die wêreld van hulle dink; nieteenstaande hulle stand of status in die wêreld; nieteenstaande hoe min of hoe veel hulle besit - hulle was albei skepsels van My en daarom is daar geen plek vir hoogmoed onder julle nie. Julle is ook Koningskinders. Geen mens wat sy medemens verag, kan voor My kom staan nie. Julle moet besef en bely dat julle deel is van 'n leërskare van sondige, lydende, treurende mense - almal knielend voor My genadetroon.

Kyk, die Fariseër en die tollenaar neem verskillende houdings voor My in. Die Fariseër is aanmatigend, asof hy 'n plek voor My verdien. Van ootmoed, berou en eerbied is daar by hom nie sprake nie. Die tollenaar staan eenkant. Anders as die Fariseër is hy nie in My huis met homself besig nie. Want hulle wat hulleself soek, sal My nie vind nie.

Ja kyk, hulle bid dan ook twee verskillende gebede. Die Fariseër begin heel goed: Hy dank My . . . . maar nie vir genade, vir vergifnis, vir liefde, vir bewaring nie. Hy dank My dat hy nie is soos ander mense nie. Kyk hy weet van ander se sondes, maar alleen van sy eie deugde. Die Fariseër bid nie tot My nie, maar tot homself. Hy stel sy eie hoogmoed, en gee aan homself 'n getuigskrif voor My. Asof Ek nie al hierdie dinge weet nie, . . . . en ook nie die onsuiwer motiewe waaruit hulle gebore is, ken nie.

Die tollenaar is beskeie. Hy eis nie vir homself 'n plek op voor My nie; hy is so skaam en berouvol dat hy My nie eens in die oë wil kyk nie. Hy bely met hartseer sy sonde en smeek om genade. Hulle gaan so anders huis toe as wat hulle gekom het. De Fariseër verlaat My sonder genade en die tollenaar dra met hom My genade en seën.

Kyk, Ek dink aan julle - maar dink julle aan My? Dink aan My met 'n daad van skuldbelydenis, van toewyding en oorgawe, van dankbaarheid en liefde.

Jou liefdevolle Vader.

Amen

## *Openbaring 19*

### MET DIE OOG OP 'n TYD SOOS HIERDIE

*28/11/0701h00*

Ja, julle leef in 'n opwindende tyd. In die woordeskat van die Christen bestaan daar nie so 'n woord soos "toeval"nie. Daarom is dit 'n Goddelike beskikking dat julle juis nou leef. Kyk die Godgewilde tyd waarin julle leef, het 'n paar belangrike komponente:

**1. Jy het 'n persoonlikheid**

Ek het met jou bestaan ook 'n doel. Ja jy is 'n eenmalige skepping van My hand. Ek maak nie duplikate nie, daarom het jy 'n heel persoonlike bydrae om te maak. Daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat jy jouself gerieflik kan verloor in die massa dat jy die verantwoordelikheid om 'n persoonlike bydrae tot jou tyd te maak, probeer ontduik. Daar is altyd 'n rede waarom Ek jou op 'n spesifieke plek plaas. Jou verantwoordelikheid moet jy nakom op daardie plek waar Ek jou geplaas het. Daarom moet jy waak daarteen om nie aan ander mense gelyk te word en 'n massa-mentaliteit te ontwikkel nie

**2 Dan is daar die komponent van tyd**

Die moderne tyd met al sy eise en spanning, is opwindend en avontuurlik. Dit is 'n heerlike voorreg om juis vandag te leef, maar dit is ook 'n groot verantwoordelikheid, want vandag bepaal jou toekoms en die toekoms van die wêreld. Die tyd is ook verward en boos. Tog het Ek gewil om jou in hierdie tyd te laat leef, daarom moet jy jou tyd goed gebruik, jou doel en jouself ken. As Ek jou anker is, is hierdie stormagtige tyd joue, soos wat die moeilike tyd waarin Ester geleef het, haar in staat gestel het om 'n heel besonderse bydrae te lewer. Jy kan deel wees van die oplossing, of jy kan deel wees van die probleem. Jy moet jou verantwoordelikheid besef en dit manmoedig aanvaar.

**3 Dit is waarom Ek jou op 'n spesifieke plek geplaas het**

Die plek is die plek waar jy My die beste kan dien. Die barmhartige Samaritaan moes My dien op die stowwerige pad. Samuel moes sy volk dien vanuit die tempel. Moses moes My dien op die trekpad na Kanaän. Daar is altyd 'n besondere plek en jy moet jou verantwoordelikheid uitlewe op daardie plek. Moet nooit probeer om van een plek na 'n ander te vlug as Ek jou gestuur het nie. Jy sal dan net angs en teleurstelling ken.

Amen

## *Openbaring 20*

### JY IS DIE SKEPPING VAN GOD

*28/11/0703h00*

Dit is waar ja, jy mag moontlik nie 'n baie hoë opinie van jouself hê nie en wanneer iemand neerhalend van jou praat, mag dit jou seermaak, maar jy voel dat hy tog reg het. Jy mag nie baie slim wees nie en weet dat in jou lewenstaak jy jou plafon bereik het. Jy mag gedurig daaraan herinner word dat jou geselskap oninteressant is en dat jou lewe sprankel kortkom. So kan die pynlike lys van jou tekortkominge uitgebrei word, totdat jy die gevaarpunt bereik dat jy nie alleen saamstem nie, maar dit ook aanvaar.

Ware lewenswysheid lê daarin dat jy nie noodwendig iemand anders se uitsprake oor jou bekwaamheid moet aanvaar nie. Sonder jou af met My, jou Hemelse Vader en oordink wat Ek in jou sien. Onthou dat Ek in liefde aan jou dink. Die evangelie leer jou immers dat Ek Myself gegee het om jou te maak wat Ek bedoel het dat jy moet wees. Ek is jou skepper en het jou die kosbare gawe van lewe gegee. Ek verwag dat jy in die hantering van jou lewe sal onthou dat jy My kind is. Ek verwag van jou niks meer en niks minder as jou beste nie.

As jy jou lewe vir My leef en nie volgens die eise van iemand anders nie, sal jy 'n waardigheid ontwikkel wat alles wat jy aanraak sal veredel. Hoe nederig jou lewenstaak ookal mag wees, as jy dit tot eer van My doen, sal dit die stempel van waardigheid en stille grootheid dra. So word jy deur My genade 'n mens van die stil en suiwer daad, om tot My glorie en eer te leef. Ek sal jou help om hierin getrou te wees, deur My krag wat Ek jou gee.

Amen

## *Openbaring 21*

### EGTHEID VAN GELOOF GETOETS

*28/11/2007 om 09h00*

Die meeste van julle hou nie daarvan om getoets te word nie.

Jy sal graag iets wil leer, solank dit net nie vir ‘n eksamen is nie. Jy sal graag aan sport wil deelneem, solank jy net nie altyd met die horlosie, of ander moet kompeteer nie.

Wat julle egter ook moet erken, is dat toetsing -indien dit wetenskaplik en billik is - jou ware kwaliteite ten opsigte van dit waarvoor jy getoets word, aan die lig bring. Daarom maak dit vir baie op die ou end ook nie sóveel saak nie en is sommige selfs bly om die geleentheid te kry om hulle staal te toon.

Kyk Jakobus 1 verwys ook na toetse, lewenstoetse - beproewing as toetse vir die egtheid van jou geloof. Ja en die argument is eenvoudig: Wees bly as beproewings julle pad kruis, want ‘n egte geloof sal dit deurstaan en daardeur nog ‘n trappie hoër op die leer van volharding styg. En hoe hoër julle op hierdie leer styg, hoe meer geestelike rypheid ontwikkel julle! Verder: Gelukkig is die mens wat staan teen versoekings, want jy sal die oorwinningsprys - ‘n permanente status van waardigheid en lewe voor My - van My ontvang!

Toetsing van jou geloof as ‘n gerigtheid en vertroue van die hele mens op My, het die voordeel dat dit jou swak plekke in hierdie saak uitwys - net soos kompetisie op ander vakke. Dit ontbloot selfvoldaanheid en geestelike hoogmoed; vorm jou om begrip en hulp aan ander in dieselfde soort krisisse te kan verleen; skud jou tot in die fondamente van ‘n gerieflike en selfgesentreerde manier van leef; wys waarvoor jy opgewasse is; en waarvoor nie; hoe sterk jou ankers in My werklik is en of jy nie maar net vanweë jou omgewing of omstandighede by My betrokke was nie; dit roep om hernude toewyding.

Ja, Jakobus sê nie van wie hierdie beproewings kom nie. Kyk, waarop hy wel wys is dat daar maniere is om deur sulke dinge te kom: Jy moet weet dat Ek, jou Vader, ‘n doel daarmee het en as jy nie verstaan nie; moet jy My om wysheid bid, sonder om te twyfel bid. Ek sal die antwoord op sy tyd gee.

Versoekings, ja dit kom ook, nie van My af nie - want Ek is alleen goed. Verleiding, as die toegee aan hierdie versoekings, kom eweneens nie van My af nie. Dit ontstaan binne-in die een wat verlei word, vanuit jou eie begeertes. Die skuld lê vierkantig op die skouers van die versoekte! En voorwaar, van `n versoeking kan daar net sprake wees, as daar `n begeerte na so iets is!

Daarom, die egte gelowige sal volhard, standvastig bly en bid - en hom verheug oor elke dag. Kyk, Ek sal jou geloof staal in beproewing en versoeking. Wees bly wanneer allerlei beproewings oor julle kom. Gelukkig is jy wat in versoeking standvastig bly. Amen.

## *Openbaring 22*

### JULLE KAN SEKER WEET!

*28/11/2007 om 12h10*

Hoekom moet julle soms so worstel om in My te glo? Hoekom gee Ek nie vir julle bewyse waaraan julle kan vashou nie? Dit is die vraag wat soms uit die harte van twyfelende gelowiges opspring.

Kyk, Ek gee vir julle die teenvraag naamlik: Hoekom aanvaar julle nie die bewyse wat Ek gee, die bewyse wat daar is nie? Hoekom vra julle vir ander bewyse? Sal enigiets julle ooit permanent tot rus bring, as julle harte gedurig oopstaan vir twyfel?

In Joannes 5: 13 gee die skrywer van die eerste Johannesbrief die oogmerk van sy skrywe aan sy lesers weer. Kyk hy skrywe, so sê hy, sodat julle kan weet dat julle wat in God glo, die ewige lewe het.

Watter redes(bewyse) voer hy hiervoor aan?

Voorwaar, aan die begin vertel hy dat die boodskap aangaande My op die getuienis van eerstehandse getuies berus, en daarom in ‘n hof aanvaarbaar sou wees. Kyk nou, gaan hy egter nog verder. Volgens hom is dit nie net menslike ooggetuies wat aangaande My die Messias Getuig nie, maar ook God self -

deur Sy Gees en die water en bloed. Sy Gees as Die Gees van die Waarheid getuig in ons dat die boodskap waar is en dit word deur God bevestig by die doop(water) en die nagmaal(bloed).

Daarom, as jy in die Messias glo, besit jy die getuienis in jou hart en het jy deel aan die nuwe en ewige lewe in Messias.

Kyk, die skrywer wys ook op iets eienaardig in hierdie verband. Julle is so geneig om die getuienis van andere oor ‘n saak te glo, waarom trek julle dan My woorde in twyfel? “Wie My nie glo nie, maak MY tot leuenaar, omdat jy nie die getuienis glo wat Ek oor Messias gelewer het nie. ”

Die punt is dus: Ek, julle Vader, gee bewyse - My woorde. Woorde wat deur julle uitgedra word. En die vereiste vir sekerheid is eenvoudig: Glo wat Ek vir jou sê!

Moenie altyd nog weer na ander bewyse soek waarvoor jy nie eers name het nie! Moenie dat Ek so met jou moet worstel nie! Maak jou oop vir My kosbare Woord!

Laat My Liefde in jou groei om jou doel volkome te bereik.

Amen.

## *Openbaring 23*

### JY IS KOSBAAR

*29/11/2007 om 10h15*

Kyk, Ek julle Vader, in My groot barmhartigheid, ontferm My oor die sondaarmens en Ek stuur Christus, om die sonde te straf en die Satan te verslaan. Kyk, daar staan geskrywe: “Ek, julle Vader, het die wêreld so liefgehad dat Ek My enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom Glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. ”

Ek het hierdie liefdesdaad vir julle almal, elke mens gedoen. Ja, Ek het klaar en volmaak van My kant af die versoening gegee. “Dit is alles die werk van My, julle liefdevolle Vader. Ek het julle deur Christus met Myself versoen. . . Ja, Ek, deur Christus (het) die wêreld met Homself ook versoen”. Julle vrede en versoening is klaar bewerkstellig. So kosbaar was jy, dat Christus sy bloed vir jou gestort het. Maar nou kry julle elkeen ‘n keuse of jy die versoening wat bewerkstellig is, wil aanvaar of verwerp. Ja, Ek het die versoening vir julle bewerkstellig en jy moet nou kies of jy met My wil versoen. Ek maak dit nie vir julle moeilik om te kies nie, Ek gee julle nie ‘n hele reeks keuses nie. Ek gee net twee. Baie duidelik en onomwonde en op ‘n ondubbelsinnige wyse sê die Woord: “Jy kan net God of Mammon dien. ” Jy kan by die eindoordeel net links of regs gaan.

Selfs nadat Ek Myself met julle deur die Middelaar Christus, versoen het, kom Ek nog en maak die keuse so maklik. Ek stel net: Die een of die ander kant toe. Maar Ek maak die keuse nog makliker. Ek sê vir julle wat die gevolge van julle keuse sal wees en wat dit wat Ek aanbied, sal kos. Ek vra jou, het jy al in jou lewe van ‘n ander aanbod gehoor wat so wonderlik is? As jy My aanbod, My versoening aanvaar, hoef jy niks te betaal nie! Ja, dit kos niks. Kyk maar deur al die advertensies van die wêreld. Niks daar is ooit verniet nie. Jy moet altyd iets betaal, of iets doen. Hierdie pad wat Ek met julle geloop het, bewys net dit: “Julle is kosbaar in My oë. ” Kyk, julle kan eet wat goed is en versadig word met die beste wat daar is.

Voorwaar, Ek het jou eerste as kosbaar beskou; Ek het jou eerste geroep. Dan moet jy mos in jou waarde vir My glo. Hoe kan jy, as jy die keuse maak en My versoening aanvaar, nog minderwaardig voel? Kyk, jy koop geen kwaliteitsproduk sonder om `n hoë prys te betaal nie. Maar vir My het jy soveel waarde, dat Ek My onskuldige Seun tot skuldige maak en die sonde van die wêreld op hom laai. Dit was en is darem `n hoë prys vir My! Christus se bloed het vir julle `n erfporsie verwerf - `n erfporsie in die hemel en die ewige lewe.

Verder beskou Ek julle so kosbaar en waardevol, dat Ek die "boodskap van My versoening" aan julle toevertrou om aan ander te verkondig. Ja, julle word draers van 'n goeie en 'n blye boodskap wat vir julle medemens sy verlossing kan beteken. Daarom. . .

**1.** Herken en ontwikkel die positiewe besef dat jy kosbaar is en so kosbaar is dat jy aan sondaarmense, gearresteer deur Satan, die vrylating moet verkondig. Jy het dus persoonlike bates wat Ek wil gebruik.

**2.** Die "lewe" self het waarde. Jy moet soos `n lewensredder uitgaan om ander se lewens te gaan red. Ja, dit is mos `n positiewe opdrag en `n opdrag met positiewe gevolge, naamlik kennis van My, jou Vader, aan wie jy jou lewe toevertrou het en vir wie jy as dienskneg vrywillig as boodskapdraer en skryfkneg gaan optree.

**3.** In die uitvoer van hierdie praktiese opdrag neem jy aktief deel aan die skepping van leefruimte vir ander en daarmee skep jy vir jouself `n gelukkige leefruimte. Dit bly altyd saliger om te gee as om te ontvang. Só dra jy by tot heil en welsyn van jou medemens. Ek skep dus mense vir mekaar. Jou persoonlikheid, jou invloed op ander en jou roeping is uniek. Jy het positiewe eienskappe wat Ek kan en wil gebruik.

Voorwaar; Ek, jou Vader, sal jou nie 'n boodskapdraer maak as Ek jou nie die eienskappe gee om een te wees nie. Oor baie van die unieke kwaliteite waaroor jy beskik, kan jy opreg trots wees, mits jy die Gewer daarvoor dank en in My Naam roem.

Kyk, nou leef jy, omdat die ou mens in jou gesterf het en Christus deur jou leef. Wees net lief vir My

Amen.

## *Openbaring 24*

### DIE HEILIGE GEES OPEN JOU OË, RUS JOU TOE MET GAWES.

*29/11/2007 om 12h55*

Ja, dis waar, dat die Heilige Gees Hom bemoei met die sondaarmens, omdat die sondaarmens onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad is. Kyk, as jy 'n sondaarmens is, is jy nie in staat om jou eie toestand raak te sien nie. Julle moet wakker geskud word uit die sondeslaap en slaapsug. Alleen die Heilige Gees kan jou wakker skud deur Sy kragdadige inwerking en jou oë open, asook jou hart ontsluit, sodat jy 'n geestelike oog kry om te sien en 'n oor kry om te hoor.

Kortom: Die Heilige gees werk so onweerstaanbaar in, dat Hy jou aktief betrokke kry by Homself. Julle kan nie meer slaap nie, julle word 'n energiebron en hoor, luister, reageer en word gehoorsaam - gehoorsaam aan die Woord en die Gees en geaktiveer vir diens in die koninkryk van My, julle Vader. Meteens word die dowe horend, die blinde sien en die verlamde kom in beweging.

Ja, die Heilige Gees bewerkstellig ook die berou in julle harte oor julle sonde. Kyk, soos die Verlore Seun sal jy sê: "Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor U. " Ek het saam met die varke gelewe. Só sien julle, as die Heilige Gees in hom werk, sy ware selfbeeld - 'n veragtelike beeld, deur die sonde vermink, verbrysel en totaal vervreemd in opstand teen My, julle Vader.

So word julle uitgedryf tot berou en skuldbelydenis. Waar die sondes eers vir jou aanvaarbaar was en jy jou daarin verlustig het, word dit nou vir jou afskuwelik en wek dit 'n teësin in die sonde. Jou egte beeld - jou ware sondaarsbeeld wek afsku en toon 'n verskeurde beeld.

Ja, die Heilige Gees rus jou ook toe met gawes. Kyk, in Galasiërs is geskrywe oor die gawes wat jy ontvang naamlik: "Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. " Hierdie kosbare gawes laat jou besef dat jy die mooiste, die edelste en die skoonste gawes besit, maar dit bring jou ook onder die diepe besef dat die gawes genadegawes is (genadegawes wat jy nie verdien het nie. )

Die grootste van al die gawes is die liefde: Liefde vir jou Vader en liefde vir jou naaste. Al die ander gawes spruit uit die liefde voort. Die Heilige Gees is dus jou innerlike kragbron en jou leidsman.

Maar kyk, Die Heilige gees rus jou nie net toe nie. Hy wil jou motiveer en aktiveer om jou plek in die Vader se orkes in te neem. Ja, die gelowige moet in aksie en beweging kom in woord en daad, in gebed en Bybelstudie en in die beoefening van die koinonia. Ja, die koinonia mag nooit verwaarloos word nie. Geen gelowige kan totaal onbetrokke in die wingerd staan nie.

Die wonderlikste is dat die Gees vir ewig in jou wil bly. Ja, jy kan die Heilige Gees weer bedroef, maar nooit weer kan dit aan die gelowige onttrek word nie. By die Heilige doop verseker Ek jou dat Ek MY Gees aan jou gegee het om altyd by jou te bly.

Ja, daarby het Ek jou die Heilige Gees gegee om jou in die waarheid te lei, jou te vertroos en jou die gawes te skenk wat jy nodig het om tot eer van My te leef. Wanneer jy die versoening deur Christus aanvaar, ontvang jy die Heilige Gees.

Kyk, Ek jou liefdevolle Vader, sê: "Nou mag jy nie meer minderwaardig en verworpe voel nie, want nou weet jy dat jy kosbaar is in die oë van My, jou Vader. Jou selfbeeld sal aan ander toon dat jy aan My behoort en dat jy 'n positiewe opdrag het wat 'n vreugde is om uit te voer. Jou lewe is nou 'n fees, want Ek het jou vrygemaak.

Ja, nou ken jy ware vreugde en vrede, omdat jy leefruimte van My ontvang het en jy leefruimte aan jou naaste kan bied. Jy kan nou groei om meer en beter vrugte te dra. Kyk, jou verlede is jou vergewe, die hede is jou vreugde en die toekoms is jou hoop. Heerlik is dit om jou te verlustig in My en te weet: Ek sal jou gee, die begeertes van jou hart.

Ek sterk jou Gees met nuwe krag.

Amen

## *Openbaring 25*

### JALOESIE

*29/11/0722h00*

Dit gebeur nogal dikwels in die lewe dat mense jaloers op mekaar raak! Ja, hulle probeer dan ander op 'n valse en onaangename manier afkraak deur sommer oral ongevraagde en afbrekende kritiek te lewer. Die ergste is dat hierdie mense dink dat hulle hulself sal bevoordeel, maar Matthéüs 10: 26 stel julle hieroor gerus: "Moet dus nie vir mense bang wees nie. Daar is niks bedek wat nie openbaar gemaak sal word nie, en niks geheim wat nie bekend sal word nie. " Galasiërs 6: 4: "maan julle ook om nie julle

lewens met die van ander te vergelyk nie. ”

Kyk, ‘n Christen met wie iets onaangenaams gebeur, behoort homself altyd daaraan te herinner en te troos dat niemand enigiets van julle kan wegneem nie, veral nie wat Ek, julle Vader, aan julle vertrou het nie. Dit wat wettiglik vir julle bestem is, sal julle altyd toekom. Voorwaar, Ek julle Vader, is ‘n regverdige Regter wat altyd geregtigheid en die waarheid sal laat seëvier. Kyk, Jeremia 20 : 11 sê: “Maar U is by my, Vader en U is magtig en sterk; dit is die wat my vervolg, wat sal val, hulle sal teleurgesteld staan, want hulle sal nie in hulle doel slaag nie. . . . . ” Julle kan geflous word, maar Ek nooit. Ek is van alles bewus, ook van die valse getuienis wat daar teen julle uitgespreek word.

As Ek aan jou kant is, sal jy aan die wenkant wees. Ek sê vir julle, Josef het My aan sy kant gehad, toe sy broers so jaloers op hom was. Ja, hy moes egter die vernederings en ontberings deurmaak om hom toe te rus vir die koningskap wat op hom gewag het. In elke onaangename situasie is ‘n les opgeteken. Vra My om jou insig te gee in moeilike situasies, en rus in die versekering dat Ek jou sal bystaan

Julle moet dus nie te fyngevoelig wees vir die onreg wat julle aangedoen word nie, Julle moet ook heeltemal vergeet van die eie ek, want niemand van julle het iets uit julleself nie. Kyk, Messias is ook deur sondige mense verag, verneder en bespot. Hy moes onskuldig aan die kruis sterf. Hy het geweet dat die priesterhoofde Hom uit afguns en jaloesie uitgelewer het. Lukas 23: 34 beskryf vir julle hoe Messias sy ongenaakbare vyande vergewe het deur te sê: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie”. Nou sal jy seker jouself afvra: Wie is julle dan om mekaar nie te wil vergewe nie? Laat julle elke kwesplek sien as nog ‘n nuwe kosbare lewensles.

Ja, gun mekaar, sonder ‘n tikkie jaloesie, alles wat mooi en goed is in die lewe. Julle tyd op aarde is gans te kort om enigsins onnodige onaangenaamhede in julle lewens toe te laat!

Amen

## *Openbaring 26*

### DIE TONG ONKANT

*30/11/2007 om 10h00*

Mense kan mekaar so verneder sonder dat hulle besef hoe bitter seer hulle mekaar maak. Dit veroorsaak gewoonlik net onaangenaamheid, wat onnodig is. Die werking van die tong kan gevaarlik wees en kan ontsaglik baie skade veroorsaak as dit nie op die regte manier gebruik word nie. Hoor net hoe mooi beskryf Jakobus 3: 5-8 dit vir julle: “. . . ’n Klein vuurtjie kan ‘n groot bos aan die brand steek. Die tong is ook ‘n vuur, ‘n wêreld vol ongeregtigheid, die deel van die liggaam wat alles in julle besmet. Ja, dit steek die hele lewe, van die geboorte af tot die dood toe, aan die brand, en self word dit uit die hel aan die brand gesteek. Alles wat loop, vlieg, kruip of swem, elke soort dier word en is al deur julle getem, maar julle kan nie die tong nie. Dit is ‘n rustelose kwaad, vol dodelike gif. ”

Is dit dan nie wys om eers goed na te dink en die een woord netjies teen die ander op te weeg voordat jy begin praat nie. Stel dus ‘n wag voor jou mond, sodat jy nie later berou sal hê oor wat jy dalk te veel of te vinnig gesê het nie. In Matthéüs 12: 36 en 37 sê Messias: ‘Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinnige woord wat julle sê, sal julle rekenskap moet gee op die oordeelsdag. Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word. ’

Julle behoort altyd respek teenoor ander te betoon deur ook hulle gevoelens en hulle private lewens in ag te neem. Hoe kan dit ooit regverdig wees om ander af te takel? Niemand is mos volmaak nie en julle lewe mos maar jou eie lewe waarvoor jy self eendag verantwoording sal moet doen.

As jy dalk deurgeloop het onder iemand anders se onbeheerste tong, vra My, julle Vader, om jou te help om eerder die gesindheid van ‘n voetewasser te hê. Kyk, jy kan dink wat jy wil, maar jy is nooit vry om te sê wat jy wil nie. Dit is so! Hoe kon ‘n kind van My, wat in sy doen en late soos sy Vader moet lyk, dan

met sy tong so dikwels onkant wees? So ‘n kind het immers ‘n nuwe hart.

Kyk, julle gebruik julle tong om My aan die eenkant te loof, maar sy medemens wat by dieselfde Vader sy oorsprong vind en na My beeld gemaak is, aan die ander kant te vloek. Dit is vir My net so onverstaanbaar en onaanvaarbaar as ‘n fontein wat uit dieselfde oog vars en brak water laat opborrel of ‘n vyeboom wat olywe dra, of ‘n druiwestok vye.

Jy kan byna nie woorde vind om jou sterk genoeg uit te druk oor al die manewales van die tong as dit ‘uit die hel aan die brand gesteek’ is nie. Dit steek die hele lewe, van geboorte tot dood, aan die brand. ‘n Wêreld vol ongeregtigheid, ‘n kiem vir die liggaam, ‘n rustelose kwaad, ‘n dodelike gif, ‘n instrument van vervloeking.

Maar as Ek, jou Vader, ingryp, kom hierdie onkantspeler weer tot orde. Meer nog, dan word dit immers ‘n Christelike politieke beleid, naasteliefde, geloofsoortuigings, ‘n opbouende grap of die boodskap van verlossing in My.

Kyk, gaan dink ernstig na oor wat Ek vandag hier vir julle deurgee.

Amen

## *Openbaring 27*

### VOLHARD SOOS ATLETE

*30/11/2007 om 14h00*

Enige mens wat in ‘n saak met meriete volhard, dwing respek af.

Volharding is noodsaaklik as jy iets wat meer as net tydelik van aard is, wil bereik. Dit vra wilskrag en uithouvermoë om aan te hou wanneer dinge teen jou draai, koers te hou as dit sleg gaan, soos in ‘n langafstand wedloop waartydens jy soms deur die sogenaamde pynhindernisse moet hardloop.

Die Christen se volharding op die pad van geloof in My gaan ook soms deur pynhindernisse. Hindernisse wat die sterkte van jou knieë en die krag in sy bene soms tot die uiterste beproef en groot wilskrag in My vra. Voorbeelde hiervan is die oorbrugging van die kloof tussen die Woord en ons daaglikse lewenspraktyk; die dikwels eensame stryd teen jou eie wankelende geloof enersyds en ‘n openlike, banale verontagsaming van Bybelse beginsels in jou teenwoordigheid andersyds: Die pyn van ‘n slegte gewete voor My julle Vader.

Kyk, julle word juis hier aangemoedig om in die geloof te volhard. In die geval met julle, is daar alreeds tekens dat julle geestelik moeg word en uitsak. Sommige versuim by eredienste, julle spoor mekaar nie meer tot dade van liefde en goeie werke aan nie, julle is besig om die vrymoedigheid om te bid te verloor - waarskynlik omdat julle My nie meer reguit in die oë kan kyk nie.

Maar, Ek sê vir julle, julle kan volhard. Dit is moontlik en daar is verskeie faktore in julle guns.

Die eerste faktor is die groot skare gelowiges, gelowiges wat voor julle volhard het. Hulle moedig julle aan, juig julle soms staande toe.

Die tweede faktor is dat Ek saam hardloop, van die begin af tot op die einde. Ek is immers die Begin en Voleinder van die geloof. Ek tel jou ook op as jy nie meer kan nie, Ek moedig jou aan, Ek gee jou krag.

Die derde faktor is dat My voorbeeld van volharding aan die kruis en alles wat daarmee gepaard gegaan het - vir julle en julle volharding - voor jou oë is as jy hardloop. Hou jou oë daar, gooi elke las af wat jou kan keer, en volhard!

Ja, hou jou oog op My, want Ek hardloop saam met julle in die wedloop van die lewe. Wees dankbaar, en wees net lief vir My.

Amen

## *Openbaring 28*

### DIE MEESTER SE JUK

*30/11/2007 om 20h00*

Kyk, as julle na My toe kom en Ek skenk julle rus, wat gebeur dan? Gaan julle dan op pensioen? Nee, dan sê Ek vir jou: Neem My juk op jou! Die juk is deel van die rus wat Ek gee. Want op die punt van totale oorgawe, is julle binne die wil van die Vader en dit is wat Ek bedoel met My juk: Buite My wil, buite My juk, is daar geen rus nie.

Baie van julle is nie hiervoor bereid nie. Julle sê: Julle sal na MY kom, maar julle wil nie My juk hê nie. Jy wil My kind wees, jy het My lief, jy wil My rus ervaar, jy wil geestelik groei - maar nie die juk nie. Miskien later! Jy wil eers jou studies voltooi, dan sal jy die juk opneem. Jy wil eers jou posisie by die werk verseker, voordat jy die juk opneem. Jy wil eers jou jong lewe geniet.

Sommige van julle sê: Jy wil `n kind van My, die Vader wees, maar jy wil jou nie laat bind nie. Nie nou al nie! Die Bybel sê: Geen mens is in daardie gesin "vry" nie. Óf jy is in die juk van My, óf in die juk van jou eie selfsug, jou ambisie, jou vrese, jou humeur, jou sonde en verlede.

Dit is dus die keuse: Is jy in die juk van My, of dien jy mense, of jouself? Of dalk die duiwel? Dit is die vraag. En wees eerlik. Die groot onrusstoker in hierdie lewe is nie jou buurman wat sy gras op Sabbat sny of aan sy motor werk nie, maar die duiwel. Hy hou jou so gespanne. Hy wil hê dat jy uitbrand. Hy wil hê dat daar niks van jou oorbly nie. Daarom sê Ek, die Messias: Eers onder My juk word jy werklik vry. Want binne My wil word jy rustig. Dan kom die vrede in jou siel, as vrug van die Gees. En dan kan die duiwel, of geen mens, of omstandighede, dit van jou wegneem nie. Dit is toegesluit by My, julle Vader.

Maar nou die belangrikste: As jy My juk opneem, dan verbind Ek, jou Vader, jou aan drie dinge waaroor jy jou moet besin.

1. **Die juk verbind ons aan Messias**

   Ek, julle Vader, verbind jou in die eerste plek aan Messias self.

   Dit beteken: Van hierdie selfde oomblik af is Ek in beheer; bepaal Ek die koers; neem Ek die voortou. En jy volg. En dit is rus, want nou is alles in My hande. Maar weet jy wanneer word jy moeg? Wanneer jy na links of regs wil beur. Wanneer jy skop teen die prikkels. Dan skaaf My juk. Dis pyn. "Kom na My, die Messias toe, neem My juk en volg waar Ek lei en kyk hoe rustig jy gaan word."

   Kom ons sê dit maar platweg; niemand het `n rekord soos wat Ek, julle Vader, het nie. Oor miljoene jare het Ek in miljoene mense se lewens, nog nooit iemand in die steek gelaat nie. Nog nooit was Ek in julle lewe `n sekonde te vroeg of te laat nie. Alles het gebeur op sy bestemde tyd. Genade wat genoeg was. Leiding wat wys was. Keerpunte wat nodig was. Helinge wat wonderbaarlik was. Versoeninge wat verrassend was.

   Hoe rustig om te weet: Iemand wat die weg reeds ken, gaan voor jou uit. Ek weet wat jy nodig sal hê.

2. **Die juk van Messias verbind aan mede-Christene**

Die juk van My verbind jou met ander. Dis `n dubbeljuk. Dit verbind jou met die span van My met My mense; met mede-Christene. Sommige van hulle mag dalk eienaardig of moeilik wees. Maar jy kan nie eendag vir My sê: As jy `n ander man of vrou gehad het, sou jy My soveel beter kon dien nie.

Om in My juk te trek, beteken dat jy verbind word met jukgenote wat Ek uitverkies het. Christen-wees beteken dat jy moet klaarkom met jou kamermaat, met jou man/vrou, ouers/kinders, werknemer/werkgewers, jou klasmaats; jukgenote, lotgenote.

Die toets vir jou Christenskap is: Bind jy bande, of maak jy moeilikheid waar jy kom. Die juk van die Messias verbind jou aan nog `n saak.

3. **Die juk van die Messias verbind ook vir jou aan jou taak en roeping**

Die juk is nie bedoel om die lewe swaarder te maak nie. Die juk wil juis die werk vergemaklik. Die juk is daar om mee te ploeg en daar word geploeg om te kan plant en daar word geplant om `n oes in te kry. En dit is waarom dit gaan.

Om na My te kom, is om My rus te ontvang, maar deel van My rus is om deel van My Koninkryksplan te word.

Jy kan My nie liefhê en nie betrokke raak nie. Besef julle hoe moeg mense raak wat `n leeftyd lank op die "pawiljoen" bly sit. `n Leeftyd skuil agter ander. Bang om verantwoordelikheid te aanvaar. Bang om te misluk. Nee, neem My juk op, raak betrokke, so sê Ek.

Sien vandag jou beeld as Christen opnuut as juk- en lasdraer. Kyk, Ek gee jou `n uitnodiging. Neem My juk op, want My juk is sag en My las is lig.

Jou liefdevolle Vader

Amen.

## *Openbaring 29*

### WOORD EN KOMMUNIKASIE

*30/11/2007 om 22h00*

Kommunikasie is gemeenskap. Dit gebeur wanneer mense deel kry en deel gee aan mekaar. En selfs deel word van mekaar, in sy intiemste vorm.

Kommunikasie is kommunie, Nagmaal, wanneer julle op 'n vreemde manier deel word van My. As Ek My liggaam te ete aanbied en My bloed te drinke. As julle dan deel word van een liggaam, die liggaam van My, met een Gees, die Gees van My. En as julle deel geword het van My liggaam, is julle ook soos Ek - kinders van die Vader en daarom broers en susters van mekaar.

Ja, dit is die religieuse oorsprong van alle ware kommunikasie - dat julle in beginsel broers en susters van mekaar is. Dat julle nie soos vreemde skepe in die nag by mekaar verbyvaar nie. As Ek julle nie oor-opvoed nie, as Ek julle nie inlyf in die liggaam met 'n Gees van liefde nie, word of bly julle vreemde groeisels, kankers wat die dood in julle omdra.

Die eerste kommunikasie gaping wat daar ooit was, was toe julle met die bose gemeenskap gehou het. Dit was toe die duiwel geselskap kom soek en julle, julle ore aan die duiwel uitgeleen en die baie praatjies gaatjies gemaak het.

Ja, en kyk, kort voor lank was julle aan`t wegkruip vir My. Gemasker, gekamoefleer agter vyeblare.

Maar toe het Ek na julle kom soek, kom vra: ”Waar is jy? Wat het jy nou gedoen?” Ek wat geweet het, het dus nie die kommunikasie abrup verbreek nie, Ek het die kommunikasie bly soek.

En toe het die vreemdste ding tussen julle gebeur. Anders wat julle aanvanklik gedink het, het die gemeensaamheid van die duiwel, wat so gaaf en gesellig gelyk het, uitgeloop op die klaaglike kommunikasie stoornis wat deur die eeue groter en groter sou word.

Kyk, Adam het gesê daar was ‘n misverstand tussen hom en sy vrou, sy het hom mislei. En Eva het die stomme slang die skuld gegee. Kain en Abel kon mekaar net nie verstaan nie, en om sy probleem op te los, het Kain Abel doodgeslaan en toe vir My - wat kom navraag doen - gesê hy is nie sy broer se oppasser nie. Ja, dus die mentaliteit van: Eers skiet en dan vrae. Kommunikasie - zero.

Wat wil Ek met hierdie paar bekende feite uit julle gryse verlede sê? Ek wil daarmee sê wat Ek met die res van die Bybel ook sou kon demonstreer: Dat Ek, julle Vader, die ware oorsprong van alle kommunikasie is en dat afvalligheid van My, die begin van elke kommunikasie gaping is. Totdat ‘n hel julle van mekaar en van My skei.

Ja, die hoogtepunt van die kommunikasie stoornis tussen My, julle Vader en julle was toe julle My aan ‘n galgkruis opgehang het. Dit was daarop bereken om MY stil te maak, om My mond te snoer, om te voorkom dat hierdie spelbreker weer met Sy reguit waarheidswoorde die doodsbeendere in julle binneste oopgrawe, julle korrupte tafels in die tempel omgooi en julle heilige huisies in duie laat stort.

Mar toe het Ek, julle Vader, aanhou praat.

Dit is die grootste wonder van all eeue. Ek het nie My hemelse radiostasie finaal uitgedoof en die moordenaars met vuur en swael tereggestel nie. Ek het die Messias weer laat lewe. En HY het julle met julle eie kruis gered. En HY het tussen julle gestaan en gesê: ”Vrede vir julle! Sjalom!”

En toe op Pinkster het die radikale teendeel van Babel gebeur, toe Ek met hierdie wonder van die kruis in alle tale met mense begin kommunikeer het. ”n Proses wat vandag nog voortgaan, en waarvan niemand wat hier lees, nie iets weet nie.

Nou, maar waarom praat Ek dan daaroor?

Ek praat daaroor om julle, wat so dikwels op die rand van lewe en dood lewe, nuwe moed te gee.

Amen.

## *Openbaring 30*

### ONTHOU

*1/12/2007 om 12h00*

“Onthou altyd dat Ek, julle Vader, Christus uit die dood opgewek het.”

Ja, dit was die geheim van die apostels se ongelooflike dryfkrag: Die vermoë om te onthou!

Kyk, telkens as Paulus in `n doodloopstraat beland het, het hy sy Damaskus-ervaring onthou. Dit het hom nuwe moed gegee. Onthou dis Ek, Christus wat gesê het: “Ek sal met julle wees, al die dae...!”

As jy negatief is en jy staan voor geslote deure, moenie teleurgesteld voel oor teleurstellings nie. As iemand nie oopmaak nie, skud die stof van jou voete af en gaan na die volgende deur. Daar is nie tyd om toe te laat dat teleurstellings jou tempo vertraag en jou momentum versteur nie. As jy die dag by `n oop graf staan, onthou hoedat Ek by Lasarus se graf gehuil het. Onthou dan, Ek huil omdat jy huil. Jy het `n Vader met `n bewoë hart!

As jy skuldig voel oor soveel dinge, soveel sonde, onthou jou doop. Jy is My eiendom. Daaraan kan niks verander nie. Ja, jy kan niks doen of sê wat kan maak dat Ek jou minder liefhet nie. Onthou met die Nagmaal hoe groot die genade is. Dit is `n gedagtenismaaltyd. Ja, julle bely nog julle sonde, maar dan mag jy maar daarvan vergeet. In die Nuwe Testament onthou jy telkens die kruis, die opstanding, die genade, die liefde, die verlossing in Christus. Jou hele lewensfokus is daarop ingestel om dit te onthou en dit nooit, maar nooit te vergeet nie. Die Heilige Gees is uitgestort om julle te help onthou.

En as jy bekommerd is oor `n kind wat afgedwaal het, onthou dan vir Jesus Christus. Onthou dat daardie kind Sy eiendom is: Onthou die doop waar Ek julle Vader belowe het dat Ek nooit die werk van My hande sal laat vaar nie. Op My tyd en My manier sal jou Vader jou kind tot inkeer lei. Of as die angs jou in die nag beklem, onthou dan hoedat Christus in Getsemané geworstel het, sodat jy vrede kan hê.

Onthou dan om te onthou, sê Paulus aan Timothéüs. Onthou dat jou Vader lewe! Beleef dit herhaaldelik. Elke Christen het `n ontmoeting met Jesus Christus gehad. Onthou dit weer en weer en leef dan met moed die toekoms tegemoet.

Kyk, as jy alleen jou verlorenheid besef, sonder om die genade van My aan te neem, dryf dit jou tot desperaatheid. As jy alleen die genade aanneem, sonder om jou eie verlorenheid te bely, sit jy vandag steeds verlam in die bovertrek. Om albei te sien, noem die Bybel bekering. As jy nog in die bovertrek is, roep Ek, jou liefdevolle Vader jou tot volle oorgawe. Moenie daarmee wag nie, want Ek het jou nodig in `n wêreld wat wag op My liefde.

Amen

## *Openbaring 31*

### JY IS GESKEP

*01/12/2007 om 19h45*

Jy is op die aarde geplaas om ‘n bydrae te maak.

Ja, jy is nie net geskep om hulpbronne te verbruik en te eet, asem te haal en ruimte in te neem nie. Ek het jou ontwerp om met jou lewe ‘n verskil te maak. Jy is geskep om lewe by die aarde te voeg, nie om iets te neem nie. Ek wil hê jy moet iets teruggee.

Jy is geskep om My, julle Vader, te dien. Ek het jou geskep om jou lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Ek jou bestem het. Jou diens is die “goeie dade.” Wanneer jy ander mense op enige manier dien, dien jy eintlik vir My, en vervul jy een van jou doele.

Kyk, die Bybel sê: “Ek het jou gered en geroep om aan My toegewy te wees. Ek het jou verlos sodat jy My “heilige werk” kan doen. Jy is nie deur diens gered nie, maar vir diens. Ja, die Bybel herinner ook: "...jy is gekoop, en die prys is betaal. Jy moet My dus in jou liggaam verheerlik."

Ja, jy is deur My geskep, maar nie elkeen is ‘n kind van My nie. Jy kan net deel van My familie word deur weer daarin gebore te word. Ek wil ‘n familie hê, en ek het jou geskep om deel daarvan te wees. Die hele Bybel is die verhaal van hoe Ek ‘n familie bou wat my sal liefhê, sal eer, en vir ewig met My sal regeer.

Om deel van My familie te wees, is die hoogste eer en die grootste voorreg wat jy ooit sal ervaar. Niks kom eens naby nie. Ja, jou geestelike familie is selfs belangriker as jou fisiese familie, want dit gaan vir ewig duur.

Ja, in die hele Skepping is slegs julle na My beeld geskep. Dit is ‘n groot voorreg, en dit gee jou waardigheid. My Woord is soos geen ander woord nie. Dit lewe. Christus het gesê: “Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe.” Wanneer Ek, jou Vader, praat, verander dinge. Alles om jou - die

hele skepping - bestaan omdat “Ek gepraat het.” Ek het alles met my woorde laat ontstaan. Sonder My Woord sou jy nie eens gelewe het nie. Jakobus wys daarop; “Omdat dit vir My wil was, het Ek jou deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring, sodat jy, om dit so te stel, eerstelinge kan wees van alles wat Ek geskep het.”

Jy leef omdat Ek, jou Vader, jou wou skep! Ek het elke besonderheid van jou liggaam bepaal. Ek het jou ras, jou velkleur, jou hare en elke ander kenmerk doelbewus gekies. Ja, Ek het jou liggaam pasgemaak soos Ek dit wou hê.

Ek doen niks per ongeluk nie, en Ek maak nooit foute nie. Ek het ‘n rede vir alles wat Ek skep. Elke plant en dier is deur My beplan, en elke mens is met ‘n doel voor oë ontwerp. Liefde was My motief toe Ek jou geskep het. Ja, Ek het aan jou gedink selfs voor Ek die wêreld geskep het. Dis waarom Ek die wêreld geskep het!

Kyk maar net om jou heen. Alles wat Ek geskep het, weerspieël My heerlikheid op die een of ander manier. Julle sien dit orals, van die kleinste mikroskopiese lewensvorm tot die grootste Melkweg, van sonsondergange en sterre tot storms en seisoene. Die skepping toon die Skepper se heerlikheid, naamlik die skepping toon My heerlikheid.

Die grootste prestasie wat jy in jou lewe kan bereik, is om tot My eer te leef. Luister want Ek sê: “...elkeen wat Ek geskep het tot My eer...” Dit moet dus die grootste doelwit in jou lewe wees.

Dit sê Ek ook in alle liefde aan julle, My liewe kinders.

Amen.

## *Openbaring 32*

### JY IS NIE VERGETE NIE

*02/12/07 08h00*

Kyk, jy is hulpeloos en arm, maar Ek, jou Vader dink aan jou.

Ja, hierdie vertroostende woorde kom uit die mond van die man wat in Psalm 142:5 sê: “Niemand gee vir my om nie.” Die man wat so sy verlatenheid beklaag, is Dawid. Dit bring tot die besef dat die wêreld maklik vergeet. Gister geprys, vandag vergruis. Vereensaming is `n wesenlike siekte van julle tyd, maar ook van alle tye. Kyk, die Woord vertel julle dat die Seun van My, julle Vader, die Groot Eensame kom word het; dat Hy eenmaal moes uitroep na My: “My Vader, My Vader, waarom het U My verlaat?

“Daar is oneindig baie eensaamheid in die wêreld. Daar is die eensaamheid van afsondering Die konstabel op die buitepos; die soldaat in die bos; die sendeling op die afgeleë sendingstasie, die student en leerling op kosskool.

Daar is ook die eensaamheid van lyding. Dit sien julle in Hospitale, inrigtings, en gestigte waar mense vergete raak en wonder of daar mense is wat nog in hulle belangstel; die invalide in sy rystoel, die sieke vergete in sy kamertjie.

Daar is eensaamheid van verdriet wat verteer; die weeskind sonder ouers; die sorgbehoewende kind in die kinderhuis; die persoon wat ‘n lewensmaat verloor het en die alleen wees net nie kan verwerk nie.

Daar is ook sosiale eensaamheid; die armoede wat jou na die agterbuurt drywe; die klein kamertjie waar jy nooit besoek ontvang nie; die jongmens in die groot stad wat in die malende massas troosteloos alleen voel; die ontrou van ‘n huweliksmaat.

Ja, sit daarby die eensaamheid van die sonde. Mense wat soos Adam en Eva, die paradys van hulle

onskuld verloor het; soos Kain in wie se lewe alle verhoudings verkeerd geloop het en wat die hand van almal teen hom opgehef sien; soos Simson wat sy lewe aan bandeloosheid oorgegee het en die wrange vrugte daarvan gepluk het; soos die verlore seun wat na die ver land van sonde weggetrek het en verlang na liefde van die ouerhuis; soos Judas, wat as gevolg van sy verraad, die eensame nag ingestap het om `n einde aan sy mislukte lewe te maak.

Kom dan, al die bedroefdes en eensames van die wêreld. Hoor hierdie juigkreet vir tyd en vir ewigheid: Ek julle Vader dink aan julle!" Jy is nie totaal vergete nie. Ja, dit is 'n wonderlike bemoediging om te weet dat Ek nog aan julle dink, nê.

Ek het nie slegs die wêreld lief nie, maar vir julle ook in nood en eensaamheid.

Ek dink aan julle - maar dink julle ook aan My? Dink julle aan My met 'n daad van skuldbelydenis, van toewyding en oorgawe, van dankbaarheid en liede? Ja, dan sal die lewe weer vir jou glimlag en jy sal weet waarheen met jou eensaamheid. Kyk, My vertroostende teenwoordigheid sal jou begelei, selfs deur die donker dieptes. En jy sal die hoogste geluk in die lewe vind. Kom na My, en wees lief vir My. Julle liefdevolle Vader.

Amen

## *Openbaring 33*

### DIE PRYS VAN CHRISTUS SE VRIENDSKAP

*02/12/07 om 11h00*

Nader tot My en Ek sal tot julle nader.

Ja, jy is so na aan my as wat jy wil wees.

Baie mense wil vriende van My wees, maar dan op hulle eie voorwaardes. Kyk, julle bewandel julle eie pad, maak net soos julle wil en voer julle eie planne volgens julle begeertes uit. Dan verwag julle dat Ek, julle Vader, dit moet onderskryf of ten minste dan julle foute en oortredings moet ignoreer. Ek sê die gevolg van hierdie lewensfilosofie is 'n oppervlakkige, eiegeregtige geloof wat uitmekaar val wanneer daar spanning kom. Julle gebruik My vir julle eie kleinlike doeleindes en dit lei noodwendig tot vertraagde geestelike groei.

Voorwaar, volgens die skrif is Ek gewillig om jou Vriend te wees, maar dan op My voorwaardes. Ja, Ek vereis totale gehoorsaamheid aan die wil van My, jou Vader, soos in Sy Woord geopenbaar. Jy kan alleen op hierdie Heilige Vriendskap aanspraak maak as jy gehoorsaam is. Jou sondige hoogmoed en koppige eiewilligheid mag teen so 'n oorgawe in opstand kom, maar as jy armoede sonder My (Christus) se vriendskap opweeg teen die volheid en oorvloed wat Ek jou skenk, besef jy dat dit dwaasheid is om enigiets tussen jou en jou vriendskap met My, jou Verlosser, te laat kom.

Ja, Ek weet gehoorsaamheid aan My is nie altyd maklik nie. Maar in die huishouding van My kan mooi woorde nooit die plek van mooi dade inneem nie. Kyk, Ek sê immers self: "Nie elkeen wat vir My sê: "Vader, Vader", sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net jy wat die wil doen van jou Vader wat in die hemel is.

Soos met enige vriendskap, moet jy hard wek om jou vriendskap met My te ontwikkel.

Nee, Ek verwag nie dat jy volmaak moet wees nie, maar Ek wil volkome eerlikheid hê. Ja, as jy My vriend wil wees, moet jy met My eerlik wees en jou ware gevoelens met My deel, nie wat jy dink jy behoort te voel of te sê nie.

Ja, jy gaan dalk of waarskynlik in verborge woede in wrokkigheid teenoor My moet bieg omdat jy voel

dat jy in bepaalde dele van jou lewe gekul of teleurgestel is. Eers as jy volwasse genoeg is om te besef dat Ek alles vir ‘n goeie doel in jou lewe gebruik, dan is jy nie meer kwaad vir My oor jou voorkoms, agtergrond, onbeantwoorde gebede, vorige seerplekke en ander dinge wat jy sou verander as jy Ek was nie.

Om jou in die eerlikheid op te lei, het Ek, julle Vader, die Psalms gegee. Dit is ‘n aanbiddingshandboek vol skeltaal, twyfel, vrese, wrewel en diep passie, maar ook vol dankseggings, prys en geloofsbelydenisse. Ja, jy sal elke moontlike emosie in die Psalms kry. Wanneer jy Dawid en ander mense se emosionele belydenisse lees, sal jy besef dis hoe Ek wil hê jy moet My aanbid - jy moet glad nie jou emosies terughou nie.

Elke keer as jy My wysheid vertrou en doen wat Ek sê, al verstaan jy dit nie, word jou vriendskap met My sterker. Gehoorsaamheid is ‘n kenmerk van vriendskap.

Julle ongelowiges dink dikwels dat Christene gehoorsaam uit verpligting of skuldgevoel of vrees vir straf, maar dit is juis nie so nie. Omdat julle vergewe is en vrygemaak is, gehoorsaam julle uit liefde - en julle gehoorsaamheid bring groot vreugde!

Ware vriendskap is nie passief nie - dit doen dinge. Wanneer Christus julle vra om ander lief te hê, die behoeftiges te help, te deel wat julle het, te sorg dat julle skoon lewe, vergifnis te bied en ander na My toe bring, motiveer liefde julle om onmiddellik te gehoorsaam.

Jy moet besluit om prys te stel op dit waarop Ek prys stel. Dit is wat vriende doen - julle gee om vir die dinge wat vir ‘n ander persoon belangrik is. Hoe meer jy My vriend word, hoe meer sal jy omgee vir dinge wat vir My, julle Vader, belangrik is, treur oor die dinge waaroor Ek treur, en bly wees oor die dinge wat My vreugde gee.

Daar is niks - absoluut niks - belangriker as om ‘n vriendskap met my te bou nie. Dis ‘n verhouding wat vir ewig sal hou. Ja, en soos jou vriendskap met My toeneem en My wil vir jou al duideliker word, sal nie net jou lewe nie, maar ook alle ander verhoudinge in jou lewe in so n mate verryk word, dat jy in verwondering sal staan voor die onuitspreeklike genade van My wat vir jou sulke heerlike dinge berei het. Jy kan nou begin om iets aan die saak te doen. Onthou, dis ‘n keuse. Jy is so na aan My as wat jy wil wees.

Amen

## *Openbaring 34*

### BERGTOP EN VALLEI

*02/12/07 om 19h30*

Ek Christus, het nêrens vir My dissipels belowe dat hulle altyd op die bergtop van verheerliking sal vertoef nie. Inteendeel, dit is Ek self wat My dissipels afgestuur het na die vallei waar hulle magteloosheid leer ken het.

Ja, jy sal ook soms op die bergtop verkeer, waar die teenwoordigheid van My ‘n lewende werklikheid in jou lewe sal wees. Jy sal ook die frustrasie en wanhoop van die vallei leer ken waar Ek vir jou ver en

afsydig sal skyn te wees. Ja sowaar, albei ervarings sal by tye jou deel wees, maar jy sal self moet besluit in watter van die twee ervarings jy permanent gaan lewe. Kyk, jou Vader se wil vir jou is enkel goed en Ek wil jou op die bergtop sien in aanbidding, maar ook in die vallei as oorwinnaar oor jou omstandighede. Ek wil hê dat jy voortdurend die krag en vreugde sal ondervind wat voortvloei uit die bewustheid van My heilige teenwoordigheid in jou lewe.

Dit is ongelukkig waar dat te min van My volgelinge hulleself sien as oorwinnende kinders van My julle Vader. Julle is verlammend bewus van julle sondes, mislukkings en neerlae en is gedurig besig om julle geestelike onwaardigheid te gebruik as 'n rookskerm en verskoning om nie 'n lewe van oorwinning te leef nie.

Ja, indien jy 'n verslane Christen is, is dit hoog tyd dat jy verby jou mislukkings kyk en die lewe ontdek wat joune kan wees deur die krag van die inwonende Christus. Dit sal sowaar 'n nuwe kwaliteit aan jou lewe en arbeid gee. Daar sal 'n nuwe dimensie in jou bestaan ingedra word. Jy sal in gedurige verwondering staan oor die heerlike waarheid dat jy 'n kind van My mag wees. Hou op om jouself geestelik af te takel en onthou dat Ek jou in My raadsplan nodig het en dat My glorie deur jou in hierdie wêreld weerkaats kan word. Ja, dan smaak jy die lewe van oorwinning ten spyte van daardie dae wanneer jy snikkend deur die vallei van jou eie tekortkominge moet worstel. Hiervoor het Ek julle geroep en toegerus en julle mag met niks minder tevrede wees nie.

Kyk, Ek ontwikkel die vrug van die Gees in jou lewe deur jou toe te laat om omstandighede te ervaar waar jy in die versoeking sal wees om juis die teenoorgestelde karaktertrek te openbaar.

Stel jou gewillig onder My gesag, sodat My Gees jou lewe tot jou volle potensiaal kan ontwikkel.

Om My Ontwil.

Amen

## *Openbaring 35*

### OORWIN DEPRESSIE

*03/12/07 om 18h40*

Daar is besliste stappe wat 'n mens in die geloof kan neem om jou depressie te oorwin. Die enigste voorwaarde is dat jy gewillig moet wees om iets daadwerkliks te doen.

Glo dat Ek, jou Vader in die hemel, groter is as jou omstandighede en as die probleem wat jou terneergedruk maak. Dra al jou probleme in die gebed aan My op. Moenie net ydele woorde uitspreek nie - praat met My.

Glo dat Ek 'n deel het met hierdie donker tydperk in jou lewe: "Julle weet dat Ek alles ten goede laat meewerk vir die wat My liefhet." Jy moet my nie weerstaan terwyl Ek iets in jou lewe tot stand wil bring in hierdie tyd nie. Bely dat depressie ook selfbejammering is en vermy dit as 'n sonde. Moenie dinge slegs op die oppervlak lap nie; handel beslis en eerlik met die werklike probleem.

Jy moet besef dat jy nie altyd jou sin kan kry nie. Aanvaarding van jou omstandighede is eintlik die aanvaarding van My wil vir jou lewe. Frustrasie en bekommernis los eintlik geen probleme op nie.

Erken dat daar geen geldige verskoning is om neerslagtig te wees nie. Soek iets om My voor te dank en besluit om alles te doen wat nodig is om jou frustrasie te oorwin.

Ja, staan op en gaan uit. Ontmoet die werklikhede van die lewe in die wete dat Ek lewe en dat Ek aan die werk is in jou lewe. Onthou dat sondige denke net so skadelik is in jou lewe soos sondige dade. Denke soos: "Ek, jou Vader het jou nie lief nie! Ek jou Vader gee nie om nie! Ek jou Vader kan jou nie

help nie!”, baar verkeerde gevoelens en verkeerde optrede.

As ‘n kind van My het jy aanspraak op My beloftes wat jou hele lewe kan verander as jy hulle toepas en uitleef. Die vrede wat Ek jou sal gee kan nie versteur word nie, want dit gaan alle menslike verstand te bowe. Kyk, daar is min dinge so erg soos ‘n depressie wat jou van jou geluk en blydskap beroof, en jou hele lewe kan verwoes.

Bely en doen afstand van sondige dade en sondige gedagtes. Dink soos ‘n kind van My behoort te dink en tree soos een op. Kry jou prioriteite in die regte volgorde. Plaas My eerste en nie jouself nie. Ja, hou op om te verwag dat alles om jou en jou probleme moet draai. In ware Christelike denke het jy geen probleem nie; slegs geleenthede om jou hemelse Vader te vertrou en My aan die werk te sien in jou lewe.

Raak eerder betrokke by die nood van iemand anders. Kyk weg van jouself en sien ‘n slag die wêreld om jou raak.

Geseënd is die man wat op My vertrou, en wie se vertroue die Vader is. Kyk, Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie.

Amen

## *Openbaring 36*

### OM VIR GOD WEG TE KRUIP

*03/12/07 om 21h00*

Ja, nie elkeen wat vir My sê: “Vader, Vader”, sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van jou Vader wat in die hemel is.

Dit is reg ja, julle kruip op baie plekke vir My weg; agter julle werk; agter julle vermaaklikheid en plesier; agter julle sonde; selfs agter julle twyfel. Maar die gevaarlikste wegkruipplek is agter die godsdiens, juis omdat julle wat dit doen, dikwels nie bewus is dat julle dit doen nie.

Terwille van julle eie veiligheid en vrede moet julle baie duidelik die versoekings uitken wat die wegkruip agter die godsdiens vir julle inhou:

Daar is die versoeking om van godsdiens ‘n tydverdryf of stokperdjie te maak. Dan word julle godsdiens iets wat in die lug hang; ‘n doel op sigself wat met julle alledaagse lewe niks te doen het nie.

Daar is die versoeking om in ‘n uiterlike vormgodsdiens te verval. Sommige van julle kom nooit tot ‘n ware, lewende, dinamiese geloofslewe nie. Jy kan jou verbly in die nakoming van al die uiterlike eise van die godsdiens, sonder om deur te dring tot geloofsoorgawe. Ware godsdiens gaan nie om die uiterlike dinge nie - hoewel hierdie dinge nie woordeloos is nie. Belangrikste egter is wat in jou hart gebeur en wat jou verhouding met My, die Verlosser, is. Uiterlike moet nooit die eindpunt van jou godsdiens word nie.

Die versoeking om juis deur julle godsdiens onverdraagsaam te word, is nie ‘n verdigsel nie. Een van die deugde wat julle as ware Christene moet kenmerk, is die vermoë om verdraagsaam te wees. Te veel bloedvergieting en haat is al in die naam van godsdiens goedgepraat. Ja, Ek sou baie eensaam gewees het, as die tollenaars en sondaars nie My vriende was nie. Die Heilige Gees het die vroeë kerk gedwing om uit sy bekrompenheid uit te breek en om die hele wêreld voorwerp van die Blye Boodskap te maak.

Ja, daar is die gewaar dat julle deur julle godsdiens alles wat nuut is, kan weerstaan. Godsdiens was die bewaarder van al die onvervangbare waardes uit die verlede. Dit is goed en reg. Maar dit moet nooit ‘n struikelblok word sodat Ek nie My kinders tot nuwe waarheid, nuwe insigte en nuwe lewenswyse kan lei

nie.

Ek het op aarde vir julle kom wys hoe om julle godsdiens in gees en waarheid uit te leef. Ja, Ek sal julle weer help om My voorbeeld te volg deur die krag van My Heilige Gees.

Amen

## *Openbaring 37*

### VERSLAAN VERSOEKING

*03/12/07* *23h20*

Julle moet altyd op julle hoede wees teen versoekings. Julle moet My vra om julle elke dag daarteen te bewaar en te beskerm. Die van julle wat meen hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Jy voel miskien soms dat ‘n versoeking gans te veel is om te verduur, maar dis een van Satan se leuens. Ek, julle Vader, het belowe om nooit meer op jou skouers te plaas as wat jou innerlike krag kan behartig nie. Ek sal geen versoeking toelaat wat jy nie kan weerstaan nie. Jy moet egter ook jou deel bydra.

Omdat versoeking altyd met ‘n gedagte begin, neutraliseer jy dit die vinnigste deur jou aandag op iets anders te vestig. Moenie teen die gedagte baklei nie, maar verander net jou gedagte kanaal en kry ‘n ander gedagte beet; ja, dis die eerste stap om versoeking te verslaan.

Soms beteken dit dat jy van `n aanloklike situasie moet wegstap. Staan op skakel die televisie af. Stap verby die groep wat staan en skinder. Stap in die middel van ‘n fliek uit. Doen net wat nodig is om jou aandag op iets anders te vestig.

Wanneer jy op jou eie kragte probeer staatmaak en vergeet om die beskerming van My elke dag van jou lewe te vra, dreig die Satan om die oorhand te neem. Ja, wie ‘n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy ‘n vyand van My is.

Die Bybel sê: “Maar die genade wat Ek gee, is nog groter”. Daarom sê Ek: “Ek weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Ek genade. Onderwerp julle dan aan My”

Ja, en nadat julle, julle voor My verootmoedig het en julle aan My oorgegee het, moet julle die Satan weerstaan. Kyk, Jakobus 4:7 lui: “Staan die Satan teë een hy sal van julle af wegvlug.” Julle gee julle nie passief aan die aanvalle oor nie. Julle moet terugveg. Gebruik liewer ‘n bietjie meer tyd om eers goed na te dink wat die gevolge van jou daad kan wees. Want kyk, dit wat jy haat, juis dit doen jy.

Julle moet nooit toelaat dat iemand anders aan jou beginsels probeer buig of breek nie. Efesiërs 5:5 waarsku: “Moenie dat iemand jou met allerlei onwaarhede mislei nie .”

Ek waarsku jou om nooit rammetjie uitnek of selfversekerd te word nie; dis ‘n resep vir ‘n ramp. Kyk die hart is bedriegliker as enigiets anders. Moet jouself nie ewe onverskillig in moeilike situasies plaas nie. Vermy hulle. Onthou, dis makliker om versoeking te vermy as om jou daaruit te wurm.

Kyk, Ek is ‘n vergewensgesinde God wanneer jy berouvol voor My kom neerkniel. Ek is ‘n God van liefde en Ek bly vir My kinders lief, ten spyte van julle oortredings.

Jy was verlore in jou sonde

En van die goeie weg vervreem.

Tog doen Ek aan jou die wonder

Om jou as kind weer terug te neem.

Kyk, jou gebedslewe met My kan so maklik afgeskeep word. Julle moet altyd julle harte vir My oopmaak, sodat Ek die bewoner van jou hart kan wees, en julle daardeur van julle versoekings kan verlos. Ja, Ek weet alles van julle af, Ek weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit gevra het.

Versoekings kan op baie maniere na jou toe kom. Kyk, Satan gebruik ander mense - selfs vriende om jou te versoek. Maar dit is nie die enigste manier waarop versoekings jou pad kruis nie. Gebruik ‘n paar oomblikke om stil te word voor My. Dink aan wat jy vandag gedoen het. Watter versoekings was daar vandag op jou pad? Het jy as kind van My staande gebly, of het jy dalk gestruikel deur te doen wat verkeerd is

Ja, daar is verkeerde dinge wat jy doen deurdat jy jou eie begeertes volg soos byvoorbeeld; leuens, rook, vloek, skinder, drink van sterk drank, onsedelikheid, vuil grappe vertel, steel humeurigheid, en so kan jy hulle opnoem. Julle moet inderdaad versigtig vir julleself wees. Julle is baie keer self die bron van julle sondes, en hierteen wil Ek jou waarsku.

Die Bybel is vol waarskuwings teen versoekings.

So sê Ek vir jou baie duidelik dat daar sekere dinge is wat jy nie moet doen nie. Kyk, in Efesiërs is ‘n pragtige uiteensetting van ‘n klomp dinge wat jy, wat aan My julle Vader behoort, nie moet doen nie.

Jy moet naby My Lewe! Jy moet aan My gehoorsaam wees en baie versigtig lewe. As jy toelaat dat Ek self deur My Gees al die beheer oor jou lewe oorneem, sal jy staande bly en veilig wees. Jy is ‘n kind van My. Daarom moet jy wakker lewe. Jy moet in staat wees om verkeerde dinge en versoekings raak te sien voordat jy die prooi daarvan geword het.

Die lewe is met alle soorte versoekings besaai. Jy is elke dag in ‘n stryd teen die Bose gewikkel, ‘n stryd wat soms vir jou die idee kan gee dat jy bly verloor. Jy moet die wapens wat Ek aan jou gee, gebruik met die krag wat Ek aan jou gee, wapens soos; waarheid, vryspraak deur My, bereidheid om die evangelie te verkondig, geloof, verlossing, swaard van die Gees, dit is die Woord en gebed.

Probeer om jou nou van alles af te sluit en weet dat Ek by jou is...... selfs wanneer jy versoek word. Dit moet jou erns wees om teen die sonde te stry en elke versoeking te weerstaan.

Maar buiten dit alles, sê Ek vir julle dat julle moet lief wees vir My.

Amen

## *Openbaring 38*

### ‘N OPDRAG OM TE BID

*04/12/07 om 01h45*

Die wonder van gebed.

Gebed vorm een van die pilare van jou geestelike groei. Dit is nie net ‘n voorreg om te bid nie, maar ook ‘n uitdruklike opdrag van My, julle hemelse Vader.

Jy het seker al met mense te doen gekry wat jou die gevoel gee dat hulle sulke “super-Christene” is. Ja hulle dink hulle is so effens beter as die gewone Christen. Baie keer hoor jy hierdie geestelike hoogmoed in hulle getuienis en in hulle gebed. Ja, dan voel jy of jy so ver te kort skiet. Moenie so voel nie! Ek sê vir jou dit is beter om stil te bly, as om geestelik meerderwaardig te wees. Hoogmoed - en veral geestelike

hoogmoed - is vals en dit is ‘n gruwel in My oë.

‘n Gebed wat My Naam geheilig word, is tegelyk oorgawe aan My. Dit beteken dat jy jou so oorgee, dat ander mense in jou lewe kan sien dat My Naam geheilig is. As My koninkryk in jou lewe kom, word dit sigbaar in elke daad van gehoorsaamheid aan My wat jy uitleef.

As julle hierdie dinge ten volle ontvang en jou eie maak, het jy niks meer nodig nie. As Ek jou oortredings vergewe en jou van die mag van die Bose bevry, is jy ‘n heel mens. Vra dit vir My en ontvang dit deur die geloof uit My hand.

Jy moet onthou dat jy al jou behoeftes deur gebed aan My mag bekend maak. Jy het vandag gesien dat jy vir My kan vra om genadiglik in jou daaglikse lewensbehoeftes te voorsien, jou van jou sondes te vergewe, om jou van versoekings te bewaar en jou van die Bose te verlos. As jy hierdie dinge ten volle ontvang en jou eie maak, het jy niks meer nodig nie. As Ek jou oortredings vergewe en jou van die mag van die Bose bevry, is jy ‘n heel mens. Vra dit vir My en ontvang dit deur die geloof uit my hand.

Ja, omdat gebed ‘n deel van jou gesprek met My, julle liefdevolle Vader is, is dit ‘n wonderlike geleentheid om julle Vader te loof. Daarom is lofprysing ‘n baie belangrike aspek van jou gebedslewe. Ja, lofprysing is ‘n uitroep van blydskap wat aan My die eer gee wat My toekom, wat My Naam verheerlik.

Wees nou stil en rig jou gebede en gedagtes op die grootheid van My. Aanbid My as die Koning van jou lewe en prys My vir al My liefde aan jou.

Kyk, jy vra; hoe kan jy My dank vir alles wat Ek vir jou gee? Natuurlik met ‘n lewe van dankbaarheid. Die gebed is een van die geleenthede waartydens jy My moet dank vir wat jy van My ontvang. Ja, baie mense se dankbaarheid teenoor My het net met materiële dinge te doen soos kos, klere, ‘n gesinslewe en ‘n veilige woonplek. Maar Ek sê: Die lewe wat Ek julle gee, is tog veel meer werd as net die materiële dinge.

Die een ding waarvoor julle My nie genoeg kan dank nie, is dat die Messias na hierdie wêreld gekom het om julle, wat sondaars is, te red! Daarmee saam gee Ek julle krag om te lewe. Ek stel jou in My diens. Wat ‘n wonderlike voorreg om in diens van My te wees. Ja, dit is ‘n oorvloed van genade. Daarby oorlaai Ek julle nog met geloof en liefde - die dinge waarsonder julle My nie kan ken en dien nie.

‘n Ryk geestelike lewe is verweef in ‘n ryk gebedslewe. Die fout wat julle maak is om net vir voorspoed te bid. Julle bid nie vir julle eie geestelike lewe en julle verhoudings met My nie. Daarom bly julle geestelik arm en honger. Gebed is deel van jou gesprek met My. Jy staan nie op ‘n afstand met My en praat soos oor ‘n telefoon nie. Nee dit is ‘n ontmoeting met My waartydens Ek jou met My volheid vul.

Jy mag as kind van My nie geestelik, innerlik arm lewe nie. Nee. Jy moet bid om innerlik met die volheid van My self vervul te word. Daarom wil Ek my kinders in oorvloed gee, My liefde en krag, vreugde en vrede.

Maak dit van vandag af deel van jou daaglikse gebed: Om vervul te word met die volheid van My, julle liefdevolle en barmhartige Vader.

Amen

## *Openbaring 39*

### MY GENEESHEER

*04/12/07 om 20h00*

Julle het baie tekens van die teenwoordigheid van My, julle Vader. Een daarvan is My oordele en straf. Kyk,

Jesus het dit aan die kruis verduidelik toe Hy onder die straf van My moes sterf vir julle sondes en uitgeroep het: “My Vader, My Vader, waarom het U My verlaat?” Toe was Ek so naby aan Hom dat Hy met My kon praat, en tog so ver van Hom dat Hy moes sterf.

Die teenwoordigheid van My, julle Vader, word nie altyd op dieselfde wyse beleef nie. Onder omstandighede ondervind jy dit as ‘n opstandingskrag. Onder ander omstandighede weer as ‘n terneergedrukte straf. Dit hang af van die omstandighede en die doel wat Ek wil bereik.

Ja, Dawid het sy siekte as straf ondervind. En hy skryf dit toe aan sonde en ongeregtigheid wat hy gedoen het. So word sy siekte vir hom ‘n bewys van My teenwoordigheid en bemoeienis met hom. Dit bring hom tot berou, gebed en berusting.

Hy bid egter nie net om die genesing van sy liggaam nie, maar ook om die heil van sy siel. Dit gaan nie vir hom om gesondheid ter wille van gesondheid nie; hy wil gesond wees sodat hy My kan dien. Genesing bring geleenthede om met My te wandel en die goeie na te jaag.

Het jy al jou siekte ervaar as iets wat jy ontvang uit My hand en as ‘n teken van My nabyheid en bemoeienis met jou? Siekte, mag van virusse, ongelukke en so meer kom, maar as gelowige moet jy die hand van My in dit alles raaksien en jou tot My wend.

Wanneer jy jou teëspoed so beleef, beleef jy dit gelowig. En dit is al manier waarop jy dit mag beleef. Ja, dis die rede waarom Job so vasgehou het aan My gedurende die donker nag van sy lewe. Hy het nie in opstand teen My gekom of selfs teen sy medemens nie. Hy het met My geworstel en bly glo dat Ek die uitkoms sal gee.

Jy moet ook met My wandel as My kind. Praat met My. Glo in My. Smeek jou uitkoms van My af. Ek, en net Ek, hou die sleutel van jou toekoms. Wanneer jy dit doen, sal die Heilige Gees jou aantoon wat jy moet regmaak in jou lewe. En maak dit dan reg.

Siekte dien nie net die goeie doel om jou na My, jou Vader te laat vra nie, maar dit laat jou ook weer jou nietigheid en verganklikheid besef. Die lewe is eintlik maar kortstondig. Dit kom nie so maklik vir jou om te besef dat jy werklik nietig is nie. Julle is so geneig om julle vermoë te oorskat en jy word versoek om te glo dat jy besig is om iets te verrig wat blywend is.

En dan kom siekte - nie hoofpyn of ‘n gebreekte been of mangelontsteking nie, maar die aandoening wat vir julle die laaste siekte was, en meteens besef jy dat die lewe eintlik maar ‘n asemtog is, ‘n paar handbreedtes, ‘n paar dae, ‘n oomblik.

Siekte laat jou besef dat jy nie bestem is om sake af te handel en jou planne te voltooi nie. Net Ek, jou Vader, het ‘n plan wat voltooi kan word en jy moet jou skik na My plan. Jy is hier terwille van My.

Wat meer het jy nodig as net om dag na dag gelukkig en tevrede te wees? Die lewe gaan dikwels soos ‘n droom verby. As jy weer sien, is jy by die einde. Kyk dan en sien My raak en verlustig jou in My. Dan sal jy rede tot blydskap hê. Jy moet die allesoorheersende behoefte hê om My te behaag. Dan sal jou lewe nooit koersloos wees nie en sal jy vrede beleef. Bid na My vir die genade om gedurende jou kortstondige lewe so te leef.

Amen

## *Openbaring 40*

### LEEF MET ‘N DOEL

*05/12/07 om 11h45*

‘n Doelbewuste lewe is die enigste manier om werklik te lewe. Al die res is blote bestaan.

In die bokamer, net toe Jesus die laaste dag van sy bediening met sy dissipels deurgebring het, het Hy hul voete gewas om ‘n voorbeeld te stel, en toe het Hy gesê: “Julle weet nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen”. As jy weet wat Ek, jou Vader, wil hê jy moet doen, lê die seëning daarin dat jy dit werklik doen. Jy weet nou wat My lewensdoele vir jou is, en jy sal geseën word as jy dit werklik doen!

Dit beteken waarskynlik dat jy sal moet ophou om sekere ander dinge te doen. Ongelukkig word julle aandag maklik afgetrek, en dan vergeet julle die belangrike dinge.

‘n Doelstelling is nie ‘n lys doelwitte nie. Doelwitte is tydelik; ‘n Doelstelling is vir ewig. Kyk, die Skrif sê: “Maar die planne van julle Vader staan vir altyd vas, My besluite van geslag tot geslag’”

Verder sê die Skrif ook: “Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree.” ‘n Doelstelling vir jou lewe maak nie net duidelik wat jy met jou tyd, lewe en geld gaan doen nie, maar impliseer ook wat jy nie gaan doen nie. ‘n Verstandige man hou hom besig met wysheid, maar ‘n dwaas se gedagtes dwaal doelloos rond”.

Toe jy jou lewe aan Christus toevertrou het, het Hy die kern geword, maar deur aanbidding moet jy sorg dat Hy daar bly. Paulus sê “(Ek bid) ... dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

“Jy vra, hoe weet jy wanneer Ek die kern van jou lewe is? Wanneer Ek die kern is, aanbid jy. Indien nie, dan tob jy. Kwellings is die waarskuwingsligte dat Ek na die kantlyn toe gedruk is. Sodra jy My weer die middelpunt maak, gaan jy weer vrede ervaar. En die vrede van My, wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus.

Ek, julle Vader, stel veel meer belang in wat jy is, as wat jy doen. Onthou dat jy jou karakter tot in die ewigheid saamneem, maar nie jou loopbaan nie. Maak ‘n lys van die karaktereienskappe waaraan jy in jou lewe wil werk en wat jy wil ontwikkel. Jy kan dalk met die Vrug van die Gees of die Saligsprekinge begin.

En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

Jy wonder miskien: “Wat van My wil vir jou werk, of huwelik, of waar jy woon?” Dit is eerlik gesê sekondêre kwessies in jou lewe, en daar is miskien allerlei dinge wat almal My wil vir jou kan wees. Dis die belangrikste dat jy My ewige doelstellings vervul, maak nie saak waar jy lewe, of werk, of met wie jy trou nie, Daardie besluite moet jou doelstellings ondersteun. Die Bybel sê: Al maak julle hoeveel planne, wat die Vader besluit staan vas.” Lê die klem op My doelwitte in jou lewe, en nie jou planne nie, want dis wat vir ewig sal hou. Aan die einde van jou lewe gaan dit glad nie saak maak wat ander mense van jou sê nie. Al wat gaan saak maak is wat Ek, julle Vader, oor jou sê.

Eendag gaan Ek jou antwoorde op al die lewensvrae hersien. Het jy Jesus die kern van jou lewe gemaak? Het jy My karakter aangeneem en ook die van Jesus? Het jy jou lewe aan diens teenoor ander gewy? Het jy my boodskap oorgedra en My sending voltooi? Dis al die kwessies wat gaan tel. Bly binne die perke van die werkkring wat Ek aan julle toegemeet het.

Kyk, Ek soek steeds na mense wat Ek kan gebruik. Die Bybel sê: “Die Vader het sy oë oral op die aarde sodat Ek die kan help wat met hul hele hart op My vertrou.´ Gaan jy iemand wees wat Ek vir My doeleindes kan gebruik? Gaan jy My doel in jou tyd dien? Ja, eendag gaan die geskiedenis eindig, maar die ewigheid sal altyd bly bestaan. Die toekoms is so blink soos My beloftes.

Wanneer dit moeilik lyk om jou doel te vervul, moet jy nie ontmoedig raak nie. Onthou jou beloning, wat vir ewig gaan hou. Julle swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir julle uit op `n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.

Jy kan vandag doelbewus begin lewe. Dit sê Ek omdat Ek lief is vir julle.

Amen

## *Openbaring 41*

### GEE DIE EERSTE TREE

*05/12/07 om 21h00*

Julle wat in Christus verlos is en na sy beeld vernuwe word, kan geen plesier hê in kleinlike foutvinderigheid nie. Ja die wêreldling is bly om iets slegs van ander te hoor en dit voort te fluister. Die verlore jy, plaas graag allerlei vraagtekens agter ander se goeie naam, en praat graag oor hulle, maar nie met hulle nie. Die balk in jou eie oog is vir jou nie belangrik nie. Geestelike hoogmoed vertroebel altyd Christelike onderskeidingsvermoë. Sondige kleinlikheid is ‘n slypsteen wat die tong venyniger slyp.

Jou verhouding met Christus heilig jou verhouding met jou naaste en jouself. Soos jouself, mag jy nie jou naaste onderskat of oorskat nie, nie onteer of kwes nie. Die splinter moet nie befluister word nie, maar uitgehaal word, want met tere liefdeshande word aan ‘n oog gewerk. Foute in ander se lewe kan deur My genade herstel word en hiertoe roep Ek ook vir jou. En jy mag die balk in jou oog nooit vergeet nie.

Ja, jy mag nie ‘n oog verag omdat daar ‘n splinter in is nie. Die sonde kan vergewe en verwyder en oorwin word en elke kind van My moet die sonde haat en die sondaar liefhê en help om onkruid oral te bestry, om splinters van sonde uit gekweste oë uit te haal. Jy werk nie aan ‘n oog met ‘n draadtang nie. Doelgerigte sensitiwiteit is ook nodig wanneer met foute van jou naaste gewerk word. Daarom moet jy bid om nie onhandig of hardhandig met ander se tekortkominge te handel nie.

Te veel kinders van My word geleef. Julle reageer op hoe ander is en doen. Julle lewe word deur ander bepaal, in plaas van om inisiatief te behou. Julle is op aarde soos Christus, om te dien, om die wêreld beter te maak. Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen. Inisiatief lê nooit by ander nie, maar by jou vir wie Ek so goed is.

Die kinders van My, julle Vader, mag nie op die breë weg, waarop so baie met genot leef, loop nie. Jy moet seker wees waarheen jou voetstappe lei. Waar gaan jou pad eindig: Is jy op die pad na die Vaderhuis met sy vele wonings?

Die goeie vrugte wat jou lewe toon, moet die egtheid van jou bekering bewys. Ek vra praktiese godsdiens. My wil moet gedoen word. Luister en doen Die Woord en sy Boodskap moet in en deur ons ideale, gesindheid, woorde en werke gesien word. In vreugde en rou word My kinders van angs, magteloosheid en ligsinnigheid bewaar. Die reën en die wind kan aanstorm, maar die fondament is op die rots.

Om vir My en die wêreld tot nut te wees, moet jy van jou verlossing seker wees. Jy moet geroep en gered wees deur Christus wat nie net na die wêreld gekom het nie, maar ook in jou lewe is. Ja, Ek onthef niemand daarvan om ‘n dissipel vir Christus te wees nie. ‘n Kind van My is ‘n getuie vir My wat weet om jou nie hieroor te skaam nie,

Ek roep jou om die voortou te neem. Julle wag te veel op ‘n gunstige geleentheid en so gaan die genadetyd verby. Wie roem in die onuitspreeklike wonder dat Ek jou eerste liefgehad het, wie voller word van wederliefde, toon die vindingrykheid en die sensitiwiteit van die nuwe lewe om ‘n aangename geur te wees onder alle mense.

Julle kan kies. Ja, voor Adam en Eva was ook ‘n verreikende keuse. Maar Israel kies verkeerd. So bly die lewe `n keuse. Vir of teen eerbaarheid, eerlikheid, Skrif lees, heiliging, goeie menseverhoudinge en vrede.

Amen

## *Openbaring 42*

### VALSE FONDAMENTE

*06 Desember 2007 om 11h50*

Wanneer julle My stem hoor wat tot julle roep en vir julle sê dat julle moet kom, dan bespeur julle in die lewe van julle die uitwerking van die duiwel. Dit is dan dat hy die grootste oorwinning in die lewe van duisende behaal, omdat Satan een ding weet, naamlik dat as hy jou kan weerhou om na Jesus te kom, hy jou wil oortuig dat jy nie nodig het om te kom nie, en dan gebruik hy hierdie taal: "Jy is mos reeds Syne. Jy is reeds 'n kind van die Vader." En juis daarom het Paulus geskrywe: "Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef."

Ondersoek julself of julle in die geloof is. Die Gees van My, julle Vader, wil seker maak dat die mag van die duiwel julle nie sal oorval nie, en dat die valse profete nie oor julle sal uitroep: "Vrede, vrede, terwyl daar tog geen vrede is nie." Die grootste vloek van die kerk vandag is dit, naamlik dat daar duisende mense mislei word - goeie mense, mense met 'n mooi lewe, mense wat skynbaar die vrugte dra van bekering, maar mense wat nog glad nie die Vader ken nie - nog nooit gered is nie; en hulle is die mense wat met die grootste erns sal verklaar: "Ek weet ek behoort aan die Vader."

Ja, Ek praat nie slegs met party van u nie en Ek praat ook nie met die man langs jou nie, maar die boodskap kom tot elkeen van julle wat hier lees. Kom beproef jouself. Kyk of jy waarlik in die geloof is; of jy waarlik gered is. As jy hierdie toets kan deurstaan, weet dan dat jy met blymoedigheid op jou pad kan gaan, want jy bou op 'n rots. Daar is duisende mense wat baie eerlik is met My, eerlik met die kerk, eerlik met die Skrif, en eerlik met hulself. Eerlike mense, maar mense wat verlore is. U sê vir My: "Maar is dit dan moontlik dat so iemand nog verlore kan gaan?"Ja!

"Baie sal in daardie dag vir My sê: Vader, Vader, het ons dan nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie?" "En dan sal Ek aan julle sê: "Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk."

Kan jy sien? Ek gee aan jou 'n ernstige waarskuwing. As Ek vir sommige eendag sal sê: "Julle gaan hel toe, julle is die bokke, julle is geskei van die nuwe Jerusalem", dan sal julle verbaas wees en sê: "Vader, Vader, maar hoe is dit dan moontlik?" Sê vir My, sê tog vir My, is jy nie dalk een van hulle nie?

Daar is duisende duiwels wat rondloop en hulle gelaat skyn asof hulle eerlik is, maar hulle is leuenaars, gebrandmerk in hul eie gewete, omdat Ek hulle nie gestuur het nie. Nee, daar is net een pad na My in die hemel. Net een pad. Jesus het gesê: "Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Ek is die deur. Ek is die nou poort. Ek is die weg, die waarheid en die lewe."

Ja, daar is mense wat glo in My, glo in Jesus, glo in die Bybel, maar daardie geloof van hulle sal hulle niks help nie. Ek sal jou sê wie dit is. En nou moet jy luister. Jy is dalk een van hulle. Hulle glo in dit alles, maar hulle twyfel aan hul verlossing - hulle is nie seker of hulle kinders van My, hulle Vader, is nie. Hulle is nie seker of hulle sondes vergewe is nie. Hulle is nie seker of hulle al gered is nie. Die geloof van hierdie man of vrou is tevergeefs.

Julle wat sê julle kan nie aan hierdie kant van die graf sekerheid hê van jou redding nie, het Ek nie gestuur nie, maar is gestuur deur die duiwel. Hulle is leuenaars, veragters van My Woord, verdraaiers van die Bybel. Ek wil vir jou sê, as daar iemand is wat nog nie kan sê: "Jy weet jy is 'n kind van My nie," is jy nog 'n kind van die duiwel. Want almal wat deur die Gees van My gelei word, die is kinders van My.

Luister, Ek beveel jou weer: "Ondersoek jouself of jy in die geloof is, stel jouself op die proef, of is jy nie seker nie?" Hoor wat sê Paulus: "Of is jy nie seker nie?" Jy is miskien nie seker nie. Onsekerheid is ongeloof, ongeloof is sonde, en sonde sluit jou uit die hemel uit.

Ja, daar is maar net een antwoord, net een fondament waarop jy kan bou, net en uitdaging van die Woord van My. Dit is naamlik geen teken wat jy moet glo nie, niks van jouself nie, maar alleen die ewige, die onwankelbare, die lewende Woord van My, julle Vader. Jy kan nie bou op die geloof nie, maar bou op die beloftes van My.

Ek kan vir jou sê: Jou tyd van genade gaan verby. Die roepstem van My sal ophou. Ek sal ophou om te klop, en My genade sal by jou verbygaan, en jy sal soos Esau met trane vurig begeer om berou te mag hê, maar dit sal aan jou nie gegun word nie.

Ondersoek jouself of jy in die geloof is, stel jouself op die proef. Ek sê dit alles, omdat Ek lief is vir julle.

Amen.

## *Openbaring 43*

### HANDE

*07/12/07 om 03h00*

Hande is ‘n onvergelyklike skepping van My. Dit is kunstig gevorm om wonderlike dinge te doen. Daar is die hardwerkende hande van ‘n moeder en die sterk, gerusstellende hande van ‘n vader; die kunstige hande van ‘n kunstenaar en die harde, vereelte hande van die arbeider; die geneesheer se hande wat lewe beskerm en die hande van die moordenaar wat lewe wreed neem. Die hand word in ‘n vredesgroet omhoog gehef, of dit word in ‘n vuis van haat saamgepers; dit word gebruik om te steel of om biddend saam te vou. Voorwaar, hande praat sonder woorde ‘n taal van hulle eie.

Maar die hande van My julle Vader is die wonderlikste van alle hande. Wanneer jy kan bely: “My tye is in jou hand,” sing jy ‘n triomflied vir tyd en vir ewigheid. My hande is hande van matelose mededoë en liefde. Hulle nooi: Kom na My toe! Hulle versorg in liefde sodat julle vol verwondering kan sê: Die Vader het voorsien! Hulle beskerm julle liefdevol teen dreigende gevare. My tye is nie in die hande van ‘n blinde noodlot nie, maar in die hande van jou liefdevolle Vader wat jou lei langs groen weivelde en na waters waar daar vrede is. Ek lei jou in liefde deur die lewe en deur die dood tot in die ewigheid.

My hande is hande van ewige trou. Onder alle omstandighede en te alle tye bly getrou. Ek sal nooit laat vaar die werke van My hande nie. My hande is vertroostende hande. In die uur van droefheid voel jy My hande om jou rukkende skouers. Nêrens vind jy troos soos onder die hand van My nie. My hande is vormende hande. Ek kan uit mislukking en teleurstelling iets nuuts tevoorskyn roep wat tot eer van My is. Ek sê: “Kyk, Ek maak alles nuut!” My hande is almagtige hande. My hande kan jou vashou in elke dreigende situasie; hulle kan die storms laat bedaar. Wanneer jy nie verder kan gaan nie, lei My almagtige Hande jou verder. Ek kan jou deur die donker vallei dra.

My hande is genesende hande. Reeds toe Christus op aarde was, het Hy kreupeles laat loop, blindes laat sien, dowes laat hoor en siekes opgerig. Hy kan dit vandag nog doen: Hy kan verlos van die krankheid van die siel en ook van die liggaam. Hy raak vandag nog met Sy hand die lewens van mense aan, want, “deur Sy wonde het daar vir jou genesing gekom.” Omdat Sy hande deurboorde hande is, ja daarom verstaan Hy die verskeurdheid van jou liggaam en jou gees. Hy gee om en wil help.

My hande is smekende hande. Die hele dag brei Ek My hande na jou uit. Ek staan by die deur en klop. Ek nooi en pleit dat jy soos die verlore seun moet terugkeer na die Vaderhuis. My hande is seënende hande. Hulle is uitgestrek in onophoudelike seën oor My kinders en oor die sondeverskeurde wêreld. So was dit gister, so is dit vandag en so sal dit tot in ewigheid wees. Selfs aan die kruis was Sy hande oopgespalk in ‘n nimmereindigende Goddelike seën. Daarom sê Ek: “Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou Vader. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met My eie hande red Ek jou. In tye van My hand, kan jy onbekommerd van dag tot dag leef.

Amen.

## *Openbaring 44*

### DEEL JOU LEWENSBOODSKAP

*6 Desember 2007 om 00h05*

Ek, jou Vader, het jou ‘n lewensboodskap gegee om met ander te deel.

Toe jy ‘n gelowige geword het, het jy ook My boodskapper geword. Ek wil deur jou met die wêreld praat. Paulus het ook gesê: “Ons verkondig die woord in opregtheid, in verbondenheid met Christus, in opdrag van My, julle Vader, en in verantwoordelikheid aan My.”

Jy voel miskien jy het niks wat jy kan deel nie, maar dis die duiwel wat jou mond probeer snoer. Jy het ‘n rykdom aan ervarings wat Ek wil gebruik om ander mense deel van My familie te maak. Die Skrif sê: “Wie in die Seun van My, julle Vader glo, besit die getuienis in jou hart...” Kyk, jou lewensboodskap bestaan uit vier dele:

1) Jou getuienis: Die storie van hoe jy `n verhouding met My begin het.

2) Jou lewenslesse: Die belangrikste lese wat Ek jou geleer het.

3) Jou Goddelike passies: Die dinge waaroor Ek jou die meeste laat omgee.

4) Die Blye Boodskap: Die boodskap van verlossing.

1) Jou getuienis: Die storie van hoe jy `n verhouding met My begin het.

Jou lewensboodskap sluit jou getuienis in. Jou getuienis is die storie van hoe Christus ‘n verskil in jou lewe gemaak het. Petrus vertel julle dat julle deur My gekies is om “die verlossingsdade te verkondig van My wat julle uit die duisternis geroep het na My wonderbare lig”. Dit is die wese van getuienis - dat jy eenvoudig jou persoonlike ervarings met die Vader deel. Jesus het gesê: “... julle sal My getuies wees ...” en nie “julle sal My advokate wees" nie.

Jou getuienis is ‘n noodsaaklike deel van jou sending op aarde, want dit is uniek. Ja, jou persoonlike getuienis is eintlik doeltreffender as ‘n preek.

2) Jou lewenslesse: Die belangrikste lese wat Ek jou geleer het.

Jou lewensboodskap sluit jou lewenslesse in. Dit is die waarhede wat Ek jou uit ervarings met My geleer het. Dit is lesse en insigte wat jy oor My, verhoudings, probleme, versoekings en ander aspekte van die lewe gekry het. Die Skrif sê die volgende oor die Israeliete: “Talle kere het Ek, die Vader, My volk gered, maar hulle het opstandig gebly en dieper in hulle sonde weggesink.”

Dis goed om uit ervaring te leer, maar dis verstandiger om uit ander mense se ervarings te leer. Julle moet uit mekaar se lewenslesse leer. Het jy werklik nagedink oor jou lewenslesse? Hier is enkele vrae om jou geheue te verfris en jou aan die gang te kry:

Wat het Ek jou uit mislukkings geleer?

Wat het Ek jou uit ‘n gebrek aan geld geleer?

Wat het Ek jou uit pyn of hartseer of depressie geleer?

Wat het Ek jou uit siekte geleer?

Wat het Ek jou uit teleurstellings geleer?

3) Jou Goddelike passies: Die dinge waaroor Ek jou die meeste laat omgee.

Jou lewensboodskap sluit in dat jy oor jou goddelike passies praat. Wanneer jy nader aan My groei, gaan Ek jou 'n passie vir iets gee waaroor Ek so baie omgee, dat jy vir My 'n woordvoerder in die wêreld kan word. Dis miskien 'n passie oor 'n probleem, beginsel, of groep mense. Maak nie saak wat dit is nie - jy gaan voel jy moet net daaroor praat en alles in jou vermoë doen om 'n verskil te probeer maak.

Ja, jy kan eenvoudig nie ophou praat oor dit waaroor jy die meeste omgee nie. Jesus het gesê: "Waar die hart van vol is, loop die mond van oor." Twee voorbeelde is Dawid, wat gesê het: "Omdat ek U huis liefhet, moet ek ly ..." en Jeremia, wat gesê het: "En wanneer ek dink ek sal my nie aan Hom steur nie en nie meer in sy Naam praat nie, dan word dit in my soos 'n vuur wat brand."

Kyk, Ek gee sommiges 'n goddelike passie om 'n saak voor te staan. Dis dikwels 'n probleem wat jyself ervaar het, soos mishandeling, verslawing, onvrugbaarheid, depressie of 'n ander siekte. Soms gee Ek julle 'n passie om namens 'n groep te praat wat nie vir hulself kan opkom nie: Ongeborenes, vervolgdes, armes, gevangenes, mishandeldes, benadeeldes of mense wat geregtigheid ontsê word. Ja, die Bybel wemel van opdragte om die weerloses te verdedig. Ek gebruik julle met passie om My koninkryk te bevorder.

Ek gee julle verskillende passies, sodat alles wat Ek in die wêreld gedoen wil hê, gedoen sal word. Julle moet eerder na mekaar se lewensboodskappe luister en dit waardeer, want niemand kan alles sê nie. Moet iemand anders se goddelike passie nooit verkleineer nie. Die Bybel sê: "Om jou vir 'n goeie saak te beywer, is goed, maar dan moet dit altyd die geval wees en nie net as Ek by julle is nie."

4) Die Blye Boodskap: Die boodskap van verlossing.

Jou lewensboodskap sluit die Blye Boodskap in. Wat is die Blye Boodskap? "In die evangelie kom juis tot openbaring dat Ek julle van julle sondes vryspreek enkel en alleen omdat julle glo." "Die boodskap van versoening bestaan daarin dat Ek, deur Christus, die wêreld met Homself versoen het en julle oortredinge nie toegereken nie. Die boodskap van versoening het Hy (Christus) aan julle toevertrou." Die Blye Boodskap van versoening is dat wanneer ons vertrou dat Ek, jou Vader, se genade jou red, danksy wat Christus gedoen het, word jou sondes vergewe, kry julle 'n rede om te lewe, en word julle 'n toekomstige tuiste in die hemel belowe. Die heel belangrikste is dat jy moet leer om mense lief te hê soos Ek julle liefhet.

Ek het nog nooit iemand gemaak vir wie Ek nie lief is nie. Almal maak vir My saak. Julle moet vir ongelowiges omgee, want Ek doen dit, die liefde gee julle geen keuse nie. As jy bang is om die Blye Boodskap met ander mense te deel, moet jy My vra om jou met liefde vir hulle vol te maak. Solank jy van selfs net een persoon weet wat My nie ken nie, moet jy vir hom bly bid, hom in liefde dien, en die Blye Boodskap deel.

Wat is jy gewillig om te doen sodat die mense wat jy ken, hemel toe kan gaan? Gaan jy hulle kerk toe nooi? Jou storie vertel? Hulle vir ete uitneem? Elke dag vir hulle bid totdat hulle gered word? Jou sendingveld strek orals om jou uit. Moenie die geleenthede wat Ek jou gee, verbrou nie.

Gaan iemand danksy jou hemel toe? Sal iemand in die hemel kan sê: "Ek wil jou bedank. Ek is hier omdat jy genoeg omgegee het om die Blye Boodskap met My te deel"? Dink hoe wonderlik dit gaan wees om in die hemel mense te groet wat danksy jou daar is. Die ewige redding van 'n enkele siel is belangriker as enigiets anders wat jy in die lewe sal bereik.

Jy het nou gelees van My vyf doelwitte met jou lewe op aarde: Ek het jou gemaak om 'n lid van My familie te wees; om 'n model van My karakter te wees, om My glorie te vergroot, om 'n bediener van My genade te wees, en om 'n boodskapper van My Blye Boodskap aan ander mense te wees. Kyk, van die vyf doelwitte kan die vyfde net op aarde geskied. Jy gaan die ander vier op die een of ander manier steeds in die ewigheid doen. Dis waarom dit so belangrik is om die Blye Boodskap te versprei. Ja, jy het maar net 'n kort rukkie om jou lewensboodskap te deel en jou sending te vervul. Wees lief vir My.

Amen.

## *Openbaring 45*

### NEDERIGHEID

*7 Desember om 10h15*

Hierdie woord word selde geag en dikwels misverstaan en vermy. Ten onregte. "Nederig" noem die Bybel iemand wat vry is van illusies, selfoorskatting, oorgevoeligheid. Saaklikheid en die vermoë tot oorgawe is die bestanddele van nederigheid. Die nederige sien en verstaan waar sy taak lê, omdat jy oplettend is en nie met jouself besig bly nie. Jy stel nie self die maat vas waarmee Ek jou meet nie; jy kry dit by Een wat groter is as jy; as jy 'n Christen is, is Ek Christus, jou maatstaf. Die nederige neem hom nie voor om so of so 'n mens te word nie, jy laat jou vorm tot die gestalte wat 'n ander uit hom maak.

Nederigheid het ook met jou bagasie te doen. Kyk, Jesus het gesê dis moeilik om met baie bagasie deur die "nou poort" te kom. Dit kan skuld wees wat jy saamsleep en wat jy te trots is om te beken. Dit kan 'n vrees wees, 'n liefhebbery, 'n besitting, 'n beroepsideaal. Moet jy jou bagasie verder dra, of moet jy besluit om dit af te werp? Albei kan verkeerd wees. Wie gesond wil word, moet nie self wil dokter nie. "My genade is vir jou genoeg", sê Ek aan Paulus as hy bid dat sy siekte van hom weggeneem moet word. "My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Die vermoë om jou in al jou swakheid aan die krag van My toe te vertrou, noem Ek nederigheid. Ja, daar is geen pad na gebed anders as oor hierdie drumpel nie.

Soos die water die hoogte vermy en na die diepte vloei, so woon die wysheid ook net by die nederiges. Moenie jouself met ander vergelyk nie, as unieke mens, met 'n unieke boodskap, moet jy jou eienskappe nie op 'n negatiewe wyse met die van ander vergelyk nie. Ja, dit is wel so dat ander ook uniek is en waarde het, maar jy is nie minderwaardig teenoor ander nie. Ek, die goeie Gewer, het vir jou so kosbaar geag, dat Ek jou nie minderwaardig teenoor ander gemaak het en jou 'n minderwaardige boodskap of opdrag gegee het nie. Glo in jouself en moenie jouself meet aan ander nie.

Die wat hulle met ander vergelyk, is geneig om al die positiewe in ander te sien en net die negatiewe in hulleself. Julle is dan nooit tevrede met julself, julle waarde, julle eienskappe en julle besondere taak of roeping nie. Meet jou aan die eienskappe en die vermoëns wat jy ontvang het en jy sal besef hoe dankbaar jy behoort te wees. 'n Ondankbare mens is eintlik in opstand teen My! Daarom is 'n dankbare mens 'n gelukkige mens.

Om jouself van waarde te ag en om in jou eie innerlike krag te glo, beteken nie noodwendig om verwaand te wees nie. Dit beteken net dat jy glo dat Ek jou van waarde geag het en dat Ek jou 'n bepaalde toerusting gegee het. Jy moet jou eie tekortkominge en jou eie vermoëns ken. Teen hierdie agtergrond moet jy jou aan jouself meet, jou aanvaar soos jy is, maar met die strewe om deur My genade te groei en te ontwikkel waar moontlik.

Om jou aan jouself te meet, beteken dat jy `n gesonde kwota selfrespek sal hê, maar tegelyk ook `n prysenswaardige porsie nederigheid. Meet jou aan die positiewe aspekte in jou lewe. Ja, dan eers sal jy besef wat is genade, naamlik onverdiende vermoëns, onverdiende geleenthede en onverdiende leefruimte om jouself te wees en jouself uit te lewe.

Meet jy jou aan jouself, dan besef jy al die bogenoemde genade en word jy 'n dankbare mens, en 'n dankbare mens, wat al sy onverdiende voorregte besef, is 'n gelukkige en tevrede mens. Nie rykdom nie, nie plesier en genot nie, nie geleerdheid of roem en eer is soveel werd as vrede nie. Wanneer jy jou aan jouself meet en jy soek na die vermoëns waaroor jy beskik, dan besef jy eers dat jy jou waarskynlik nog al die tyd onderskat het.

"Die wat Ek lank tevore verkies het, het Ek ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van My Seun, sodat My Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is."

Wees lief vir My.

Amen.

## *Openbaring 46*

### GENADE ONBESKRYFLIK GROOT.

*7 Desember 2007 om 11h45*

Ek sal ingryp en My oor Sion ontferm, want die bestemde tyd het aangebreek, die tyd om hom genadig te wees.

Ja, Julle hoor baiekeer tydens 'n rugbywedstryd dat die sportkommentator melding maak van die genadelose stryd wat daar op die sportveld woed. Soms sê hy ook dat daar geen genade gegee of gevra word nie.

Ongelukkig is dit ook hoe dit dikwels in die alledaagse lewe gaan. Julle is soms venynig en onvergewensgesind teenoor mekaar. Genade is in baie gevalle nog net 'n woord wat nie altyd in die praktyk uitwerk nie. Julle - en dit sluit gelowiges ook in - vra of gee eenvoudig nie meer genade nie. Hoe sou dit wees indien Ek, julle Vader, so genadeloos was soos wat julle soms is? Tog is dit baiekeer hoe julle My sien. Julle Vader word as genadeloos voorgeskilder, omdat Ek dan onreg en kwaadwilligheid teen jou toelaat. Dit is ook die onderliggende klag wat in julle deurskemer. Kyk, die psalmdigter pleit eintlik om genade omdat, soos hy dit stel, die bestemde tyd aangebreek het.

Vir jou, onvolkome sondaarmens, het My genade reeds 'n werklikheid geword. Op die bestemde tyd het Ek My Seun as volkome offer vir 'n sondige wêreld gegee en so My genade betoon, wat ook vir jou bedoel is.

Ek, julle hemelse Vader, plaas elke mens, ja vir jou ook, soos 'n vrugteboom in My tuin. Ek gee talente en geleenthede en Ek verwag dat My genade nie tevergeefs deur julle ontvang sal word nie. Ja, julle moet as Christene inderdaad begaan wees oor slegte vrugte in julle lewe - maar daar is baie van julle wat te min begaan is oor die goeie wat in julle lewe ontbreek. Sondes van daad en gedagte en gesindheid en bose begeertes word besef en bely. Teen die lelike word gestry. Maar wat van die goeie wat daar moet wees?

Ja, hoe vind Ek, julle Vader, jou lewensboom? Dra jy die vrug van die Heilige Gees? Is jou lewe rein en waardevol vanweë liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, en selfbeheersing?

Dit is genade dat jy nog lewe. Kyk, Jesus soek die goeie in jou lewe. Hierdie wêreld mag nie 'n blote gedaante van godsaligheid in jou sien nie. Wie op My, julle Vader in die hemel vertrou, is soos 'n boom

wat by water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie. Jou blare bly groen en ‘n jaar van droogte raak jou nie en jy hou nie op om vrugte te dra nie. Geen gelowige kan sê dat Ek jou afskeep nie. Kyk, Ek oorlaai jou met soveel voorregte sodat jy voortdurend meer en beter vrugte moet dra. Jy mag My nie teleurstel nie. Jy moet in goed-wees en goed-doen groei. Jy kan `n gemerkte boom wees. Uit liefdesdankbaarheid wil jy strewe om veel meer tot eer van My en tot heil van jou naaste te lewe en nuttige vrugte dra. Dit sê Ek vir jou, dit is egte dankbaarheid. Kyk Ek sterk jou bedagsaamheid en vaardigheid om My nooit met die sonde van nalatigheid te bedroef nie. Ek het ook onbeskryflike groot genade aan jou bewys. Wees opreg dankbaar daarvoor, en wees lief vir My, julle hemelse Vader.

Amen.

## *Openbaring 47*

### DIE WEG TOT SALIGHEID

*7 Desember 2007 om 22h00*

In die land Palestina, in die poort van Jerigo, sit ‘n man. Saggéüs is sy naam. Hy is hoof van díe tollenaars. Maar hy is nie besig met sy werk nie. Dit lyk asof hy dink. Hy het gehoor van ‘n man, hulle noem hom Jesus van Nasaret. Hulle vertel ook Hy laat kreupeles loop, dowes hoor - Hy laat selfs die dooies opstaan, en Hy vergewe die mense hul sondes.

As hy daaraan dink, dan dink Saggéüs aan sy eie lewe, vol van ongeregtighede. Hy is diep ongelukkig. Dit is asof daar ‘n onrustigheid in hom gekom het. Maar daar het ook ‘n verandering in sy lewe getree. Die een oomblik was hy dood, die volgende was hy lewendig. Een oomblik was hy in die donker nag van sonde, die volgende in die lig van Jesus Christus - gewas in die Bloed van die Lam van die Vader. Daar het verlossing vir hom gekom. In een oomblik het Ek, die Vader, die siel van hierdie sondaar verlos, hom opgetrek uit die modderslyk van die sonde, sy voete geplaas op ‘n rots, aan hom lewe gebring en ‘n nuwe lied in sy mond gelê; ‘n getuienis wat eg en waaragtig is, want Ek het dit gedoen.

Die roepstem, die uitdaging van My liefde vandag tot elkeen van julle wat leef in sondes; vandag sê Ek vir julle: “Maak jou klaar, Ek moet by jou tuisgaan.” Ook vandag is die uitnodiging van die Evangelie tot elkeen van julle, dat julle gered moet word. Julle sit so vasgekluister aan so baie sondes en julle huiwer en dink: Jy wat so vol sonde is, jy wat so ver van My weggedwaal het, jy wat so baie dinge gedoen het wat My seer gemaak het? Is daar plek in My hart vir jou?

Ja, dit is die eerste stap na die lewe. Dit is die oortuiging wat julle in julle moet omdra, wat die onsekerheid in julle moet lê: Daardie wete dat jy ‘n verlore sondaar is. Daar lê vir julle ‘n uitdaging en ‘n antwoord voor: Die skeidsmuur tussen julle en My moet verwyder word. Voor daardie skeidsmuur nie verwyder is nie, sal jy soek en geen lig vind nie, sal jy klop en daar sal geen antwoord wees nie. Inteendeel, jy sal in die donker nag van sonde bly en jy sal sterwe sonder hoop en sonder My.

Dit is absoluut noodsaaklik om te weet hoe daardie skeidsmuur tussen jou en My verwyder moet word. Hoe gaan jy dit doen? Deur ‘n nuwe blaadjie om te slaan? Het jy dit nie al ‘n honderd keer in jou lewe gedoen nie, net om te vind daardie blaadjie word maar weer vuil.

Deur mooi besluite te neem of mooi voornemens te koester? Jy het dit al ‘n duisendmaal gedoen en jy is vandag nog net waar jy was. Daar is geen vastigheid onder jou voete nie. Jy is soos ‘n man wat in dryfsand spartel - dryfsand wat jou altyd dieper vassuig, om jou te beroof van jou sekerheid en geluk en jou eindelik te laat weggly sonder dat jy My gevind het.

Nee, jy kan daardie skeidsmuur nie uit jou eie krag op jou eie wyse verwyder nie. Ek het vir jou ‘n antwoord; en My antwoord is in die Woord. Julle vind dit in Spreuke 28:13. Daar staan geskrywe. “Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie.” Jy wat jou sondes goedpraat en wegsteek, jy sal nie voorspoedig wees nie. O ja, kyk daar is baie van julle wat julself wil regverdig deur te sê: “Ek is

darem nou nie so sleg nie. Ek gaan darem kerk toe, ek bid en lees die Bybel. Ek sien nie eintlik hoekom ek nie 'n plekkie in die Hemel sal kry nie." Jy wat jou sondes bedek sal geen barmhartigheid vind nie, maar jy wat dit bely - bely en laat staan - sal barmhartigheid vind. Ek sê julle moet julle sondes bely, die tyd raak min daarvoor.

Jy moet jou sondes aan My bely. Jy moet met jou Vader regmaak wat jy verbrou het. Selfs as jy teenoor jou naaste oortree het, is jou eerste plig om dit teenoor My te bely, want jou naaste is die eiendom van My, julle Vader.

Dit is egter nie genoeg nie. Daar is duisende mense wat elke dag hulle sondes bely, elke dag erken dat hulle sondaars is, elke dag besluit om reg te maak - en tog nog besig is om te sondig, en vandag is hulle presies waar hulle was.

Is dit jou toestand? Jy sal terugsak en val tot waar jy was, jy sal ontdek dat dit nie werk nie en dan sal jy moedswillig en opstandig word teenoor My, juis omdat die duiwel jou verblind het. Nee, bekering is nie net gee nie, bekering is nie net belydenis nie: bekering is 'n saak van gee en neem. Die Bybel sê: "Bekeer jou met Jesus." Trek sy kleed aan en gee jou vuil kleed van sondes vir Hom.

Ja, steek jou hand uit en trek jou kleed uit en ontvang My lewe, ontvang My krag. Gebruik nou dieselfde verstand in geestelike dinge as in praktiese dinge. Ek gee julle My liefde. Ek gee nie net aan julle My liefde nie, maar Ek wil julle Vader word en Ek wil hê julle moet My seuns en dogters word.

Ek wil dat julle sonder om te sien of te voel, My op My woord moet neem. Ek sê nou vir jou: Bely jou sondes, neem Jesus as jou Saligmaker aan. Gee vir My wat aan My toekom. Betaal die prys. Bely aan die wêreld dat jy 'n kind van My, julle Vader, geword het en jy sal van nou af smaak en sien dat Ek goed is. Jy sal weet dat Ek jou siel gered het en dat jy van nou af 'n kind van My is.

Wees lief vir My, julle Vader.

Amen.`

# NOMMER VERANDERING

## *Openbaring 49*

### GRYPERS! GAARDERS! GEWERS!

*8 Desember 2007 om 18h00*

Kyk, in die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan praat Ek van julle met verskillende lewensfilosofieë.

Toe 'n man eenmaal op pad was van Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee. Hierdie soort mense is die "grypers" in die lewe. Hulle filosofieë is: Alles wat joune is, is myne; ek vat dit! Hulle beroof die onskuldige en stap gevoelloos van die toneel van hulle misdaad weg. Hulle is nie altyd jou vyande nie; soms is dit jou gewaande vriende wat neem wat hulle uit jou kan kry en jou dan aan jou lot oorlaat. So was dit met die vriende van die verlore seun. Hierdie mense takel gedurig af en stel net belang in wat hulle uit die lewe kan kry, sonder om ooit iets te gee. Hulle doen dit met slinksheid en geweld. Selfs in die huwelik kry ons die "grypers" wat net neem en nooit gee nie; wat breek en nooit heelmaak nie. Julle kry dit onder kinders en jongmense wat altyd verwag dat die lewe om hulle moet draai en wat lewe asof die wêreld hulle 'n bestaan skuld.

Dit gebeur toe dat daar 'n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby. Net so het daar ook 'n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs verby. Hulle is die "gaarders" in die lewe. Hulle lewensfilosofieë is: Alles wat myne is, is myne; ek hou dit! Krampagtig maak hulle alles net vir hulleself bymekaar sonder 'n enkele gedagte aan hul medemens. Hulle weet nie wat dit beteken as jy beweer dat dit saliger is om te gee as om te neem nie. Hulle is die mense met die ysterhart wat nooit die ellende om hulle raaksien nie, omdat hulle dit nie wil sien nie. Hulle druk hulle ore toe en maak hulle harte hard uit vrees dat hulle meegevoel hulle moontlik iets uit die sak sal jaag. Soos die ryk dwaas van die Skrif vergeet hulle dat die doodskleed geen sakke het nie.

Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. Dit is die taal van barmhartigheid en Christelike liefde. Hulle is die "gewers" in die lewe. Sy lewensfilosofieë is: Alles wat myne is, is joune; ek gee dit! Hy was die veragte wat moontlik self aan sy lyf gevoel het wat dit is om geslaan en beroof te word. Hy gee nie net sy geld en sy tyd nie; hy gee sy meegevoel en sy gerief. Hy gee onvoorwaardelik, soos die blom sy geur aan die lug skenk sonder om vergoeding te vra.

Hierdie lewensfilosofie leer julle van Christus: Hy het uit liefde onvoorwaardelik sy lewe vir julle gegee. Hy het nie gevra of julle dit verdien nie - Hy is deur die liefde gedring. En Sy opdrag is: "Gaan maak jy ook so". Kom na My en Ek sal jou help sodat jy van jou beste en edelste sal gee en dit uit liefde, na die voorbeeld van Jesus.

Amen.

## *Openbaring 50*

### BEGINSELS DEUR VUUR GELOUTER

*8 Desember 2007 om 21h00*

Om te sê dat julle beginsels het, is nie genoeg nie. Jou lewe en dade moet bewys dat jy aan jou beginsels kan vashou. Toe 'n man tydens die regering van Bloedige Maria met die dood gedreig is om sy getuienis vir Christus terug te trek, was sy antwoord: "I shall not retract. I am corn and not chaff which the wind takes away." Ja, jou dade moet jou woorde bevestig, soos in die voorbeeld van die drie jong manne in die brandende vuuroond. Al het hulle uit vroom gesinne gekom, was die versoeking groot om hulle beginsels te laat vaar. As hulle ingewillig het om hulle knieë te buig voor 'n goue beeld soos al die ander, sou die koning hulle nog meer gunste bewys het. Hulle sou ook die brandende vuuroond vryspring.

Maar onverskrokke en manmoedig het hulle geweier. Hulle het alleen tussen duisende gestaan en dit gewaag om anders te wees. Hulle het aan twee groot beginsels vasgehou: Dat Ek bestaan en hulle My alleen moet aanbid; dat Ek die mag het om hulle te red. Die gevolge van hulle handelswyse was dramaties en bevrydend. Hulle het 'n heerlike oorwinning in My Naam behaal en hul selfrespek behou, sonder enige ophef of grootdoenerigheid. Ja, hulle was vry van enige selfverwyt en skuldgevoel. Hulle het deur die vuurproef gegaan en tog is hulle gered. Dit moes op die heidene 'n onuitwisbare indruk gemaak het, sowel as op almal wat deur die eeue heen en vandag nog hierdie boodskap lees.

Ek, julle Vader, wil julle uit hierdie geskiedenis leer dat julle getrou moet wees tot die dood toe. Kyk Sadrag, Mesag en Abednégo was aan My getrou, daarom was Ek aan hulle getrou. Maar onthou, Ek is nie in elke vuuroond van beproewing nie: Indien julle in voorspoed sonder My lewe, sal julle vergeefs in die vuuroond na My soek. Ek wil julle ook leer om onbevrees te wees. My teenwoordigheid help julle deur die diepste nood: "Ek is vir jou 'n helper en jy sal nie vrees nie – wat sal 'n ander aan jou doen?"

Julle kan alleen beginselvas wees as Ek, julle liefdevolle Vader, sentraal staan in julle lewe.

Ek moet die troonposisie in julle harte beklee. Glo in My en wees lief vir My en Ek sal jou sterk maak in die uur van toetsing. Om My ontwil.

Amen.

## *Openbaring 51*

### BEGINSELVASTHEID

*9 Desember 2007 om 01h10*

Kyk, soos ‘n fontein hoog in die berg die beginsel is van die breë, diep stroom wat onder in die vallei vloei; soos die akker wat ons in die grond weglê, die beginsel is van die magtige eik met sy onomstootlike stam wat sy kroon die hemele instoot en die elemente trotseer; so is jou beginsels die belangrikste ding in jou lewe, omdat dit jou optrede en gedrag bepaal.

Die beginsel van die heelal is Ek julle Vader: Die Alfa, die begin, die Eerste! Godsdienstige beginsels is die dinge wat julle aan My as die eerste en belangrikste oorsaak van die lewe verbind. Beginsels is die verband tussen julle hemelse verbondenheid aan My en julle aardse lewe – tussen die Almagtige Vader en die nietige mens. Wee jou wat geen godsdienstige beginsels het nie. Jy is sonder My en sonder hoop in die wêreld. Want dit is die eerste dinge in julle gees wat julle ganse lewe beheers en julle lewenshouding sal bepaal: Julle woorde, gedagtes, dade, lewensuitkyk en optrede. Daarsonder is jy ‘n reisiger na nêrens. Ek wil vir julle die volgende gebeurtenis gee: ‘n Man het eenmaal ‘n bok per trein gestuur en ‘n kaart om sy nek gebind met sy bestemming daarop: Waar hy vandaan kom en waar hy heengaan. Soos bokke maar is, het hy alles opgevreet wat voorkom – ook die kaart om sy nek. Groot was die ontsteltenis toe hy op ‘n stasie oorgeplaas moes word op ‘n ander trein. Niemand kon sê waar hy vandaan kom of waarheen hy op pad was nie. Hy het sy eie adres opgevreet. Net soos ‘n mens sonder beginsels.

Die waarde van beginsels kan nooit oorskat word nie. Wat jou beginsels is, dit is jy! In veranderende lewensomstandighede, met al jou groei en rypwording tot volwassenheid, durf jy nooit jou godsdienstige beginsels oorboord te gooi nie. Om beginsels te besit, is baie belangrik; om aan hulle vas te hou, lewensbelangrik.

Kyk, die kerkvader Polycarpus, is op 82-jarige leeftyd vir sy geloof gevange geneem en met die brandstapel gedreig indien hy sy geloof nie verloën en My ook vloek nie. Polycarpus se antwoord was dat Ek 82 jaar lank aan hom niks anders as goed gedoen het nie – hoe kan hy My nou vloek? Hy het moedig op die brandstapel geklim en gesterf met die volgende woorde op sy lippe: “Ek dank U, my Vader, dat U my op hierdie dag en in hierdie uur waardig geag het om deel te hê aan die kelk en kruis van my Verlosser, Jesus Christus!” Hy het sy beginsels met sy bloed bevestig. Hoeveel minder word nie van julle verwag om aan julle beginsels getrou te bly nie.

Kyk, Ek hou jou veilig in My genade. Jy moet onder alle omstandighede en te alle tye getrou wees aan My, sodat jou lewe ‘n getuienis van My genade kan wees.

Amen.

## *Openbaring 52*

### WIE IS EK?

*9 Desember 2007 om 19h15*

Die probleem waarmee elkeen van julle van hierdie tyd worstel, is die identiteitskrisis. Salig is jy wat tot selfontdekking kom en uitvind wie jy werklik is. Ek stel belang in jou ware self. Dit is karakter. Maar die wêreld stel belang in ‘n persoon se beeld. Dit is reputasie. Ek ken julle deur en deur. By My kan julle maar die masker afhaal.

Sommige van julle kyk met totale bewondering na julleself. Ja, dink maar aan Narsissus, die beeldskone jong Griek, wat homself hartstogtelik liefgehad het. Al wat hy wou doen, was om hom te verlustig in sy beeldskone weerkaatsing. Hy was so betower met homself en het hom so oorgegee aan selfbewondering, dat hy weggekwyn en gesterf het. Selfbewondering is die doodsklok van jou siel. Om jouself te bewonder, is om geen begeerte te hê om te verander nie. As jy weier om te vernuwe, stagneer jy en jy sterf.

Sommige van julle kyk in groot verwarring na julleself; julle lewe in stormagtige onsekerheid. Ten spyte van kennis van die wetenskap, geskiedenis, filosofie en selfs teologie, is die lewe en julle eie persoon vir julle een groot vraagteken. Julle verstaan alles, behalwe julleself. Ja, in hierdie situasie is daar net een pad – die pad na My wat alle raaisels oplos. Ek maak van die verwarde Saulus 'n Paulus; uit die impulsiewe Simon maak Ek die rots Petrus. Ek is magtig om alles nuut te maak en elke raaisel op te los.

Sommige van julle weier om na julle self te kyk. Julle is bang vir wat julle moontlik kan sien. Op hierdie pad lê slegs wanhoop, want dit is die pad van 'n minderwaardigheidskompleks. Dit is net so vernietigend as selfoorskatting. Nugtere en eerlike selfondersoek is belangrik. Kyk maar na jouself en ondervind die bevryding van selfontdekking. Julle moenie net na julleself kyk nie; dit lei tot selfbejammering; tot ontvlugting. Kom by My, julle Vader, uit met jouself. Ek is in staat om jou te vernuwe tot wat Ek bedoel het dat jy moet wees. Ja, kom na My toe en Ek sal jou bring tot 'n nugtere en nederige selfontdekking, sodat jy die talente wat Ek jou gegee het, tot My eer kan gebruik.

Amen.

## *Openbaring 53*

### DROS VANAF MY ROEPING

*9 Desember 2007 om 21h35*

Die woord "sabotasie" kom van die Franse woord "sabot" – 'n houtskoen wat die fabriekswerkers in die masjinerie gedruk het om dit te breek wanneer hulle die dag nie wou werk nie. Ja, die duiwel het ook sy eiesoortige sabotasie wat hy in die lewe van My kinders pleeg. Hy slaan niemand oor nie. Selfs die kragtige profeet Elia word deur die duiwel gedrywe tot op die punt waar hy staak. Die duiwel het die houtskoen van moedeloosheid, wanhoop, vrees en afmatting gebruik en die geloofsheld van Karmel word die moedverlorene op die vlakte onder die besembos.

Ja, hy dros en weier om verder te gaan op die pad van sy roeping. Karmel het hom uitgeput. Jesebel se dreigemente maak hom bang. "Dit is nou genoeg!" sê hy vir My (sy werkgewer). En terwyl hy hom voor My ontlaai, kom daar weer rus en vrede in sy gemoed. Dit is noodsaaklik dat julle in julle lewe herhaaldelike ontmoetings met My in die stilte moet hê.

Kyk, Ek versterk Elia in sy roeping. "Staan op en eet, anders is die pad vir jou te lank." Jy kan nie net gee nie; jy moet ook geestelik gevoed word deur gebed, Bybelstudie, aanbidding en oordenking. Dan ontvang Elia 'n nuwe openbaring van My: Nie in 'n sterk wind, 'n aardbewing of vuur nie, nee maar wel in die gesuis van 'n sagte stilte. In jou arbeid in die polsende lewe vergeet jy dikwels om My in die stilte te ontmoet, sodat Ek jou roeping opnuut duidelik kan omlyn.

Toe verskyn Ek aan Elia by Horeb, die plek van sy mislukking en diensverlating en vra aan hom: "Wat maak jy hier, Elia? Is jy op die plek waar Ek jou wil hê; waar Ek jou kan gebruik tot My eer; waar Ek met jou kan praat; waar Ek jou lewe en roeping tot vervulling kan bring?"

Na hierdie heilryke ontmoeting met My ontvang Elia 'n nuwe opdrag. Die insinking is verby. Kyk, Ek van stilte het jou krag gegee vir die ylende en gejaagde lewe. Gaan terug na jou arbeidsveld, Elia! Gaan salf vir My konings; gaan bemoedig My mense; gaan oorwin jou vrees in die strydperk. Kyk, daar is seweduisend wat op jou wag om versterk te word vir hulle stryd in My Naam! "En Ek het daarvandaan weggegaan ..." Weg van die plek van sy skande. Elisa moet aangewys word as sy opvolger en geleer

word. Die staking is verby. Sy opstand teen My was ‘n erkenning van sy onvermoë om in eie krag voort te gaan. In die krag wat Ek hom gegee het, sal hy nou sy taak gaan verrig met nuwe vuur en ywer. Nou is Jesebel en Satan nie meer faktore wat hom laat struikel nie. Hy is sterk in sy nuutgevonde geloof.

Ja, julle moet tyd maak om in stilte by My uit te kom, voordat jy onder die besembos op moedverloor se vlakte beland. Ja, hoor My geroep na jou, Ek hou jou vas in die oomblikke van jou swakheid en afgematheid, Ek bewaar jou van onwaardige optrede in My diens. Glo in My, dat ek tot alles in staat is.

Amen.

## *Openbaring 54*

### BEGINNERS EN AANHOUERS.

10 Desember 2007 om 11h30

Om goed te begin is goed, maar nie genoeg nie. Julle moet kan volhard tot aan die einde toe. Kyk oor die lewe van Joas kan die woorde “’n treurige mislukking” geskrywe word en dit ten spyte van die mooi getuigskrif wat aanvanklik van hom gegee word.

Ja, Joas het ‘n mooi begin gemaak. Hy het gedoen wat reg was in die oë van My. Hy was opreg en toegewyd en het positiewe leiding aan sy volk gegee. Sy ondernemingsgees en ywer was suiwer ter wille van die eer van My.

Maar toe het daar in sy lewe ‘n sondige afdwaling gekom. Hy het na die vleitaal van slegte vriende geluister en spoedig begin afdwaal. Ja, hy het die heilige dinge in sy lewe afgesweer en uiteindelik ‘n moordenaar geword.

So neem die sonde sy vernietigende gang in jou lewe. As dit eenmaal toegelaat word, word die sonde steeds sterker en die gewete al swakker. Jou erns, eerbied, reinheid, en sedelikheid word oorboord gegooi. Jy kan nie vuur in jou skoot dra sonder om jouself te verbrand nie.

En so het dit met Joas gegaan op die steil pad van die bose. Hy wat bestem was vir groot dinge vir sy volk en sy Vader, kon nie volhou met die goeie begin wat hy gemaak het nie. Noodwendig loop dit uit op ‘n droewige uiteinde. Toe die dag van afrekening kom, soos dit onkeerbaar kom, was Joas alleen in sy nood. Daar is geen eensaamheid groter as die eensaamheid van die kerker waarin die sonde jou gevange hou nie. Tot oormaat van ramp, het Joas se eie mense hom doodgemaak. Hulle het alle respek en agting vir hom verloor. Die sonde bind jou nie alleen nie, maar verwoes ook. Selfs na Joas se dood het die skande hom gevolg, want hy is nie in die graf van die konings begrawe nie, maar in ‘n graf van oneer.

Ja, op My weg moet julle nie alleen goed begin nie, maar ook volhard. Dan sal julle nie soos Demas die teenswoordige wêreld liefkry nie, maar soos Paulus die stryd tot die einde vol stry en die kroon uit die hand van My ontvang.

Ek gun jou ‘n nuwe begin in jou lewe, Ek sal jou ook help om dit aan te gryp, maar ook om tot die einde te volhard sodat jy uit My Heilige Mond die ewige “mooi so!” sal verneem.

Amen.

## *Openbaring 55*

### WAT LAAT MY GLIMLAG.

*10 Desember 2007 om 12h05*

Dit is jou lewensdoel om My te laat glimlag.

Omdat dit jou eerste lewenstaak is om My te behaag, is dit jou belangrikste taak om vas te stel hoe. Die Bybel sê: "Vra jou gedurig af of iets vir My aanneemlik is,..." Gelukkig gee die Bybel jou 'n baie duidelike voorbeeld van 'n lewe wat My behaag. Die man se naam was Noag.

In Noag se tyd het die hele wêreld moreel korrup geword. Almal het vir sy eie plesier geleef, en nie om My te behaag nie. Ek kon op aarde niemand kry wat My wou behaag nie, dus was Ek gegrief, en was Ek jammer dat Ek die mens geskep het. Ek was so teleurgesteld met mense dat Ek hulle wou uitwis. Een man het My egter laat glimlag. Die Bybel sê: "Maar Noag is deur My begenadig."

Ja, Ek het gesê: "Die man behaag My. Hy laat My glimlag. Ek gaan met sy gesin weer van voor af begin."

Kyk, Ek glimlag wanneer julle My volledig liefhet. Noag het My meer as enigiets in sy lewe liefgehad, selfs al het niemand anders nie! Noag was 'n regverdige man. Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het naby My geleef. Dit wil Ek die graagste van jou hê: 'n Verhouding! Dis die verstommende waarheid in die heelal – dat julle Skepper en hemelse Vader 'n band met julle wil hê. Ja, Ek het jou gemaak sodat Ek jou kan liefhê, en Ek wil baie graag hê jy moet My terug liefhê. Ek sê: "... want Ek verwag liefde eerder as offers, toewyding aan My eerder as brandoffers." Kan jy My passie vir jou in die vers aanvoel? Ek het jou baie lief en soek jou liefde in ruil daarvoor. Ek wil hê jy moet My ken en tyd met My deurbring. Dit is waarom dit jou grootste doelwit in die lewe moet wees om te leer hoe om My lief te hê, en deur My liefgehê te word.

Die Bybel sê: "Omdat Noag geglo het, het hy My eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Sy geloof ... het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur geloof kom." Volle vertroue in My beteken dat jy vertrou dat Ek weet wat die beste in jou lewe is. Vertroue is gelyk aan aanbidding. Net soos ouers tevrede is wanneer hul kinders hul liefde en wysheid vertrou, maak jou geloof My gelukkig. Die Bybel sê: "As jy nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat Ek wil."

Ek glimlag wanneer julle My heelhartig gehoorsaam. Ek is jou geen verklaring of rede verskuldig vir enigiets wat Ek jou vra om te doen nie. Begrip kan wag, maar nie gehoorsaamheid nie. Oombliklike gehoorsaamheid gaan jou meer oor My leer as 'n hele leeftyd van Bybelstudie. Jy sal sommige bevele trouens nooit verstaan as jy hulle nie eers gehoorsaam nie. Gehoorsaamheid sluit begrip oop. Julle probeer My dikwels gedeeltelike gehoorsaamheid bied. Julle wil kies watter bevele julle gaan gehoorsaam. Die wat na jou mening onredelik, moeilik, duur of ongewild is, ignoreer julle dan. Heelhartige gehoorsaamheid geskied met vreugde en geesdrif. Die Bybel sê: "Dien die Vader met blydskap!" Dit is Dawid se houding: "Vader, leer my om U voorskrifte uit te voer, sodat ek my tot die einde toe daaraan kan hou." Jakobus sê: "Julle sien dus dat julle vrygespreek word op grond van jou dade en nie net op grond van jou geloof nie." Dit kom net uit genade, nie jou pogings nie. As 'n kind van My kan jy My egter deur gehoorsaamheid behaag. Enige gehoorsaamheid is ook aanbidding. Kyk, Ek het gesê: "As julle My liefhet, sal julle My opdragte uitvoer."

Ek glimlag wanneer julle My gedurig prys en dank. Min dinge is so lekker as om van iemand anders hartlike lof en waardering te ontvang. Ek is gaande daaroor. Ek glimlag wanneer julle, julle aanbidding van en dankbaarheid teenoor My uitspreek. Ja, Noag se lewe het My behaag, omdat hy met 'n hart vol dank en danksegging geleef het. Danksy My offer hoef julle nie meer diere te offer nie. Pleks daarvan moet julle die "offer van lof" aan My bring, en My "loof met 'n dankoffer." Julle prys My vir wie Ek is, en julle dank My vir wat Ek gedoen het. Kyk, 'n wonderlike ding sal met julle gebeur wanneer julle My prys en dank. Wanneer julle My behaag, raak julle eie hart vol van vreugde! Aanbidding sny ook twee kante toe. Julle geniet wat Ek vir julle gedoen het, en wanneer julle dit vir My sê, behaag dit My – maar dit maak julle ook gelukkiger.

Ek glimlag wanneer julle, julle vermoëns gebruik. Dis hoog tyd om jul lewens weer aan die gang te kry! Doen die dinge waarvoor Ek jou geskape het. Wees mense! Dit is wat Ek julle gemaak het om te wees! Jy reken miskien Ek het net in jou behae wanneer jy "geestelike" dinge doen – Bybel lees, kerk bywoon,

bid of jou geloof met iemand deel. Jy dink miskien Ek traak My min aan die ander dele van jou lewe. Ek kyk egter graag na elke besonderheid van jou lewe, of jy werk, speel, rus of eet. Ek kyk geen enkele ding wat jy doen, mis nie. Die Bybels sê: "Ek, die Vader, bepaal die koers van die mens met wie se pad Ek tevrede is, en Ek ondersteun hom".

Elke menslike bedrywigheid (behalwe sonde) kan My behaag as jy dit met 'n houding van lof uitvoer. Soos 'n trotse ouer kyk Ek veral graag hoe jy die talente en vermoëns wat Ek jou gegee het, gebruik. Ek het elkeen doelbewus verskillende gawes gegee sodat Ek dit kan geniet. Jy eer My nie en behaag My nie deur jou vermoëns te ontken of iemand anders te probeer wees nie. Jy gee My net plesier deur jouself te wees. Elke genieting word 'n aanbiddingsdaad wanneer jy My daarvoor bedank.

Ek kyk na die houding in jou hart: Is dit jou diepste begeerte om My te behaag? Wanneer jy in die lig van die ewigheid leef, verander jou klem van "Hoeveel plesier put jy uit die lewe?" na "Hoeveel plesier put Ek uit jou lewe?"

Ek soek mense soos Noag – mense wat bereid is om te lewe om My te behaag. Gaan dit jou lewensdoel wees om My te behaag? Ek sal enigiets doen vir iemand wat net die doel voor oë het.

Amen.

## *Openbaring 56*

### UITVALLERS.

*10 Desember 2007 om 20h00*

Lees vandag: Openbaring 2:1-7

Soos in die tyd van Paulus, is daar vandag ook van julle wat "uitval". Julle val uit die skool uit; uit die kerk uit; uit die wetsgehoorsame samelewing uit.

Julle val nie alleen uit nie, julle val ook weer in! Kyk Demas verlaat Paulus om in te val by die teenswoordige wêreld. Julle kan nie in 'n lugleegte leef nie: As jy iets uit jou lewe laat wegval, kom daar noodwendig iets in die plek daarvan. Kyk, hy wat die skool vroeg verlaat, val in die strik van onkunde, armoede en werkloosheid. Hy wat uit die kerklike lewe uitval, val weer in by 'n betekenislose lewe. Hy wat uitval uit die wetsgehoorsame gemeenskap, beland in die hof en die tronk. Nee, jy val nie meer net gerieflik uit nie – dit laat die duiwel jou nooit toe nie. Hy eis jou op vir sy saak.

As jy uitval, verloor jy ook perspektief op die lewe. Ja, Demas staar hom blind teen die flikkerligte en klatergoud van hierdie wêreld. Blywende waardes het skielik vir hom min aantrekkingskrag. Hy leef vir die oomblik en gee geen aandag aan die ewige dinge nie. Die man wat uitval uit een groep, val altyd by 'n ander groep in. Jy word deel van 'n ander groep met ander doelstellings. Dit is iets wat julle goed moet oorweeg: Hoe sal die mense lyk met wie Ek weer betrokke raak? Die wat uitval, doen dit altyd tot jou nadeel. Kyk, julle word geroep tot 'n vol, ryk en oorvloedige lewe in My. As julle van My af wegbreek, is daar net geestelike armoede en dood. Demas se geskiedenis is een van geestelike verval.

Miskien het jy nie die koste bereken nie; miskien het jy maar net eenvoudig moeg geword om vir My te werk. Daar is geen groter bedreiging as dat jou ideale met die jare sterf nie. Maar jou grootste fout was dat jy die wêreld meer liefgehad het as vir My, julle hemelse Vader. Dit is 'n fatale fout.

Kyk, Ek hou jou vas, sodat jy nie van My losraak nie. Ek laat jou soos die loot in die wingerdstok bly, want sonder My kan jy niks doen nie.

Amen.

## *Openbaring 57*

### MOENIE OOR ANDER OORDEEL NIE.

*10 Desember 2007 om 21h35*

Sonder liefde is geen gesonde verhouding in die lewe moontlik nie. Veral nie waar daar vermaning en beoordeling moet wees nie. Indien julle sonder liefde vir ander meet, sal julle sonder liefde gemeet word.

Jy mag nie oordeel nie, omdat jy nie oor al die feite beskik nie. Om alles te weet, is om alles te verstaan. Wat weet julle van die ander mens se versoekings; van sy lewensomstandighede, sy agtergrond en herkoms? Net so min as wat julle wil hê dat ander julle moet oordeel op gebrekkige feite en getuienis, net so min moet julle ander oordeel, omdat julle nie oor al die feite beskik nie. Julle mag nie oordeel nie, want geen mens kan onpartydig en onbevooroordeeld in jou oordeel wees nie. Julle oordeel word meesal beïnvloed deur julle instinkte en julle reaksie op iemand se dade. Alleen Ek, julle Vader, is volkome onpartydig en onbevooroordeeld en daarom het alleen Ek die reg om te oordeel.

Julle mag nie oordeel nie, want geen mens is goed genoeg om oor ‘n ander te oordeel nie. Julle soek die splinter in die oog van ‘n ander en vergeet die balk in jou eie oog. Alleen ‘n foutlose mens het die reg om te oordeel – en geeneen is foutloos nie, behalwe Ek. Veel beter is dit om vir mekaar te bid. Daar is soveel in jou eie lewe wat jy moet regmaak, dat julle eintlik nie tyd het om ander se lewens reg te maak nie. Laat julle daarom biddend konsentreer op julle eie foute en in liefde die foute wat ander maak aan My oorlaat om te beoordeel.

Julle mag nie oordeel nie, omdat julle dan onder dieselfde oordeel val. As jy met die maat van haat meet, sal vir jou die maat van haat gemeet word. As jy met die maat van liefde meet, sal weer vir jou met die maat van die liefde gemeet word. Dikwels is dit waar ja, dat julle wat die hardste oordeel, mense is wat juis dieselfde fout in julle eie lewe maak. Ek bewaar jou met Geregtigheid om ligtelik oor jou medemens ‘n oordeel uit te spreek.

Laat die liefde jou maatstaf wees in jou beoordeling van ander. In die Naam van My julle Meester en liefdevolle Vader in die hemel.

Amen.

## *Openbaring 58*

### MOED, GETROUHEID EN BLYDSKAP.

### FORTITER, FIDELITER, FELICITER

*10 Desember 2007 om 23h08*

As die lewe jou neerdruk en dinge vir jou moeilik is, hou moed! Hou moed in die swartste nag, want wanneer die nag op sy donkerste is, is die dagbreek naby. Hou moed in die stryd van die lewe, want alleen julle wat volhard tot die einde toe, sal die oorwinning smaak. Hou moed as droefheid jou deel is, want daar is Iemand wat weet en wat verstaan. Hou moed wanneer jy stry om jou daaglikse bestaan, want Ek, julle Vader, het immers self gesê: “My genade is vir jou genoeg.”

“Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.” Al word die eentonige gegons van die daaglikse roetine en sleurwerk van die lewe vir jou te veel, wees getrou! Wees getrou in die groot dinge van die lewe, maar wees ook getrou tot in die kleinste toe. Wees getrou wanneer mense jou dophou, maar wees ook getrou wanneer niemand jou sien nie. Onthou: Ek sien alles en altyd!

“Wees altyd bly in My, julle Vader!” Verbly jou in tye van voorspoed, maar ook in tye van teëspoed; in die geselskap van vriende, maar ook in die teenwoordigheid van vyande. Of die hemel oortrek is met onheilspellende onweerswolke en of die stralende sonskyn jou koester – wees altyddeur bly! Met ‘n lied in jou hart kry die lewe jou nooit onder nie.

Kyk, Ek versterk jou deur My Gees om onder alle omstandighede moed te hou; om getrou te wees tot Ek kom en om ‘n blymoedige Christen te wees.

Amen.

## *Openbaring 59*

### GEMAAK OM VIR EWIG TE HOU.

*11 Desember 2007 om 10h30*

Hierdie lewe is nie al wat daar is nie. Die lewe op aarde is maar net die kleedrepetisie vir die werklike opvoering. Jy gaan veel meer tyd aan die ander kant van die dood – in die ewigheid – deurbring as hier. Die aarde is ‘n wagkamer, die oefenlopie vir jou lewe in die ewigheid. Hierdie lewe is ‘n voorbereiding op die volgende.

Ja, jy gaan hoogstens 100 jaar op aarde leef, maar daarna vir ewig. Jou tyd op aarde is net ‘n klein parentese in die ewigheid. Jy is gemaak om vir ewig te hou. Die Skrif sê: “Ek het jou ‘n besef gegee van die onbepaalde tyd.” Jy het ‘n ingebore instink wat na onsterflikheid verlang. Dit is omdat Ek jou na My beeld geskep het om vir ewig te lewe.

Eendag gaan jou hart ophou klop. Dit gaan die einde van jou liggaam en jou tyd op aarde wees, maar nie die einde van jou nie. Jou aardse liggaam is maar net ‘n tydelike huis vir jou gees. Die Skrif noem jou aardse liggaam ‘n “tent”, maar noem jou toekomstige liggaam ‘n “woning”. Die lewe op aarde bied baie keuses, maar die ewigheid bied net twee: Die hemel of die hel. Jou verhouding met My op aarde gaan jou verhouding met My in die ewigheid bepaal. Wanneer jy werklik besef dat die lewe meer as net die hier en nou behels, en jy besef dat die lewe bloot ‘n voorbereiding op die ewigheid is, sal jy anders begin lewe. Jy sal begin om in die lig van die ewigheid te leef, en dit gaan bepaal hoe jy elke verhouding, taak en omstandigheid aanpak. Hoe nader jy aan My leef, hoe kleiner lyk alle ander dinge.

Wanneer jy in die lig van die ewigheid leef, verander jou waardes. Wat eers vir jou ‘n bate was, beskou jy nou as waardeloos ter wille van My. Die dood beëindig jou nie, maar dit is jou oorgang na die ewigheid, dus is daar ewige gevolge van alles wat jy op aarde doen. Elke daad in julle lewens roer ‘n snaar aan wat in die ewigheid sal bly tril. Die lewe bestaan uit veel meer as die hier en nou! Vandag is maar die sigbare oortjies van die seekoei, die ewigheid is die res wat jy nie onder die oppervlak raaksien nie.

Ja, julle vra, hoe gaan die ewigheid met My daar uitsien? Eerlik gesê, kan julle verstand nie die wonder en grootsheid van die hemel kleinkry nie. Die woorde bestaan nie om die ervaring van die ewigheid oor te dra nie. Kyk, die Skrif sê: “....wat in jou hart nie opgekom het nie, dit het Ek gereed gemaak vir die wat My liefhet.” Julle sal ongebroke gemeenskap met My geniet, en Ek sal vir die onbeperkte en eindelose ewigheid behae in julle hê. Op `n dag sal Ek sê: “Kom, julle wat deur My, julle hemelse Vader geseën is! Die koninkryk is van die begin van die wêreld af vir julle voorberei.”

Ja, Ek het `n doel met jou lewe op aarde, maar dit eindig nie hier nie. My plan behels veel meer as die klompie dekades wat hy op hierdie planeet gaan deurbring. Dis meer as die “kans van `n leeftyd”; Ek bied jou `n geleentheid buite jou leeftyd. As jy met My `n verhouding het, hoef jy die dood nie te vrees nie. Dit is die deur na die ewigheid. Dit sal die laaste uur van jou lewe hier op aarde wees, maar nie die laaste sien van jou nie. Eerder as die einde van jou lewe, is dit jou geboortedag in die ewige lewe. Die skrif sê: “....want julle het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie, julle is op soek na die toekomstige. “

Aan die ewigheid gemeet, is julle tydjie op aarde maar `n oogwink, maar die gevolge daarvan sal vir ewig lewe. Dit behoort elke dag julle taak te wees om julle op die laaste dag voor te berei. Jy is geskep om vir My vir ewig te hou. Ja, julle is vir die onsterflikheid gemaak.

Wees lief vir My.

Amen.

## *Openbaring 60*

### NIE EIE PRESTASIE NIE.

*11 Desember 2007 om 13h45*

"Ek het julle verlos, nie op grond van iets wat julle vir julle vryspraak gedoen het nie, maar op grond van My eie ontferming."

In Romeine 3:21-22 staan geskrywe: "Maar nou het die vryspraak deur My ... in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in My te glo. Ek gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo."

In My leerskool moet julle eers afdaal in die vallei van smart voordat julle die bergpiek van geestelike oorwinning kan bereik. Julle moet eers sat word van 'n lewe op julle eie, voordat julle die gemeenskap met My sal soek en vind. Julle moet eers aan die einde van julle vermoëns kom, voordat julle die waarde van die lewe in My kan begryp. Die trane oor julle eie onvermoë is trane wat deur My raakgesien word....

Kyk, die gelukkigste dag van jou lewe was die dag toe jy besef het dat jou eie vermoëns, jou eie sedelikheid, jou eie goeie werke, in die oë van My hopeloos ontoereikend is, en jy openlik moes erken hoe nodig jy My het. Jy oordryf nie as jy sê dat jou droefheid van toe af in vreugde verander het, en jou bedruktheid in blydskap nie.

Kom na My, en Ek sal julle help uit die vallei van smart. Omdat Ek lief is vir julle, so moet julle ook lief wees vir My.

Amen.

## *Openbaring 61*

### SELFBEHEERSING IS SO NODIG.

*11 Desember 2007 om 14h10*

Kyk, 'n geleerde het beweer dat geen grootse lewe bereik kan word anders as langs die weg van selfbeheersing nie.

Baie van julle meen selfbeheersing beteken dat julle nie julle humeur moet verloor nie. Selfbeheersing is die gawe waardeur die geestelike en ook jou ewewig bewaar, sodat julle nie deur julle eie hartstogte oormeester, of deur invloede van buite uit balans geskok word nie. Dit is dus geestelike ewewigtigheid.

As julle sonder selfbeheersing is, is julle sonder verdediging. Elke mag van buite kan hom onderwerp en elke mag van binne kan chaos veroorsaak. Ja, so is julle die speelbal van julle emosies of van invloede. Julle word heen en weer geslinger deur onredelikheid, woede en selfs liefde – en is dikwels beïnvloedbaar deur die "massagees". Jy mag saam met die stroom drywe en gewild wees, maar jy is nooit werklik "groot" nie. Op jou uitsprake kan niemand vertrou nie en op jou raad kan niemand reken nie.

As die wêreld vandag iets nodig het, is dit om in julle besondere tyd, die gawe van selfbeheersing te vind. 'n "Gawe"? Ja, die Skrif leer dat selfbeheersing 'n gawe van Bo is; 'n selfbeheerste mens is iemand wat beheers word deur die Gees van My, julle Vader! En dit is juis in hierdie besondere "beheersing" dat julle ewewig behou.

Amen.

## *Openbaring 62*

### MOEDHOU

*11 Desember 2007 om 20h10*

Wat is Christelike moed? Julle is geneig om moed te verwar met vreesloosheid of roekeloosheid. Moed is nie die afwesigheid van vrees nie; moed is die oorwinning van vrees.

Moed is om te doen wat gedoen moet word met die diep innerlike oortuiging dat, as jy jou plig doen, jy vir die res op My kan vertrou.

Moed is om onverskrokke te soek na die waarheid en wanneer jy dit ontdek het, dit na te volg sonder bekommernis oor die gevolge.

Moed is om onder alle omstandighede onkreukbaar eerlik en regverdig te wees.

Moed is die vermoë om, wanneer omstandighede dit vereis, nee te kan sê.

Moed is om met jou moeilikhede en probleme te worstel tot die oorwinning toe, in plaas van om in selfbejammering te beswyk.

Moed is om 'n eerlike tugmeester oor jouself te wees en selfdissipline te beoefen oor jou intellek, jou liggaam en jou gees.

Moed is om nooit agter jou gebreke of tekortkominge te skuil, of om hulle as 'n verskoning te gebruik om jou naasbeste te lewer nie.

Moed is om jou Christelike getuienis vreesloos te lewer, of dit tot jou voordeel of jou nadeel is.

Kyk, Ek sal jou lei tot die oorwinning en Ek sal jou daagliks moed gee in die stryd.

Amen.

# Tot hier op net

## *Openbaring 63*

### GOEIE BEDOELINGS.

*12 Desember 2007 om 02h20*

Indien al die goeie bedoelings wat julle het, ten uitvoer gebring moes word, sou julle 'n wonderlike wêreld bewoon het. Ongelukkig het woorde geen krag as hulle nie in dade tot uitdrukking kom nie. Goeie bedoelings word gewoonlik nie uitgevoer nie en die goed wat bereik kon gewees het, bly ongedaan.

In die geestelike lewe is die mislukking van goeie bedoelings waarneembaar in baie van julle se lewens. Julle sal in die ewigheid eers weet hoeveel bedoel het om My een of ander tyd te volg. Julle bewonder, respekteer en is selfs lief vir My, maar julle weerhou julle volle oorgawe aan My. Intussen bly alles by goeie bedoelings en dit is slegs 'n salfie vir julle gewete.

Nadelige en uiteindelik vernietigende gewoontes val nie kragdadig jou karakter binne nie. Indien hulle dit sou doen, sou hulle onmiddellik verwerp word. Hulle begin met 'n geringe en skadelose gebaar wat aangename resultate lewer. Ja, soos wat die plesier toeneem, mag julle dink dat julle in beheer is, totdat julle skielik besef dat dit vir julle onmoontlik is om in eie krag die versoeking te weerstaan.

Indien jy opreg bedoel om 'n positiewe en sinvolle gebedslewe te kweek, sal jy reeds te doen gehad het met gedagtes wat dwaal; as jy 'n tyd bepaal het om alleen met My, jou hemelse Vader te wees. Dan begin jy bid net om te ontdek, dat in plaas daarvan dat jou gedagtes op My gefokus is, hulle op hol gaan en jy aan die mees irrelevante dinge begin dink, soms selfs onheilige gedagtes.

Indien jy opreg bedoel en dit jou begeerte is om 'n volgeling van My te wees, moet jy gereed wees om opofferings te maak. Gewoontes of 'n lewenswyse wat strydig is met My wil, sal afgelê moet word. As die geselskap wat jy opsoek twyfelagtig is, sal jy dit moet vermy, tensy die betrokke persone gewillig is om jou toewyding aan My te aanvaar.

Kyk, as jy goeie bedoelings het, en dit alleen opreg bedoel. Ontvang dan. Ontvang My in jou lewe as jou Verlosser. Ontvang My vergifnis vir jou sondes. Ontvang My Gees, wat jou die krag sal gee om jou lewensdoel te vervul.

Amen.

## *Openbaring 64*

### WAAR DAAR NOOD IS.

*12 Desember 2007 om 11h20*

Kyk, Ek wys julle daarop dat alle nood in die wêreld ook My nood is, elke honger suigeling, elke mens in pyn, Ek het al julle nood geken. Ek was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het. Jy wat voorsien in die diepste nood van 'n medemens, is besig om My te dien.

Om My te vind, hoef jy nie buite die grense van jou alledaagse lewe te beweeg nie. Dit is daar waar jy mense in nood ontmoet en waar jy ruim geleentheid kry om na die voorbeeld van My te dien en nie om gedien te word nie. Om My te dien, is om sonskyn in enige donker lewe in te dra. Ek vra nie van julle groot en moeilike dade nie, maar eenvoudige dade van naastehulp. Sulke eenvoudige dinge soos 'n maaltyd vir 'n honger mens; 'n welkomswoord aan 'n vreemdeling; klere vir 'n arme; medisyne vir 'n sieke. En dit sonder 'n sedepreek daarby – selfs wanneer dit 'n besoek aan 'n gevangene is.

Julle moet nie voorwaardes stel aan julle liefdesdiens nie. Julle moenie so begaan wees oor wie dit is aan wie julle goed doen nie. Al wat saak maak, is die liefde in die hart wat julle dring. Dit hang ook nie daarvan af of dit raakgesien of beloon word nie: Liefdesdiens in My Naam het geen prysetiket nie.

Ek sal jou help om liefdadigheid te bewys soos Ek dit verwag, Ek stel jou daartoe in staat deur My Heilige Gees.

Amen.

## *Openbaring 65*

**NIEMAND ROEM IN SY EIE KRAG NIE.**

*12 Desember 2007 om 20h45*

Onthou julle daardie geskiedenis toe die Fariseërs en die Sadduseërs en Skrifgeleerdes ‘n vrou na My gebring het om My te versoek, en vir My gesê het: “Hierdie vrou het ons op heterdaad betrap. Die Wet van Moses sê: Stenig haar! Wat sê U?” En hoedat Ek neergebuk en met My vinger in die sand geskrywe het, en vir hulle gesê het: “Die van julle wat sonder sonde is, neem die eerste klip en gooi dit op haar.” Een vir een het hulle stilletjies verdwyn. Almal was skuldig.

Liewe vriende, Ek wil dat julle uit die Skrifte dit verstaan: Niemand mag in sy eie krag roem nie. As dit nie vir die genade van My was nie, was julle almal in daardie bootjie. En julle wil niemand minag, julle wil niemand verkleineer en met modder gooi nie. Ek wil julle maar net help om die noodsaaklikheid van hierdie ding te verstaan. As dit nie vir die genade van My was nie, dan was dit jy, en as dit dan so is dat julle deur julle eie gewete gedwing word om te erken dit is maar die genade van My, dan vra Ek jou met dieselfde erns: Staan daar dan nie geskrywe: “Jy mag My nie versoek nie”? Waarom terg julle My dan en waarom is julle besig om op die waters te vaar waar die krokodille julle kan insluk en julle lewens wil verwoes? Waarom speel julle met die genade van My? Waarom drywe julle weg van die waarheid en vind julle skuiling in die nag? Kyk, Ek roep julle dat julle, julle verstand gebruik, dan sal Ek tot julle kom met ‘n waarskuwing wat tydig is, sodat julle noual sê: “O Vader, ek het gesondig, maar deur U genade is dit iets van die verlede.” As jy dit voor My bely, dan werp Ek dit in die diepste diepte van die see. Ek sal daar nooit meer aan dink nie. Ek sal julle sondes vergewe en julle in My heerlikheid opneem. Ek vergewe menigvuldiglik.

As julle wil weet wat sonde is, dan moet julle weet wat sonde is uit die Skrif, die Woord van My, julle Vader, omdat dit die Boek is wat Ek vir julle gegee het. Dit is die lig vir julle pad en die lamp vir julle voet sodat julle, as julle in die Skrifte wandel, julle in die heerlikheid en liefde van My mag lewe, sodat die wêreld daarbuite sal sien dat julle My liefhet omdat Ek julle eerste liefgehad het. Die Bybel sê die Woord van My is ‘n beoordelaar van die gedagtes van die hart. Almal en alles moet aan die Skrif getoets word. Nie die gewete nie, maar die Bybel is die maatstaf. Julle gewete mag swak wees of dwaal – die Bybel egter nooit. Nie julle gevoel nie, want die is bedrieglik bo alle dinge. Nie julle verstand nie, want die is aangetas deur die sonde, maar alleen uit die Woord sal julle, julle pad suiwer hou.

As julle dan wil weet wat sonde is, dan moet julle vra: Wat sê die Bybel? Julle noem die woordjie “adika”, dit beteken eiegeregtigheid, ‘n mens wat sy eie baas wil wees. Wat het jy met my te doen? Waarom meng jy in my lewe? Jy wat so redeneer, jy leef in sonde. Kyk, dit is ‘n persoonlike Vader wat julle aanbid, dit is ‘n persoonlike boek, die Bybel, en elke boodskap wat in die Bybel gegrond is, is ‘n persoonlike boodskap. As die boodskap nie vir jou raak en nie vir jou bedoel is nie, dan is dit nie ‘n boodskap van My nie. Ek, julle Vader, wil in alle erns ‘n beroep op jou doen om te verstaan dat iemand wat sy eie baas is en wat sê: “Wat het hy met my te doen? Soos jy dink, so is dit reg, want jy is jou eie baas,” dat so iemand nog nie aan My behoort nie – jy is jou eie god.

Baie van julle is blind vir My, blind vir die Woord, en blind vir die Waarheid, en dis maar net die definitiewe bewys dat jy nie aan My behoort nie. Is jy jou eie baas, of is Ek jou baas? Is Ek jou eienaar? Sal jy luister na jouself, of sal jy jou neerbuig voor My en voor die roepstem van My? Dan is Ek jou Koning; dan is jy op die regte pad. Luister dan, en jy sal lewe. Daar is ‘n ander woord naamlik “anomia”; jou eie wette maak, jou eie opinie hê. Jou opinie is nou so en omdat jou opinie so is, daarom is jou opinie reg. Jy is altyd reg. O, die wysheid van die mens! Kyk, in Spreuke staan geskrywe: “Die weg van die mens is reg is sy eie oë, maar Ek toets die harte.” Die vraag is nie wat jou opinie of idee is nie. Nee dit is die duiwel se weg. Maar die vraag is: Wat wil Ek hê moet jy doen, en wat sê Ek is reg en wat is verkeerd? En as jy anders lewe, dan lewe jy gans en al in sonde, sonder hoop en sonder My.

‘n Ander woord is “parakôe”, ongehoorsaamheid. Ek leer, en julle luister, maar doen nie. Ongehoorsaamheid is sonde. Die laaste woord is “hamartia”, dit is: Jy mis die merk van My. Is dit waar van jou lewe? Ek het aan jou sekere riglyne gegee waarvolgens jy moet lewe. Dis die riglyne in die Bybel

waarvolgens jy jou eie lewe moet toets. Onthou daar word nie ‘n lys van sondes in die Bybel opgenoem nie. Die Bybel is geen resepteboek nie. Alle moderne sondes kan egter so uitgewys word.

Is sonde ‘n las op jou skouers om My te dien? Laat julle dan elke las aflê wat julle so maklik omring. Laat julle hardloop met ywer om die prys te kry, die ewige kroon, die ewigheid by My in die hemel. Is dit ‘n ding wat jou laat struikel en jou gedagtes besoedel, of is dit iets wat jou nader aan My bring, wat jou meer leer om nederig te word en beskeie te wees en ‘n biddende mens te word?

Ek roep julle met die uitdaging dat, as julle nie wil afsien van al julle besittings nie, julle die prys in die koninkryk van My nie beërwe nie. Ek is nie tevrede met vyftig-vyftig nie, maar honderd persent – alles vir alles. Is jy bereid om te breek met die wêreld? Is jy bereid om al die dinge te vervloek wat Ek vervloek? Is jy bereid om jou rug op die sonde te draai? Om albei jou hande uit te steek na My, sodat Ek vir jou die prys kan gee – die ewige beloning?

Ja, Ek julle Vader, weet dat almal van julle nie oortuig sal word nie, selfs al sou iemand uit die dode opstaan. Al sou iemand by jou spook. Want daar staan geskrywe: “As julle na Moses en die profete nie luister nie, sal julle nooit oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.” ‘n Spook is vir jou ook nie genoeg nie. Waarom nie? Jy is opgeskrywe vir die verderf. Gaan aan, dien die Satan, lewe vir die wêreld. Dien hom met jou liggaam en met jou besittings, want daar kom ‘n dag dat julle voor My sal moet verskyn.

Ek is ‘n liefdevolle Vader, maar Ek laat My nooit bespot nie. Laat julle dan onthou van alle dinge en breek met die Wêreld, want daar staan geskrywe: “Jy wat ‘n vriend van die wêreld is, is ‘n vyand van My.” Waarom rebelleer jy teen My en waarom speel jy met My liefde en My genade?

Op julle wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van hulle wat nie sterk is nie. Ek roep julle nie net om in selfsug aan jouself te dink nie, maar om die hand uit te steek na ‘n broeder en suster, na ‘n vreemdeling daarbuite. ‘n Helpende hand, sy swakhede dra, hom te beskerm.

Mag Ek jou van die vervloekte sonde bewaar! Bekeer jou tot My. Val op jou knieë, want Ek is barmhartig en vergewe menigvuldiglik. Vra My om jou verlede te was met My bloed.

Ek help jou daartoe. Julle liefdevolle Vader.

Amen.

## *Openbaring 66*

### KOM NA DIE MAALTYD.

*13 Desember 2007 om 09h45*

Ja, Ek het baie dade gedoen en baie gelykenisse vertel. Alles is egter nie opgeteken nie. Dit wat wel vir julle op skrif gestel is, het ook vir julle tyd sy waarde en boodskap. ‘n Sekere man het ‘n groot maaltyd gegee en baie uitgenooi. Die genooides het egter almal verskoning gevra, en daarom kon hulle nie kom nie. Toe die eienaar van die huis dit hoor, het kwaad geword en andere na sy maaltyd laat kom. Waarom dan sy toorn? Kon hy nie rede verstaan nie? Nee, maar hy kon hul verskonings sien – dit was maar slegs vyeblare. Hulle wou maar net nie kom nie.

Dit is dan die betekenis en boodskap van hierdie gelykenis. Net soos daardie eienaar berei Ek, julle Hemelse Vader, ook ‘n maaltyd, en ook so nooi Ek, deur middel van My knegte of gesante, vir jou na die maaltyd in die hemel, maar ook soos in die gelykenis wil baie nie kom nie; wil julle My nie as Koning hê nie, en het almal hul redes – die een is te jonk, die ander te swak, ‘n derde het verkeerde vriende, en so meer. Maar net so is julle ook vyeblare. Al jou verskonings is net vyeblare, jy wil maar net nie kom nie. Sal Ek dan by jou moet verbygaan en sal die waarskuwing ook van My waar word “Want Ek sê vir julle,

dat nie een van julle wat genooi is, My maaltyd smaak nie."? Vir jou wil Ek toeroep en sê: Kom na die maaltyd, alles is gereed. Moenie uitstel of verskoning maak nie, kom!

Is daar miskien iemand onder julle wat sê: "My sondes is te veel. Ek is 'n te groot sondaar om gered te kan word"? Luister wat My Woord sê: "Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê Ek, julle Vader: Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu, al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol." En op 'n ander plek lees julle: "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Ek in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie jy die vernaamste is." Ja, Ek het gekom om ook die grootste sondaar te red. Die bloed van die Lam reinig alle sondes en ongeregtighede.

Eendag sal jy ook kan getuig dat Ek het jou gewas in My bloed, jy is nou 'n nuwe skepsel. En jy kom net om te sê; "Baie, baie dankie; ek sal dit nooit vergeet nie." Ja, hier was blydskap in die hemele, want nog iemand het vertrou en na die maaltyd gekom. Ook vir jou sê Ek nou: Kom, want alles is gereed, kom na die maaltyd. Miskien is daar iemand onder julle wat sê: "Ek het nog te veel sonde; ek wil eers my lewe geniet; eers as ek oud is, sal ek tot bekering kom; ek wag maar vir die elfde uur. Almal het tog 'n elfde uur. Het die rower aan die kruis nie net voor sy dood tot bekering gekom nie?" Ja, My kind, dit is waar, elkeen het 'n elfde uur, maar onthou, niemand weet wanneer daardie elfde uur vir jou kom nie. Julle moet onthou: Daar was twee rowers aan die kruis, en net een het genade gevind. Vir die ander een was die elfde uur lankal verby. Watter waarborg het jy dat jy nie miskien in sy skoene sal wees nie? Nee, My kind, daar kom vir jou 'n uur wanneer die Heilige Gees nie meer sal pleit nie; wanneer daar van jou geskrywe word: "Efraim is gekoppel aan die afgode, laat hom staan!" En dan is dit vir ewig te laat. Nee, vlug weg, en luister nog na die uitnodiging, so dringend: "O, kom na die maaltyd!" Ek wil jou met nog groter erns vermaan: Beroem jou nie op die dag van môre nie, want jy weet nie wat die dag sal bring nie. Luister, Ek kom na die maaltyd!

Maar nou roem julle nog in grootpratery. Al sulke roem is verkeerd. Julle wat dan weet om goed te doen, en dit nie doen nie, vir jou is dit sonde. Die Bybel sê: "More kan jy dood wees ... waarom versuim jy? Waarom hink jy op twee gedagtes? Kom, kom na die maaltyd!

Mag Ek, jou Vader, jou 'n vraag vra – 'n persoonlike vraag? Maar voordat Ek die vraag stel, net dit: Glo jy dat Ek mense gebruik om ander mense te red? Wel, dit het gebeur toe Ek vir Petrus na Cornelius gestuur het, want so lees julle: "En hy het ons vertel hoe hy die engel in sy huis sien staan het en vir hom sê: "Stuur manne na Joppe en laat Simon haal wat ook Petrus genoem word; hy sal woorde tot jou spreek waardeur jy en jou hele gesin gered sal word." Dit wil sê, Cornelius en sy huis is gered deur die prediking van Petrus. Die Bybel is vol van sulke gevalle. Dus, as jy in die Bybel glo, dan moet jy glo dat Ek die een mens kan gebruik om die ander te red, en dus ook dat Ek jou kan gebruik.

Maar hier is die vraag: Veronderstel nou dit sou vandag jou laaste kans wees wat Ek jou aanbied om gered te word, sou jy van hierdie laaste kans gebruik maak? Net 'n dwaas sal sê nee. Julle sou almal daarna gryp.

My tweede vraag: Is daar iemand wat dit kan waarborg dat dit nie jou laaste kans is nie! Sal jy kan waarborg dat jy môre nog sal lewe? Nou as dit dan so is dat jy hierdie kans sou aangryp as dit jou laaste kans sou wees, en jy nie kan waarborg dat dit nie miskien jou laaste kans is nie, watter reg het jy om uit te stel en te wag tot môre? Jou verstand en die Woord sê: Moenie wag nie, kom nou, kom na die maaltyd. Kyk daar staan geskrywe: "Soek die Vader terwyl Ek nog te vinde is, roep My aan terwyl Ek naby is." My tyd van verlossing is nooit môre nie, maar altyd nou! Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie, want Ek is getrou wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie. Almal wat wil kom, ja kom na die maaltyd. Ek help jou daartoe.

Amen.

Tot hier op net

## *Openbaring 67*

### ‘N FORMULE VIR DIE LEWE.

*13 Desember 2007 om 22h00*

Sommige van julle bestaan slegs en leef nie werklik nie. Met die lewe bedoel Ek ‘n vol, ryk lewe wat nie ontbreek aan kwaliteit nie. Hiervoor is ‘n paar vereistes noodsaaklik:

Jy moet iets hê om van te lewe. Voedsel, kleding en ander materiële bates is noodsaaklik vir jou fisieke bestaan. Maar die dinge moet nooit verhef word tot die hoogste goed nie. Dan is julle soos die ryk dwaas wat sy aardse besittings so liefgehad het dat sy siel skade gely het. Sy fout was nie dat hy ryk was nie, maar dat hy deur sy rykdom besit is. As gevolg daarvan het hy sy rykdom en sy lewe verloor, want “wat sal dit ‘n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor ... ?” My opdrag is dat julle, julle nie moet bekommer oor wat julle moet eet, drink of aantrek nie. As die koninkryk van My vir julle van primêre belang is, sal Ek self sorg vir die sekondêre dinge.“... beywer julle allereers vir die koninkryk van My en vir die wil van My, dan sal Ek julle ook al hierdie dinge gee.”

Jy moet iemand hê om mee saam te leef. Familie, vriende en kennisse is noodsaaklike komponente van julle lewe en speel ‘n belangrike rol daarin. Hierdie mense is ‘n ondersteuningsgroep wat jou help om jou identiteit te ontdek en jou roeping te vervul. Hulle gee ‘n ekstra dimensie aan jou lewe, sodat jy ten regte kan sê: “Elke keer as ek bid, dink ek aan jou en dank ek my Vader.”

Jy moet ‘n reël hê waarvolgens jy leef. ‘n Lewende geloof is imperatief vir ware lewe. Dit is geloof wat jou laat uitstyg bo jouself en wat sin en betekenis aan jou lewe gee. Dit gee jou berusting in tyd en ewigheid. Daarsonder word die lewe ‘n doolhof van blinde gange waarin jy doelloos ronddwaal. As geloof jou lewensreël is, is alle dinge moontlik.

Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat jy hoop, om oortuig te wees van die dinge wat jy nie sien nie.

Jy moet iets hê waarvoor jy leef. Jy moet ‘n taak en roeping hê waarin jy jou gelukkig kan uitleef. ‘n Taak wat jou talente, jou liefde, en jou toewyding opeis; wat jou lewe veredel en aan jou gemoedsrus gee. ‘n Taak waarin jy arbeidstrots en arbeidsvreugde kan vind. Dit bring julle in verhouding met My die Skepper en die Volmaakte Werker: Toe het Ek gekyk na alles wat Ek gemaak het, en dit was baie goed.

Kyk, Ek, Bron van alle ware lewe, leer jou om die kosbare gawe van lewe met eerbied te bejeën en dit met verantwoordelikheid te hanteer, sodat jy ‘n wyse hart mag bekom.

Wees lief vir My, want Ek is lief vir julle.

Amen.

## *Openbaring 68*

### DIEPTEVERSKIL TUSSEN ‘N GRAF EN ‘N GROEF.

*14 Desember 2007 om 00h15*

Julle gebruik almal dikwels die verskoning: “Ek is te besig. Ek het nie tyd nie!” Besig waarmee? Nie tyd waarvoor nie? Wanneer jy jou prioriteite probeer bepaal, vind jy dat jy dikwels besig bly met onbenullighede wat niks bydra tot die kwaliteit van jou lewe nie. As jy te besig is om op My te vertrou, is jy inderdaad te besig.

Kyk, die Griekse mitologie vertel van ‘n koning van Korinte met die naam Sisyphus. Hy was verwaand, trots en hoogmoedig. As gevolg daarvan het Zeus hom ‘n sware straf opgelê: Hy moes ‘n groot marmerrots met sy kaal hande teen ‘n steil heuwel uitstoot. Hy het vroeg die oggend begin. Teen sononder was hy feitlik op die kruin toe die rots op ‘n onverklaarbare wyse uit sy hande gly en afrol na die vallei. Die volgende oggend het hy weer probeer, maar met dieselfde tragiese gevolge. So het dit elke dag gegaan. Hy het sy krag gemors op ‘n sinnelose taak.

Die opwindende, die avontuurlike, die nuwe, het vir hom uit die lewe verdwyn. Hy het die slaaf geword van ‘n sieldodende roetine. Elke dag was vir hom die sinlose herhaling van ‘n eentonige patroon: Met moeite opstaan; traag na werk gaan; gefrustreerd gaan slaap. Dag in en dag uit; jaar in en jaar uit.

Jy is so besig; jy het nie die tyd nie! Wat is die antwoord op hierdie troostelose opstaan-en-gaan-werk, hierdie hunkering na vernuwing en verlange na avontuur. Daar is net een antwoord en dit is Ek, julle Vader. Die wat op My vertrou, kry nuwe krag. Julle moet tyd maak om by die Goddelike kragstasie uit te kom, sodat jy daagliks jou lewe en jou ideale kan herlaai met besieling en entoesiasme. Wat jy in die lewe nodig het is: Om te wag op My, sodat jy weer arendsvlerke kan hê en sinvol in die lewe kan loop en hardloop.

## *Openbaring 69*

### PLIGSVERVULLING.

*14 Desember 2007 om 03h05*

Isak het ongetwyfeld ‘n diepe sin vir verantwoordelikheid gehad en het sy hele lewe oorkoepel. Hy het sy plig duidelik gesien teenoor My, teenoor sy huisgesin en teenoor sy medemens. Soos hy sy plig gesien het, het hy dit nagekom.

Hy het ‘n altaar gebou en daardeur het hy sy plig teenoor My nagekom. Hierdie wêreld is geskep tot eer van My en Isak het sy altaar gebou as bydrae tot die lof en verheerliking van My. Iewers in jou lewe moet jy ‘n altaar hê, waar jy aan My die lof en dank en aanbidding kan toebring wat My toekom. Daar is die gemeenskaplike altaar van die gemeenskap van die gelowiges waar julle saam met ander My verheerlik; die familie-altaar waar julle as huisgesin My aanbid en dien en daar is die persoonlike altaar waar jy in die binnekamer jou persoonlike verhouding met My, julle Ewige Vader bou. Sonder ‘n altaar kan jy nie jou verantwoordelikheid teenoor My ten regte nakom nie.

Ja, Isak het sy tent opgeslaan en daardeur het hy sy verantwoordelikheid teenoor sy huisgesin nagekom. Sentraal in Isak se lewe was sy verantwoordelikheid teenoor My, maar onmiddellik daarnaas was sy plig teenoor sy huisgenote. Hy sorg vir ‘n plek waar hy sy gesin kan beskerm; sy kinders kan opvoed; hulle karakters kan bou; hulle gewoontes kan vorm. Daar in die tent word die liefdesplig vervul. Hy weet dat voordat hy vir ander tot seën kan wees, hy vir sy eie gesin tot seën moet wees. Om te sorg dat jou tentpenne stewig ingedryf is; dat jou seile sterk en jou lyne stewig is, is ‘n Godgegewe plig wat op elkeen van julle rus.

Isak het daarna ’n put gegrawe en daardeur het hy sy verantwoordelikheid teenoor sy medemens nagekom. Slegs baie ryk mense kon putte grawe. As daar water gevind is, kon die mense vir kilometers in die omtrek gratis van die heerlike, vars water kom neem. Daar kon hulle hul vee laat suip en met die water kon hulle lewe ‘n beter kwaliteit verkry. ‘n Heel besondere diens word aan die gemeenskap gelewer. Christenskap is diens uit liefde en dankbaarheid. Hierdie troostelose wêreld het putte van vriendelikheid en hulpvaardigheid baie nodig. Daar is soveel mense wat smag na ‘n beker koue water; na ‘n vriendelike glimlag; na ‘n warm handdruk of ‘n besoek in die gevangenis. En Ek het julle geleer dat as julle dit vir julle medemens doen, dan het julle dit vir My gedoen. Deur ‘n put te grawe, dra julle mekaar se laste en vervul julle so die wet van My.

Deur My genade sal jy jou altaar kan opbou, jou tente kan opslaan en jou putte kan grawe. Ek maak jou getrou in die vervulling van jou Christelike plig deur My wat gekom het om My wil te doen en gehoorsaam te word.

Amen.

## *Openbaring 70*

### STUUR U LIG EN U WAARHEID

*13 Desember 2007 om 19h35*

Die Bybel is die allerbeste "leidsman" vir julle gewetens. My Woord is as't ware die "vlag" waaragter julle moet skuil; die "septer" waarmee Ek julle wil regeer; die "lig" wat julle in die donker die weg wil wys; die "ploeg" wat oor julle moet gaan om die dorings en distels en ander onkruid uit julle lewens te ruk; en die "rigsnoer" van julle kennis. Boonop rus julle geloofsekerheid op hierdie Woord. Die sekerheid van julle saligheid steun nie op gevoel of vroom werke, selfkastyding of om jou te wend tot ander heiliges nie – nee, My Woord is die sekerheid van julle ewige saligheid.

Amen.

## *Openbaring 71*

### GEE DAT U GEES.

*13 Desember 2007 om 20h00*

Daar is 'n uiters belangrike saak wat julle moet onthou wanneer jy die Bybelwoord sinvol wil begryp.

Voorop staan die onmiskenbare werking van My Gees in jou binneste. Alleen hierdie innerlike verligting maak die Bybel duidelik na My ewige bedoelinge. Hierdie Gees bewerk dit dat die stemme uit 'n ver verlede aktueel en lewend word en vir julle waarlik die Woord van My is. – 'n Woord wat hom tot julle persoonlik rig en julle aanspreek. Sonder die Heilige Gees bly die Skrif 'n boek van dooie letters en is sy inhoud onverstaanbaar. Al sou julle honderd, ja duisend maal, die evangelie gehoor het, dan sou julle geen erg daaraan gehad het nie, as Ek nie deur My Heilige Gees in julle werk, julle ore open en julle My Woord in julle hart prent nie.

Amen.

## *Openbaring 72*

### SKOOL VAN BEPROEWING.

*13 Desember 2007 om 20h00*

Daar is sekere vrugte wat net deur die reën voortgebring kan word en daar is sekere lewenswaarhede wat net droefheid julle kan leer.

As julle net altyd in die sonskyn leef, is jy in 'n woestyn. In die donkerste nag soek julle die sterre en in julle droefheid word julle uitgedryf na My toe. In die skool van beproewing leer julle om My weer te ontdek soos nog nooit tevore nie. En omdat julle My ontdek, ontdek julle ook julle medemens. Ja, dit is moontlik dat julle jare lank op die oppervlak kan leef en dan word julle eensklaps deur droefheid na die dieptes van die lewe gedrywe. As julle dit aanvaar en reg verwerk, word 'n nuwe skoonheid en krag in julle harte gebore.

Ek sê soms vir julle wat Ek vir My dissipels in Markus 6:31 gesê het: “Kom julle alleen saam na ‘n stil plek toe en rus ‘n bietjie.” Julle droefheid is so ‘n eensame plek waar julle alleen met My kan wees. Dan ontdek julle opnuut hoe diep afhanklik julle van My is. Baie smart en droefheid word in stilte gedra, omdat daar niemand is om dit mee te deel nie – behalwe met My. Daar is huweliksmart; die droefheid van verslawing; die vervreemding van kinders; die droefheid van skande, en die wat rou, want die dood laat hom nie afkoop of selfs wegbid nie. Dit maak ongevraag julle hart en julle huis leeg. Watter hemelse musiek is dit om in die donker skool van julle droefheid My te hoor sê: “Geseënd is die wat treur, want julle sal vertroos word.”

Onthou in jou donker oomblik dat Ek jou hand vashou. Dit is jou troos in lewe en in sterwe. Ek laat jou nooit alleen in jou nood en in jou sorge nie. Ek is met jou in die vurige oond; in die diepte van die onstuimige see; in die vallei van die doodskaduwee – al die dae is Ek met jou, tot aan die voleinding van die wêreld. Julle moet net seker maak dat julle met My, julle Hemelse Vader, is. Ek sê: “Bring vir Jerusalem die goeie tyding, sê vir hom sy swaarkry is verby, hy het geboet vir sy sonde ... “

Kyk, Ek is die middelpunt van julle verlange; Trooster van julle bang gemoed. Dit sal nooit so donker word dat My lig vir jou verdwyn nie. Ek sal jou ook help om deur die skool van beproewing te kom. In My kragtige Naam. Julle liefdevolle Vader.

Amen.

Tot hier

## *Openbaring 73*

### VAN UITSTEL KOM AFSTEL.

*14 Desember 2007 om 08h30*

Daar is soveel ongedane dinge in jou lewe: dinge wat julle dolgraag wou doen en waarskynlik kon doen ... en tog nooit doen nie.

‘n Traak-my-nieagtige houding lei tot versuim en dit word dikwels gebore uit die idee dat julle baie tyd het. Satan is hier om sy verwoestingswerk te kom doen, hy is die een wat aan julle sê: “Daar is geen rede vir haas nie; daar is genoeg tyd; daar is nog altyd ‘n môre!” Waarom nog wag? Jy weet dat jy die vermoë en die talente het; jy het al die kanse en geleenthede; jy het al die hulp wat jy verlang. Tog laat jy toe dat jou ideale sterwe. Jy styg nooit op agter jou visioene aan nie. Jy plaas nie ‘n swaard in die hand van jou drome nie. Die naasbeste word vir jou goed genoeg. Jou lewe bly ‘n voortploetering in die vlak modderwaters van mislukking en selfverwyt.

Moenie tot more uitstel wat jy vandag kan doen nie: Jy weet nooit of môre ooit sal kom nie. Al wat julle werklik besit, is vandag. Gister is ‘n herinnering en more is ‘n belofte. Uit die hand van My ontvang julle “vandag” en oor vandag sal julle ook aan My verantwoording moet doen. Daarom durf julle nie julle verhouding met My ligtelik behandel en dit uitstel tot later nie, want van uitstel kom afstel.

Kry dit vandag nog reg! Julle liefdevolle Vader.

Amen.

## *Openbaring 74*

### ‘N TYD OM TE SOEK

*14 Desember 2007 om 21h45*

Ja, die mens is van nature ‘n soeker. Sedert jou vroegste jeug, wanneer jy met opwinding aan ‘n skattejag deelneem, tot op jou sterfbed wanneer jy die sleutel soek tot die misterie van die dood, bly julle die soeker by uitnemendheid. In noodberigte word daar gesoek na mense in verband met die een of ander krisis. Die wetenskap soek oplossings vir die genees van kwale en na wapens waarmee hulle makliker en gouer die medemens kan uitwis. Die wêreld soek na vrede en daar is net oorlog. Oral en altyd is almal besig om te soek. Die grootste soektog van die mens is egter die soektog na My.

Daar is by elkeen van julle ‘n onblusbare verlange en behoefte na My. Ja, oral waar daar mense is, word daar naarstiglik na My gesoek. Julle is vir My gebore en julle vind nêrens rus voordat julle rus gevind het in My nie. Selfs wanneer julle van My probeer ontvlug, is julle onbewustelik besig om te soek. Net so min as wat die verlore seun in die ver land kon leef, kan julle sonder My bestaan. Ek is die beginsel van alle ware lewe. Sonder My weet jy nie waar jy vandaan kom, wat jy hier maak en waarheen jy op reis is nie: ‘n reisiger na nêrens.

Die lewe bly vir julle ‘n raaisel totdat Ek sin en betekenis daarin geplaas het. Deur My Woord en Gees kom jy in aanraking met My wat weet van jou, wat verstaan en wat omgee wat van jou word. Sonder My dryf die vrae van die lewe jou teen die mure uit en vind jy nooit rus vir jou gemoed nie. Ja, Ek is ‘n God wat soek. Vanaf Genesis, toe Ek Adam in die tuin gaan soek het, tot in Openbaring waar Ek jou verseker dat Ek by die deur staan en klop, soek Ek na julle. Jesaja sê julle moet My soek terwyl Ek naby is. In die dae van julle jeug, wanneer die lewe nog oop voor julle lê, moet julle My soek totdat julle My vind. Dan sal die lewe oopblom en sal julle soektog beëindig word.

Julle wat eerlike soekers is, laat julle soektog in My liefde eindig. Ek gee julle vandag ‘n belofte dat die van julle wat My soek, sal My ook vind.

Amen.

## *Openbaring 75*

### LIG VIR DIE WÊRELD.

*14 Desember 2007 om 22h00*

Kyk, daar staan geskrywe: “Julle is die lig vir die wêreld ... Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”

Ja, die teks is ‘n Goddelike bevel wat die gehalte van die gelowige se getuienis in hierdie wêreld omskryf. Die Chistendissipel word opgeroep om te wees wat Ek self by uitstek is: “Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld.” Die lig wat julle in die wêreld versprei, is ‘n weerkaatste lig. Ek eis nie van julle dat julle self lig produseer nie, maar dat julle slegs My lig sal weerkaats. Die glans van die gelowige se lewe moet deur My aangesteek word.

‘n Lig moet gesien word. ‘n Lig wat onder ‘n emmer versteek word, kan nie sy doel dien nie. Julle geloof moet gesien word. Daar is nie so iets soos geheime dissipelskap nie. Of die dissipelskap sal die geheim vernietig, of die geheim sal die dissipelskap vernietig. In julle alledaagse aktiwiteite moet die mense rondom julle hierdie weerkaatste lig sien. ‘n Gelowige moet die pad vir ander mense verlig. In hierdie wêreld wat verdonker is deur die sonde, moet julle skynende ligte wees. Om dit te kan doen, moet julle self voortdurend in die lig van My wandel. Jy kan nie vir ander die pad aandui as jy self in die donker is nie. ‘n Lig word dikwels gebruik om julle te waarsku dat daar gevaar vorentoe is. Dit is nodig vir die gelowige om ‘n waarskuwing aan sy medemens te rig. Alhoewel julle baie versigtig moet wees om nie meer skade as goed te doen nie, is dit ‘n groot uitdaging. Dit is tragies as iemand sê: “As jy my net vroeër gewaarsku het, sou ek nie in hierdie toestand verkeer het nie.”

Julle moet ook onthou dat julle lig alleen tot eer van My moet skyn. Dit is nie bedoel om julle eie eer en glorie te verhoog nie, maar om mense na My heen te wys. As mense julle goeie werke sien, moet hulle onwillekeurig My verheerlik. Julle moet onbewus wees van julle eie lig, sodat Ek al die eer kan kry. Julle

moet nooit dink aan wat julle gedoen het nie, maar aan wat Ek julle in staat gestel het om te doen. Daarom moet die versugting van julle hart maar steeds bly.

Wees lief vir My, julle Vader in die hemel.

Amen.

## *Openbaring 76*

### IN DIE WÊRELD, MAAR NIE VAN DIE WÊRELD NIE.

*15 Desember 2007 om 01h25*

Julle is geroepenes. Dit veronderstel dat daar een is wat roep. Te midde van al die roepstemme wat uit die wêreld tot julle kom, klink ook die roepstem van My: "Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne." Hierdie stem het Moses by die brandende braambos gehoor; Dawid het dit agter die skape gehoor; die profete het dit gehoor. Julle hoor dit nog in hierdie dag. Hierdie roepstem eis 'n antwoord en 'n reaksie van gehoorsaamheid en volle oorgawe.

Daarom is julle ook heiliges. Julle is bang vir hierdie woord maar dit is uit onkunde. Dit is 'n noodsaaklike stap in die heilsorde van My in die verlossing van julle. Dit is 'n proses van die voortsetting van julle bekering. Om heilig te lewe is om te stry totdat die stryd volstry is. Julle moet My steeds toelaat om gedurig aan julle lewe te werk en sielsorg aan julle lewe te doen deur die werk van My Heilige Gees. Julle moet wegvlug van die sonde en in voortgaande vernuwing lewe. Daar mag nie stilstand in julle lewe wees nie, maar geestelike groei en vooruitgang.

Die wetenskaplikes vertel van 'n insek wat in die water gedompel kan word en tog nooit nat sal word nie. Omdat hulle omring is deur 'n eie atmosfeer kan die water hulle nie deurweek nie. As julle waarlik gelowiges is, sal julle 'n eie atmosfeer hê wat julle onbesoedeld sal hou, al is julle omring deur die wêreld.

Amen.

## *Openbaring 77*

### SOUT VIR DIE WÊRELD

*15/12/2007 om 07h00*

Kyk, julle is die sout van die aarde. Maar as sout verslaan het, is dit niks meer werd nie.

Sout is gekonsentreerde krag, daarom het dit so 'n deurdringende werking. Slegs 'n klein bietjie is nodig om kos te geur en dit smaaklik te maak. Die gelowige behoort in hierdie wêreld 'n korrel gekonsentreerde krag te wees wat 'n onberekenbare invloed ten goede in hierdie wêreld kan hê. Dis ook My belofte aan julle in Handelinge 1:8 "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuie wees..." Sout word ook gebruik om bederf te weer. Daardeur word lewensmiddele bewaar en ontbinding word teëgegaan. As getuies van My behoort julle 'n behoudende krag in hierdie wêreld te wees wat iets van ewigheidswaarde in die lewe indra. Julle moet sonde en korrupsie teëwerk deur eerlikheid, 'n rein gewete, hoë morele en geestelike standaarde en vaste sedelike norme. Hierdie wêreld het die sout van julle voorbeeld en julle gebede nodig as 'n bolwerk teen die bose en dit vereis moed van besondere gehalte. Sout is die teendeel van laf. Daar is baie oppervlakkigheid en platvloersheid in die wêreld. Daar word maklik gespot met heilige dinge. Julle word nie geroep om deur die lewe te gaan as pretbederwers nie, want Christenskap moet smaak gee aan die lewe. Julle moet die verlore gloed van Christelike vrede aan die lewe teruggee, maar gepaste blydskap is nie laf of flou nie. Julle gesprekke, ook julle vrolike gesprekke, moet altyd met sout besprinkel wees. As julle nie hierin die sout van die wêreld is nie, sal die verrotting julle ook aantas. Sout is ook 'n

reinigingsmiddel. Sout brand in ‘n oop wond, maar terselfdertyd heel en genees dit. Julle Christelike getuies moet soos sout in die oop wond van sonde gevryf word. Julle moet vir die sonde ‘n irritasie wees om suiwerend te kan werk. Sout bereik sy hoogste doel in oplossing. Voordat dit tot nut kan wees, moet sout geheel en al in die kos oplos. Dit moet geoffer word voordat dit enige nut kan hê. Ek het hierin die volmaakte voorbeeld gestel. Dit is deur te gee dat julle ontvang en deur te sterf aan julleself dat julle tot die ewige lewe gebore word.

Wees lief vir My, julle Vader van Liefde en Genade.

Amen.

## *Openbaring 78*

### SELFVERTROUE

*15/12/2007 om 16h15*

Die Bybel leer julle op baie plekke dat hoogmoed en verwaandheid sonde is voor My. Maar julle kan ook na die ander kant toe sondig: Jy kan te min van jouself dink: Jy vergelyk jou so maklik met ander en dink: Ek is nie so slim nie, ek is nie so sterk nie, of so mooi, so begaafd soos daardie persoon nie. Later is jy so bewus van jou eie gebreke en tekortkomings, dat jy jou selfvertroue verloor. En sonder selfvertroue kan jy nie die taak uitvoer waarvoor Ek jou op aarde geplaas het nie. Hier kan julle dink aan Josua wat die groot taak gekry het om leier te word van die volk van My na Moses se dood.

Hoe sou hy die volk kon aanvoer as hy hom gedurig met sy voorganger, die groot Moses, vergelyk het? Hoe sou hy die volk die beloofde land kon inlei as hy net altyd gedink het: Ek is nie so ‘n groot figuur soos Moses nie. Hy was ‘n leier, ‘n profeet, ‘n Godsman soos daar nooit voor of na hom was nie. Ek kan tog nie sy skoene volstaan nie?

Dalk het Josua soms so gedink, want dit is opvallend hoe Ek hom gedurig aanmoedig: Wees jy net sterk en vol moed. En dit moet die rede vir julle selfvertroue wees: Nie dat julle dink julle is self besonders nie, maar dat julle sal glo: Die taak wat jy gekry het, en maak geen fout nie, elkeen van julle het ‘n taak en ‘n roeping in die lewe wat Ek self vir jou gegee het. En saam met die taak gee Ek ook die krag en moed en die wysheid om dit uit te voer. Nee, julle durf nie te min van julleself dink nie. Kyk, almal wat My kinders is, is koningskinders, beelddraers van My. En omdat dit so is, kan julle met vrymoedigheid die lewe in die gesig kyk, vol vertroue. Julle kan die woorde van die Psalm vir julle toe-eien: “Met U hulp loop ek ‘n oormag storm, met my Vader is geen stadsmuur vir my te hoog nie.”

Ek gee jou die krag en die wysheid om jou taak deur die Heilige Gees tot My eer uit te voer. Ja die taak in jou lewe.

Amen

## *Openbaring 79*

### JOU LEWENSFONTEIN.

*17 Desember 2007 om 03h00*

Soms kom die vraag by jou as gelowige op: Is jy werklik ‘n kind van My? As dit vir jou ‘n probleem is, kom toets jou dan.

Die wesenlike onderskeid tussen die gelowige en die ongelowige lê daarin dat die ongelowige nie die eer van My nastreef nie, maar net sy eie eer, terwyl die gelowige My eer en sy krag en sterkte in My

vind. Vir die ongelowige draai alles om homself. Sy eie belange staan voorop. Sy wil moet altyd deurgevoer word. Ek het geen ereplek in sy hart nie.

By My kinders is dit anders. In plaas van eiegeregtig en grootdoenig te wees, kom jy kinderlik na My. Vir jou is die liefde van My so wyd soos die hemel, die geregtigheid van My so hoog soos die berge en die reg wat Ek handhaaf, so onmeetlik diep soos die see. Dit weet jy in jou hart. Daarom skuil jy by My.

Kyk nou terug oor jou lewe en sien die hand van My wat deur dik en dun by was. Ek was getrou en het oorvloedig voorsien. Daar was nie net druppels van die goedheid van My nie, maar strome. Weet in jou hart dat Ek die bron van jou lewe is en lig voorsien op jou lewenspad vorentoe. Hierdie wete moet die gebed uit jou hart laat kom oor die liefde en trou van My wat nie sal wyk nie en dat Ek jou sal beskut teen elke lewensgevaar.

Toets jou hart en kyk hoe groot die statuur van My in jou oë is teenoor jou eie. Is Ek werklik die bron van jou lewe – jou lewensfontein.

Julle wat ‘n ver pad met My geloop het, kan daarvan getuig dat jy niks het wat Ek jou gegee het nie – jou lewe, gesondheid, ouers, werk, gesin, uitkoms uit moeilike situasies, ensovoorts. Die een saak waarop jy kan reken, is Gods trou. Selfs wanneer jy My nie gewaar of ervaar nie, kan jy weet dat Ek daar is – by jou en in jou. Ek stel jou tot alles in staat. Elke dag put jy jou krag uit My.

Leef dan uit My en vir My.

Amen.

## *Openbaring 80*

### ‘N DANKBARE HART IS ‘N SINGENDE HART.

*17 Desember 2007 om 02h35*

Ellende, verlossing, dankbaarheid – dit is die ritme van die gelowige se lewe. Uit die angste van diep ellende het Israel tot My geroep en Ek het hulle gehoor en verlos. Dit het hulle harte van dankbaarheid laat sing.

Kyk in Psalm 32 het Dawid sy sonde en ellende bely en verlossing van My verkry. Sy hart juig uit louter dankbaarheid. Die woord wat Ek tot hom gespreek het om sy skuld te vergewe was `n magtige woord. Wanneer Ek praat, gebeur daar iets. Deur ‘n woord te spreek, het Ek die hemele gemaak, die son, maan en sterre geskape, en die see geformeer. En as My woord so magtig is, hoe groot en gedug is Ek nie! Ek verydel die planne van nasies, maar My planne staan vir altyd vas. Daarom kan die psalmdigter sy saligspreking uitroep: “Dit gaan goed met die nasie wie se God die Vader is.”

Deur die wentelgange van die eeue sal Ek My wil volbring. Dis nie die grootte van ‘n leër, ook nie die krag van ‘n held of selfs die vermoë van die strydros nie, maar dis Ek wat uitkoms gee. By die oordenking hiervan borrel daar ‘n loflied op uit die hart van die psalmdigter en roep hy alle kinders van My op om te besin en My lof te besing. Jy moenie net met die lippe sing nie. Jubel! Doen dit met jou hart. Laat jou vingers tril op die note van ‘n musiekinstrument. Juig met volle oorgawe tot eer van My.

En terwyl jy sing, begin sommer dadelik bid. Al singende kan dit later vir jou net om die lied gaan. Nee, dis verkeerd! Dit gaan om die God van die lied. Sing en bid. Hef jou hart op tot My wat ook tot jou gespreek het. Maak van jou lied jou gebed en van jou gebed jou lied. Terwyl jy dit doen, sal jy ondervind dat dit een van die aangenaamste vorms van dankbetuiging is.

Jou siel het dit nodig, ja, jou siel het dit nodig.

Amen.

## *Openbaring 81*

### DANKBAARHEID JUL LEWENSREËL.

*17 Desember 2007 om 02h00*

Jy is dit verskuldig aan My om dankie te sê vir My bemoeienis met jou. Maar woorde kan goedkoop wees. Wat is goedkoper as woorde wat nie uit die hart kom nie en slegs daarop gerig is om te beïndruk?

Wanneer jy dankie sê aan My, behoort dit met die duursame woorde te wees wat voortvloei uit 'n gehoorsame hart wat ontvanklik geword het vir My Woord, My genade en teenwoordigheid. So 'n hart wil altyd eers luister na My om daarna te doen wat Ek verwag. Nie meer jou eie wil nie, maar My wil. My wil is die norm vir elke beslissing en elke lewensuiting. Wanneer jy tog nog oortree, dan verskoon jy jouself nie en noem dit nie 'n swakheid of fout nie. Jy sien dit soos Ek dit sien en noem dit by die naam. Dit is vir My 'n oortreding – die wet van My is oortree, jou lewe was buite die wil van jou skepper. Dit is vir My sonde – en sonde beteken dat jy die doel van My met jou lewe gemis het, jy het op 'n dwaalweg beland. Dit is vir My ongeregtigheid – jy het geknoei met die reg en was ongehoorsaam. En hierdie opstand teen My, grief My. Dit is 'n pyniging vir jou gewete.

Jy durf nie swyg nie. Jy moet praat. Jy moet met My praat oor jou opstand en jou dwaalsieke hart. Alleen die vergifnis van My kan jou weer vrymaak, gesond maak en vrede gee. Ek vergewe nie net nie, Ek bedek en skrap. Ek maak die lewensbladsy, die hart, weer skoon vir 'n nuwe begin. En dit bring vreugde. Dit gaan goed met jou. Jy word omvou deur My liefde.

Jy het dit mos al ondervind. Daardie dag toe jy jou hart oopgemaak het vir My en alles uitgesê het wat sondig en verkeerd in jou lewe was. Daardie dag het Ek, jou hemelse Vader, jou verhoor, jou skuld vergewe en 'n blydskap wat die verstand te bowe gaan, jou deel laat word. Maar nou moet jy nie uit daardie verlede bly leef nie. Elke dag het sy eie kwaad en nood. Elke dag moet jy jou hart leegmaak voor My en met blydskap vir My vul. Ja, Ek weet die goddelose het baie smarte, maar wie op My vertrou, die omvou Ek met My liefde.

Verbly jou in My jou Hemelse Vader.

Amen.

## *Openbaring 82*

### VOLKOME VERLOSSING.

*17 Desember 2007 om 11h00*

Daar is so baie mense wat aan een of ander sondeband verslaaf is en smag om daarvan verlos te word. Sommiges is verslaaf aan sterk drank; ander ly weer aan 'n humeur, of 'n los tong, of onreine dade en gedagtes, of enige ander vorm van verslawing. Maar die weg tot oorwinning, ken julle nie. Ek, julle Vader, wil julle dan op hierdie, en dergelike probleme as volg antwoord.

Die Skrif sê: "Daarom kan Ek ook volkome red die wat deur My tot My gaan, omdat Ek altyd leef om vir julle in te tree." Die woorde "volkome red", dui op die verlossing van die mens en so ook julle van die skuld, straf en heerskappy van die sonde.

Baie gelowiges glo vandag nie meer dat julle volkome verlos kan word nie. Julle het dan ook vanselfsprekend geen praktiese ondervinding van die oorwinningslewe nie; 'n mens kan tog nie jou eie ervarings betwis nie. Die maklikste uitvlug van en vir 'n gebrek aan so 'n lewe is natuurlik om jouself te probeer wysmaak dat daar nie so iets soos 'n volkome oorwinningslewe bestaan nie. Die val-en-opstaanlewe is so algemeen onder My kinders te bespeur dat dit die reël word en die indruk skep dat dit maar so hoort. Hierdie sieklike toestand het die "normale" geword, sodat die oorwinnende lewe, wat

eintlik die normale behoort te wees, nou abnormaal voorkom. Die eerste stap tot verlossing van julle vanuit hierdie dwaling is dat julle oortuig moet word dat daar volkome verlossing van die sonde vir jou bestaan. Ek kan verstaan waarom so baie kinders van My nie die oorwinningslewe ken nie; julle glo nie dat so iets waarlik moontlik is nie. Die Skrif sê egter: "So sal elkeen van julle dan vir julself aan My rekenskap gee." Baie van My kinders het 'n troefkaart ontdek om hulle eie vleeslike toestand mee goed te praat: "O, dit is perfeksionisme", en hulle is weer los. So maklik sal julle darem nie van die waarheid wegkom nie. Weet jy wat is perfeksionisme? Dit beteken dat jy nie meer die vermoë besit om te kan struikel nie. So 'n toestand bereik die gelowige nooit aan die kant van die graf nie, want die oproep om te waak en te bid, wat weer die moontlikheid tot struikeling insluit, kom tot elke gelowige. My kinders mag aan geen ding verslaaf wees en deur geen swakheid oorheers word nie. My Woord leer julle: "Wandel deur die Gees dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie." Die woordjie "nooit" dui op voortdurende oorwinning en is nie te sterk gestel nie. Dit weer bevestig die waarheid van volkome verlossing. Dit is moontlik, dit is noodsaaklik, dit moet so wees. Maar waarom is julle geestelike lewe so gebrekkig en ondervind julle so min van hierdie heerlike waarheid? Waarom is die sonde so dikwels op die troon? Ja, omdat julle die weg van volkome verlossing nie ken nie.

Julle lewe is byna soos hierdie gelykenis: 'n Wurm probeer om te vlieg; hy het nie vlerke nie. Die wurm hou maar op om te probeer, en vreet maar net die blare van die bos waarop hy sit. Dan gebeur die wonder. Die wurm word 'n papie, en die papie word 'n mot en ... daar vlieg die wurm! Die slimste wetenskaplikes kan julle nie presies sê wat alles gebeur dat 'n wurm in 'n mot verander nie. Dit antwoord is: Dit is 'n wonderwerk. Julle kan dus met sekerheid tot julle slotsom kom: Net so is dit met julle. Julle wil nie die sonde doen nie; julle wil loskom van die dinge van die wêreld. Julle wil ook vlieg, maar kan nie. So leer julle ook maar om op te hou om te probeer, julle kan tog nie. Soos die wurm leer julle nou dat die enigste oplossing is om My te eet. Dit weer beteken om My as julle persoonlike Verlosser aan te neem. Daarna ontdek julle in My die heerlike werklikheid van 'n nuwe skepsel te wees. Ek, julle hemelse Vader, het aangebied deur te praat, en julle het ontvang deur te antwoord. Maar Ek is nie slegs julle geregtigheid nie, maar ook julle heiligmaking. As julle geregtigheid, maak Ek julle vry van die skuld en straf van die sonde. Volgens die wet is julle vry, maar as julle heiligmaking maak Ek julle vry van die oorheersing van die sonde, sedelike vryheid. Die geregtigheid volg My tot by Golgota en die graf, maar die heiligmaking tot in My opstanding. By die kruis ontvang julle vergifnis van sonde en vrede; by die opstanding ontvang julle volkome verlossing; omdat Ek altyd leef om vir julle in te tree. Ek is julle volkome verlossing. Die eerste stap tot volkome verlossing is dan om tot bekering te kom, deur My in die geloof as Redder aan te neem. Baie het dit alreeds gedoen, maar ontdek nog die bande van sonde in jou lewe. Die rede hiervoor is dat julle nog nie vir My as julle heiligmaking ken nie. Sonde is soos 'n puisie – hoe meer jy daarmee lol, hoe erger word dit. Kyk weg van die sonde. Gee dit aan My oor en bekommer jou nie meer daaroor nie, maar kyk na My. Bekommer jou oor die dinge van die hemel en Ek sal sorg vir jou sondes. Julle moet bid en My aan My beloftes herinner en julle moet My vertrou vir onmiddellike verlossing. Neem My op My woord, en doen dit nou. Alleen dan kan julle My behaag. Deur My woord te eer sal julle ontvang. Moenie na bewyse soek nie. Stap nou uit en gehoorsaam My Woord, en jy sal verlos word.

Dit vra Ek, julle hemelse Vader vir julle, wees gehoorsaam aan My Woord!

Amen.

## *Openbaring 83*

### PASOP VIR 'N VALSE VERTROUE.

*18 Desember 2007 om 11h05*

Kyk, Ek die Almagtige, is by julle ... Hierdie uitspraak kan die pragtige getuienis wees van 'n wonderlike ervaring van My ondersteunende teenwoordigheid. Dit kan egter ook die gevaarlike belydenis wees van 'n valse vertroue wat geheel en al ongegrond is en slegs op wensdenkery berus.

Jy moet baie versigtig wees. 'n Mens kan jou kind beveel om heeldag by jou te wees, maar met My is dit anders. Ek is altyd anders. My beskermende teenwoordigheid is nie vanselfsprekend nie. In Jeremia se

tyd het Israel My net met hulle lippe gedien en verkondig dat niks met hulle kan gebeur nie. Omdat dit tempel by hulle is, sal Ek hulle beskerm teen hul vyande. Maar die profeet het gewaarsku dat dit 'n ongegronde en valse vertroue is. Die volk moet My gehoorsaam en van harte eer en eers dan kan hulle uitkoms van My kant verwag. Dit geld ook vir jou en ook in hierdie tyd. Moenie ooit dink omdat jy 'n Bybel het en dit lees, omdat jy aan 'n kerk behoort en dit besoek, omdat jy gereeld bid en deelneem aan 'n Christelike program, Ek daarom noodwendig My Seën op jou gebied nie. Dit alles kan slegs oppervlakkig en uiterlik wees en vir My 'n hindernis om jou hart te bereik.

Maar as jy dit alles uit jou hart doen en gehoorsaamheid aan My betoon, sodat Ek die eer in jou lewe kan ontvang, dan kan jy bou op die beloftes van My. Dan kan jy soos die psalmdigter sê:

"al gee die aarde pad,

al skuif die berge,

al druis en skuim die see,

ons is nie bang nie,

want God is ons toevlug."

Daar is niks heerliker nie as hierdie stille wete en vertroue dat jou lewe geborge is in My. Jy het jou hand in My hand gelê en Ek is 'n betroubare Vader. Jy kom jou kant van die verbondsverhouding getrou na en Ek sorg vir jou.

Amen.

## *Openbaring 84*

### MENS, EK IS LIEF VIR JOU.

*18 Desember 2007 om 11h50*

Om graag mense te sien, beteken om vir mense My glimlag te gee, jou vriendelike gesig in dae van vreugde ... in ure van nood: jou hart en jou hand, jou stem en jou troos. Mense het nood aan mekaar! Suiwer jou oë en suiwer jou hart.

Mense is 'n daaglikse avontuur, wanneer jy eg met hulle omgaan, welwillend en met oorgawe. 'n Avontuur wat jou verwonderd laat. Natuurlik is daar die glasmense in die lewe deur wie jy moeiteloos kan sien en natuurlik is daar die gesigloses wat by jou verby haas asof hulle aangetrek word deur 'n geheimsinnige mag wat hulle geen rus meer laat nie. Dit is mense sonder geskiedenis, sonder diepte in hulle lewe. Van hulle begryp Ek waarskynlik baie min, en tog ken Ek hulle en sou Ek hulle nie kon ontbeer nie. Hulle is mense. Hulle het My nodig en Ek het hulle nodig.

Mense met vraende oë en gespanne gesigte. Mense wat ly. Mense wat wanhopig is, wat verbitterd is tot in die murg van hul gebeente. Mense wat nie meer in staat is om van enigiets in die lewe te geniet nie. Mense wat nie meer lewe nie. Maar hulle bly deel van My leefwêreld. Ek probeer hulle help, Ek probeer hulle losmaak uit die gebondenheid van 'n selfopgelegde gevangenskap.

Niemand is so sleg in sy slegste oomblikke nie. Niemand is so goed in sy beste oomblikke nie. Die gevaar bestaan dat jy 'n mens lewenslank kan takseer op grond van een enkele fout wat hy begaan het. Mense word inderdaad vasgespyker op grond van 'n verkeerde houding of 'n verkeerde daad. En tog: 'n slegte eienskap is nog geen slegte mens nie. Een slegte dag is nog nie 'n slegte lewe nie.

As jy die kwade bedink, sal jy die kwade doen en jy sal ander afstoot en slegmaak. As jy die goeie bedink, sal jy jou medemens waardeer en sê: "Jy is welkom, jy is die moeite werd!"

Met goeie mense word alles weer goed.
Goeie mense is ‘n seën vir hierdie wêreld.
‘n Goeie mens is jy
wanneer jy gee sonder om aan jouself te dink,
sonder om te wonder oor wat jy daaruit gaan kry,
sonder om te wag op die dankie-sê woord.

Mens: jy is nie gemaak om slagoffer te wees van die nywerheid, van produksie, van bankrekening, of inkoopsentrum nie. Jy is gemaak om mens te wees! Jy is geskape vir die lig, vir die vreugde, om te lag en te sing, om in liefde te lewe, om vir jou medemens tot geluk en blydskap te wees. Mens: Jy is geskape na My beeld wat liefde is. Met hande om te gee, ‘n hart om mee lief te hê en twee arms, net lank genoeg om ‘n ander te omhels!

Jy is besig met iets. Jy kom net nie klaar nie. En dan langs ‘n onsigbare antenne kry iemand êrens ‘n ingewing, ‘n soort bevel (opdrag) om na jou toe te kom en jou te help, vir jou ‘n steun te wees, jou ‘n stoot te gee of om jou te troos. “Jy is ‘n engel,” sê jy dan. Jy sê dit vir ‘n man, ‘n vrou, ‘n seun of ‘n meisie. Geslag en leeftyd speel geen rol nie! Daar kom iets goeds, iets wonderliks oor jou! Die lewe word lig en alle pyn is weg!

Maar engele kry jy nie op bestelling nie. Hulle kom dikwels heel onverwags, is soms onopvallend teenwoordig, wys vir jou die weg en verdwyn weer! Ek het al baie engele ontmoet. Soms kom hulle uit die massa na vore, duik op uit die straat, vat jou by die hand en los jou probleem op en verdwyn weer in die straat of in die massa. Naamloos sonder om te wag op die dankie sê. Daar is nog steeds engele in die wêreld! Maar daar is te min engele, daarom is daar nog soveel duisternis en ellende. Ek is op soek na engele onder die mense van ons dag. Maar te veel mense sien My nie meer nie, hoor My nie meer nie.

Hoe is dit dat sommige mense met suur gesigte na die son sit en kyk terwyl ander fluit in die reën? Hoe is dit dat daar mense is wat, as hulle hul oë oopmaak, altyd iets verkeerds sien? Dit is omdat hulle verkeerd dink oor die sin van die lewe en van dinge. Ja, hulle het My nodig, nie as ‘n onpersoonlike wasige wese êrens in die verte nie, maar as ‘n persoonlike Vriend, as ‘n Vader, baie naby. In ‘n intieme omgang met My kry ‘n mens ander oë vir die dinge en kry jy elke môre ‘n nuwe hart.

As jy moeg geloop is na die sterre om vir mense in die nag ‘n bietjie lig te soek, gaan sit dan ‘n oomblik in die stilte en luister na die bron daarvan! As jy diep genoeg deurdring tot die kern van die dinge, kry jou oë om onsigbare dinge te sien en ore om onhoorbare dinge te hoor!

Oral waar mense liefhet, is Ek werksaam teenwoordig. Waar liefde woon in die harte van mense is dit moontlik dat hulle sinvol oor My kan praat en mekaar verstaan. Vir wie moet jy as mens dankie sê? Nie ‘n president of generaal nie, geen professor of tegnokraat nie! Nee jy moet jou liewe Vader in die hemele dank!

Met duisend hande streel Ek jou!
Met duisend monde kus Ek jou!
Met duisend vrugte voed Ek jou!
Op duisend vleuels dra Ek jou!
Ek is jou Vader! Jy is My kind aan huis by My!

Amen.

## *Openbaring 85*

### MENSE, ONTMOET MY.

*18 Desember 2007 om 21h00*

Daar het iemand na My toe gekom en gesê: “Meester watter goeie daad moet ek doen om die ewige lewe te verkry?” Ja, jy kom na My om die ewige lewe te soek. In jou terme het dit waarskynlik geluk, tevredenheid en vrede met My beteken. Die manier waarop jy jou vraag stel, verraai die fout in jou denke: “Watter goeie daad moet ek doen?” Jy dink in terme van dade, van aksie. Jy wil wette nakom en reëls en regulasies hê. Jy verraai die invloed van die fariseërs. Jy wil ‘n kredietbalans by My hê omdat jy die werke van die wet doen.

Kyk, jy het oënskynlik niks geweet van ‘n godsdiens van “genade” nie. Jy wil deur onderhouding van wette iets by My verdien. Ek wil jou help en sê dat jy die gebooie moet onderhou; die gebooie wat te doen het met jou plig teenoor jou medemens; oor jou gesindheid en jou persoonlike verhoudinge.

Ja, jy hou vol dat jy die wette onderhou, maar weet tog dat daar nog iets kortkom. Ek gaan nou vir jou iets sê wat jy nie graag wil hoor nie: “Gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes.” Hierdie is miskien vir jou te veel. Jou verhouding met My kon nie regkom voordat jou verhouding met jou medemens reggestel is nie. Jy was nie waarlik besitter van jou besittings nie, maar hulle het jou besit!

Ek het liefgehad en Ek het gegee – tot die uiterste toe. Ek het Myself gegee. As julle by My ‘n kredietbalans wil hê, moet julle dit nie probeer doen deur die nakom van wette nie. Geluk, blydskap, tevredenheid, gemoedsrus en vrede met My word gebore uit onselfsugtige naastediens. Ja, dit is godsdiens.

Ek ontmoet Jou en sien die mooie in jou lewe raak, maar Ek lê ook die dieperliggende oorsaak van jou ongelukkigheid bloot. Dit gaan nie om rykdom of armoede nie, maar om ‘n belangrike beginsel: daar mag niks tussen jou en My staan nie. Ek bied vir jou die oplossing: Breek al die skeidsmure af, roei alle verkeerde gesindhede uit. Volkome oorgawe is noodsaaklik. Die onderhouding van wette, skynvroomheid en goeie werke baat alles niks as jy nie volkome aan My oorgegee is nie.

Ek sien hoe jy bedroef weggaan. Jou groot verwagtings is teleurgestel, nie omdat Ek ontoereikend is nie, maar omdat jy die keuse nie kon doen nie. Jy moes kies om jou besittings te behou of om onvoorwaardelik deur My besit te word. Dit is die grootste en blywendste droefheid van almal: Iemand wat sy besittings so liefhet dat hy sy rug op My draai.

Ek sal jou genade gee, wees net lief vir My, julle Meester en liefdevolle Vader in die hemele.

Amen.

## ***Openbaring 86***

*18 Desember 2007 om 21h50*

Kom terug tot die lewe ... leef!

Bevry jou gees! Maak jou hart los van duisende bande deur dwase begeertes gebind. Kom los van die dooie dinge, die dinge wat jy nie nodig het nie, wat dien tot jou ‘status’, maar jou geestelik frustreer en jou uiteindelik laat verstik! Bevry jou uit die nag van gryse materie!

Amen.

## ***Openbaring 87***

### ONVERHOORDE GEBEDE.

*19 Desember 2007 om 00h05*

Daar kom tye wanneer elke reggeaarde vader vir sy kind sê: “Nee!” Dit is nie maklik of aangenaam nie, maar dit is noodsaaklik. Dikwels verstaan die kind dit nie en kom in opstand teen die wil van sy vader.

So is dit dikwels met julle gebede: Daar kom tye wanneer Ek, julle hemelse Vader, selfs die gelowige gebed afwys.

Die Bybel vertel van etlike onverhoorde gebede: Moses bid vuriglik dat Ek hom moet toelaat om die land van belofte in te gaan en Ek antwoord met 'n besliste weiering. Aan die profeet Jeremia sê Ek: "Jy moenie vir hierdie volk bid nie. Moet My nie ter wille van hulle smeek en by My vir hulle voorspraak probeer doen nie. Ek sal nie na jou luister nie." Ek wou deur sy stilswye vir sy volk daarop wys dat hulle nog volhard in afgodery en sonde.

Een van die diepste teleurstellings van jou lewe is 'n vurige gebed wat onbeantwoord bly; 'n smeekgeroep wat op die lippe verstom. Dit is moontlik dat daar sonde is wat jou gebed kragteloos maak. Dit is moontlik dat daar in jou lewe onbewus 'n weg van smarte kan wees en Ek wil deur jou swye jou tot 'n ontdekking daarvan bring. Pas op egter, om met elke onbeantwoorde gebed 'n moontlike sonde te soek en jouself onnodig te martel.

Dit is ook moontlik dat jy verkeerd bid; dat jy in ongeloof bid. Jy moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So, moet jy nie dink dat jy iets van My sal ontvang nie. Jy kan ook in selfsug bid. Ek gee jou nie wat jy wil hê nie. Gebed is nie 'n meganisme wat jy gebruik om My vir jou dinge te laat doen nie, maar 'n metode om die krag te kry om te doen wat jy moet doen. Jou hele gesindheid kan teenoor gebed verkeerd wees: Jy stap tog nie brutaal die troonkamer binne, steek jou hande in die koning se sak en neem net wat jy wil nie. Gebed is ook nie die opstel van versoeklyste waaraan Ek moet voldoen nie.

Kom na My, en Ek sal jou leer bid!

Amen.

## *Openbaring 88*

### BRIEWE UIT DIE HEMELSE VADERLAND.

*19 Desember 2007 om 21h50*

Elkeen wat die Bybel (die Skrif) besit, besit die grootste skat op aarde. Bly dit ongelees, het dit geen waarde nie. Maar wanneer dit gelees word, vloei daaruit 'n onuitputlike rykdom wat nie bereken kan word nie – konkreet of abstrak – kan soveel vreugde en vrede, soveel troos en bemoediging, soveel lering en voorligting, soveel geloof, hoop en liefde in ons lewens indra.

Reuse in die Christelike geloof besing hierdie Boek. Die Skrif is die koets waarin Ek, julle hemelse Vader, ry. Dit is die mens se skepping, die mens se val en die mens se redding, Ek as gekruisigde. Dit is 'n bundel briewe uit die hemelse vaderland. Ja, die Skrif is die mees betekenisvolle en aktuele leesstof wat ooit oor jou pad gekom het. Julle moet beslag lê op die Skrif, totdat die Skrif op julle beslag lê. Wat jou ookal weghou van die Bybel, is jou vyand, al lyk dit vir jou ook hoe skadeloos. Verwaarloos die Woord en jy verwaarloos My.

So kan Ek voortgaan. Wat 'n wonder om so 'n unieke goddelike geskrif in een band tot jou beskikking te hê, om sonder enige hindernis enige tyd daarin te kan lees – in jou eie taal. Net so min as wat die liggaam sonder kos kan klaarkom, net so min kan die siel lewend en kragtig bly sonder die Woord. En om sonder geloof daarin te lees, is om in die duister te wandel. Die Skrif is nie antiek of modern nie, dit is ewigdurend. Vir elkeen wat biddend die Woord opneem, wag daar nuwe vergesigte en insigte en 'n heerlike, vrugbare lewe. My Woord is lewend en kragtig.

Amen.

## *Openbaring 89*

*19 Desember 2007 om 23h55*

Jy was verlore in jou sonde,

en van die goeie weg vervreem.

Tog doen Ek aan jou die wonder,

om jou as kind weer terug te neem.

Ek ken alleen die regte pad,

wat uitloop op die hemelstad;

Ek weet of voor- of teëspoed

die beste is vir jou gemoed.

## *Openbaring 90*

**‘N VINNIGE OOR; ‘N VERSIGTIGE TONG; ‘N KALM HUMEUR!**

*20 Desember 2007 om 01h00*

Gewilligheid om te luister is ‘n hoogaangeskrewe deug. Dit word ‘n verlore kuns in die wêreld waarin julle vandag leef. Julle is so besig met selfverheerliking dat julle nooit kans kry om te luister nie. Julle moet soos Ek dikwels die stilte opsoek, sodat julle met julle siele kan luister. As jou siel luister, spreek die heelal ‘n taal wat leef. Vir die wat wil luister, het Ek wonderlike dinge deur die natuur en die Skrif te sê. Julle moet leer om na My liefdestem te luister, maar ook na My bevele. Ja, julle moet weier om na Satan te luister. Soos Samuel moet julle steeds gewillig wees om te doen wat Ek sê.

‘n Versigtige tong is van groot belang in hierdie wêreld waarin die man wat die hardste skree, gehoor word. Woorde wat uitgespreek is, is onherroeplik. Daarom moet elke woord met groot versigtigheid gekies word. Julle strewe moet wees om altyd woorde van waarheid te praat. Julle het twee ore en een mond, sodat julle twee maal soveel moet luister as wat julle praat. Daar is soveel vorme van die onversigtige gebruik van die tong: vloektaal; skeltaal; kwaadspraak; leuentaal; bedrog; karaktermoord en nog vele ander. Dit is die snydende woord wat vriendskappe breek, misverstande veroorsaak en harte pynig.

‘n Kalme humeur help jou om nie te gou kwaad te word nie. Elke uitbarsting van woede is ‘n erkentenis dat jy jouself nie kan beheers nie en dit doen ook afbreuk aan die kwaliteit van jou godsdiens. ‘n Mens wat kwaad word, doen nie reg wat voor My reg is nie. Woede is ‘n wind wat die lamp van redelike denke doodwaai. Die beste teëmiddel vir woede is die gereelde beoefening van die liefde.

Deur My krag en genade kan jy jou swakhede oorwin. Deur My Heilige Gees kan jy jou ore, jou tong en jou humeur onder dwang hou. En dit kan alles geskied deur My oneindige Liefde aan jou.

Amen.

## *Openbaring 91*

**SY KRIP, SY KRUIS EN SY KROON.**

*20 Desember 2007 om 02h45*

Die mens se lewe is soos ‘n seereis. Nie ‘n reis na aardse hawe nie, maar ‘n reis na die ewigheid. Geen wonder nie dat ‘n Griekse seeman gebid het: “Vader, die oseaan is só groot en my bootjie só broos en klein; wil U nie my Stuurman wees nie?” Julle vaar uit die veilige hawe van jou ouerhuis uit op die groot lewensee met sy stiltes en sy storms; met sy sonskyn en skeurende winde en onheilspellende onweerswolke; met sy vuurtoring en verraderlike rotse na die hawe van julle bestemming.

Julle moet julle voorberei op hierdie reis; jou voorrade, jou ankers, jou kaart en kompas en talle ander belangrike dinge moet in orde wees. Kyk, daarmee saam het die dissipels My met hulle saam in die skuit geneem – ‘n voorbeeld vir elkeen van julle wat dit ernstig bedoel met die lewensreis. Wat sou in die storm met die dissipels gebeur het as Ek nie by hulle was nie?

Julle moet My neem net soos Ek is – en dit beteken met ‘n krip. Ja, Ek met My krip het ‘n diepe simboliese betekenis. Die krip is die teken van nederigheid en diensvaardigheid. Ek het nooit eerste aan My eie belange gedink nie. Ek het gekom om te dien en nie om gedien te word nie. Ek was voetewasser. Ek het gedurig geleer dat julle nederig moet wees soos die boetvaardige tollenaar en nie hoogmoedig soos die hooghartige Fariseër nie. Ek, die koning van alle konings het in ‘n krip kom lê om aan julle te demonstreer dat Ek die hoogmoediges weerstaan, maar aan die nederiges genade gee.

Julle moet My neem net soos Ek is – en dit beteken met ‘n kruis. Die kruis is die teken van gehoorsaamheid: “En toe Ek as mens verskyn het, het Ek Myself verder verneder. Ek was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.” Die kruis beteken selfopoffering en lyding ter wille van die dinge waarin jy glo. Die kruis is die simbool van almal wat gewillig is om sonder murmurering en selfbejammering onder die kruis te buk wat Ek op julle skouers plaas en dit met blymoedigheid agter die Goot Kruisdraer aan te dra. Soos die oester wat van die sandkorrel wat hom irriteer ‘n pêrel maak, so moet julle, julle kruis gebruik om My te verheerlik. As iemand nie sy kruis opneem en My volg nie, kan jy nie My dissipel wees nie.

Julle moet My neem net soos Ek is – en dit beteken met ‘n kroon. “Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.” As julle My met My krip en My kruis in julle lewenskuit neem, sal Ek aan jou die kroon van die lewe skenk. As julle getrou bly en volhard in die stryd ter wille van My Naam, sal die beloning nie uitbly nie. Dan sal julle saam met Paulus kan sê: “Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig enduit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Ek weer kom, sal Ek, die regverdige Regter dit vir jou gee, en nie net vir jou nie, maar ook vir almal, ja, almal wat met verlange uitsien na My koms.

Wees net lief vir My en Ek sal jou Stuurman wees op jou lewensreis.

Amen.

## *Openbaring 92*

### ALLES BEGIN MET HOM (MY).

*20 Desember 2007 om 08h35*

Dit gaan nie om jou nie.

Jou lewensdoel is veel groter as jou persoonlike, vervulling, jou innerlike vrede of selfs jou geluk. Dis veel groter as jou gesin, jou loopbaan of selfs jou wildste drome en ambisies. As jy wil weet waarom jy op die planeet geplaas is, moet jy met My begin. Jy is deur My doel vir My doel gebore.

Die soeke na die doel van die lewe laat mense al duisende jare kopkrap. Dis omdat julle gewoonlik by die verkeerde plek begin - jouself. Julle vra selfsugtige vrae soos: Wat wil ek word? Wat moet ek met my lewe maak? Wat is my doelwitte, my ambisies, my drome vir my lewe? So ‘n klem op jouself sal egter nooit julle lewensdoel duidelik maak nie. Die Bybel sê: “Ek het al wat lewe, in My mag, die asem van elke mens.”

Anders as wat talle populêre boeke, flieke en seminare jou wysmaak, gaan jy nie jou lewensdoel raaksien deur binne-in jouself te kyk nie. Jy het dit waarskynlik reeds probeer. Jy het jouself nie geskep nie, dus kan jy mos nooit vir jouself vertel waarom jy geskep is nie! Jy moet met My, jou Skepper, begin. Jy bestaan net omdat Ek wil hê jy moet bestaan. Jy is deur My en vir My geskep – en die lewe sal eers sin maak as jy dit verstaan. Net in My ontdek jy jou oorsprong, jou identiteit, jou betekenis, jou doel, jou sin en jou lotsbestel. Elke ander pad is 'n doodloopstraat. Baie van julle probeer My vir jul selfverwesenliking gebruik, maar dit keer die natuur op sy kop en sal beslis misluk. Jy is vir My gemaak, en nie andersom nie, en die lewe gaan daarom dat jy My toelaat om jou vir My doeleindes te gebruik. Ja, die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. Stappe om jou lewensdoel te soek is: Dink aan jou drome. Bepaal jou waardes. Stel doelwitte. Weet wat jy goed doen. Mik hoog. Trek los! Wees gedissiplineerd. Glo jy kan jou doelwitte bereik. Betrek ander. Moet nooit tou opgooi nie.

Die Woord sê: "... want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry." Die belangrikste is om te word wat Ek jou geskep het om te word en te wees. Duisende jare lank het briljante filosowe die betekenis van die lewe bespreek en daaroor gespekuleer. Filosofie is 'n belangrike onderwerp, en is soms nuttig, maar wanneer jy bepaal wat die betekenis van die lewe is, raai selfs die slimste filosowe maar net. Ek het jou nie in die duister gelaat om te wonder en te raai nie. Die Woord sê: "Wat julle verkondig, is die wysheid van My, die verborge waarheid wat bedek was en wat Ek van ewigheid af vir julle voorbestem het tot julle ewige heerlikheid." Ek is nie net die wegspringplek van jou lewe nie; Ek is die bron van jou lewe. Om jou lewensdoel te ontdek, moet jy die wysheid in My Woord raadpleeg, nie die wêreld se wysheid nie. Jy moet jou lewe op ewige waarhede bou, nie op pop-sielkunde, suksesmotivering of inspirerende verhale nie. Die Woord sê: "Deur My het julle deel geword van My volk soos Ek dit vooruit al bestem het. So het Ek dit voorgeneem, Ek wat alles laat gebeur volgens My Raadsbesluit." Daar is drie insigte in jou lewensdoel:

1) Jy ontdek jou identiteit en doel deur 'n verhouding met My.
2) Ek het aan jou gedink nog lank voor jy aan My gedink het. Ek het dit beplan voordat jy nog bestaan het, en sonder jou insette!
3) Jou lewensdoel pas in 'n veel groter kosmiese doel wat Ek vir die ewigheid ontwerp het. Sonder My maak jou lewe nie sin nie. Jy het dalk in die duister gevoel oor jou lewensdoel. Geluk, jy gaan binnekort tot in die lig stap.

Ek herinner jou daaraan, dat dit eintlik daarom gaan om vir My, julle Hemelse Vader, te leef, en nie vir jouself nie. Wees lief vir My.

Amen.

## *Openbaring 93*

### **DAAR IS IEMAND WAT OMGEE.**

*21 Desember 2007 om 22h25*

Ek is jou Herder in die lewe. Jy is nie aan jouself oorgelaat nie jy is nie in die hande van 'n blinde noodlot nie. Daar is wel Iemand wat vir jou omgee. Ja, die weivelde sal nie altyd groen wees nie en die waters sal nie altyd vredevol wees nie; maar Ek hou My belofte in jou hart dat Ek jou op My tyd daar sal bring. Ek gee vir jou om in jou droefheid en verlies, in jou stryd en worsteling, in die dae van jou eensaamheid en ook wanneer jy huiwer oor die dag van môre.

Ek is jou Herder in die dood. Om Iemand te hê wat vir jou omgee in die lewe is goed en gaaf – maar wat as jy voor die groot misterie van die dood kom? En dit is 'n pad wat julle almal gewis moet loop. Die psalmis sê dat die dae van ons jare soos 'n gedagte verbygaan. Kyk, Ek het geween by die graf van My vriend Lasarus – daarom sal Ek omgee vir jou droefheid wanneer jy met die dood in aanraking kom. Ja, Ek het self in 'n graf gelê – daarom sal jy die graf nie sien as 'n bodemlose put nie, maar as die

helderverligte portaal waardeur jy instap in daardie glorie wat julle die hemel noem. Ek het uit die graf uit opgestaan en dit is ook die waarborg van jou opstanding.

Ek is jou Herder in die ewigheid. Om My in die lewe en in die dood by jou te hê is vertroostend, maar wat van jou ewigheidsreis? Ek het belowe: "Ek gaan om vir julle plek te berei ..." Ek sal weer kom om jou te kom haal om by My te wees. Ek het gesê: "Ek is die opstanding en die lewe, in sterwe en in die ewigheid." Daarom is jou enigste troos in lewe en in sterwe dit: Dat jy nie aan jouself oorgelaat is nie, maar dat jy aan My behoort en dat Ek vir jou omgee soos niemand anders dit ooit kan doen nie – in lewe, in sterwe en in die ewigheid.

Ek is jou Herder van jou lewe en vanuit hierdie waarheid sal jy van dag tot dag oorwinnend kan lewe.

Amen.

# Openbaring 94

### WAT IS DIE DRYFKRAG IN JOU LEWE?

*21 Desember 2007 om 22h55*

Elkeen se lewe word deur iets aangedryf.

'n Mens sonder 'n doel is soos 'n skip sonder stuur – 'n swerwer, 'n niks, 'n geen – mens. Of jy nou 'n motor bestuur of 'n gholfbal op sy pad stuur, is jy op daardie oomblik besig om dit te rig, te beheer en in 'n bepaalde rigting te laat beweeg. Wat is die dryfkrag in jou lewe?

Hier en nou word jy dalk deur 'n probleem, druk of spertyd gedryf. Jy word dalk gedryf deur 'n pynlike herinnering, 'n vrees wat by jou spook, waardes en emosies wat jou lewe kan aandryf. Julle bestee julle hele lewe daaraan om van spyt oor iets weg te hardloop en jul skaamte weg te steek. Skuldgedrewe mense word deur herinnerings gemanipuleer. Julle laat toe dat julle verlede julle toekoms beheer. Toe Kain gesondig het, het sy skuldgevoel hom van My teenwoordigheid afgesny, en toe sê Ek: "Jy sal 'n doellose swerwer op aarde word!" Deesdae beskryf dit julle op aarde – hulle dwaal doelloos deur die lewe. Julle is produkte van julle verlede, maar hoef nie gevangenis daarvan te wees nie. My doel word nie deur jou verlede beperk nie. Ek spesialiseer daarin om mense 'n tweede kans te gee. Die Woord sê: "Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word. Dit gaan goed met die mens vir wie Ek die oortreding nie toereken nie."

Julle klou aan julle wonde vas en kom dit nooit te bowe nie. Pleks daarvan om julle pyn deur vergifnis te verlig, laat julle dit weer en weer in julle gedagtes oorspeel. Sommige wrewel-gedrewe mense "sluit af" en internaliseer hul woede, terwyl ander "opblaas" en dit op ander uithaal. Albei reaksies is ongesond en help niks. Luister: Mense wat jou in die verlede seergemaak het, kan dit nie nou nog doen tensy jy deur jou wrewel aan die pyn bly vashou nie. Jou verlede is verby! Niks gaan dit verander nie. Jy maak jouself net deur jou bitterheid seer. Die Woord sê: "Verbitterdheid maak 'n dwaas dood." Vrees is 'n tronk wat jy self bou en wat gaan sorg dat jy nie word wat Ek wil hê jy moet wees nie. Jy moet die wapens van geloof en liefde daarteen gebruik. Ja, Kyk, waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.

Julle begeerte om dinge te kry, word die hele doel van jul lewe. Die ewige begeerte vir nog dinge is gegrond op die wanopvatting dat meer goed jou gelukkiger, belangriker en veilig sal maak, nee, al drie die idees is verkeerd. Besittings bring net tydelike geluk. As ander mense se menings jou beheer, is dit 'n gewaarborgde manier om My doel vir jou lewe mis te kyk. Ander kragte kan jou lewe ook aandryf, maar almal beland in dieselfde doodloopstraat: Ongebruikte potensiaal, onnodige stres en onvervulde lewe. Niks is belangriker as om My doel in jou lewe te ken nie, en niks kan daarvoor vergoed as jy nie weet wat dit is nie – nie sukses, welvaart, roem of plesier nie. Sonder 'n doel is die lewe net beweging sonder rigting, en gebeure sonder 'n rede. Sonder 'n doel is die lewe kleinlik en betekenisloos. Sonder betekenis het die lewe geen beduidenis of hoop nie. Hoop is vir jou lewe ewe noodsaaklik as lug en

water. Jy het hoop nodig om aan die gang te bly. As jy wil hê jou lewe moet trefkrag hê, moet jy dit fokus. Ja, jy word op die ewigheid voorberei as jy jou doel ken. Baie van julle bestee jul lewens daaraan om 'n durende erfenis op aarde te skep. Julle wil onthou word as julle nie meer hier is nie. Wat egter oplaas die meeste saak maak, is nie wat mense oor jou lewe sê nie, maar wat Ek sê: "Eendag gaan jy voor My staan, en Ek gaan 'n oudit van jou lewe uitvoer, as 'n eindeksamen voordat jy die ewigheid binnegaan." Elkeen van julle sal dus oor julleself aan My rekenskap moet gee. Gelukkig wil Ek hê julle moet die eksamen slaag.

Wat het jy met My gedoen? Ek gaan nie oor jou kerkverband of menings oor doktrine uitvra nie. Al wat gaan saak maak, is of jy aanvaar het wat Ek vir jou gedoen het, en of jy geleer het om My lief te hê en te vertrou. Wat het jy gedoen met wat Ek jou gegee het? Wat het jy met jou lewe gedoen – al die gawes, talente, geleenthede, energie, verhoudings en hulpbronne wat Ek jou gegee het? Het jy dit aan jouself bestee, of het jy dit gebruik vir die doel waarvoor Ek jou gemaak het?

Dit sê Ek vir julle, julle hemelse Vader, wees lief vir My, want Ek is lief vir jou.

Amen.

# Openbaring 95

### DWING HULLE IN.

*22 Desember 2007 om 02h00*

Die Bybel mag die mees gelese boek in die geskiedenis wees, maar Hy mag dalk ook kwalifiseer as die boek wat die meeste misverstaan is.

Die Bybel is die boek met die mees ongehoorde boodskap van vreugde. Dat Ek julle die ewige hel vrygeskeld het om My ontwil. Maar miljoene mense het van die Bybel 'n tweede Koran gemaak, 'n geraffineerde wet wat die voorskrifte bevat oor hoe om in die hemel te kom. Dan is die Bybel nie meer die boodskap van blydskap nie, maar van knegskap: die mees korrekte formule om 'n kameel deur die oog van 'n naald te probeer kry.

Een van die raarste voorbeelde van die verkeerd vertolk van die Bybel is die uitleg wat rondom die Middeleeue aan Lukas 14:23 gegee is: "Dwing hulle om in te kom." Anankason eiselthein. Die Roomse Kerk het in sy Bybel gelees: Compelle intrare en dit gebruik om sy brandstapels te regverdig.

Intussen is dit die hele evangelie in twee woorde. Ek het 'n maaltyd gereël, die fees van die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde. Maar My spesiale gaste wou toe nie kom nie. Hulle was te besig. Toe het Ek My boodskappers uitgestuur na die strate van die stad om die armes en die blindes en die verminktes en die kreupeles in te nooi. Die mense sonder enige meriete of aanspraak. As hulle die hasepad kies omdat hierdie lyfeienes hulle nie kan voorstel hoe hulle vodde by My maaltyd kan aansit nie, moet julle hulle dwing om in te kom.

Ek, julle Vader, hoop dat julle die diep klank van My genadige liefde in hierdie verhaal en woorde kan hoor. Ek, wat Israel uit die slawehuis uitgelei en uitgedra het, toe hulle wou terug na die vleispotte van Egipte. Ek wat so volhardend met My begeesterde liefdeswoorde aan die deure van julle harte klop dat julle oplaas nie anders kan as om oop te maak en deur My liefde oorrompel te word nie.

So het Ek julle met My onweerstaanbare Gees My koninkryk ingedwing.

Hoe absoluut verregaande om die feesgangers en julself op die skouer te klop. Hoe ongelooflik aaklig om iemand op 'n pynbank op sterkte hiervan te martel. Hoe onuitputlik die troos in julle diepste twyfel as julle teen julle eie tekortkominge en struikelings vaskyk: Ek het die wat niks het nie, uitverkies om die wat iets is, te beskaam. Sal die niksnutte dan nikswerd bly? Nee hoe kan hulle. Hulle sal lewenslank die getroue slawe word van My wat hulle vrygemaak het; wat hulle selfs as My kinders en erfgename

aangeneem het. Julle sal daarteen waak dat die duiwel regkry om julle van julle genadige intog in die koninkryk te laat vergeet. Daarom sal julle daarteen waak om onverskillig te word. Maar julle sal ook daarteen waak om geestelik hoogmoedig trots op julleself te raak.

Amen.

# Openbaring 96

### AANVAAR JOU OPDRAG.

*24 Desember 2007 om 02h45*

Nee, Ek het jou gemaak wat jy nou is: Ek het jou geskep om jou lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Ek jou bestem het.

Jy is op aarde geplaas om ‘n bydrae te maak.

Jy is nie net geskep om hulpbronne te verbruik, met ander woorde om te eet, asem te haal en ruimte in te neem nie. Ek het jou ontwerp om met jou lewe ‘n verskil te maak. Jy is geskep om lewe by die aarde te voeg, nie net om iets te neem nie. Ek wil hê jy moet iets teruggee. Wanneer jy ander mense op enige manier dien, dien jy My, en vervul jy een van jou doele. Jy is vir ‘n spesiale sending op hierdie aarde geplaas.

Jy is gered om My te dien. Die Woord sê: “Ek het jou gered en geroep om aan My toegewy te wees. Dit het Ek gedoen, nie op grond van jou dade nie, maar op grond van My eie besluit en die genade wat Ek van ewigheid af in My aan jou geskenk het.” Ek het jou verlos sodat jy My “heilige werk” kan doen. Jy is nie deur diens gered nie, maar vir diens. Dit het My eie lewe gekos om jou verlossing te koop. Julle is gekoop en die prys is betaal. Julle moet My dus in julle liggame verheerlik. Deur die verlossing is jou verlede vergewe, het jou hede betekenis, en is jou toekoms verseker.

‘n Heilige lewe beteken dat jy My werk met ‘n glimlag doen. Ek wil jou gebruik om ‘n verskil in die wêreld te maak. Ek wil deur jou werk. Die belangrikste is nie hoe lank jou lewe duur nie, maar hoeveel daarvan jy skenk. Nie hoe lank jy geleef het nie, maar hoe jy geleef het.

Aan elkeen van julle is ‘n genadegawe gegee volgens die mate waarin Ek die gawes uitgedeel het. Jy kan ook nie kies watter gawe jy graag wil hê nie. Ek bepaal dit. Omdat Ek baie hou van verskeidenheid, en wil hê jy moet spesiaal wees, word geen enkele gawe aan almal uitgedeel nie. Geen individu ontvang ook al die gawes nie. Jy het jou sielsgawes nie vir jou eie voordeel gekry nie, maar vir ander mense se voordeel, net soos ander mense gawes vir jou voordeel gekry het.

Onthou, Ek het jou gemaak wat jy nou is: In My het Ek jou geskep om jou lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Ek jou bestem het. jy is My handgemaakte kunswerk. Jy is ‘n pasgemaakte, eenmalige, oorspronklike meesterstuk.

Moenie net ‘n “lekker lewe” probeer behaal nie, want ‘n lekker lewe is nie goed genoeg nie. Op die ou einde bevredig dit nie. Jy kan baie hê om van te leef, maar min om vir te leef. Reik eerder na “die beter” lewe – deur My so te dien dat dit jou hartsbegeerte uitdruk. Stel vas wat jy die graagste doen – waarvoor Ek jou ‘n hart gegee het – en doen dit tot My glorie.

*03h30*

Al maak julle hoeveel planne, wat Ek besluit staan vas.

Amen.

# Openbaring 97

### DIE REDE VIR ALLES.

*25 Desember 2007 om 00h05*

Dis alles vir My.

Die einddoel van die heelal is om die glorie van My duidelik te maak. Dit is die rede vir alles wat bestaan – ook jy. Ek het alles vir My heerlikheid gemaak. Sonder My heerlikheid sou daar niks gewees het nie.

Waar is My heerlikheid? Kyk maar net om jou heen. Alles wat Ek geskep het, weerspieël My heerlikheid op die een of ander manier. Julle sien dit orals, van die kleinste mikroskopiese lewensvorm tot die grootste Melkweg, van sonsondergange en sterre tot storms en seisoene. Die skepping toon My, die Skepper, se heerlikheid.

Julle sien My heerlikheid die beste in My. Ek, die Lig van die wêreld, belig My glorie. Ek het aarde toe gekom sodat julle My heerlikheid heeltemal kan verstaan. Die Woord het mens geword en onder julle kom woon. Julle het My heerlikheid gesien ... vol genade en waarheid. Julle kry egter die opdrag om My heerlikheid te erken, My heerlikheid te eer, My heerlikheid te verklaar, My heerlikheid te loof, My heerlikheid te weerspieël en vir My heerlikheid te leef.

Aanbidding is julle eerste verantwoordelikheid teenoor My. Julle aanbid My deur in My 'n behae te hê. Ek wil hê julle aanbidding moet deur liefde, danksegging en vreugde gemotiveer word, nie deur pligsgevoel nie. Aanbidding is veel meer as prys, sang en gebede tot My. Aanbidding is 'n lewenstyl van 'n behae in My, liefde vir My. Die Woord sê: "... stel elke deel van julle liggame in diens van My as werktuig om te doen wat Ek wil."

Dit is jou verantwoordelikheid om te leer liefhê soos Ek liefhet, want Ek is liefde, en dit is tot My eer. Ek het gesê: "Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is." Wanneer julle deel van My familie word, wil Ek hê julle moet geestelik volwasse word. Geestelike volwassenheid is om soos Ek te word in hoe julle dink, voel en optree.

Ek het julle elkeen uniek geskep, met talente, gawes, vaardighede en vermoëns. Ek het julle, julle vermoëns nie vir selfsugtige redes gegee nie. Dit is vir julle gegee sodat ander daarby kan baat, net soos ander mense vermoëns gekry het wat tot jou voordeel is. Ek wil nie hê My liefde en doelwitte moet geheim bly nie. Wanneer julle die waarheid ken, moet julle dit met ander deel. Dit is 'n groot voorreg – om ander mense aan My bekend te stel, hulle te help om hul doel te ontdek, en hulle op hul ewige lotsbestemming voor te berei.

As jy die res van jou lewe tot eer van My wil leef, gaan jou prioriteite skedule, verhoudings en sommer alles moet verander. Dit beteken jy sal soms die moeilike pad moet kies, pleks van die maklike een. Gaan jy vir jou eie doelwitte, gemak en plesier leef, of gaan jy My vir die res van jou lewe verheerlik, in die wete dat Ek ewige belonings belowe het?

Dis tyd om die kwessie op te klaar. Vir wie gaan jy leef – jouself of vir My? Ja, jy huiwer miskien, en wonder of jy die krag sal hê om vir My te lewe. Moenie bekommerd wees nie. Ek sal jou gee wat jy nodig het, solank jy besluit om vir My te leef. Op hierdie oomblik nooi Ek jou uit om tot My verheerliking te leef deur die doel te vervul waarvoor Ek jou gemaak het. Dis eintlik die enigste manier om te leef. Enigiets anders is maar blote bestaan. Die ware lewe begin wanneer jy jou volledig aan My toewy.

Glo eers. Glo dat Ek jou liefhet en jou vir My doel gemaak het. Glo dat jy geen toeval is nie. Glo jy is gemaak om vir altyd te lewe. Glo dat Ek jou gekies het om 'n verhouding te hê met My wat vir jou aan die kruis gesterf het. Glo dat Ek jou vergewe, al het jy ook al wat gedoen.

Ontvang dan. Ontvang My in jou lewe as jou Meester en Verlosser. Ontvang My vergifnis vir jou sondes. Ontvang My Gees, wat jou die krag sal gee om jou lewensdoel te vervul. Waar jy dit ookal lees, nooi Ek jou om die hoof te buig en die gebed wat jou ewigheid sal verander, saggies te bid. As jy daardie gebed opreg bedoel het – geluk! Welkom by My familie.

Ek sal jou alles gee wat jy nodig het, wees net lief vir My en ontvang My as jou Verlosser.

Amen.

# Openbaring 98

### WAT IS JOU LEWENSBESKOUING?

*24 Desember 2007 om 22h00*

Hoe jy jou lewe beskou, bepaal jou lewe. Hoe jy jou lewe omskryf, bepaal jou lotsbestel. Jou perspektief sal beïnvloed hoe jy jou tyd en jou talente gebruik en jou verhoudings waardeer. Een van die beste maniere om ander mense te verstaan, is om vir hulle te vra: "Hoe sien jy jou lewe?" Jy sal ontdek daar is soveel verskillende antwoorde op daardie vraag as wat daar mense is. Mense sê die lewe is 'n sirkus, 'n mynveld, 'n wipwarit, 'n raaisel, 'n simfonie, 'n reis en 'n dans. Mense het al gesê: "Die lewe is 'n rondomtalie; soms is jy bo, soms is jy onder, en soms draai jy maar net in die rondte," of "die lewe is 'n tienspoedfiets met ratte wat julle nooit gebruik nie," of "die lewe is 'n kaartspel; jy moet maar met die hand speel wat iemand jou deel."

Watter beeld sal by jou opkom as Ek jou moet vra om die lewe te beskryf? Daardie beeld is jou lewensmetafoor. Dis jou bewustelike of onbewustelike beeld van die lewe in jou kop. Dis jou beskrywing van hoe die lewe inmekaar steek en wat jy daarvan verwag. Mense druk hul lewensmetafore dikwels in klere, juweliersware, motors, haarstyle of selfs tatoeëermerke uit. Wat is jou lewensbeskouing? Jy grond jou lewe miskien op 'n verkeerde lewensmatafoor. Om die belofte te vervul waarvoor Ek jou gemaak het, moet jy die algemene beskouing uitdaag en dit met Bybelse metafore vervang. Die Woord sê: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat Ek julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat My wil is, wat vir My goed en aanneemlik en volmaak is.

Ek toets julle karakter, geloof, gehoorsaamheid, liefde, integriteit en lojaliteit gedurig. Die lewe op aarde is 'n tydelike toets, ja, die hele lewe is 'n toets. Jy word altyd getoets. Ek hou gedurig dop hoe jy op mense, probleme, sukses, konflik, siekte, teleurstellings en selfs die weer reageer! Ek hou selfs die eenvoudige dinge dop, byvoorbeeld wanneer jy 'n deur vir iemand oop hou, 'n stukkie rommel optel, of selfs wanneer jy hoflik teenoor jou medemens optree.

Julle weet nie watter toetse Ek alles vir jou beplan het nie, maar op grond van die Skrif kan julle sommige voorspel. Jy gaan deur groot veranderings, uitgestelde beloftes, onmoontlike probleme, onbeantwoorde gebede, onverdiende kritiek en selfs sinnelose tragedies getoets word. Wanneer jy verstaan dat die lewe 'n toets is, besef jy dat niks in jou lewe onbeduidend is nie. Selfs die kleinste insident is vir jou karakterontwikkeling van belang. Elke dag is 'n belangrike dag, en elke sekonde 'n groeigeleentheid om jou karakter te verdiep, liefde te openbaar, of van My afhanklik te wees.

Die goeie nuus is dat Ek wil hê jy moet die lewenstoetse slaag, dus sorg Ek dat die toetse wat jy moet aandurf, nooit groter is as die genade wat Ek jou gee om hulle baas te raak nie. Die Woord sê: "God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo jul kragte versoek word nie; as die versoeking kom sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan." Elke keer dat jy 'n toets slaag, sien Ek dit raak, en dan maak Ek planne om jou in die ewigheid te beloon.

Julle tyd op aarde, en julle energie, intelligensie, geleenthede, verhoudings en hulpbronne is almal gawes van My wat Ek aan julle sorg en bestuur toevertrou het. Julle is die bewaarders van wat Ek julle ook al gegee het. Die begrip van rentmeesterskap begin met die besef dat Ek alles en almal op aarde besit. Julle besit eintlik nooit iets tydens julle kort verblyf op aarde nie. My eerste taak vir die mens was

om My goed op aarde te bestuur en op te pas. Die rol is nooit teruggetrek nie. Dis vandag nog deel van julle doel. Alles wat julle geniet, moet beskou word as vertroue wat Ek in julle gestel het.

Aan die einde van jou lewe op aarde sal jy beoordeel en beloon word na gelang van hoe goed jy dit wat Ek aan jou toevertrou het, opgepas het. Dit beteken dat alles wat jy doen, selfs daaglikse sleurwerkies, ewige implikasies het. As jy alles soos 'n trust behandel, belowe Ek jou drie belonings in die ewigheid. Eerstens sal jy bevestiging van My kry. Dan sal jy bevordering kry en in die ewigheid groter verantwoordelikheid kry: "Ek gaan jou oor baie dinge aanstel. Dan word jy met 'n viering beloon, kom deel in My vreugde. Die lewe is 'n toets, en hoe meer Ek jou gee, hoe verantwoordeliker moet jy optree.

Sien die lewe uit My perspektief.

Amen.

# Openbaring 99

### ARBEIDSVREUGDE EN ARBEIDSTROTS

*26 Desember 2007 om 11h30*

Arbeidsgehalte hang noodwendig af van arbeidstoewyding. Die resultaat is altyd arbeidstrots en arbeidsvreugde – eienskappe wat besig is om soek te raak. Dit word ontdek as jy alleen jou hart in die werk sit wat jy doen. Jy moet in jou lewensbouwerk nie jou eie krag oorskat nie, maar jy moet steeds kan getuig: "Ek is tot alles in staat, deur Hom wat my krag gee." Werk is noodsaaklik vir sukses in die lewe; daar is geen kortpad na sukses nie. Sukses is geloof met opgerolde moue. Dan is jou hart in die werk. Jy moet geen illusies koester oor die eise van jou taak nie, maar as jy dit doen met die inset van jou beste en edelste, is alles moontlik.

Jou hart was in die werk, daarom kon jy onder moeilike omstandighede volhard. Kyk, die vyand is gedug en die probleme lyk soms onoorkomelik. Arbeidstoewyding is egter die antwoord wat elke probleem bekamp.

Met jou hart in die taak wat vir jou gegee is, word die onmoontlike moontlik deur die genade van My, die Allerhoogste.

Amen.

# Openbaring 100

### TOLLENAAR OF FARISEËR.

*27 Desember 2007 om 08h45*

Kyk, daar is gesê: "Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want Ek weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Ek genade."

Nederigheid is een van die belangrikste genadegawes van My aan My kinders. Dit is ook die fondament van 'n edel karakter. Ja, selfverheffing bring vernedering, wie nederig is, het wysheid. Kyk, julle word opgeroep om ootmoedig en opreg te wandel met My. Ja, Ekself was die volmaakte verpersoonliking van nederigheid. My geboorte, My lewe en My sterwe was een groot daad van nederigheid. Ek het nie alleen in die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Lukas 18:9-14) hoogmoed streng veroordeel nie, maar nederigheid treffend gedemonstreer toe Ek die voete van My dissipels gewas het.

Ootmoed en nederigheid beteken om altyd innig bewus te wees van julle afhanklikheid van My. ‘n Hoogmoedige mens is ‘n produk en pronkstuk van Satan. Slegs volle oorgawe aan My breek die trots en hoogmoed in julle lewe en gee aan julle ‘n rustige en gebalanseerde persoonlikheid.

Wanneer julle in ootmoed op julle aangesig voor My is, skenk Ek aan jou My rykste seëninge. Onthou die woorde: “Ek moet meer word en jy minder”

Amen.

# Openbaring 101

### HOE OORWIN EK MY VRESE.

*27 Desember 2007 om 11h30*

Siekte maai sy duisende af, maar vrees sy tienduisende! Van die grootste ellendes van die mensdom het sy oorsprong in die vrees vir probleme, eerder as in die probleme self. Dit verlam jou gees, breek jou weerstand af, ontwapen jou in die stryd, maak jou onbekwaam vir jou lewenstaak en veroorsaak angs. Om vrees te oorwin moet jy onkreukbaar soek na waarheid, wat nie progagande is nie en wanneer jy dit vind, moet jy dit van harte en met oorgawe dien, afgesien van die gevolge. Dit beteken dat jy sal moet kant kies vir die waarheid. Jy sal moet doen wat gedoen moet word en nie wat jy graag wil doen nie! Te alle tye en onder alle omstandighede moet jy regverdig en eerlik wees. Jy moet die vermoë ontwikkel om beslis “nee!” te sê, hoe moeilik dit ook mag wees. Die verleier wyk vir niks anders as ‘n biddende en besliste “nee!” nie.

Beproewinge en teleurstellinge moet met ‘n kalme waardigheid ontmoet, verwerk en in My Naam oorwin word. Selfs jou neerlae mag jou nooit in selfbejammering laat verval nie. Bly op jou knieë, want hy wat op sy knieë is, kan nie struikel nie en hierdeur bou jy die spiere van jou liefde, wat jou help om die vrees uit te drywe.

Die wat uit vrees nie aan My getrou kan bly nie, sal ook nie aan My getrou wees nie! Kyk, Ek suiwer jou liefde, sodat jou liefde vir My jou vrees kan oorwin.

Wees lief vir My.

Amen.

# Openbaring 102

### BLYMOEDIGE GELOWIGES.

*27 Desember 2007 om 22h04*

Baie mense beskou hulle godsdiens as ‘n sware en soms selfs ondraaglike las. Julle frons maklik oor enige sweem van lighartigheid in geestelike sake. Julle buk met somberheid onder die sware las van julle gelowige gewete. Ek het dit ongetwyfeld nie so bedoel nie.

Die gelowige se geloof behoort vir hom ‘n vreugdevolle ervaring te wees. Ek, jou Vader, skep behae in en stel belang in jou lewe. Ek is bly wanneer jy bly is; Ek vertroos jou in droefheid en smart; Ek ondersteun jou wanneer die las vir jou te swaar word; Ek help jou wanneer jy oor struikelblokke val; Ek geniet jou suksesse soos wat jy dit self geniet. Christenskap neem nie die blydskap en vreugde uit die lewe weg nie. Inteendeel, dit plaas juis die blydskap in jou lewe terug. Deur jou gemeenskap met My, jou lewende Vader, besef jy daagliks die seën van My teenwoordigheid. Hoe meer jy My loof en dank, hoe meer blydskap put jy uit jou geestelike lewe.

Blydskap is ‘n vrug van die Heilige Gees. Jou oorgawe en toewyding behoort sodanig te wees dat die vreugde van My langs die hele linie van jou lewe af tot openbaring kom. Dan word elke dag ‘n vreugdevolle Christenfees.

Een van die heerlike waarhede van die evangelie is dat Ek altyd beskikbaar is vir My volgelinge wat My nodig het. Ja, dis ‘n troosryke wete in die sterwensdae van die jaar wat tot ‘n einde kom, wanneer daar dikwels ‘n onverklaarbare weemoed in jou hart is. Die troosryke waarheid is dat Ek jou liefdevolle Meester is net waar jy is, en dit lei tot blydskap. Terwyl jy streef om My beter te leer ken en probeer om deur jou twyfel en onsekerheid te breek, is Ek met jou in jou stryd. Kyk, Ek sê: “Hou op om met jou selfgemaakte twyfel en vrees te worstel en kom na My toe. Ek is die Een wat aan jou rus en vrede en blydskap sal gee.” Julle weet as gelowiges dat as julle hierdie genadige uitnodiging aangryp, julle al die troetelsondes wat deel van julle lewe geword het, sal moet aflê.

Die basis van jou Christenskap is dat jy My as jou lewende Heiland moet aanvaar. Daarsonder het jou geloof geen fondament nie en kan jy dit nie in die onbekende nuwe jaar uitwaag nie. Saam met My aanvaar jy ook die Heilige Gees. Deur die werk van die Heilige Gees word jy bewus van My teenwoordigheid met elke tree wat jy sal gee.

As julle waaksaam en oplettend is, openbaar Ek Myself voortdurend aan jou en sal jy jou verbly in alles wat met jou gebeur. Dien My met ‘n blymoedige gees en wees lief vir My.

Amen.

# Openbaring 103

### JOU REDDING HET GEKOM.

*28 Desember 2007 om 02h10*

Ek het gekom om te soek en te red wat verlore is, en aan almal wat My aangeneem het, het Ek die reg gegee om kinders van My te word. Glo jy dit? Glo jy dat Ek kom tot waar jy bekommerd en verslae staan oor jou eie sonde? Ek kom na jou toe met My hande vol genade en vergiffenis en seën; Ek kom om jou droefheid in blydskap te omskep. Dis by uitstek die fees van verlossing, want jou Redder het gekom! As julle vreugde in die ware sin van die woord wil beleef, moet Ek met My verlossing en vrede in jou hart aankom en daar intrek neem. Kyk, Ek is liefde; wie in die liefde bly, bly in My en Ek bly in hom. Liefde vir My veronderstel gehoorsaamheid aan My en die oopstel van jou hele lewe aan die invloed van My Heilige Gees. Ek moet heers oor elke aspek van jou lewe en sentraal staan in jou denke en dade. Ek is liefde!

Toe Ek jou geroep het om My kind te word en jy het met blydskap op My roepstem gereageer, het daar vir jou ‘n nuwe lewe begin. Jou sondes is vergewe en jy staan in ‘n heel nuwe verhouding tot My. Deur My genade kry jy deel aan My koninkryk. Omdat My Gees nou in jou woon en werk, het daar ‘n volkome omwenteling in jou gedrag teenoor mense en in jou totale lewenswyse gekom. Dit herinner jou weer daaraan dat jy die lewe met vertroue en sonder vrees tegemoet kan gaan. Jou Vader is die Koning van alle konings. Dat Ek jou liefhet en vir jou omgee, behoort aan jou innerlike vrede te gee. Die vaste vertroue dat Ek jou veilig sal lei as jy My gehoorsaam en aan My wederliefde gee, behoort jou troos in die lewe te wees. Ek nooi jou deur My om My “Vader” te noem.

Ek bevry jou van vrees en vervang dit met jubelende blydskap. Ja, My liefde dryf die vrees uit, want die oorsaak van vrees, die sonde, is oorwin deur My. In elke vreesaanjaende lewenstorm is Ek met julle. Vir ‘n tyd lank verlaat julle, soos in ‘n heerlike droom, julle voorspelbare lewenspad en bewandel die pad van ryke verbeelding, verwondering en opwindende vreugde, terwyl julle onbevange juig oor die matelose liefde van My.

Kyk, jy moet ook soos Simeon leer om op My te wag, na My stem te luister, sodat jy My heerlike gawes kan ontvang. Jy moet weet: Ek is ook daar vir jou. Dit is geloof: Om altyd die onsienlike te sien. Ja, jy

ontvang My liefde, My verlossing, My bloed, My liggaam, alles wat nodig is vir jou saligheid en jou redding.

Die koms van My na hierdie wêreld was die finale en onbegryplike bewys dat Ek omgee.

Julle Vader wat julle oneindig liefhet.

Amen.

# Openbaring 104

### VREDE IN DIE STORM.

*28 Desember 2007 om 03h20*

As jy jou gedagtes toelaat om te broei op dit wat vandag in die wêreld gebeur, loop jy gevaar om vasgevang te word in ‘n maalstroom van haat, bitterheid, vrees en allerlei negatiewe dinge. Dit is gewis nie wat Ek van jou verwag nie.

Om jou in staat te stel om stewig te staan te midde van die veranderde tye en om persoonlike vrees te bowe te kom te midde van oorloë en gerugte van oorloë, het Ek Myself as wonderlike gawe aan jou gegee. Ek gee aan jou My ewigheid; omdat Ek liefde is, plant Ek My liefde in jou hart en gee aan jou die kalme versekering dat hierdie liefde nooit vernietig kan word nie; selfs nie eens deur die gekombineerde magte van haat nie.

Wanneer ontstellende invloede dreig om jou geloof te laat wankel, stel Ek jou in staat om te glo dat alles ten goede meewerk vir julle wat My liefhet. As jy jou energie op My fokus en jou lewe aan My oorgee, sal My vrede te alle tye en onder alle omstandighede jou heerlike besit wees. Ja, en hierdie vrede is die direkte uitvloeisel van vertroue op My. Wanneer jou geloof in My groter is as jou geloof in enigiets anders, besit jy ‘n innerlike ewewig en kalmte wat ‘n stabiliserende krag in jou lewe is. Plaas My eerste in alle dinge, en jy sal My vrede en vreugde ken selfs in die veeleisende omstandighede van jou lewe. Amen.

*28 Desember 2007 om 04h00*

As jy ware vrede wil geniet, sal jy daaraan ‘n siel moet gee. Die siel van vrede is liefde en liefde kom alleen van My, en kom tot uitdrukking in jou liefde vir jou medemens. En met My Liefde as die middelpunt van jou lewe sal jy geen storms vrees nie, al groei hulle tot orkaansterkte.

Dit sê Ek, julle liefdevolle Vader in die hemele.

Amen.

# Openbaring 105

### DIE SON SKYN, MAAR EK IS BLIND.

*28/12/2007 om 21h30*

Kyk, die son staan in glorie en majesteit hoog in die hemelboog, ver en ongenaakbaar is sy heerskappy. Die oog kan nie onbeskermd daarna kyk sonder om verblind te word nie. Soos die son is Ek, julle hemelse Vader. Hoog verhewe bo die aardse rumoer heers Ek oor die wêreld. Al probeer jy jou oë teen My glans beskerm, Ek bly steeds daar. Soos die son wat met sy koesterende strale lig, warmte en groei bring, so kom Ek in die tyd na julle. Maar anders as die son, is Ek in My onaantasbare heerlikheid tog ook naby julle.

Julle kan nie na die son toe gaan nie, maar die son kan na julle toe neerdaal. Ek stuur My lig om julle donker verstand te verlig, julle koue harte te verwarm en die nag van julle sondes in 'n genadedag te omskep. In My daal die Son van geregtigheid tot julle neer. Lig uit Lig. Daar is soveel wat verdwaal is in die duister gange van die sonde. Die son skyn, maar julle is blind, ja Ek skyn, daar is genesing in My strale. Ek neem julle krankhede op My en dra julle smarte. Julle moet nou teruggaan na die alledaagse lewe en die lig wat julle van My ontvang het, in 'n duister wêreld gaan uitdra.

My werk wat in vernedering begin is, sal voltooi word wanneer Ek weer in heerlikheid sal kom om die oes in te samel. My aardse pad sou 'n pad deur die dieptes wees, sodat Ek die verlore mensheid kon ophef tot die hoogtes van verlossing en salige kindskap.

So roep Ek en soek Ek: Ek roep na julle met 'n ster; Ek roep julle met engelekore. My sondaarsliefde gee aan julle sterre om julle te lei en julle dank My vir die sterre. Maar julle mag nie in verwondering by die sterre bly staan nie. Dis maar die begin van die verlossingsweg. Julle moet van die ster na die Woord gaan; van die woord van My in die natuur, na die woord van My in die skrif. Die ster is dus ondergeskik aan die Woord. Emosie en romantiek verdamp en die Woord van My triomfeer. So is die finale reis altyd 'n reis op grond van My Woord.

Die verstommendste waarheid is dat Ek julle liefhet. Ek is liefde, en Ek het julle lief met 'n liefde wat altyd omgee, net die beste en kosbaarste. Ek het julle ook lief met 'n liefde wat vergewe en versorg. Die liefde moet in julle alledaagse lewe seëvier. Nie net met woorde nie, maar met liefdesdade. Daarom mag julle ook nie as My volgelinge, suigelinge in die geloof bly of bly vassteek nie. Julle moet groei tot geestelike volwassenheid. Julle moet gaan vertel van die wonder van liefde: Vergiffenis, genade en vrede.

Die poort staan altyd oop vir elkeen wat toegang soek: die is die liefdeswaarheid van vandag. Ek het julle nie lief omdat julle kosbaar is nie; julle is kosbaar omdat Ek julle liefhet. As jy ware vreugde wil beleef, moet Ek in jou lewe gebore word en jy moet My in die sentrum van jou ganse lewe plaas.

Amen.

# Openbaring 106

### VERLORE KANSE

*28/12/2007 om 23h00*

Daar is min mense wat kan beweer dat hulle geen selfverwyte oor verlore kanse van een of ander aard gehad het nie, selfs kanse om 'n goeie daad te doen, of 'n bemoedigende woord te spreek. Daar gaan byna nie 'n dag verby sonder dat aan jou kanse gegee word om iemand te bemoedig wat terneergedruk is, iemand te vertroos wat diepe droefheid deurmaak, of eenvoudig om 'n versterkende woord uit te spreek nie .

Om bewus te wees van die nood van ander en om jou beste te doen om daardie nood te lenig, is een manier om berou en selfverwyt te ervaar, wanneer dit te laat is om enigiets daaromtrent te doen. Om van iemand weg te draai wat jou hulp en meegevoel nodig het, verarm jou meer as vir hulle. Dit is een van die lewensreëls dat jy nie sonskyn in die lewe van ander kan bring, sonder dat die strale jou weldadig koester nie. Om jouself te gee in liefde en diens aan ander is die voorreg van hulle wat dissipels van My, julle Meester, is en dit is 'n seker manier om 'n dieper verhouding met My te bou.

Moenie aanhoudend oor jou skouer terugkyk en verlore kanse in herinnering roep nie. Werp jou met entoesiasme in die diens van ander, uit dankbaarheid vir My groot liefde aan jou.

Hy wat weier om 'n geleentheid aan te gryp, verloor die prys.

Amen

# Openbaring 107

### GEE AAN MY GEDULD.

*29/12/2007 om 01h15*

Somtyds storm julle halsoorkop en onnadenkend in ‘n onderneming in, net om diep teleurgestel te word omdat jou planne nie uitwerk nie. Dis ‘n skrale troos om dan te weet dat jou ondervinding nie uniek is nie. Baie van julle betaal ‘n duur prys vir julle impulsiwiteit. Gevolglik is dit so dat julle moedeloos raak, julle selfvertroue verloor en julle entoesiasme kwyn.

Die oorsaak van hierdie toestand is jou onvermoë om jou probleme aan My voor te lê en dan geduldig te wag op My leiding. Dit is oor en oor in die skrif en in die geskiedenis bewys dat My tydsberekening en metodes volmaak is. Julle sien slegs die tydelike toneel, terwyl Ek ‘n ewigheidsperspektief het. Julle is verbonde aan die hier en nou, terwyl Ek vir julle die ewigheid oopmaak.

Voordat jy enige besluit neem, of enige plan begin uitvoer, lê eers die saak in gebed aan My voor en vra vir die leiding van die Heilige Gees. Wag geduldig en nederig op My en wees sensitief vir die stem van die Heilige Gees. Jy sal wel bewus word dat Ek jou op ‘n besondere pad lei. Loop dan daardie pad in die geloof met die wete dat Ek alles ten goede laat meewerk vir julle wat My liefhet en dien.

Julle moet op My wag, lank, nederig, in wind en reën, in koue en donker. Wag en Ek sal kom, ja Ek sal kom.

Wees lief vir My, julle Hemelse Vader.

Amen.

# Openbaring 108

### LAAT ONS JUBEL

*30/12/2007 om 21h30*

Laat julle jubel in die wete dat Ek, Elohim, ‘n mens geword het. Sodat mense versoen met My en My, julle Elohim, weer Vader kan noem. Mag die vrede waarvan die engele gesing het, nie vir julle slegs ‘n ydele droom of ‘n onmoontlike ideaal wees nie, maar ‘n heerlike werklikheid tot eer van My, julle Elohim.

Julle moet My aanbid as die bron van alle ware wysheid en kennis. As julle My liefhet, sal julle My opdragte uitvoer. Kyk, liefde is volmaak; dit het geen gebreke nie. Al die gebreke word veroorsaak deur ‘n gebrek aan liefde. Wees lief vir My, julle Elohim.

Amen.

# Openbaring 109

### HOE KEN EK DIE REGTE PAD?

*30/12/2007 om 22h08*

Wie sal nog in die donker hoef rond te tas as Ek, Elohim, julle wegwyser wil wees? Daar is weiniges onder julle wat nie op een of ander tydstip van julle lewe verdwaal het nie. Gewoonlik omdat julle ‘n napaadjie gevat het. Die waarskuwing is: “Moet nooit ‘n napaadjie neem nie, want daar is ‘n rede waarom die grootpad (regte pad) nie daarlangs loop nie.” Dan is julle grootste behoefte ‘n padkaart of ‘n

vriendelike helper om julle weer op die regte pad te bring. As julle weier om in sulke omstandighede raad aan te neem, kan julle, julle posisie net verder vererger.

Dit is ook met die lewe so. Deur heel die reis van die lewe heen moet julle elke beslissing wat julle maak, aan My, julle Elohim, voorlê. Al geskied dit deur stryd en wroeging, tog sal julle op die regte plek uitkom, solank as wat julle My Woord glo: ”Ek, julle Elohim, sal julle alles leer oor die pad wat julle moet loop.

Die vraag is of julle die hemelse padwyser, naamlik Ek, julle Vader, gaan volg of nie; of julle, julle deur My wil laat onderrig. Daar is ongelukkig soveel van julle wat dit nie wil laat doen nie, ook wanneer julle ewe vroom sê dat julle dit wil laat doen. Julle het dit dikwels in die verlede gesê en tog wil julle die Wegwyser nie in die grond voor julle geplant sien nie. Julle wil ongestoord julle eie pad loop. Is dit dan nie te verstaan dat julle teleurgestel en bedroë daarvan afkom nie?

Ek wil jou onderrig en die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en My oog oor jou hou. Ja, hierby is nog ‘n ander sterk trooswoord: “Ek sal My oog oor jou hou.” Sal dit vir julle tot hulp wees om te weet dat My oog op julle rus? Wag dan in stilte van My teenwoordigheid, op My, om aan julle leiding te gee, sodat jy kan seker wees dat jy nie alleen is nie, want Ek, julle Vader, sal daar wees en wag om jou op die regte pad te lei. Ek let op die pad wat jy loop. Mag die gedagte daaraan julle behoed van afdwaling op ‘n verkeerde pad en die uitvoer van verkeerde dade of woorde wat nie van liefde getuig nie.

EK Jahweh sal My oog op julle hou. Mag dit wat tot julle uitnemende troos bedoel is, nie vir julle ‘n bestraffing word nie.

Ek, Jahweh, sal julle altyd ondersteun en julle help om met blydskap jou pad te bewandel. Volg My!

Amen

# Openbaring 110

### JOU ONTWIKKELENDE GEBEDSLEWE

*30/12/2007 om 23h25*

Van die geestelike bagasie wat jy in die volgende tydperk met jou sal saamneem, is gebed een van die belangrikste komponente. Sommige van julle beweer dat gebed maklik is. Ander beweer dat dit moeilik is. Indien jy probeer om ‘n groeiende en betekenisvolle gebedslewe te ontwikkel, sal jy weet dat albei hierdie stellings korrek is.

Jy sit met die beste bedoelings van jou hart tyd opsy vir ‘n rustige tyd van gebed, maar net soos jy jou gereedmaak, oorval iets hierdie kosbare oomblikke: ‘n Telefoonoproep; ‘n klop aan die deur; ‘n skielike herinnering aan iets wat jy moes gedoen het. Wees verseker dat die duiwel geen steen onaangeroer sal laat nie om te voorkom dat jy bid. So sal die duiwel ook probeer om jou verder en verder van My, julle Elohim se beskermende liefde, weg te dryf.

Dit sal goed wees as jy hierdie dinge wat jou aandag aftrek, sal neem en hulle met jou gebede sal omvou. Sodoende sal jy uitvind dat jou gebedslewe groei en uitbrei. Neem die steurnisse wat die duiwel op jou pad bring en verander hulle in gebedsonderwerpe. Gebed is nie ‘n statiese krag nie, maar ‘n dinamiese, polsende krag wat aanhoudend gebruik moet word, as dit sy krag moet behou en die funksie moet vervul om jou in ‘n intiemer verhouding tot My te bring. Herlaai jou gebedsbatterye deur gedissiplineerde gebed en voel hoedat Ek, Elohim, weer in jou lewe aan die werk is.

My onveranderlike belofte aan My kinders was nog altyd – en sal altyd wees – dat, as julle net in gebed na My toe sal draai, Ek, Elohim, julle stem sal hoor en julle gebede sal verhoor. Kyk Ek beloof: “...Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.” Ek, die Almagtige Elohim, daag My kinders uit deur te sê: ”...Kom met julle hele hart terug na My toe... Skeur julle hart, nie julle klere nie. Kom terug na julle Vader en Elohim toe.”

Volhard in gebed, maar wees bly en dankbaar dat My antwoorde wyser is as jou gebede. Wat ookal jou bekommernisse mag wees, hoe desperaat die situasie ookal mag wees of lyk, draai in ernstige gebed na My, julle Elohim toe en aanvaar in dankbaarheid die hulp wat Ek jou belowe het.

Ja, gebed is die asemhaling van die wedergebore siel en daarsonder kan geen gelowige wees nie.

Wees lief vir My, julle hemelse Vader en Elohim.

Amen.

# Openbaring 111

**JOU GELOOF SAL GETOETS WORD.**

*31/12/2007 om 02h18*

Hoe sal die mens die toekoms sonder geloof kan aandurf? Om te glo, is om seker te wees van die ding wat julle hoop, om oortuig te wees van die dinge wat julle nie sien nie.

Die toets van jou geloof is die hoeveelheid liefde wat dit teenoor jou medemens gaan genereer, veral hulle wat 'n ander gesigspunt as jy het. So 'n liefde kan alleen sy wortels vind, nie in die ignorering van die leer of tradisie van hulle wat anders as jy dink nie, maar deur so naby aan My, die Messias, te lewe dat My liefde deur jou sal vloei.

Ja, baie dinge is in die sterwensdae van die ou millennium gesê en geskrywe oor die wêreld van vandag. Geweld ontplof en tekens van permissiwiteit, wetteloosheid en anargie word alledaags. Julle hoor dikwels die wekroep dat julle in die laaste dae leef en dat die wederkoms van My, die Messias, op hande is. Daar is sowaar waarheid aan hierdie voorspellings, en ten spyte van die feit dat chaos hoogty vier, mag julle nie My standaarde laat vaar nie. Die feit dat die wêreld in 'n desperate toestand is, gee nie aan die gelowige die reg of verskoning om die stryd teen die magte van die bose gewonne te gee nie.

Julle Christelike oorgawe is vir 'n leeftyd en dissipelskap moet beoefen word in mooi weer en in stormweer. Dit is jou plig om My Naam hoog te hou; om deur My krag vas te hou aan alles wat Ek jou geleer het en waarvoor My Naam staan, sodat wanneer Ek, jou Messias, weer kom, jy uit My Heilige Mond die woorde sal hoor: "...Mooi so!... Oor min was jy getrou, oor baie sal Ek jou aanstel. Kom in en deel in My vreugde!' "

Ja, in tye van stres en spanning hunker julle na meer geloof. Die feit is dat jy geloof het en dat jou behoefte nie aan meer geloof is nie, maar aan 'n verandering in die kwaliteit van die geloof wat jy reeds het. Miskien het jy vir 'n te lang tydperk geloof gehad in verkeerde dinge. Moontlik het jy meer geloof gehad in mislukkings as in sukses. Kyk, net die persoon wat vertroue en geloof in My, jou Elohim en in My plan vir die finale verlossing van die menslike geslag het, kan die toekoms met moed en kalmte van gees tegemoetgaan.

Om alles te ontvang wat geloof bied, moet jy dit as 'n voltydse taak en 'n toegewyde lewenswyse beskou en nie as 'n addendum om gerieflikheidshalwe te gebruik nie. 'n Toegewyde Christen moet ook 'n skrifgebonde Christen wees. Die gehalte van toewyding wat vereis word om 'n lewe van Christelike liefde te leef, vereis die krag wat alleen van die Heilige Gees verkry kan word en wat aan alle ware gelowiges geskenk word. Hierdie gesindheid word lewendig gehou deur gebed en bepeinsing en 'n konstante hunkering na 'n dieper ervaring met My, julle Elohim.

Dikwels verwar en ontstel jou lewensomstandighede jou en kan jy 'n besonderse situasie net nie verstaan nie. Jou gemoedsrus word skielik versteur deur vrees, siekte, dood en so baie ander negatiewe dinge. Dit kan so maklik gebeur dat jou geloof geskud word en die liefde van My, jou Elohim en die doel van jou geloof bevraagteken.

Dit is dan nou die tyd om jou persoonlike gedagtes opsy te skuif en jou vertroue volkome op My te plaas. Aanvaar dat Ek, jou Vader alle dinge ten goede laat meewerk vir julle wat My liefhet. Goed word vir die gelowige uit kwaad gebore. Uit die boosheid van Golgota het die oorwinning van die opstanding voortgevloei. Ek, jou Elohim, het 'n heilige doel met alles wat in jou lewe gebeur en op My geleë tyd sal dit aan jou openbaar word, ja dit sal aan jou geopenbaar word.

Geloof is die begin en die einde van liefde en Ek het besluit om by die liefde te bly. Kennis is 'n waarheid wat in die verstand gehandhaaf word; geloof is 'n vuur wat in die hart brand.

Wanneer die dae van toetsing kom, sal Ek, jou Elohim jou geloof versterk, sodat jy nie sal misluk om waarlik 'n getroue getuie vir My te wees nie.

Amen.

# Openbaring 112

### In veilige bewaring

*31/12/2007 om 03h00*

“Ek, Elohim is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ookal gaan... Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.”

Ja, hier lees julle van 'n heerlike allesomvattende belofte, as julle die ou dinge (sondes) agter julle plaas met sy skuld – en las, sy leed en teleurstellings, met sy donker dae en moeilike ure. Dan kan julle die sondes, wat tot sy einde gekom het vir jou, voor My afsluit en die nuwe onbekende tyd aan My genadige en liefdevolle hand binnestap.

Kyk, Ek praat met julle op baie maniere, hetsy deur die evangelie, die woord, deur My skryfknegte, ensovoorts, maar Ek praat die duidelikste met julle deur My Seun en deur My Woord. Met die Woord moet julle terugkyk op die pad waarlangs julle gekom het en My vriendelike lig afsmeek vir die pad wat voor julle uitstrek.

Nou mag julle, as gevolg van die ewige trou van My, julle Elohim, die nuwe toekoms betree met hierdie aankondiging van die evangelie – die blye boodskap – wat in julle ore bly naklink. Vir elke gelowige bestaan die gevaar dat jy selfvoldaan kan raak oor jou geloof. Dit is daarom goed om van tyd tot tyd terug te kyk op jou reis. Herinner jouself aan die bergtopervarings en die tye in die valleie. Herleef die tyd toe jy vervul was met ekstase in die teenwoordigheid van My; onthou daardie tye toe jy skynbaar alleen deur die valleie van wanhoop geloop het en skielik omring is deur die liefde van My.

Kyk, dit wat verby is, het vreugde gebring, maar ook smart; oorwinning, maar ook neerlaag; sonskyn, maar ook storms. Jy is vandag ryker as wat jy gister was, omdat jy iets van jouself aan ander gegee het; jou probleme in geleenthede omskep het. Ja, jy is vandag ryker, omdat jy tyd gemaak het om die handewerk van My, jou Elohim, raak te sien in die doodgewone dinge in die lewe.

Nou kom Ek, die Almagtige Elohim, en lees die vrees en bekommernis in julle oë en Ek praat met julle deur My skryfkneg soos Ek met Jakob, die eertydse swerweling gepraat het: Moenie bang wees nie. Ek is met jou. Ek sal jou beskerm. Ek sal jou nie verlaat nie. Ek hou jou in veilige bewaring! Wat Ek belowe het, sal Ek doen. Nie een van MY bemoedigende woorde sal onvervuld bly nie. Ek, jou Elohim, het dit gesê en elke belofte sal in jou lewe bewaar word as julle net op My wil wag.

Wanneer julle terugkyk, kan julle net sê: Ek, Jahweh was en is goed vir julle. My genade is onbeskryflik groot. Ja, Ek gee om vir elkeen van julle. En met My by julle, kan julle die pad aanhou loop.

Leef in die lig van My Woord

Amen.

# Openbaring 113

### MOENIE TERUGDRAAI NIE.

*31/12/2007 om 03h55*

Vir My dissipels was die lewe saam met My baie opwindend en hulle was getuies van baie van My magtige dade en wonderwerke. Ja, hulle was ook by My toe skares om My saamgedrom het om te luister wat Ek sê en leer.

Hulle entoesiasme het egter skielik begin te kwyn. Hulle het vir ‘n wyle tot stilstand gekom om te dink en twyfel het in hulle binneste begin knaag. Die opgewondenheid het plek gemaak vir kommer; in so ‘n mate dat baie besluit het om nie meer saam met My te wandel nie. Hulle het belangstelling verloor en weer teruggedraai na hulle ou lewens.

As jy eers die liefde van My in jou lewe ondervind het; as jy My krag in jou lewe ervaar het; as jy daagliks in My teenwoordigheid gewandel het en dan toegelaat het dat hierdie wonderlike gebeurtenis niks meer as pragtige herinneringe geword het nie, dan beleef jy waarlik ‘n groot tragedie.

Min mense is tevrede met hierdie ongelukkige situasie, want julle weet wat julle eenmaal besit het en julle word uitgedaag om te word wat julle eenmaal was. Dieselfde uitdagings konfronteer julle nog en die versoeking om om te draai is vir elke gelowige ‘n werklikheid. Intussen probeer die duiwel die saad van twyfel en ontmoediging saai. Om te weet dat julle eenmaal in diep waters van My genade was, kan julle nooit tevrede wees om in die modderwater rond te ploeter nie. Dit is nie My wil dat enigiemand van My geskei moet word nie. Moenie wegdraai nie, maar stel liewer jou lewe oop vir die invloed van die Heilige Gees. Wees egter daarvan seker, dat indien jy na My toe terugkeer, Ek reeds vir jou wag met die uitgestrekte arm van My Seun, Messias aan die kruis. As jy van die verkeerde pad wil afdraai, sal jy al die krag en liefde van My ontvang om dit te doen en te volhard daarin. Ek sal jou die vermoë gee om My tot die einde toe te volg.

Wie ookal een tree na My beweeg, vind uit dat Ek twee treë na jou beweeg. Selfondersoek beteken nooit om iets prys te gee nie, want iets wat jy opgee, behalwe jou sondes, is ‘n verlies. Ek, julle Hemelse Vader en Meester vra van julle slegs om die verkeerde dinge van die wêreld prys te gee in ruil vir dinge wat baie beter is.

Die hemel sal die eindelose beloning wees vir elkeen wat die hemel in sy hart dra.

So spreek Ek, julle Elohim.

Amen.

# Openbaring 114

### DIE NIMMEREINDIGENDE SOEKTOG.

*31/12/2007 om 22h00*

Die mens se ingebore heimwee na My, julle Elohim, kan op verskillende maniere tot openbaring kom. Die eerste aanduiding van ‘n geestelike honger is ‘n rusteloosheid wat deur niks gestil kan word nie. Dit kom dikwels in uitdrukking in ontevredenheid met ‘n kerk wat jou oor die jare nie getrou gedien het nie. Wanneer dit gebeur, loop jy die wesenlike gevaar om ‘n geestelike swerweling te word wat vrugteloos soek na... die vrede van My, wat alle verstand te bowe gaan...

Dit is uiters belangrik dat jy nie sal toegee aan die versoeking en deur hierdie omstandighede beïnvloed sal word om met die bose ‘n kompromie aan te gaan, of om jou Christelike beginsels te laat vaar nie. Wat rondom jou gebeur, is van verbygaande aard, maar Ek, jou Elohim se wil, bly vir ewig staan. Daarom sal geregtigheid uiteindelik seëvier en kwaad sal deur goed oorwin word. Die feit aangaande jou geestelike honger, wat dikwels misgekyk of geïgnoreer word, is dat Ek steeds wag om elke mens se geestelike honger en heimwee te vervul. Dit is nie My, julle Vader, se wil dat enige van My kinders uit die sfeer van My liefde sal wegdrywe en ongelukkig sal wees met die lewe wat Ek aan julle geskenk het nie.

Die evangelie boodskap is juis dat Ek, julle hemelse Vader, wag om elke kind van My te ontvang tot ‘n vol en verrykende eenheid met Myself. Dit is My innige begeerte vir julle almal, en vir hierdie doel het Ek vir Messias na die aarde toe gestuur. Om hierdie ryke eenheid te beleef is dit noodsaaklik om van jou koppige ongehoorsaamheid aan My, julle Elohim, weg te draai en deur geloof geskenk van My, die Verlosser aan te neem. Laat MY Gees toe om jou lewe binne te kom, sodat Ek, jou Messias, in jou kan leef.

Soek in My jou krag en neem standpunt in teen die bose wêreld. Stel jou lewe oop vir die invloed van die Heilige Gees, sodat Ek jou kan bekragtig om ferm te staan en sterk te wees in jou geloof. In My, jou lewende Elohim, kan en sal jy seëvier. As jy aan My getrou gebly het, sal die dag aanbreek wanneer jy saam met My die oorwinning sal smaak, en dit is die manier waarop jou heimwee of honger na My, jou Elohim, gestil sal word.

Deur My onvoorwaardelik in jou lewe aan te neem, gaan jy ‘n geestelike eenheid met My, jou hemelse Vader binne. Uit My Hand sal jy die oorwinnaarskroon ontvang.

Amen.

# Openbaring 115

*Om 22h45*

My skryfkneg, Ek kan sien jou hart is vol vreugde, so vol dat die note uit jou pen dans en spring, en omdat jou hart so blymoedig is, moet jy My met ‘n blymoedige gees dien. Jou lewe van sonde tot ‘n nuwe lewe was ‘n lang en moeisame pad gewees. Hou so aan, Ek, jou hemelse Vader en Meester het behae in jou.

Amen.

# Openbaring 116

### WAT DIE MEESTE SAAKMAAK.

*31 Desember 2007 om 23h20*

Die lewe draai meeste om liefde, omdat Ek, Jahshua liefde is. My belangrikste les vir jou op aarde is dat jy moet leer hoe om lief te hê. In jou liefde is jy soos Ek, julle Meester, dus is liefde die grondslag van elke opdrag wat Ek jou gee: “Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’” As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.

In die hemel gaan julle My familie vir ewig geniet, maar hier op aarde lê daar eers ‘n gedugte taak voor om julle op die ewigheid van liefhê voor te berei. Liefde behoort julle hoogste prioriteit, eerste doelwit en grootste ambisie te wees. Liefde is nie ‘n goeie deel van jou lewe nie, dis die belangrikste deel. Julle moet die liefde nastreef. Die wese van liefde is nie wat julle van ander dink of vir hulle gee nie, maar hoeveel julle van julleself gee. Jy kan sonder liefde gee, maar jy kan nie liefhê sonder om te gee nie.

Dwarsdeur die wêreld is mense besig om te soek na groter kennis en bewustheid van My. Soos wat die Heilige Gees julle laat ontwaak het, het julle gestreef om My, julle Meester en Elohim in gebed, aanbidding, gemeenskap en studie te ontmoet. Julle moet egter onthou dat in jou ywer om My beter te leer ken, jy nie die basis van die Christelike geloof uit die oog verloor nie: Die liefde. Die geboorte, lewe, dood en opstanding van My verklaar aan jou My onpeilbare liefde vir julle. Laat My liefde toe om jou wese te vul, sodat jy dit in jou elke daagse lewe kan weerkaats.

Om vir My te vertel dat julle My liefhet, is meer as sentiment, want liefde sonder konstruktiewe aksie is nutteloos. As jy vir My sê dat jy My liefhet, offer jy aan My jou allerbeste en gee jy uitdrukking aan jou gewilligheid om My te dien op enige terrein waar Ek jou wil gebruik. Liefde moet prakties tot openbaring kom.

Terwyl jy nie vir ‘n oomblik wil beweer nie dat die gelowige nie kan sondig of deur skuldgevoelens oorweldig kan word nie, is die belangrikste feit die manier waarop jy sulke situasies hanteer. Ten volle bewus van die liefde wat Ek vir jou het. Aanvaar met dankbaarheid My versekering van My liefdevolle vergiffenis. Gaan voort met jou lewe: Oorwinnend en met volle vertroue in die liefde van My, jou Elohim.

Ek is jou Elohim, die fontein en oorsprong van jou lewe en wese. Wees lief vir My.

Amen.

# Openbaring 117

### WAT IS ONS AAN MEKAAR VERSKULDIG/

*01 Januarie 2008 om 00h05*

As julle daaroor nadink, het julle almal baie om My, Jahweh voor dankbaar te wees. Ten spyte van die feit dat julle terneergedruk en pessimisties raak as dinge verkeerd loop, sal jy besef dat My genade en liefde vir jou oneindig groot is. Ek het aan jou lewe geskenk en die vryheid van keuse om met jou lewe te maak wat jy daarvan wil maak. Jy is moontlik geseën met iemand wat liefde ruim aan jou gee. Selfs die mees terneergedrukte mens sal, as hy ernstig en eerlik daaroor nadink, altyd iets vind waarvoor hy My kan dank en loof.

Ja, hoe bewys jy teenoor My jou dankbaarheid vir die oorvloedige genade in jou lewe? Geen geld, geen ware, geen ure van diens is voldoende om aan My te offer nie ter betaling vir ‘n liefde so groot dat Ek aan jou al hierdie weldade skenk, en dan tot die uiterste gaan en ook My lewe vir jou gee.

Liefde kan nooit voldoende terugbetaal word nie, want dit is ‘n artikel wat tegelyk kosbaar en onbetaalbaar is. Jy kan die omvang daarvan nie meet nie; dit kan nie geweeg word om die waarde te bepaal nie. Liefde kan net deurgegee en gedeel word. Hier het jy dan, die enigste manier waarop jy die groot die liefde wat Ek vir jou het, kan erken: Om dit met elkeen te deel met wie jou pad kruis. En ook met My, jou Elohim.

Amen.

# Openbaring 118

### HOU KOERS

*01 Januarie 2008 om 11h10*

Paulus en sy makkers was op pad om die taak wat Ek aan hulle opgelê het, te gaan verrig. Vanaf die oomblik dat hulle die ankers gelig het, die seile in die wind begin bol en hulle die kaai sien weggly het,

het die woorde “hou koers” op hulle van toepassing geword. Daarom het hulle dan ook hulle heerlike doel bereik.

Soos met ‘n skip, het gelowiges sekere dinge nodig om te kan koershou en hulle sukses of mislukking sal hierdeur bepaal word: Vir Paulus – hulle was daar ook op die onherbergsame oseaan met geen gebaande weë en geen padtekens om die rigting aan te dui nie. ‘n Kompas was dus onontbeerlik. Vandag is My Woord die rigtinggewende krag in elke gelowige se lewe. Daarsonder is julle tot skipbreuk gedoem.

Julle het seile nodig, want die seile moet die skip in beweging hou en dit in staat stel om die storms te trotseer. Daarsonder sou die skip ‘n magtelose willose prooi vir die branders en die wind wees. So is ‘n positiewe en gelowige agtergrond en opvoeding noodsaaklik vir ‘n suksesvolle lewensreis. Hierdie seile word deur ouers en opvoeders in julle lewe aangebring, maar julle moet hulle self hanteer. Julle moet bly in wat julle geleer het. Julle moenie slegs die maklike pad wind-af beweeg nie, maar liewer wind-op vaar en die pad van inspanning en toewyding volg.

Julle het ‘n kennershand aan die stuur nodig, daarom is dit noodsaaklik om te weet in wie se hande die roer van jou lewenskip is. Jou eie hande is onbekwaam en daar is baie kwaadwillige hande wat by jou wil oorneem. Alleen Ek, jou Elohim, se vaste hand sal jou deur die woeste storms na jou bestemming lei.

As julle koershou met My aan die roer, sal julle weet wat Ek bedoel het dat julle moet wees: Bruikbaar in My diens en tot seën vir julle medemens.

Ek, jou liefdevolle Leidsman en Voleinder van jou geloof, help jou om deur die storms van die lewe koers te hou.

Amen.

# Openbaring 119

### DANKIE OM MY ONTWIL.

*01 Januarie 2008 om 22h30*

As iemand in My, julle Messias se tyd te perd ‘n stad binnekom, het dit oorlog beteken. Kom hy egter die stad binnegery op ‘n esel, dan was dit in vrede. Ek was by uitstek die Vredevors. Ek self sê vir My dissipels: “Vrede laat Ek vir julle na; My vrede gee Ek vir julle.” As julle My in julle lewe toelaat, bring Ek ook vrede in julle harte. Baie van julle ken net die perd: Net rusie, twis en stryd. Daarom sê julle tereg van iemand wat gou kwaad word: Hy is gou op sy perdjie. “Geseënd is die vredemakers” is die toesegging van My.

Ek, die Vredevors, kies ‘n donkie om Jerusalem mee binne te ry. Die donkie is veragtelik en onaansienlik, maar Ek gebruik dikwels in My koninkryk die onaansienlikes en onbekwames. Niemand is te gering om deur My gebruik te word nie. Die enigste voorwaarde is dat julle aan My oorgegee moet wees.

Die donkie wat Ek wou gebruik, was vasgemaak en solank dit die geval was, was hy vir My nutteloos. Die sterke Simson, wat vir soveel groot dinge bestem was, sien ons vasgemaak met die kettings van die vyand wat hy verag het. Solank julle met die halterriem van die sonde vasgemaak is, is die duiwel julle baas. Alleen Ek kan julle vrymaak en julle boeie verbreek, sodat julle in My diens kan staan.

Nadat die donkie losgemaak is, moet hy na My gebring word. Hy kon nie maar doelloos ronddwaal nie. Daar was ‘n groot taak wat hy moes gaan verrig. Skielik het die donkie se lewe ‘n nuwe wonderlike doel gekry: Hy moes die Messias dra! Julle dra My in hierdie wêreld as julle My getuies en My beelddraers is. Dit word dikwels gesê: Daardie jongmens is die ewebeeld van sy vader of sy moeder. So moet die wêreld die beeld van My in julle as My kinders sien.

Ek wil almal wat gewillig is, gebruik om My hierdie sondige wêreld in te dra. Julle moenie skuil agter julle swakhede of onvermoë nie, want Ek het selfs ‘n donkie gebruik om My tot diens te wees. Julle moet net losgemaak word van die sonde en ten volle aan My oorgegee wees. As Ek julle vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees. Dan kan julle beelddraers en boodskappers vir My word.

Om My ontwil.

Amen.

# Openbaring 120

### VOLLE OORGAWE

*01 Januarie 2008 om 23h05*

Dit is beter om met volle oorgawe vir My te lewe as om van dag tot dag, jaar in en jaar uit, ‘n gevaarlike leuen te lewe. Daarom word julle geroep om My in Gees en in waarheid te aanbid en om julleself onvoorwaardelik met gees en siel en liggaam aan My oor te gee. Sodat jy die rykdom van My genade in jou lewe kan leer ken. Deur die krag van My, julle Messias.

Amen.

# Openbaring 121

### DIE KRAG VAN DIE GESPROKE WOORD.

*02 Januarie 2008 om 00h30*

Net ‘n enkele woord kan ‘n verskil aan ‘n persoon se lewe maak, en dit is van die allergrootste belang hoe dit uitgespreek word. Sommige mense het ‘n gawe met woorde. Die taal wat jy gebruik, weerspieël die kwaliteit van jou gees en is die maatstaf waarvolgens ander jou meet. As die woorde wat jy gebruik, ander mense versterk en inspireer, sal jy altyd vriende hê. Mense sal jou geselskap geniet, ter wille van die seën wat hulle uit jou woorde ontvang. Deur die regte woord op die regte tyd te kies, kan julle iemand anders se lewe radikaal verander deur hulle te vul met behaaglikheid en welwese.

Moet nooit die krag van die gesproke woord onderskat nie. Dit openbaar nie alleen wie jy werklik is nie, maar het ook ‘n geweldige invloed op ander. Daar is tye in mense se lewe wanneer hulle hunker na ‘n simpatieke of bemoedigende woord, wanneer die openbaring van liefdevolle belangstelling en deernis ‘n geweldige verskil kan maak en hulle droewige dag kan ophelder. As bitterheid en haat jou woorde oorheers en jy het ‘n gebiedende drang om ander seer te maak en te verneder, word woorde die instrumente waarmee jy onherstelbare skade kan aanrig. ‘n Woord van waardering of advies is nooit verkwis nie; selfs opbouende kritiek of liefdevolle teregwysing kan vir die ontvanger voordelig wees.

Dis belangrik dat jy nooit bang sal wees om te praat nie, maar terselfdertyd moet jy deur die krag van die Heilige Gees jou woorde en jou tydsberekening met groot omsigtigheid kies. Wees sensitief vir die bui van die persoon met wie jy praat. Met die regte gebruik van woorde kan jy help om gewonde harte te genees, wat deur onnadenkende mense seergemaak is. Waak teen onnodige vleitaal, maar terselfdertyd ook teen krasheid, wees opreg in wat jy sê en sê dit met die liefde van My in jou hart. In jou kommunikasie met ander moet jy altyd jou woorde versigtig kies. Sodoende sal jy die persoon wat jy aanspreek en jouself mateloos verryk. Die gebruik van die volgende wonderwerkende woorde, as jy hulle elke dag gebruik, kan ‘n wêreld se verskil maak: “Ek is vir jou lief en Ek waardeer jou.”

Julle woorde is ‘n getroue aanduiding van die toestand van julle siele. Klein sleutels kan groot slotte oopsluit. Eenvoudige woorde kan groot gedagtes weerspieël.

Dit is My woord aan julle.

Amen.

# Openbaring 122

### VERBLY JOU IN MY (JAHWEH).

*02 Januarie 2008 om 02h15*

Daar is baie mense in die wêreld wat aanbidding assosieer met terneergedruktheid, vreugdeloosheid en selfs vrees. Hulle bywoning van dienste is bloot ‘n plig wat uit gewoonte vervul word. Dit word van hulle verwag en hulle dink dat hulle gestraf sal word indien hulle dit nie doen nie. Die tragedie van so ‘n gesindheid is dat dit mense beroof van die grootste van alle vreugdes: Die vreugde van My, Jahweh.

In Christus nooi Ek, jou Elohim, jou na My toe om in My rus te vind en die volheid van lewe te ontvang wat Ek jou aanbied. As jy na My toe draai, word jy al meer bewus van My lewegewende Gees wat in jou werk. Skynbaar onbereikbare doelstellings is nou binne jou bereik; teëspoed oorweldig jou nie, omdat jy in My die krag kry om dit te hanteer; ‘n nuutgevonde vertroue vervang jou senuweeagtige pessimisme en gevoelens van mislukking. Dag na dag groei jou geloof sterker en sterker.

Soos wat jy jou oopstel vir die Heilige Gees, sal jy vind dat jou aanbidding, studie en gebedslewe nuwe betekenis kry. As jy jou vertroue in My, jou lewende Messias plaas, sal jy ontdek dat Ek nie meer ‘n veraf figuur is nie, maar ‘n integrerende deel van jou lewe en dat Ek jou lei op die pad wat Ek vir jou uitgestippel het.

Aanbidding behoort ‘n vreugdevolle ervaring te wees. Maak jou hart en denke oop vir die Heilige Gees, en Ek sal jou uitlig uit terneergedruktheid tot ekstase in My, jou Messias.

Ek het Myself aan die kruis aan Hom geoffer as ‘n offerande om julle almal ryk en vry te maak.

Amen.

# Openbaring 123

### VROEG OPSTAAN.

*02 Januarie 2008 om 04h00*

Daar is duisende gesinne en enkelinge in julle Suiderland wat in die vroeë oggendure tyd saam met My deurbring. Dit is ‘n besondere tyd van stille afsondering om krag en inspirasie te vind vir ‘n bedrywige en volgepakte dag wat voorlê.

Die Skrif is altyd die uitgangspunt en daar is vir die Woord geen substituut nie. Deur My krag en liefde sal die Heilige Gees vir jou die Woord oopmaak.

Die beste tyd om My, jou Elohim, te ontmoet is vroeg in die oggend, sodat jy die beste van jou tyd en denke aan My kan wy: Deur die liefde van My, het jy nie vergaan nie ... dit is elke môre nuut ...

Amen.

# Openbaring 124

### EK WEET EN EK VERSTAAN

*03 Januarie 2008 om 12h15*

Omdat Ek jou swakhede verstaan, beteken dit nie dat Ek jou sondes goedkeur nie. Ek, wat in alle opsigte net soos julle versoek is, het jou geroep tot 'n lewe van oorwinning deur die krag van My inwonende Heilige Gees. Ongelukkig beroof die dinge, wat julle gerieflikheidshalwe "swakhede" noem en werklik maar net sonde is, julle geestelike lewe van jou groei en krag. Dit skep 'n struikelblok tussen julle en My.

Sover dit My aangaan, is daar nie iets soos geringe sondes nie, want alle sondes skei jou van My, julle Meester. Sodra daar 'n verswakking in julle verhouding met My is, sal julle altyd nietige verskonings vind om julle afvalligheid te verdedig. Ek, julle Messias, praat nooit sonde goed nie. Ek verstaan julle swakheid en broosheid, bied vergiffenis aan en reinig, red en gee aan julle geestelike krag om oorwinnend te lewe.

Ek kyk by julle sondes verby en sien wat julle kan word deur die krag van My Heilige Gees. Ek sien julle nie as worstelende, mislukte en onvolmaakte wesens nie, maar as kanale van My genade wat My wil doen op die terrein waarin Ek julle in die lewe geplaas het. Omdat Ek weet hoe julle is, weet Ek van julle potensiaal en Ek begeer om julle te lei tot die volmaaktheid wat Ek vir julle beskik het.

Sonde is nie pynlik omdat dit verbied word nie. Dit word verbied omdat dit pynlik is.

Amen.

# Openbaring 125

### EK IS MET JOU.

*03 Januarie 2008 om 21h30*

Wanneer dinge in jou lewe begin verkeerd loop, is dit maklik om te wanhoop en tou op te gooi. Dit skyn so 'n ongelyke stryd te wees wat jy voer. Jy wat onoorwinlik gelyk het, wat eenvoudig toegelaat het dat jy oorweldig word deur 'n gees van hulpeloosheid en hopeloosheid.

As daar ooit 'n situasie ontstaan het waarin alles hopeloos gelyk het, was dit op die dag toe Ek, jou Verlosser, gekruisig is. Die hoop en drome van julle wat gedink het dat Ek die Verlosser van Israel sou wees, is verydel en Ek het soos 'n gewone misdadiger aan die vloekhout gesterf.

Maar toe het Ek, Elohim, ingetree. Ek, wat die Messias se hoop en krag was, het op wonderbaarlike wyse skynbare neerlaag in oorwinning verander. In watter omstandighede jy ookal mag verkeer; hoe uitsigloos die toekoms ook mag lyk en ten spyte van die probleme wat jou konfronteer, onthou altyd dat Ek met jou is en dat Ek in beheer van omstandighede is. Plaas jou geloof en vertroue in My en Ek sal aan jou die oorwinning gee.

Hou goeie moed. Ek is sterker as die Satan. Jy is aan die wenkant.

Amen.

# Openbaring 126

### DIE SKOONHEID VAN 'N LEWENDE GELOOF.

*03 Januarie 2008 om 22h50*

Dit is ontstellend om te sien wat sommige mense aan hulle geloof doen. Dit is deur My bedoel om 'n lewegewende krag te wees, maar julle laat dit toe om te degenereer tot 'n beperkende, neerdrukkende en vreugdelose las wat julle lewe omvorm tot 'n afskuwelike lewenswyse, en dan dink julle dit is My wil vir julle lewe. Nee, Ek het geloof bedoel as ervaring van My liefde, krag en inwonende teenwoordigheid.

Somtyds voel dit of julle doelloos deur die lewe dryf en dat dit nie eintlik saak maak of jy hier is of nie. Dag na troostelose dag gaan verby, sonder dat jy iets verrig wat die moeite werd is. Die vonk en sprankel het lank reeds uit jou lewe verdwyn. Hierdie ongelukkige toestand is hoegenaamd nie My skuld nie. Om dit te verhelp moet jy in eerste instansie weer die heerlikheid van jou geestelike ervaring herleef. Soek dan My plan vir jou lewe, sodat jy 'n positiewe doel in jou lewe bereik. Wanneer Ek, die lewende Messias, beheer oor jou lewe oorneem en My deur jou tot openbaring laat kom, sal jy ophou om doelloos te drywe en 'n positiewe en geïnspireerde Christen dissipel wees.

As die Christelike geloof sy bekoring vir jou verloor het, het dit tyd geword dat jy 'n slag eerlik daaroor nadink. Ek het 'n produk geskep wat met skoonheid in jou moet gloei. Dit raak jou diepste wese aan en dring jou tot groei. Dit verryk jou persoonlikheid. Dit is nie die produk van emosie of oppervlakkige denke nie, maar die resultaat van volgehoue toewyding en onafgebroke gebed.

'n Hernuwing van jou geestelike ervaring met My vind plaas wanneer jy die Heilige Gees innooi en My toelaat om volkome beheer oor jou lewe oor te neem. Jy sal ontdek dat, terwyl jy met die Gees in harmonie leef, nuwe dienskanale vir jou oopgaan en jy na gebiede gelei word waarvan jy nooit sou kon droom nie.

Die ervaring van My, jou lewende Messias, in jou diepste gees skep 'n lewenskwaliteit wat so eg is, dat dit ongelowiges oortuig van die egtheid van My. 'n Kleurlose en lewelose geloof is 'n ramp wat vir beide jouself en My van weinig waarde is. 'n Dinamiese, lewende geloof verheerlik My en seën die persoon wat dit besit.

Wanneer jy aanvoel dat Ek besig is om jou te lei, moet jy dit in volgehoue gebed bevestig. Openbaar die waagmoed om My onvoorwaardelik te vertrou. Om My wil vir jou lewe te ontdek vereis nie net geloof nie, maar ook positiewe optrede.

Geloof benodig die volle waarheid.

Amen.

# Openbaring 127

### JOU KEUSE.

*03 Januarie 2008 om 23h55*

Daar is ‘n tyd wanneer julle ferm die keuse moet maak oor die koers wat julle wil inslaan, of omstandighede sal die keuse vir julle maak.

# Openbaring 128

### EK EN MY BOODSKAPPERS.

*04 Januarie 2008 om 00h05*

Van Genesis tot Openbaring is daar dikwels sprake van engele. Sommige verskyn in hulle hemelse glorie en ander as gewone mense. Almal, behalwe die opstandiges, verrig diens vir My, die Almagtige Elohim. Omdat My boodskappers dikwels in gewone kleredrag verskyn het, vermaan die Hebreërskrywer julle: “Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense, sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.”

Miskien was daar in jou lewe geleenthede toe iemand, wat jy nooit as ‘n engel sou geklassifiseer het nie, in ‘n oomblik van diepe droefheid My troos aan jou gebring het. Soms is die boodskap aan jou oorgedra in ‘n gewone gesprek, of deur ‘n daad wat jou aan My lewe herinner. Party van My boodskappers dra gewone werksklere, of die voorskoot van ‘n huisvrou. Maar hulle het een ding gemeen met die engel Gabriël; hulle het in die teenwoordigheid van My gestaan en hulle gewillig verklaar om My diensknegte te wees.

Laat julle My dank vir hierdie mense, want hulle verryk julle lewe, omdat hulle tussen julle beweeg. Laat julle dankbaarheid julle egter daartoe lei dat julle ‘n opregte oorgawe van julself tot diens aan My wy, sodat selfs julle boodskappers van My kan word, wat die boodskap van My wil en My liefde aan hulle oordra, saam met wie julle leef.

Wees lief vir My.

Amen.

# Openbaring 129

### SAL EK MY GELOOF BEHOU

*4 Januarie 2008*

22h00

Geloof kom nie uit die mens nie. Dit is ‘n gawe van My, julle Elohim. Daarom hoef jy jou nie te bekommer oor hoe sterk of hoe groot jou geloof is nie, solank jy net vashou aan My in wie jou geloof gevestig is.

Alleen ‘n gelowige kan geloofslaagtepunte beleef, want vir ‘n ongelowige bestaan so iets nie. Geloofsdepressie is ‘n menslike swakheid wat deur geloof oorwin moet word.

Geloof kan nie aan jou gevoelens of emosies getoets word nie, want dit is wisselvallig. Jou maatstaf moet die Woord en beloftes wees van My, wat nooit verander nie. Ek sal jou nooit begewe of verlaat nie, maar dan moet jy jou lewe onvoorwaardelik aan My oorgee en My volkome vertrou.

Ek herhaal; dit is ‘n gawe van My. Aanvaar dit en wees dankbaar.

Amen

# Openbaring 130

### DIE WORTELS VAN VREDE

*5 Januarie 2008 om 00h08*

Ten diepste hang julle vrede af van julle onvoorwaardelike oorgawe aan My. Ek, julle Elohim, is die bron van alle ware vrede en lewe. Wanneer Ek sentraal staan in jou lewe en denke, ken jy vrede.

Daarom moet jy die duiwel ten bloede toe weerstaan. Dis helder, duidelik en waar: Julle moet niks te doen hê met die boosheid in enigeen van sy menigvuldige gedaantes nie. Vermy dit en moenie toelaat dat enige slegte invloed in jou lewe insluip nie. Dit gebeur so maklik deur begeertes, neigings of verkeerde gewoontes. Bly naby My Jahshua Messias, want Ek is die waarborg van jou vrede. Ek sal jou bewaar van die magte van die bose wat jou van jou vrede en gemoedsrus wil beroof. Julle durf nie in ‘n lugleegte van lewenswaardes leef nie. As julle breek met Satan, moet julle die heerskappy van My volkome aanvaar. As julle by My bly, sal julle positief en vredevol leef.

Julle moet ‘n rein lewe nastreef. Kyk, na die sondeval van Dawid bid hy: “ Neem tog my sonde weg, dat ek rein kan wees… Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is.” Julle moet die kwaad bely en laat staan; julle moet daarteen stry en die oorwinning behaal in die krag van My Gees, anders sal julle siel besoedel raak en julle geen vrede ken nie.

Julle gesindhede moet verander. Hoogmoed en eiegeregtigheid moet in julle sterf. Julle moet mense word wat in nederigheid die gesindheid van My openbaar. Julle moet nooit voorgee om te wees wat julle nie is nie en julle lewe en getuienis moet mekaar sinvol aanvul. Julle moet julleself gewillig verklaar tot geestelike groei, totdat julle geestelike volwassenheid bereik deur die werk van die Heilige Gees in julle. Julle moet doelgerig die vrede najaag. Sonder entoesiasme en inspanning kan jy niks in die lewe bekom wat die moeite werd is nie – en vrede met My en medemens is kosbaarder as goud.

As julle biddend en gelowig julleself tot hierdie dinge verbind, sal My vrede in jou lewe neerdaal en deur die wonder van My genade, sal julle boodskappers van My vrede in hierdie wêreld word.

Dit spreek Ek, julle Liefdevolle Elohim van vrede.

Amen.

# Openbaring 131

### BLYDSKAP

*5 Januarie 2008 om 00h45*

Wees altyd bly in My Jahweh! Ek herhaal: Wees bly!

Die gelowige godsdiens is ‘n godsdiens van blydskap. Gelowiges dra die Blye Boodskap na die wêreld uit en hulle is die enigste mense wat waarlik rede het tot jubelende blydskap. ‘n Bietjie meer gelowige blydskap sal van hierdie wêreld ‘n beter plek maak om in te leef.

Daar is natuurlik twee soorte blydskap: Die blydskap van die wêreld en die blydskap van My, Christus. Die blydskap van die wêreld is soos die van die verlore seun in die ver land. Dit lei uiteindelik tot hongersnood, gebrek, liefdeloosheid en vernedering. Die ander soort blydskap is die van die Vaderhuis waar die kind tuis hoort, waar jy liefde ontvang en waar daar feesgevier word. Julle moet steeds daarteen waak om julle blydskap by die verkeerde mense en die verkeerde plekke te gaan soek. Die eerste tree na ware blydskap, is die eerste tree wat jy na My toe gee. Sonder My is daar geen ware vreugde in die lewe nie.

Ek is die bron van al jou blydskap.

Wees lief vir My, Ek sal jou bewaar.

Amen.

# Openbaring 132

### ONTVLUGTING OF GELOOF

*5 Januarie 2008 om 01h30*

Daar is twee maniere waarop ‘n mens jou probleme kan aanpak. Die eerste is die wegvlug-metode. Dit is om weg te hardloop van jou probleme af. Die tweede is die geloofsmetode. Dit is om jou probleme vierkantig in die oë te kyk en hulle te oorwin.

Ja, Jona was ‘n voorbeeld van iemand wat van sy probleme probeer wegvlug het. Ek, Elohim het hom na Nineve gestuur, maar hy wou nie gaan nie. Jona het allerhande probleme en moeilikhede voorsien. Daar was oorlog tussen Jona se mense en die Nineviete en die gevoelens het hoog geloop. Jona het niks van die Nineviete gehou nie. Om hierdie rede gaan hy na die hawestad Joppe en neem ‘n boot na Tarsus toe. Ja, dit was so ver die teenoorgestelde rigting in as moontlik.

Jona het egter nooit by Tarsus uitgekom nie. Tarsus was ‘n misleidende skim in sy lewe – ‘n lugspieël. Geen plek op aarde is ooit so ver dat jy van jou probleme kan ontvlug nie. In plaas van sy probleme op te los, het hy vir homself ‘n hele klomp nuwes geskep. Nie alleen is hy deur ‘n groot vis ingesluk nie, maar hy was ook neerslagtig. Sy skuldige gewete en ‘n hele klomp ander negatiewe gevoelens het hom gepla.

Toe hy egter die weg van geloof en gehoorsaamheid bewandel en sy opdrag van My in Nineve gaan uitvoer het, het hy gevind dat Ek vir hom onderneem op maniere waarvan hy nie kon droom nie. Hy het ‘n belangrike lewensles geleer: Dat die wat hulle sorge op My werp, deur My self versorg word.

In die uitvoering van jou plig is daar geen kortpad na sukses nie. Deur geloofsvertroue kry jy die krag en sterkte om te doen wat gedoen moet word en dan vind jy tot jou verrassing uit dat Ek voor jou uitgetrek en die pad vir jou gelykgemaak het.

Elke mens probeer op die een of ander tyd weghardloop van sy moeilikhede af. Niemand gaan sonder probleme deur die lewe nie. Ja, Ek het ook My probleme gehad, maar Ek het nooit probeer om daarvan weg te vlug nie. In Getsemane bid Ek: “Laat nogtans nie My wil nie, maar U wil geskied!”

Werp al jou sorge op My en doen getrou jou deel. Ek, jou Elohim, is magtig om julle te ondersteun op maniere wat julle nie moontlik geag het totdat julle, julle vertroue in My geplaas het nie.

Kyk, Ek sal jou help om nooit jou plig te probeer ontwyk nie, maar om in geloofsvertroue jou plig te doen in diepe afhanklikheid van My.

Amen.

# Openbaring 133

### DIE WET VAN DIE KORINGKORREL

*5 Januarie 2008 om 03h18*

Kyk, dit verseker Ek julle: As ‘n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy ‘n groot oes in.

Ja, die wet van die koringkorrel vereis dat daar ‘n sterfte moet wees, voordat daar lewe kan wees. Die koringkorrel val in die aarde en sterwe voordat die ryke someroes ingesamel kan word. Kyk Ek sê: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van My nie sien nie.”Soos die koringkorrel, het Ek ook gesterwe, sodat nie alleen Ek nie, maar almal wat My aangeneem het, kan lewe – en dit in oorvloed.

Julle moet ook sterwe om te kan lewe – sterf aan wêreldgesindheid en sonde. Julle moet dus dan altyd onthou dat julle vir die sonde dood is, maar vir My, julle Elohim lewe, omdat julle een is met My. Dit is ‘n onomseilbare eis van die evangelie: Julle moet soos die koringkorrel sterf om te kan lewe.

Julle moet verteer word voordat julle vrugbaar kan wees. Kyk daar is in Egipte koring ontdek wat 2 000 jaar lank verseël was en net so bewaar gebly het. Eers toe dit in die grond geplant is, het dit gesterf, ontkiem en vrugte gedra. Ek het Myself gegee om verteer te word deur die dood en deur My dood het daar oorvloedige lewe gekom. Julle moet ook verteer word deur die dood aan julle hoogmoed, eiegeregtigheid, haat, selfsug en al die ander reste van die sonde. Dan sal julle vrugbaar wees in die koninkryk van My, julle Messias. Daarom word beweer dat julle dan vrug sal dra.

Jy moet gewillig wees om jouself te gee vir ander. Die saad sterf nie vir homself nie, maar sodat ‘n ryke oes vir ander kan wees. Wanneer die koringkorrel sterf, is daar brood vir die mensdom. Ek het gesterf en het so vir miljoene die Brood van die lewe geword. Julle moet in hierdie wêreld sterf aan selfsug en eiebelang, sodat julle na My, julle Meester se voorbeeld ander in hulle nood kan voorsien.

Die wet van die koringkorrel is dat jy moet sterf om vir ander lig te bring, verteer te word om vrug te dra en vir My koninkryk te lewe.

Amen.

## Tot hier op net en boek

# Openbaring 134

### DIE BEDREIGING VAN DIE LEË SIEL

*05 Januarie 2008 om 22h15*

Wanneer ‘n bose gees uit ‘n mens uitgaan, swerf hy deur dor streke op soek na ’n rusplek. As hy dit nie kry nie, sê hy: “Ek gaan terug na my huis toe waar ek uitgegaan het.” Hy kom dan terug en kry dit skoon en aan die kant. Dan gaan haal hy sewe ander geeste, nog slegter as hy self, en hulle trek in en gaan woon daar. Aan die einde is so ‘n persoon slegter daaraan toe as aan die begin.

Ja, hierdie is ‘n sobere en skrikwekkende verhaal. ‘n Man se siel is skoongevee en gereinig van alle onreine geeste – maar leeg. Dan kom sewe onreine geeste en beset dit en sy toestand word erger as tevore.

Ek, jou Messias, leer julle hier die fundamentele waarheid dat jou siel nie leeg gelaat kan word nie. Dit is nie genoeg om onheilige gedagtes, dade en woorde uit jou lewe te verban nie; dit help nie om net ou paaie te verlaat nie; om jou innerlike mens skoon, maar leeg te laat nie. Dit moet gevul word deur of goed of kwaad. As die Satan uit jou lewe verdryf word, moet die goeie inkom. Oorgawe vereis verandering. As julle die ou dinge uitdra, moet daar nuwes ingebring word, sodat jou lewe ‘n heilige en aan My, jou Elohim, ‘n welgevallige offer kan wees.

Hierdie gelykenis leer ook dat julle nie 'n suiwer godsdiens kan bou op 'n klomp "mag-nie's" nie. Een van die groot probleme van die moderne wêreld is byvoorbeeld die probleem van Sabbatsontheiliging. Dikwels word die probleem benader met 'n tirade teen die dinge wat julle op die Sabbat verkeerdelik doen, of met die aframmeling van 'n lys van verbode dinge. Daar word selde gesê wat julle positief op die Sabbat moet doen. Tensy julle dit doen, is die laaste toestand erger as die eerste, want dan het julle, julle net verdoem tot ydelheid – en ydelheid is die duiwel se oorkussing. Julle godsdiens moet nie uit negatiewe bestaan nie. Die reiniging is nodig – maar as die kwaad uitgeroei is, moet julle hart gevul word met die goeie. Dan moet julle vrugte dra wat by die bekering pas.

Julle leer ook dat die beste manier om kwaad te bestry is om die goeie te doen. Julle word nie beter mense deur sekere dinge nie te doen nie, maar deur julle lewe te vul met die doen van My-welgevallige dade. "Nie elkeen wat vir My sê: 'Vader, Vader' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil van My doen wat in die hemel is.

Ek sal jou daagliks leer wat My wil is en wat om te doen, sodat jou lewe nie leeg en onvrugbaar sal wees nie.

Luister net na My, jou liefdevolle Elohim.

Amen.

# Openbaring 135

### DIE SONONDERPAD WAT OP DAGBREEK UITGELOOP HET.

*06 Januarie 2008 om 00h15*

Uit hierdie boodskap leer julle van 'n paar besondere lewenswaarhede. Julle lees hier van twee mense wat met swaar harte die sononder tegemoet stap. Hulle is teleurgesteld verward en op die grens van wanhoop oor die tragiese gebeure in Jerusalem, toe Jahshua aan die ruwe vloekhout gesterf het. Hulle hoop dat Ek Israel sou verlos, is vernietig. Maar wat hulle nie geweet het nie, is dat Ek saam met hulle wandel. Ek het immers gesê: "Ek sal julle nie begewe en julle nie verlaat nie." Dit mag julle nooit in julle hartseer en teleurstelling vergeet nie. Geen nag is so donker dat dit die lig van My vriendelike aangesig vir julle kan verberg nie.

Ja, julle lees ook van My vermoë om sin te maak uit die mees verwarrende lewensomstandighede. Die twee mense is sonder hoop en verwagting, maar terwyl Ek met hulle praat, word die sin van dinge vir hulle duidelik en skep hulle weer nuwe moed. Die lewe kry eers sy ware sin en betekenis as julle in gebed tot My nader en My toelaat om deur My Woord met julle te praat. Met My as julle leermeester oor die lewe word dit opnuut duidelik: "Laat jou lewe aan My oor en vertrou op My; Ek sal sorg."

Kyk, hier word ook geskryf soos Ek spreek van die matelose hoflikheid van My. Aan die einde van die reis het Ek gemaak of Ek verder wou gaan. Ek breek nooit vrymagtig in julle lewe in nie; Ek forseer nie deure oop nie; Ek moet binnegenooi word. Die deurknop van julle harte sit aan die binnekant en julle moet dit self oopmaak. Dit is julle keuse of julle My toelaat om verder te gaan en of julle My binnenooi.

Toe hulle die vreugdevolle nuus ontvang het, het hulle hul gehaas om dit met ander te deel. Hulle het hulle dadelik terug gehaas na Jerusalem. Die onbekende vriend het hulle opgestane Heiland geword. Daar vind hulle tot hulle verrassing ander wat in dieselfde heerlike ervaring gedeel het. Die boodskap van My is nie waarlik julle s'n voordat julle dit met ander gedeel het nie.

In tye van verwarring, teleurstelling en smart, moet julle My leer ken as julle Metgesel, julle Leermeester en julle Gas. Ek het self nadergekom en met julle saamgestap – julle moes My net herken.

Kyk, Ek omskep sononder in 'n nuwe dagbreek! In die donker tye van jou lewe wil Ek jou Leermeester wees. Herken My net!

Amen.

# Openbaring 136

### TRIOMFANTLIKE NEERLAAG.

*06 Januarie 2008 om 01h55*

Wie kan julle van My liefde skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Nee, want in al hierdie dinge is julle meer as oorwinnaars deur My wat julle oneindig liefhet.

Triomfantlike neerlaag is om van buite te faal, maar nie van binne nie! Soos 'n Job kan jy jou besittings verloor, sonder om moed te verloor. Jy kan jou status en posisie verloor omdat jy 'n onverskrokke getuie is, sonder om jou geloof te verloor. Jy kan jou liggaamlike gesondheid verloor sonder om jou geestelike fiksheid prys te gee. Jou liggaam mag van buite oud word, maar van binne word jy gedurig deur die Gees vernuwe. Sukses en mislukking is diep, innerlike en verborge dinge. Uiterlike neerlaag, maar innerlike oorwinning is wat jou gedryf het om van jou blindheid een glorieryke ervaring te maak.

Triomfantlike neerlaag is om deur die wêreld platgeloop te word, omdat jy standpunt inneem vir 'n regverdige en edele saak. Ja, Daniël het bewys dat 'n mens eintlik nie verloor as jy standpunt inneem vir waarheid en regverdigheid nie. Waarheid word nooit finaal oorwin nie en geregtigheid is onoorwinlik tot die einde toe. Om vir 'n edel saak te misluk, is nie waarlik mislukking nie.

Triomfantlike neerlaag is om neerlaag te verduur in 'n saak waar My eer gemoeid is. 'n Mens misluk nooit wanneer jy gewillig is om neerlaag vir My te ly nie. Daarom het Ek saam met Daniël se vriende in die vurige vuuroond verkeer. Hulle skynbare mislukking was 'n heerlike oorwinning tot eer van My. Ek het aan die vloekhout gelyk soos 'n bloudruk vir katastrofe en dit het die grootste oorwinning van alle tye geword. 'n Mens se mislukking plus My sukses is gelyk aan die mees triomfantlike oorwinning denkbaar.

Daarom staan My gelowige kinders altyd op oorwinningsgrond, selfs wanneer mislukking julle in die gesig staar. Een mens met My is 'n meerderheid.

Soli Deo Gloria – aan My alleen die eer! Daarom weet julle dat julle neerlaag ter wille van My, altyd 'n triomfantlike neerlaag is. Ek help julle daartoe deur My liefde en genade.

Amen.

# Openbaring 137

### DIE LIG IN DIE DUISTERNIS.

*06 Januarie 2008 om 10h53*

Vir baie jare reeds lyk dit nou al of die wêreld in 'n toestand van chaos verkeer. Die mensdom het, benewens dosyne mindere konfrontasie tussen nasies en mense in die afgelope eeu, reeds twee wêreldoorloë beleef. Wetteloosheid en geweld het in die jongste tyd hand oor hand toegeneem. Lewenskoste bly steeds aan die styg en mense leef 'n vreesbevange, onsekere lewe. Ja, julle vra: "Wat is dan die antwoord op hierdie toestand?"

Daar kan maar net een antwoord wees en dit is om jou vertroue en geloof onverskrokke op My, Jahshua Messias, te plaas. Ek het 'n donker, vyandiggesinde wêreld oorwin en vrees met liefde vervang. Ek het hoop herstel waar toestande hopeloos gelyk het. Aan julle wat in My glo, het Ek die seën van My vrede gegee wat alle verstand te bowe gaan.

Dit is jou antwoord op die duister verwarring en vrees van julle tyd. Glo in My en My beloftes; plaas jou vertroue onvoorwaardelik op My en Ek sal jou uit die duisternis uitlei tot in die lig van My onpeilbare liefde vir jou. As jy dit doen, sal jy nie meer oor die toekoms bekommerd wees nie, want jy sal deurgaans deur My vrede beskerm word.

Kyk, Ek skenk volmaakte vrede aan My kinders in hierdie donker wêreld. Julle liefdevolle Meester.

Amen.

# Openbaring 138

### GETROU TOT DIE EINDE.

*06 Januarie 2008 om 22h20*

Julle moet nie onder die eerste teleurstelling dubbel vou nie. Ook in jou geestelike lewe is ‘n goeie begin nie die waarborg van ‘n goeie einde nie. Die aanvanklike warm liefde vir My is dikwels van korte duur. Kyk, net soos Demas kry baie die teenswoordige wêreld weer lief. Maar ware liefde is getrou tot die einde toe. Daar moet in jou godsdiens standvastige trou wees. Julle wortels moet elke dag dieper inboor in die geloofsgrond. Julle het met ‘n Satansmag te doen wat die fort van jou lewe wil inneem. Dit verg ‘n onverbiddelike stryd teen die vyande van buite en van binne. Dit is ‘n stryd op lewe en dood.

Julle moenie tevrede wees met ‘n halwe oorwinning oor die sonde nie: dit is ook ‘n halwe neerlaag! Trek My volle wapenrusting aan wat Ek julle gee, sodat julle op julle pos kan bly, ondanks die listige aanslae van die duiwel. Julle wat volhard tot die einde toe, sal gered word.

Jy moet getrou wees aan jou erfenis. Dit is ook belangrik om getrou te wees aan die edelste in jouself – dit wat Ek bedoel het dat jy moet wees. Die hoogste en belangrikste van alle trou, is getrouheid aan My, julle Elohim. Dit behoort die beginsel van jou bestaan te wees, en jy sal die vrugte in jou lewe pluk.

Ek hou jou in My liefde vas, sodat jy tot die dood toe getrou sal wees.

Amen.

# Openbaring 139

### DIE BOOM

*07 Januarie 2008 om 11h00*

Die natuur is ook ‘n bron van geestelike kennis. Ek, jou Elohim, spreek met julle deur natuur en Skriftuur. Kyk om jou, daar is baie geestelike lesse wat julle van die boom kan leer. Om vergenoeg te wees met jou omstandighede, is ‘n belangrike boodskap wat julle van bome kry. Die boom het ‘n nietige, klein begin. Die grond waarin die saadjie groei kan armoedig wees, maar nogtans groei dit stadig tot ‘n magtige boom. Hieruit leer julle dat dit nie saak maak waarvandaan julle kom nie, maar wel waarheen julle groei.

Geduld is ‘n voortreflike Christelike deug. Hierdie wêreld aanbid aksie en streef na vinnige resultate. Die boom leer julle, dat alle dinge wat werklik die moeite werd is, langsaam ontwikkel. Daar is geen kortpaadjies wat gestadige groei kan vervang nie. Julle as gelowiges moet regop en onbeskaamd in die wêreld kan staan. Julle offer dikwels beginsels op ter wille van prestige. Die boom staan onwankelbaar deur elke stormwind, bittere koue en versengende son. So moet julle die lewe met moed, opregtheid en eerlikheid tegemoetgaan. Julle integriteit moet sodanig wees dat julle altyd regop kan staan en die wêreld onbeskaamd in die oë kan kyk.

Julle het mekaar nodig. Die boom wat alleen op die vlakte staan, word maklik deur ‘n orkaan of stormwind ontwortel. Die plantasie breek die geweld van die wind en daarom weet die bome dat hulle mekaar nodig het om te bestaan en te oorleef. Die boom leer ons die ware betekenis van broederskap. Sonder groei is daar stagnasie en dood. Julle is dikwels so tevrede met julle huidige posisie dat alle idealisme en ambisie kwyn en sterf. Groei en kennis en geestelike kwaliteit is van die uiterste belang.

‘n Mens (julle) moet wortels hê wat diep in die goeie aarde inboor sodat jy stewig kan staan. Julle moet gewortel wees in die geloof, sodat julle gevoed kan word en sodat julle takke kan uitsprei na die lig wat groeikrag gee. Deur die stewigheid en julle wortelstelsel sal julle kan vrugte dra en koelte verskaf aan ander mense.

Die boom is altyd gereed tot diens. Dit word gebruik vir talryke doeleindes om die mensdom te verryk. Dit het vir My, julle Heiland, gedien as krip, maar ook as die vloekhout – sodat die ganse wêreld verlossing kon smaak.

Kyk, Ek, jou hemelse Vader en Elohim, maak jou oë vir jou oop, sodat jy die wonders van My Hande kan aanskou en daaruit vir jou lewe seën kan put. Wees bly vir die stille skoonheid en diensbaarheid van bome.

Hierdie is ‘n les en boodskap vir almal wat My liefhet.

Amen.

# Openbaring 140

### DIT IS JOU VERANTWOORDELIKHEID

*08 Januarie 2008 om 02h00*

Die diepte en kwaliteit van jou geestelike lewe is jou verantwoordelikheid. Ja, jy hunker na meer geloof en jy pleit daarom by My, maar tensy jy die geloof, wat jy reeds besit, nie beoefen nie, kan jy nie verwag dat Ek aan jou meer sal gee nie. Jy smag ook na ‘n dieper en meer realistiese gebedslewe, maar slegs jy kan in die stilte op My wag en ‘n bewustheid van My heilige teenwoordigheid kweek. Ek, jou Elohim, het in jou diepste wese ‘n hunkering na My geplant. Hierdie honger om My beter te ken, is een van My groot gawes aan jou. Ek roep gedurig: “Kom na My toe!” en dit is deur jou antwoord op hierdie wekroep, dat die kwaliteit van jou Christelike volharding geopenbaar word.

Om Christelike verantwoordelikheid te aanvaar is ‘n plegtige onderneming en as dit op ‘n halfhartige wyse aanvaar word, is dit vir My ‘n belediging en vir jou onbevredigend. Ek vereis toewyding wat jou hele lewe omsluit en dit is van hierdie toewyding wat baie van julle terugdeins. Julle is onwillig om die eise van totale oorgawe te beantwoord en die ongelukkige gevolg is dat julle in die skemerlig van onvoldoende geloof lewe. Ek eis nooit van jou om iets prys te gee sonder dat Ek iets beter in die plek daarvan plaas nie. Wanneer Ek vra vir toegewyde lewe gee Ek jou die ewige lewe in ruil en jy betree ‘n dimensie wat jy ook nooit sou glo jy kon belewe nie. Deur verantwoordelikheid te aanvaar vir jou eie geestelike groei, beweeg jy steeds nader aan My, jou Meester en Verlosser.

Amen.

# Openbaring 141

### JOU KRISIS IS ‘N UITDAGING.

*07 Januarie 2008 om 10h00*

In die lewe van elke mens en ook joune kom daar soms krisisse. Dit raak nie net een mens nie, maar kring gewoonlik uit na buite en veroorsaak ook probleme in jou lewe en die van ander. Waarom sal jy voortleef in ‘n donker groef van eensaamheid, droefheid en depressie, terwyl ‘n krisis omskep kan word in ‘n geleentheid om op te staan en weer voluit te lewe tot eer van My jou Skepper? Die wat nou hier lees moet onthou dat hierdie ‘n beskeie doel en boodskap is om jou wie se lewe ontspoor het as gevolg van die een of ander gebeurtenis, aan die hand te vat en te stap in geloof, uit jou krisis te lei en op koers te plaas na ‘n gelukkige en vrugbare lewe.

Jy het miskien ‘n sonde of misstap begaan waaroor jy jouself nie kan vergewe nie. Jy is dalk verslaaf en jou lewe word deur magte beheer waarteen jy in eie krag nie opgewasse is nie. Jy kan daarvan probeer wegvlug, soos Jona, om dan net swaarder beproef te word. Jy kan selfs daarmee saamleef in selfbejammering en afsondering, om uiteindelik ‘n verbitterde mens te word. Maar vir die wat sy oë op My gerig hou, vir jou is daar ‘n oplossing. Jy kan die doel agter dit wat jou getref het, soek en dit omskep in ‘n geleentheid. Jou krisis is ‘n uitdaging.

As jy jouself kan sien en aanvaar soos wat jy is, en jou krisis kan aanvaar as jou probleem, sal dit jou verhouding tot My, jou Elohim, en jou naaste dadelik op ‘n gesonder vlak bring.

Die probleem hoe groot dit ook al mag wees, is maar net tydelik soos jou hele aardse bestaan. Ek, jou hemelse Vader, is daarvan oortuig dat die lyding wat jy moet verduur, nie kan opweeg teen die heerlikheid wat Ek vir jou in die toekoms sal laat aanbreek nie. Kyk, My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is. Wat ‘n heerlike troos en krag. In die stilwees sal jy jou innerlike self opnuut ontdek en sal jy net soos My skryfkneg, ‘n stem hoor wat vir jou sê: “Dit is die weg, wandel daarop. Jy is tog tot alles in staat deur My wat jou krag sal gee. Ja, jou geloof is nie van jou of jou gevoelens of jou krag afhanklik nie. Dit is ‘n gawe van My. Aanvaar dit, wees dankbaar daarvoor en gee jou lewe onvoorwaardelik aan My oor.

As jy graag weer sinvol en gelukkig wil lewe – as jy bereid is om jou swak hand in ‘n sterk Hand te plaas – luister dan Ek roep jou: “Kom na My, Ek sal jou toerus met al die krag om jou krisis te oorwin.”

Wees lief vir My jou Meester en Verlosser.

Amen.

Van hier

# Openbaring 142

### TERWYL JY IN NOOD IS.

*07 Januarie 2008 om 12h20*

Is daar iets wat julle kan wegtrek van My liefde vir jou? As julle probleme het of swaarkry of vervolg word, as julle gebrek ly of arm is, of selfs in gevaar is, of doodgemaak word?... Ek, jou Elohim, is baie seker dat daar niks is wat jou van My liefde kan wegtrek nie. Dit maak nie saak of julle lewe of julle dood is nie... of julle te doene het met engele nie of met magte van die duiwel nie. Wat dit ookal mag wees waarmee julle te doen het, daar is niks, letterlik niks, onder al die dinge wat Ek geskape het, wat julle sal kan wegruk van My liefde vir julle nie, want Ek het hierdie liefde vir julle gebring.

Amen.

# Openbaring 143

### ‘N LIED IN DIE HART

*08 Januarie 2008 om 23h00*

‘n Singende mens is ‘n gelukkige mens. Ek, jou Elohim, het bedoel dat daar sang in die wêreld moet wees. Kyk, daar is sang in die natuur en in die dierewêreld. Ja, daar was sang met My geboorte en daar sal eenmaal in die hemel sang wees. Dit is goed vir julle wat nou hier lees, dat Ek, voordat Ek uitgegaan het na Getsemane, saam met My dissipels ‘n lofsang gesing het. Lofsange word altyd gebore in dankbare harte, al is dit dan onder die droewigste omstandighede. As die mens sy lied verloor, verloor die lewe sy sin en betekenis. Julle vra waarom kon Ek sing? Omdat My hart in harmonie was met My Elohim en omdat Ek die werk wat Elohim aan My opgedra het, nougeset gedoen het. Dit beteken nie dat My taak maklik was nie, maar die loflied het sy eie bemoediging, selfs in die swartste nag. Ek kon sing omdat My gewete skoon was en omdat Ek geglo het geregtigheid sal seëvier.

Sang het getuig van gehoorsaamheid en oorgawe aan die wil van jou Hemelse Vader. Ek het geweet wat vir My voorlê, maar tog kon Ek ‘n danklied sing omdat Ek seker was dat Ek binne die wil van My Vader opgetree het. My sang het ook getuig van selfopoffering om die mens se ontwil. Hoe moeilik ook die pad wat Ek moes loop, in die geloof het Ek die oorwinning oor die magte van die Bose reeds gesien en kon Ek by voorbaat seker wees in die stryd vir die oorwinningsgenade. Om te sing met die vervulling van julle Godgegewe plig. Om onder die kruis in te buk, nie murmurerend nie, maar met ‘n loflied op julle lippe en dit agter die Groot Kruisdraer aan te dra. Dit leer julle dat julle ook moet sing in tye van probleme en beproewing. Dit sal nie moeilikhede laat verdwyn nie, maar dit sal julle krag gee om dit te dra.

Wanneer ‘n koning in sy paleis woon, wapper die vlag oor die paleis. In die koning se afwesigheid egter, is daar geen vlag te sien nie. Sang is die vlag wat die gelowige uithang om aan die wêreld te toon dat Ek in sy hart woon.

Ek weet dat omstandighede soms dreig om die lied in jou hart te smoor. Ek sal jou krag gee om My voorbeeld te volg. In My Naam Jahshua Messias.

Amen.

# Openbaring 144

### NABY MY.

*08 Januarie 2008 om 23h55*

As jy liefhet, wil jy graag naby hom of haar wees, saam wees.

Ek Jahweh is altyd naby julle. Julle hoef nie ver te reis om My te vind nie. Die oomblik dat julle na My verlang, is Ek reeds by julle, in julle. Wat meer is, Ek ondersteun julle, Ek gee tree vir tree raad, wysheid en insig. En wanneer julle swak, wankelend en onseker voel, dra Ek julle.

Ek is jou Elohim en Ek sal wonderdade vir julle doen.

Amen.

# Openbaring 145

## ORDELIKHEID.

*09 Januarie 2008 om 00h15*

Wanorde skep onrus, onsekerheid, ongelukkigheid, smart en ellende. My vyande skep graag chaos en onrus om My en mens en mens om mens as't ware uitmekaar te jaag. Ek word nie gedien in wanordelikheid en die wilde opsweping van die gees nie. Die hele skepping getuig daarvan dat Ek 'n God van orde is. Die resultaat van goeie orde is vrede. Die mens se lewe weerspieël My vrede. Elke gelowige kan strewe na ordelikheid in elke byeenkoms, in die openbare lewe, in die gemeente en in die intiemste kring. Met 'n gedissiplineerde leefwyse, 'n goedversorgde liggaam en die ordelike benutting van tyd, verheerlik julle My.

'n Geordende ordelike lewe – van die kleinste persoonlike opset tot by die breedste terrein van landsbestuur en kommunikasie met die wye wêreld, strek tot elke indiwidu se liggaamlike en geestelike voordeel. Sonder 'n strewe na vrede met alle mense en 'n heilige lewe, kan niemand My sien nie. Die wysheid wat van Bo kom, bring 'n mens in die regte verhouding met My, Elohim, en jy moet dit gebruik om vrede te maak. Ek gee om. Ek het die aarde en alles daarop sinvol en ordelik geskape. Ek kan ingryp in 'n wêreld waar die wanorde en antichristelikheid die orde en vrede bedreig.

Julle sug: “Die ou wêreld is so deurmekaar!” Maar glo julle nog in My en dien julle nog My, Elohim van orde en vrede?

Amen.

# Openbaring 146

## HY SAL SORG.

*09 Januarie 2008 om 01h30*

'n Dag wat in My Naam begin word, het meer betekenis as 'n gejaagde, wanhopige instorm in net nog 'n dag. Wanneer 'n mens in moeilike omstandighede liewer die lakens oor jou kop wil trek eerder as opstaan, kan 'n intensiewe sessie met die Skrif en gebed jou letterlik op die voete laat kom, die lig laat sien en moed gee om probleme te takel. Ja, julle staan so gereeld met julle lysie versoeke voor My. Julle maak julle harte opreg voor My leeg. Maar wat gebeur daarna? Julle stap net so verder – steeds swaarbelaai met julle laste en kommer. Julle het skoon vergeet om die pakkie in My hande te plaas! Julle het klaar vergeet dat julle so pas gelees het: “Ek sal sorg.”

Ek sal sorg. In My vind julle vreugde. Ek vervul julle begeertes. Glo in My. Vertrou op My. As julle dit kan regkry, wag daar kalmte en gemoedsrus. Ek gee sterkte, pleks dat julle op eie krag steun. Ek rig julle verstand, julle handewerk en julle voetstappe. Ek woon in julle. Julle leef en beleef deur My; praat, werk en geniet deur My. Die vrede en kalmte wat Ek gee, is bo julle verstand. Wanneer onderhandelings van watter aard ook al gevoer word, of belangrike vergaderings plaasvind, is gebed vooraf noodsaaklik. 'n Gebed uit die hart, ja, 'n opregte uitreik van My in Wie se hande alle lotgevalle op aarde is.

Wees lief vir My en jou naaste.

Amen.

## Tot hier

# Openbaring 147

### IN DIE HART

*09 Januarie 2008 om 02h30*

Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe. In ‘n mens se hart lê ‘n hele wêreld waarvan niemand weet nie, waar niemand behalwe Ek kan inkyk nie. Voorwaar, daar word nie ‘n front voorgehou of toneel gespeel nie. Daar is dit net jy en die Heilige Gees in jou wat sake uitsorteer.

Hier in die hart lê die oorspronge van ‘n mens se lewe. In jou hart kan jy met My verkeer soos met niemand anders nie. Wanneer jy dringend behoefte het om oor ‘n saak te praat, vind ‘n mens meermale dat daar niemand is vir wie jy met so iets wil belas of kan vertrou nie. Daarom is die stille gebed diep in die hart ‘n kuur, ‘n terapie, ‘n uitlaatklep, ‘n oplossing en ‘n verlossing. Die gebed kan ‘n mens se hart sonder woorde blootlê. Ja, dit is veel beter as baie woorde sonder ‘n hart. Gebed gee vlerke aan die siel, maak ‘n mens bewus van My alomteenwoordigheid. Want julle kan orals en enige tyd bid – selfs sonder woorde bid. Om uit die hart te bid leer julle hoe om te lewe.

‘n Dankbare en diensbare lewe is ‘n gebed. Dit is ‘n kruik wat voortdurend uit My Woord opgevul word. Die bedoelings en gedagtes van die hart word deur die Woord beoordeel. Niks, maar niks in die skepping is vir My onsigbaar nie – alles lê oop en bloot voor My oë. Die tyd raak min. Moenie huiwer om My te bemin nie.

Amen.

# Openbaring 148

### DIEN MY MET BLYDSKAP.

*09 Januarie 2008 om 03h30*

“As julle My liefhet, sal julle My opdragte uitvoer.”

Baie van julle beskou oorgawe aan My, Messias as ‘n streng dissipline wat ‘n ondraaglike las hy julle lewe voeg. Julle voel dat die koste van dissipelskap ‘n te hoë prys is om te betaal. Soos wat die eise van julle geloof toeneem, so word julle greep op My swakker, totdat dit heeltemal los raak en julle terugval. Julle ly dan ‘n onbevredigende geestelike lewe wat vervulling kortkom. Jou verbondenheid aan My saak moet nooit as ‘n las beskou word nie. Jou lewe in My behoort een van vreugde te wees en soos wat jy in My groei, behoort jou vreugde toe te neem.

As jy waarlik aan My toegewy is, sal jou hoogste begeerte wees om My beter te ken en beter te dien. Soos wat jy groei in geloof, sal jy gedurig streef na maniere om My beter te dien omdat jy wil, nie omdat jy moet nie. Om op jou pelgrimsreis hierdie toestand te bereik, is dit nodig dat jy steeds meer van My, Jahshua sal weet deur Bybelstudie en gesonde Christelike lektuur. Jy moet egter ook My, die lewende Messias, persoonlik ken en gedurig deur gebed in gesprek met My verkeer. Soek daarna om met My te wees, en hoe meer Ek ‘n onlosmaaklike deel van jou lewe word, hoe meer vreugde sal jy in My diens ondervind.

Verbly jou in My diens.

Amen.

# Openbaring 149

### LIEFDE.

*09 Januarie 2008 om 10h00*

Julle sal in die gimnasium van die liefde moet gaan oefen om fiks te word, indien julle ‘n jubellewe wil lei wat julle geestelike groei betref. Sonder die teelaarde van die liefde, in die ware Gees van die groot Liefde, kan julle nooit strewe om ware draers te word van die vrugte van die Gees nie. My liefde moet die hoofdoel van jou lewe wees.

Amen.

# Openbaring 150

### DIE WONDERBARE KRAG VAN LOFPRYSING.

*11 Januarie 2008 om 00h30*

Dis dikwels die geval dat wanneer jy oor gebed nadink, jy My, Elohim, wil dank vir wat Ek vir jou gedoen het, jou behoeftes aan My wil voorlê en voor My jou sondes en tekortkominge wil bely. Ja, dit is droewig maar waar, dat julle dikwels nalaat om My gebedslof te betuig. Moet nooit die krag van lofprysing in jou gebedslewe onderskat nie. As ‘n medemens jou beïndruk, dan praat jy woorde van lof teenoor hom of teenoor ander mense. Goeie kunstenaars, sportmanne, musikante en sangers word oorlaai met lofbetuigings. Heldedade, toewydings en diens word geloof. As enigiemand ‘n besondere mate van voortreflikheid in die lewe openbaar, word die persoon met lof oorlaai. Daar is altyd ‘n rapport tussen die gewer en die ontvanger van lof.

Waarom sal julle My dan nie met lofprysing dien nie? Dink aan al die uitnemende dinge (dade) wat Ek gedoen het; die wonderwerke wat uit My vloei; die besondere graad van My liefde. Bepeins vir ‘n oomblik die wonders van die heelal en die skepping; van menslike lewe en prestasie en loof en prys My. Bo almal is Ek julle lof en danksegging waardig. As jy daarop konsentreer om My te loof en prys, sal jy ‘n baie besondere verhouding met My skep, wat jou gebedslewe sal transformeer en jou liefde vir My sal vermeerder. Jy sal steeds, deur lofbetuigings, ‘n kragtiger getuie vir My word.

Lofprysing is die produk van ‘n singende hart. Dit is die innerlike mens wat hom verbly in die liefde en My genade.

Amen.

# Openbaring 151

### WEES ‘N BLYMOEDIGE CHRISTEN.

*11 Januarie 2008 om 02h00*

Die gelowige se lewe is ‘n lewe van diens en oorgawe. Dit mag wees dat jy geroep word om tussen mense in nood te arbei, of dat jou terrein administrasie of ‘n ander vorm van dienslewering is. Wat dit ook al mag wees, dit sal van jou eis dat jy jou tyd en jouself in My diens belê. Ongelukkig het baie van julle die gewoonte om julle taak vir My met ‘n swak gesindheid te verrig. Julle sal julle werk doen en dikwels sal julle dit voortreflik doen, maar julle is onplesierige mense met ‘n swak menseverhouding. Dit

bederf julle dade wat openbarings van barmhartigheid of genade in My Naam moet wees. Die gevolg is dat mense huiwer om julle te nader vanweë die gesindheid waarmee hulle gehanteer word.

Jy moet altyd onthou dat watter taak jou ook al opgelê word om vir My te doen, dit in My Naam gedoen word en jou gesindheid sal 'n goeie of slegte invloed op die Christelike geloof hê. Om te verseker dat jy die heerlikheid en liefde weerspieël in alles wat jy doen, moet jy dit in die krag van die Heilige Gees doen. Volg die voorbeeld van liefde, deernis, begrip en nederigheid wat Ek in My bediening geopenbaar het. Sodoende sal jou dissipelskap en bediening vrugbaar en effektief wees en tot My verheerliking.

Kyk, blymoedigheid is die onmiskenbare teken van die teenwoordigheid van My, Elohim.

Ek maak van jou 'n blymoedige dienskneg.

Amen.

# Openbaring 152

### MOENIE JOU GELOOF ONDERMYN NIE.

*11 Januarie 2008 om 03h10*

Moenie van mekaar kwaad praat nie. Een van die grootste ondienste wat jy aan My, jou Meester, se saak kan bewys, is om die werk van 'n mededienskneg van My te verkleineer. Dikwels word afbrekende en nadelige kritiek teenoor 'n ander dienskneg uitgespreek. Die grondslag daarvan is dikwels teologiese of dogmatiese verskille. Die gevolg is noodwendig 'n verswakking van geloof deur een van die twee persone. Dit skep ook twyfel in die gedagtes van die toeskouers, want is die fondament van die Christelike geloof dan nie die liefde nie.

Elkeen het die reg op 'n eie opinie en hierdie feit moet altyd gerespekteer word. Jy hoef nie noodwendig met ander saam te stem nie, maar dit is 'n Christelike vereiste dat verskille konstruktief gehanteer moet word en venynige twisgesprekke vermy moet word. Te dikwels word mense meegevoer deur hulle obsessie met hulle eie standpunt en die eis dat julle mekaar moet liefhê word oorboord gegooi. In al julle onderhandelinge moet julle onthou dat julle dieselfde Elohim dien, en al verskil julle metodes van mekaar, is julle uiteindelike doel om My te verheerlik. Dit kan nie in 'n atmosfeer van bitterheid geskied nie. As jy egter in gedagte hou dat jy altyd in die teenwoordigheid van My is en getrou aan jou geloof wil wees, durf jy nie nalaat om liefdevol op te tree nie. Kyk, Ek sê weer: "Moenie van mekaar kwaad praat nie."

Amen.

# Openbaring 153

### STADIG! PADBLOKKADE VORENTOE.

*11 Januarie 2008 om 10h30*

Bekering is nie die eindpunt nie, dit is maar 'n beginpunt. Daar lê nog 'n lang reis vir julle vorentoe. Met julle bekering draai julle die rug op die verderf en Satan as eindpunte van julle lewe, maar julle is nog nie tuis nie. Julle moet dag na dag doelgerig koers hou na My toe. Dit is 'n oorbekende feit dat mense groot aandag gee aan materiële dinge en die plesier van die lewe. Dikwels word dit oorheersende faktore in julle alledaagse lewe en spoedig wentel julle hele lewe daarom heen en word julle totaal daarvan afhanklik. Kyk, jy het met jou hele sterk en aggressiewe natuur op 'n pad reëlreg weg van My af beweeg. Jy het gemaak soos jy wil en gegaan waar jy wou, maar jy was op die pad van ongeloof. Wat dit ook al mag wees, sodra dit My, Elohim reguleer tot 'n mindere plek in jou lewe, word dit 'n afgod en of julle daarvan hou of nie, en of julle gewillig is om dit te erken of nie, word die persoon wat hom daaraan

skuldig maak, ‘n afgodsaanbidder. Al wat vir jou getel het, was jou pad, jou wil, jou saak en jou eer. Jy het nie besef dat dit die pad van vernietiging is nie.

Enige vorm van verslawing – of dit werk, plesier of gewoonte is – lei tot ‘n pad wat besaai is met slaggate. Gierigheid, obsessie, verslawing, onbeheerste drange is maar enkeles wat, indien dit nie beheer word nie, kan lei tot rampspoed en die onomseilbare en wrang gevolge vir die wat betrokke is, sowel as vir hulle geliefdes en afhanklikes. Ja, langs die pad van sonde lê altyd die pad van My genade en iewers in jou lewe kruis die twee en beweeg jy en Ek op een pad. Kyk, Ek sê: “Die Messias het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.” Ek soek na julle en praat op talle maniere met julle. Julle moet ‘n keuse maak: Verder op jou eie pad, of verder saam met My op My pad. Waar jy die ewigheid gaan deurbring, hang af van jou besluit by My padblokkade in jou lewe.

Genadiglik besluit jy dat jy voortaan My, jou Elohim, se pad gaan bewandel. Nou gaan dit nie meer vir jou om jou wil, jou saak, jou eer, of jou pad nie. Jy kom tot volle oorgawe aan jou Verlosser en so, deur verandering van pad en koers, beweeg jy nou op My pad. Dit is nie altyd ‘n maklike pad nie, maar dit is ‘n pad wat altyd in heerlikheid eindig. Nou kom jou talente en kragte tot volle ontplooiing.

Het jy al by My padblokkade uitgekom? Wat was jou keuse? Op watter pad is jy besig om verder te gaan? Pas op vir enigiets in jou lewe wat indruis teen jou verhouding met My. As dit bots met jou lewe, los dit! Volg My pad en geniet ‘n lewe van vrede en vervulling. My Heilige Gees sal jou hierin bystaan en help.

Amen.

# Openbaring 154

### DIE DRIE KRUISE.

*11 Januarie 2008 om 15h45*

Op die heuwel van Golgota het drie kruise gestaan. Elkeen van hulle het vir julle ‘n besondere betekenis en boodskap.

Daar was die kruis van rebellie en opstand. Die een kwaaddoener het My, Jahshua gesmaad en gesê: “As U die Christus is, verlos Uself en ons.” Hy is die prototipe van almal wat hulle teen die kruis verset; van almal wat te hoogmoedig is om genade te vra; van almal wat My spot en verwerp. Die rebellerende rower het in sy sonde gesterf, nie omdat Ek hom nie “kon” red nie, maar omdat hy nie gered wou word nie. Hy het die ewige dood gekies bo die lewe wat in My, Messias te vinde is. Hy leer julle dat ‘n mens digby jou Almagtige Verlosser kan lewe, en tog in jou hardkoppigheid en sonde verlore kan gaan.

Daar was die kruis van berou en verootmoediging. Daaraan hang die rower wat dood was vir sy sonde, maar wat in My lewe gevind het. Daar is by hom geen bitterheid nie. Daar word geen opstandige vrae gevra nie. Geen eise word gestel nie. Hy smeek alleen om vergiffenis en om onthou te word. Om berou te hê, beteken om van gedagte te verander. Dit beteken om anders na gebeure te kyk en hulle in ‘n ander lig te sien – soos Ek, Elohim, wil hê dat julle moet sien en oor hulle moet dink. Ek het in sy lewe deurgebreek en sy sonde uitgewis en selfs in sy sterwensuur het dit geen mag oor hom nie. Hy word aan My hand die hemel ingelei as eerste vrug van die kruis.

Die middelste kruis is die kruis van verlossing. Dit het My, Jahshua Messias, reeds in die lewe van een rower bewys. Die middelste kruis is die kruis van My wat vir jou sonde gesterf het. Soos wat Ek die kwaaddoener gered het, so red Ek almal wat in skuldbelydenis na My toe kom. Ek doen dit deur My dood aan die kruis en die wederbarende werk van die Heilige Gees. Dit is die Gees wat julle lei om die implikasies van die drie kruise op Golgota in julle eie lewe te verstaan en daarop te reageer. Dit is wat julle leer om in berou en ootmoed te sê: “Ja, ek kos Hom die slae, die smarte en die hoon. Hy dra, na Gods behae, die kleed, die doringkroon. Vir my was daardie wonde, vir my moes Hy daar staan; hy moes vir al my sonde die bittere kruisweg gaan.”

Ek lei jou aan My hand die ewige woninge in, wat Ek vir jou deur My kruisdood verwerf het.

Amen.

# Openbaring 155

*11 Januarie 2008 om 16h30*

Julle neem My aan as Verlosser en Heerser oor julle lewe. Julle word bevry van sondeskuld en las. Julle ontvang gemoedsrus, die ewige lewe en vreugde en blydskap hier en hiernamaals.

Amen.

# Openbaring 156

### WANNEER EK WEER KOM.

*11 Januarie 2008 om 23h00*

Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees as Ek, Jahshua, weer kom.

Vir eeue nou al probeer julle die presiese datum vasstel waarop die wêreld sal vergaan. Ten spyte van die feit dat Ek uitdruklik gesê het dat dit nie vir julle is om die tyd te weet nie en dat alleen Ek dit weet, word die profesieë voortgesit. Die werklike datum van die einde van ons tydsgewrig is van weinig belang, indien jy toegerus is om dit te ontmoet. Die belangrikste aspek van My Wederkoms is nie wanneer dit sal plaasvind nie, maar wel of jy daarvoor gereed sal wees om My te ontmoet en verantwoording te doen vir jou lewe en dade.

Mense doen baie moeite om hulle vir spesiale geleenthede voor te berei: julle maak deeglike voorsiening vir julle aftrede; julle sorg dat julle sake in orde is, indien julle skielik sou sterf. Wanneer ‘n storm dreig, word die deure en vensters gesluit; boere beskerm hulle vee teen die koue van die winter; versekering word uitgeneem teen diefstal, verlies en ongelukke. Hoeveel belangriker is dit dan nie om julleself geestelik en verstandelik voor te berei, sodat jy My wederkoms met vreugde sal verwag nie? Dissiplineer jouself om tyd in gebed en bepeinsing deur te bring in My teenwoordigheid. Gee jou oor aan die invloed van die Heilige Gees, sodat wanneer Ek ookal mag kom, jy gereed sal wees.

Ek het beskik dat die dag van My wederkoms vir julle verborge sal wees, sodat julle as’t ware in spanning op die uitkyk sal wees.

Amen.

# Openbaring 157

### DIE ENIGSTE WARE GOD.

*12 Januarie 2008 om 01h30*

Vanaf die vroegste tye het mense met verskillende gelowe ‘n groot verskeidenheid van gode aanbid. Sommige word gevrees, ander moet gepaai word met gawes en offerandes. Julle vind hierdie afgode in alle vorms en groottes en elkeen is veronderstel om sy eie unieke mag te besit. Een ding wat egter van hulle almal waar is, is dat hulle dooie lewelose voorwerpe is. Hulle het geen gevoel of liefde nie en word gevrees deur die wat hulle aanbid.

Daar is nog ‘n tipe afgod wat deur die mens geskep word. Enigiets waaraan julle verslaaf word, neem die gestalte van ‘n afgod aan. Baie van julle verknog julle siel aan die vergaar van rykdom en besittings, mag en posisie; ander word dwelmslawe. As jy vind dat jy nie sonder een van hierdie en soortgelyke dinge kan klaarkom nie, kan jy seker wees dat jy ‘n afgod geskep het wat jou trou bo alle ander dinge opeis, en dit kan uiteindelik tot jou vernietiging lei.

Ek bied jou egter die lewe in al sy volheid aan as beloning vir jou oorgawe aan My. Ek bied jou liefde, vergiffenis en hoop, verlossing en die ewige lewe. Ek het aan jou ‘n vrye wil gegee om vir jouself te kies.

As jy eenmaal die lewende Messias aangeneem het as jou Verlosser, belewe jy ryke vervulling en vreugde. Dan sal geen ander vorm van aanbidding of toewyding vir jou aanvaarbaar wees nie, omdat jy die enigste ware Elohim ontmoet het.

Ja, kom en ontmoet My!

Amen.

# Openbaring 158

### LIEFDE IS DIE SLEUTEL.

*12 Januarie 2008 om 02h45*

Daar is diegene wat dit uiters moeilik vind om te vergewe. Wanneer jy, of iemand wat jy liefhet, ly as gevolg van iemand anders se optrede, is die neiging om weersin in jou hart te huisves teenoor die persoon wat daarvoor verantwoordelik is, in plaas van volkome vergiffenis te skenk. Ware vergiffenis vereis totale reiniging. Jy kan nie voorgee om te vergewe en dan steeds ‘n grief handhaaf teenoor die betrokke persoon nie. Vergiffenis vereis dat die lei skoon gevee word en dat jy van voor af begin, sonder enige kwade gevoelens in jou hart. Dit is natuurlik nie menslik moontlik nie, maar met My, jou Elohim, word die onmoontlike wel moontlik. Die eerste stap op die pad na vergiffenis is noodwendig gebed. As jy jou of iemand na aan jou te na gekom het, moet jy vir die oortreder bid. Vra My om daardie persoon te seën en aan jou die genade te gee om dit ook te doen. Bid dat My liefde alle bitterheid sal wegneem, sodat die helende balsem van My vrede deur jou wese kan vloei. As dit eers gebeur het, sal jy vind dat die struikelblok van bitterheid verwyder is en die liefde van My, Elohim, sal jou in staat stel om vergiffenis onvoorwaardelik te skenk.

My liefde het oorwinning behaal oor die Bose in sy barbaarsste vorm. Waarom sal jy nie probeer om dieselfde liefde toe te laat om jou van jou bitterheid te genees nie?

Hy wat ander nie kan vergewe nie, breek die brug af waaroor hy self moet stap: elke mens het behoefte aan vergiffenis.

Amen.

# Openbaring 159

### ONTSAGWEKKENDE WONDERWERK.

*12 Januarie 2008 om 03h30*

Jy kan nadink oor wat die grootste wonderwerk vir jou is. Daar is ‘n hele verskeidenheid waaruit jy kan kies. Die voeding van die vyfduisend; water wat in wyn verander word; lammes wat loop en blindes wat kan sien; Lasarus wat uit die dood opgewek word. Ja, almal kan as groot wonderwerke beskou word. Jou antwoord op hierdie vraag kan moontlik meer persoonlik wees. Ek mag jou genees het; wonderlike

gebedsverhorings het plaasgevind; jou lewe mag onherroeplik verander geword het deur My liefde en die werk van die Heilige Gees. Dit mag jy moontlik as die grootste wonderwerk van almal beskou.

Kan daar ooit 'n groter wonderwerk wees as die asembenemende feit dat jy van My 'n nuwe lewe ontvang het? Ek is die grootste van alle wonderwerke. Alle ander wonderwerke kry hulle krag en inspirasie uit My. Ek het gekom en aan die gewone mense My Kom openbaar. In My het mense gesien hoe Ek lyk. Na 'n tyd op aarde het Ek fisiek na die hemel opgevaar en aan My gelowige volgelinge die Heilige Gees gegee. Al het daar reeds baie tyd verloop, is Ek nog lewend en aktief in jou lewe.

Ek behoort aan die ewigheid en kan daarom nie deur tyd en plek beperk word nie. Ek is die grootste wonderwerk ooit en is vandag nog net so werklik soos toe Ek die aarde bewandel het. Glo in My!

Amen.

# Openbaring 160

### **VERTROU MY.**

*13 Januarie 2008 om 09h00*

Ek is werklik, maak nie saak hoe jy voel nie, My genade geld steeds ten volle; Ek Elohim is steeds aan jou kant, al voel jy dit nie. As jy voel of Ek jou verlaat het, maar My ondanks jou gevoelens steeds vertrou, aanbid My en onthou wat Ek reeds vir jou gedoen het.

Ongelukkig vergeet julle van die uiters pynlike offer wat Ek namens julle gebring het. Voor die kruisiging is Ek kaal uitgetrek, geslaan, tot kroon op My kop gesit, en mense het met veragting op My gespoeg. Ek is deur hartelose mense mishandel en bespot, en erger as 'n dier behandel. Toe byna bewusteloos weens bloedverlies, moes Ek 'n swaar kruis teen 'n heuwel op dra, en toe is Ek daaraan vasgespyker en daar gelos sodat Ek 'n stadige, pynlike marteldood aan die kruis kon sterf. Ek kon Myself gered het – maar dan sou Ek jou nie kon red nie.

Woorde kan daardie donker oomblik nie beskryf nie. Dit het Ek alles toegelaat sodat jy 'n ewigheid in die hel gespaar sou bly, en sodat jy vir ewig deel aan My heerlikheid kon hê. Ek het alles prysgegee, sodat jy alles kan kry. Ek het gesterf, sodat jy vir ewig kan lewe. Jy moet nooit weer wonder waarvoor jy dankbaar moet wees nie. Ek wil hê jy moet My ten volle vertrou en Ek wil hê jy moet jouself wees.

Vertrou dat Ek My beloftes sal nakom, ja, jy moet geduldig op My beloftes vertrou. Ek het 'n goeie plan vir jou lewe.

Om deel van My familie te wees, is die hoogste eer en die grootste eer en die grootste voorreg wat jy ooit sal ervaar. As jy die dag onbelangrik, ongelief of onseker voel, moet jy net onthou aan wie jy behoort. Ja, ontvang My in jou lewe as jou Verlosser. Ontvang My vergifnis vir jou sondes. Ontvang My Gees en word nou deel van My familie.

Moenie verskonings maak nie, stel nie uit nie en wag nie vir beter omstandighede nie. Raak betrokke en wees lief vir My.

Amen.

# Openbaring 161

### **DIE DURE PRYS VAN SONDE.**

*13 Januarie 2008 om 21h30*

Gevolge van sonde bly dieselfde. Sonde skei julle van My, Elohim, skep skuldgevoelens, minderwaardigheid en frustrasie en beroof jou van innerlike vrede en gemoedsrus. Jy kan nie sondig sonder om uiteindelik uitgevang te word nie. Julle glo dat julle die uitsonderings is op My Goddelike wet dat jy net maai wat jy saai. Julle sondig sonder enige gedagte aan die gevolge. Sonde het sy eie prys en dit kan geweldig hoog wees indien julle bereken hoeveel hartseer, skande en droefheid dierbares aangedoen word wanneer dit geopenbaar word.

Ek, jou Elohim, versoek niemand nie; sonde word deur jou eie vrye keuse gedoen. Jy skei jou van My af deur jou eie pad te loop en dan af te wyk van My pad. Om doelbewus voort te gaan met sonde, is om geestelike selfmoord te pleeg. Om My te aanvaar as jou Verlosser en Saligmaker van jou lewe en om bewustelik in My teenwoordigheid te leef, is jou sekerste bewaring van sonde. Dan ondervind jy vryheid en verlossing van skuldgevoelens. Die Heilige Gees gee jou die krag om op oorwinningsgrond te leef.

Oorwin jou sonde deur 'n groter Krag.

Amen.

# Openbaring 162

### SO GROEI ONS.

*13 Januarie 2008 om 22h50*

Ek, Elohim, wil hê jy moet grootword.

My doel vir jou is dat jy volwasse word en My karakter aanneem. Ongelukkig word miljoene gelowiges ouer, sonder om ooit groot te word. Julle bly gedurig in jul geestelike babaskoentjies en doeke vassteek. Dit is omdat dit nooit jul bedoeling was om te groei nie. Geestelike groei kom nie outomaties nie. Jy moet wil groei, jou inspan om te groei, en aanhou groei. Jou eerste stap met geestelike groei is om anders te begin dink. Geestelike groei is die proses waardeur julle lewens met die waarheid vervang word.

As julle soos Ek word, is dit omdat julle dieselfde soort keuses as Ek maak, en op My Gees staatmaak om julle te help om die keuses te vervul. Wanneer jy ernstig raak om soos Ek te word, moet jy op nuwe maniere begin optree. Jy gaan van jou ou roetines moet prysgee, ou gewoontes laat vaar en jou denkwyse doelbewus verander. Ja, die Heilige Gees sal jou met veranderings help. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is Ek wat julle gewillig en bekwaam maak om My wil uit te voer. Geestelike groei beteken dat jy en die Heilige Gees saamwerk. My Gees werk met julle en nie net in julle nie.

Kyk, My Woord skep lewe en geloof, veroorsaak verandering, skrik die duiwel af, bring wonderwerke voort, genees seerplekke, bou karakter, verander omstandighede, gee vreugde, oorbrug probleme, laat versoeking wyk, gee hoop, stel krag vry, maak ons gedagtes skoon, bring dinge tot stand en waarborg julle toekoms vir ewig! Julle kan nie sonder My Woord lewe nie. My Woord is die geestelike voedingstof wat vir die vervulling van jou doel noodsaaklik is. Die Skrif word julle melk, brood en kos genoem. So 'n maaltyd is die Gees se spyskaart vir geestelike krag en groei. Daarom moet julle ... ootmoedig die woord aanneem wat Ek in julle geplant het, want die Woord kan julle red.

Moenie tou opgooi nie. Volhard en jy sal ontvang wat Ek belowe het.

Amen.

# Openbaring 163

### WARE MENS.

*14 Januarie 2008 om 04h00*

Dis fundamenteel aan die Christelike geloof dat Ek as mens gebore is en as mens geleef, gesterf en begrawe is, dat Ek uit die dood opgestaan het en na die hemel opgevaar het. Indien dit nie so was nie, sou E, wat julle aanbid, 'n bonatuurlike wese gebly het wat vir die gewone mens ontoeganklik sou wees. Ek sou in ere gehou geword het as 'n ver, afgeleë Godheid wat gevrees en gehoorsaam sou moes word.

Dit was om hierdie teorie te vernietig dat Ek, jou Elohim, in al My alwysheid en liefde vir die wêreld die gestalte van 'n mens aangeneem het en tussen julle kom leef het; gedeel het in julle vreugde om droefheid; dieselfde pyn en emosies as julle gely het. As gevolg hiervan verstaan Ek mense en die lewe – die goeie en die slegte – en as dit nie so was nie, sou jy nie die dinamiese impak van My op die mensdom geken het nie en die mens sou nog altyd in die duisternis gewandel het.

Dit is nou jou plig as gelowige om My deur die manier waarop jy lewe, aan hierdie wêreld te vertoon. My Heilige Gees stel jou in staat om navolgers van My te wees.

Wees lief vir My, julle hemelse Vader.

Amen.

# Openbaring 164

### WAAK TEEN HOOGMOED.

*14 Januarie 2008 om 04h58*

Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val. Ja, dit is 'n onomstootlike lewenswaarheid. Oor die jare heen en in verskillende omstandighede was daar mense uit al die lae van die samelewing wat hierdie waarheid onderskryf. Hulle eie bittere ondervinding het die waarheid en waarskuwing van hierdie wyse woorde bevestig. Daar kom baie tye in die lewe wanneer jy gedronge voel om op jou eie waardigheid te staan, of om 'n gesindheid van koele afsydigheid te handhaaf. Die omstandighede waarin jy so optree, mag as regverdiging dien vir jou optrede.

Wat ook al die situasie mag wees, dit sal verstandig wees om aan jouself te sê: "Daar gaan ek, as dit nie vir die genade van God was nie." Die nederigheid van My, julle Messias, was opvallend dwarsdeur My aardse bestaan. Selfs in My dood en opstanding het Ek tussen alle klasse beweeg sonder hoogmoed of meerderwaardigheid. Volg My voorbeeld. Selfs in oomblikke wanneer jy struikel, sal Ek daar wees om jou by te staan en jou op die regte pad te plaas.

Hoogmoed is die grond waaruit al die ander sondes groei.

Amen.

# Openbaring 165

### WAT EK, (GOD) VAN JOU VERWAG.

*14 Januarie 2008 om 11h00*

As jy jou tiende as ‘n dankoffer gee, maar jy lewe soos jy wil, val jy nog steeds onder My afkeur. Ja, jy kan jou gewete met jou bydrae sus, maar jy kan My nie daarmee omkoop nie. Ek is Elohim en My Woord stel die norm van die lewe waarin Ek ‘n behae het. Wat Ek van jou verwag, is baie eenvoudig: Jy moet My al die lof in jou lewe toeswaai en reg leef volgens My Woord.

‘n Mens kan so maklik die eer wat My toekom, vir jouself neem of aan ander gee en dan verskuil jy jou hart agter jou dankoffer van geld of goed. Jy neem My eer vir jouself as jy roem op wat jy bereik het en jy gee dit aan ander as jy op hulle roem. Dit beteken nie dat jy minderwaardig moet voel oor jouself nie. As My kind mag jy altyd met vrymoedigheid weet: “Ek is tot alles in staat ... “ en kan jy te alle tye waardig voel. Maar dan moet jy daarby weet: “... deur My wat krag gee!” Jy is waardig, maar alle lof kom My toe. En wanneer jy in die regte verhouding met My leef, moet jy dit opvolg met ‘n lewe wat reg is teenoor jou medemens. Dis nie so maklik om te weet wat reg is nie, omdat jy grootgeword het met norme en waardes oor wat reg en billik is. Sommige daarvan is reg, maar ander weer verkeerd. Jou norme en waardes moet deur My Woord gevorm word.

Jy moet “reg leef” nie onderskat nie. Geregtigheid verhoog ‘n volk en ongeregtigheid bring skande oor ‘n volk. Gaan leer in die Skrif wat is reg en doen dit, so ook met wat My skryfknegte vir julle neerpen. Want dit is My Woord. Dit mag aan die begin swaar wees en selfs pynlik, maar doen dit en jy sal My guns ervaar.

Kyk, daar is baie beloftes vir die mens wat reg leef.

Amen.

# Openbaring 166

### DIE BOOM WORD AAN SY VRUGTE GEKEN.

*14 Januarie 2008 om 22h30*

Die mens is nie wat hy van homself dink nie, maar wat hy dink, dit is hy. Jou werklike wese is diep in jou hart verberg. Dis waarom Ek, Jahweh, so ‘n intense belangstelling het in die innerlike van die mens. As jou innerlike reg is, sal jou lewensuitinge ook reg wees, omdat jou lewensuitinge deur jou innerlike gesteldheid bepaal word. As jou lewensuitinge verkeerd is, dan is dit omdat jou innerlike nie reg is nie. Die boom word aan sy vrugte geken.

Jy was eerlik met jouself en het verstaan dat die vergrype van jou lewe die vrugte was van ‘n sondige gemoed, of hart. Eers kom die gedagte in die hart op en dan volg die daad. As die daad verkeerd is en jy het nie dadelik berou en maak dit reg nie, maar herhaal dit, vorm jy ‘n verkeerde gewoonte. Die gewoonte beïnvloed jou karakter en jou karakter weer jou lewensbestemming. En dit alles het by ‘n gedagte in jou hart begin.

Wat Ek, Elohim, van jou vra, is dat daar opregtheid diep in jou hart sal wees. En as dit waar is, sal jou dade, gewoontes, karakter en lewensbestemming daaruit voortvloei. Jy sal ‘n betroubare en veral bestendige mens wees. Mense sal jou kan vertrou. Ek sal jou kan vertrou. Maar jy sal ook ‘n mens wees met albei voete op die aarde en dit sal nie swaar vir jou wees om die offer te bring wat Ek van jou vra nie: “Verootmoediging.” Dan het Ek My doel in jou lewe bereik en ‘n rein hart in jou geskep, jou gees vernuwe en jou standvastig gemaak. Mooier en beter kan dit nie met jou gaan nie. Waak dan oor jou hart meer as oor enigiets anders wat jy besit.

Luister, en waak oor jou hart!

Amen.

# Openbaring 167

### Jou krag is uit My, Elohim.

*14 Januarie 2008 om 23h35*

Jy sal meer as een dag ervaringe hê wat jou klein en verpletterd laat voel. Dis menslik. Kyk, Dawid het dit ook gehad. Toe hy moes vlug vir Saul en Doëg wat hom verraai het, moes hy so gevoel het. Maar dit het hom nie ondergekry nie. Doëg was nie so 'n belangrike persoon in sy lewe nie. Ek, Elohim, was die belangrike Persoon. En wat My betref, het Dawid geweet dat Ek hom nooit in die steek sou laat nie. Maar dit was nie net Ek wat sterk gestaan het in Dawid se lewe nie. Dawid het ook sterk gestaan in sy geloof en vertroue in My.

Ja, jy staan sterk wanneer jy besef dat jy nooit alle verantwoordelikheid vir jou lewe alleen dra nie. Messias dra saam met jou. Enige verantwoordelikheid is gedeelde verantwoordelikheid. Jou krag kom by Sy almag en dit maak jou sterk, ook wanneer jy swak is. Deur tot geloof te kom, het jy tot 'n vennootskap toegetree. Jy mag wel die klein vennootjie wees en Ek die grote, maar jy is in vennootskap met My ten opsigte van jou lewe en jy kan met groot vrymoedigheid op My skouer rus. Ook wanneer die vloekhout te swaar word om te dra, wees dan net stil en weet Ek dra saam en My krag is genoeg om die kruis te dra. As jy so jou lewensverantwoordelikheid enduit met My kan deel, sal jy onoorwinlik wees en bly.

Dit vra natuurlik van jou dat jy voortdurend in 'n geloofsverhouding met My moet leef. As Dawid na Doëg moes kyk en My misgekyk het, was hy verlore. So moet jy by jou vraagstukke en probleme verby kyk en die oog op jou Lewensvennoot hou en weet: Ek is getrou.

Wees lief vir My!

Amen.

# Openbaring 168

### Wat is verstandige optrede

*15 Januarie 2008 om 00h05*

Soms kom jy voor 'n moeilike keuse te staan en dan weet jy nie wat om te kies nie. Dit is altyd 'n goue reël om niks te doen waaroor daar die geringste twyfel is nie. As daar 'n stem in jou sê dat alles nie pluis is nie, stop dan in jou spore. Moenie verder gaan nie, want so lei die Heilige Gees jou. Toe jy My aangeneem het as jou Verlosser en tot bekering gekom het, het jy die Heilige Gees ontvang. Hy is in jou om jou te herinner aan My, jou Messias, om jou die weldade van My deelagtig te maak, maar ook om jou in jou alledaagse lewe te lei. En hy doen dit deur jou gewete en onderbewussyn. Wees dan fyn ingestel op hierdie sagte en dikwels skaars voelbare leiding van die Heilige Gees.

Om so te luister, is om verstandig te wees in My oog. Maar dit kan ook wees dat jy voor 'n keuse te staan kom waar jy direk weet dat die een saak indruis teen My Woord. Dan mag jy dit nie kies nie, al lyk dit hoe aanloklik. Om te luister na My Woord, is verstandig in My oog. Dis sonde om teen My wil in opstand te kom. Dan bots jou belange met My belange en jou weg met My weg. En Ek, Elohim, is besig om die skepping na My bestemming te neem. Maar as jy gehoorsaam is en bereid om kinderlik van My leiding afhanklik te wees, sal jy inpas in My plan en sal daar uitkoms vir jou kom.

Leef dan elke dag verstandig in My oog. Dit is op die ou end die moeite werd. Om verstandig te leef, beteken dat jy voortdurend na My wil vra en daarna luister. Nie jou wil nie, maar My wil. Kom en verootmoedig jou voor My. Dis wat Ek in jou lewe soek.

Kom na My, wees lief vir My!

Amen.

# Openbaring 169

### DIE VLAM VAN HOOP.

*15 Januarie 2008 om 01h20*

Geloof, liefde en hoop – die drie groot beginsels vir die gelowige se daaglikse lewe. En al is liefde die grootste en geloof die grondliggendste bly hoop nog steeds een van drie. Hoop is ‘n eienaardige verskynsel. Soms is daar geen rede om te hoop op uitkoms of iets beters of selfs iets anders nie, maar dan hoop jy nogtans. Dan bly daar ‘n verwagting in jou hart leef wat maak dat jy voortgaan met jou lewe en nie tou opgooi nie.

Die geheim van hierdie onuitblusbare hoop in jou is Ek, Elohim. Ek hou die vlam van hoop brandend deur jou gebed te verhoor, jou by die hand te neem en jou toekoms te skep. Met My by jou, kan jy jou pad aanhou loop en die lewenslig bly sien. Met My by jou, kan jy met vrymoedigheid bely dat Ek met jou is. As jy glo, glo jy omdat Ek in jou lewe ingekom en geloof gewek het. Dis deur My toedoen dat jy glo. Ja, deur geloof sal jy die lewenslig aan die einde van die donker lewenstonnel sien skyn en met hoop vorentoe beur. En waar jou krag faal, sal Ek jou dra. Ek is met jou.

Dit sal jy glo en bly glo as jou lewe gevul is met liefde. Die mens wat My, Elohim, liefhet, weet dat hy My kan vertrou tot die einde toe. Liefde is werklik die grootste. Liefdeloosheid vernietig alle hoop en uitsig. Liefdeloosheid maak morbied. Hoop dra jou deur die donker toekoms, maar hoop word gedra deur geloof en liefde wat op hulle beurt deur My self gedra word. Voed dan jou geloof en liefde deur jou omgang met My en die hoop sal nooit sterwe nie.

Loop met My en jy sal die lewenslig bly sien. Wees lief vir My, julle Elohim en Meester.

Amen.

# Openbaring 170

### ‘N NUWE LIED IN DIE HART.

*15 Januarie 2008 om 03h00*

Dit gebeur in die lewe dat ‘n mens daarna smag dat Ek, Elohim, moet ingryp in jou lewe net om dinge te verander of om sake op te klaar. So het dit ook met My skryfkneg gebeur: “Hy het gesmag na My hulp” Hy het My lank verwag. Ek, Elohim is die hoorder van gebed. Maar Ek hoef nie altyd “ja” te sê, of onmiddellik te reageer nie. Soms is dit baie noodsaaklik dat julle geloof getoets en julle vertroue op die proef gestel word. Die ware geloof kan daardeur alleen versterk word. Daarom kan Ek so lank stilbly.

Maar wat ‘n pragtige getuienis is dit nie wanneer iemand soos hy kan sê: “Ek het die Vader lank verwag.” Ja, oor ‘n lang tydperk en partykeer onder moeilike omstandighede het sy geloof geweier om te verkrummel en het sy vertroue ‘n anker in My lewe behou. Die geloof beskaam egter nooit nie, want uiteindelik het Ek neergebuig en toe was sy verlossing soveel kosbaarder. En diep in sy hart is ‘n nuwe lied gehoor – ‘n loflied tot My. Ja, hierdie blye mens voel soos iemand wat uit die modder getrek en op ‘n rots geplaas is. Ja, hy besef as verloste dat hy voortaan dank aan My verskuldig is, en die dank wat Ek van hom wil ontvang, is gehoorsaamheid, asook dat hy teenoor ander moet getuig van My weldade aan hom bewys. Hy besef egter dat hy dit ook nie sonder My kan doen nie; daarom moet hy bid dat My liefde en trou hom voortdurend moet bewaak.

Hiermee was die probleme nie opgelos nie, maar uit die weg geruim. Aan ellende ontbreek dit nie so gou in die lewe nie. Daarom moet jy bly bid en weet: Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in My stel.

Voorwaar, dis pragtig om so ‘n getuienis aan te hoor, maar dit sal jou niks baat as jy dit nie in jou eie lewe toepas nie. Julle moet My vertrou soos hy dit gedoen het. Ja, jy moet My vertrou en bly verwag. Julle grootste probleem lê nie in die moeilikhede om jou nie. Dit lê in jou – jou halwe of selfs swak vertroue in My. Daar sal altyd moeilike omstandighede wees, maar as jy My vertrou, gee Ek jou genade om alles te oorwin en blymoedig te wees.

Ek, Elohim, herhaal, vertrou in My en jy sal genade ontvang.

Amen.

# Openbaring 171

### VAN VERTWYFELING TOT VERTROUE.

*15 Januarie 2008 om 04h25*

Soms kan jou lewe so ‘n stryd wees tussen vertwyfeling en vertroue. Jy sink weg na onder en jy steek jou hand uit na Bo. Dit hoort tot jou menswees, tot jou lewe duskant die graf. So is ‘n mens.

Sommige mense sal beweer dat jy as gelowige nooit in vertwyfeling mag verval nie. Ja, hulle redeneer so: Ek het jou gered en verlos van alles wat My nie behaag nie en nou moet jy net uit jou oorwinning leef. Hierdie argument hou egter nie steek met My Woord nie. Ja kyk, daar is talle geloofsreuse in die Skrif wat deur sulke dieptes gegaan het. Hulle was gewone mense net soos jy, en ook mense van My volk. Vertwyfeling beteken nie altyd dat daar iets skort aan jou geloof nie, want daar is so baie redes daarvoor. Dit het baie dikwels te doen met jou liggaamlike toestand: Dinge soos moegheid, hormonetekort, bloeddruk, of selfs ook die lewensomstandighede waarin jy jou bevind.

Een ding staan egter soos ‘n paal bo water. Indien jy begin om na My uit te reik, doen jy die regte ding. Al het jy hoeveel waaroms om te vra omdat jy jouself nie verstaan nie, jou omstandighede nie verstaan nie of selfs My handeling met jou nie verstaan nie, reik uit na My, want in My word jou vertroue herstel. Streef daarna om jou selfbeeld altyd te vorm tot ‘n beeld van jouself in My hande, versorg deur My genade. Kyk weg van jouself en kyk op en weet: Ek is jou helper en jou Elohim. Soms sal dit beteken dat jy jouself moet aanspreek. Dan moet jy jouself afvra: Waarom is ek in vertwyfeling? Jy moet eindig met die oproep tot jou hart: Vertrou op My! Moenie net ander mense aanspreek en aanspoor nie. Doen dit teenoor jouself ook. Kry ‘n greep op jouself en skud die swaarkry af.

Uitkoms uit die tranedal van hierdie wêreld beteken nie die einde van alle trane nie. Al lig Ek, Elohim jou uit jou depressie, vrywaar dit jou nie dat jy nie weer in depressie sal beland nie. Al het julle die volmaakte lewe in My, bewandel julle nog met julle voete die stowwerige paaie van hierdie wêreld met sy beproefde lewensomstandighede en is julle sensitief daarvoor. Reik opnuut en van voor af uit na My. Laat elke dag vir jou ‘n nuwe begin wees saam met My. So dikwels as die waaroms kom, moet jy jou vertroue in My versterk. Verstaan dat jy nie ‘n uitsondering is nie. Wat met jou gebeur, gebeur met elke ander mens.

Dis in die samekoms van gelowiges dat jy My hand op jou skouer sal voel en die storms om en in jou weer stil sal word, sodat jou lewensbootjie verder oor die lewens-oseaan kan vaar. Ek bring rus in die vermoeide siel en dryf alle vrees uit. Maak My jou lewensmetgesel. Soek My op. Praat met My. Die grootste fout wat jy kan maak in jou swaarkry, is om jou van ander mense te onttrek. ‘n Brandende kool gaan heeltemal dood as jy dit uit die vuur haal en alleen laat lê. Dieselfde sal met jou siel gebeur. Soek die gemeenskap van gelowiges op en soek My daar. Ja, daar sal jy My vind – tot heil en vrede van jou gemoed.

Kom en maak dit jou lewenspatroon jou lewe lank.

Amen.

# Openbaring 172

### WAT SOU EK, MESSIAS GEDOEN HET?

*16 Januarie 2008 om 00h45*

Die versoeking is altyd daar om in ‘n gegewe situasie op ‘n normale menslike manier te reageer. Gevolglik sal die skerpheid van die tong geneig wees om ‘n pynlike en snydende aanmerking te maak. Om punte te wen, sal ‘n openbaring van gemeenheid voorafgaan. ‘n Langdurige vete mag die gevolg wees van die weiering om nietigheid te vergewe. Dit is redelik veilig om te beweer dat die meeste van die wêreld se kwale hulle oorsprong in die swakheid en wispelturigheid van die menslike natuur het.

Om die versoeking te oorkom om wraak te neem, of om te reageer op ‘n wyse wat kwaad sal doen aan jou verhouding met iemand anders, word eers rustig, en dink voordat jy iets doen of sê. Oorweeg die manier waarop Ek die situasie sou hanteer het. Die Skrif bevat talle bewyse van vyandiggesindheid, bespotting, valse aantygings, vernedering en verwerping wat Ek moes ly. Desnieteenstaande het Ek niks gedoen of gesê sonder liefde nie.

Afgesien van hoe sterk die versoeking is om in woede in ‘n situasie te reageer, kom vir ‘n oomblik tot stilstand en laat My Gees deur jou hart en gees vloei. Sodoende weet jy dat jy nie die oorsaak sal wees dat iemand seerkry nie. Deur die liefde wat jy betoon, sal jy as oorwinnaar in My uit die omstandighede te voorskyn tree.

Deur My Heilige Gees sal Ek jou help om jou tong en jou emosies te beteuel en dat jy verdraagsame liefde alleen maar tot My eer sal openbaar.

Amen.

# Openbaring 173

### VIR DIE DAE WANNEER ALLES VERKEERD LOOP.

*15 Januarie 2008 om 23h50*

Wanneer die een kleurlose dag met ‘n sleurgang die volgende met eentonige reëlmaat opvolg en dit vir jou lyk of jou lewe geen sin of doel het nie, ontwikkel ‘n mens maklik die gesindheid dat niks eintlik in die lewe die moeite werd is nie en dat alles vir jou maar net verkeerd loop. As dit jou ongelukkige ondervinding is, bewys dit dat jy besig is om jou greep op die lewe te verloor of reeds verloor het. Die lewe moet doel en betekenis hê as jy sinvol wil lewe. Ja, jy vra, hoe is dit moontlik om so ‘n negatiewe gesindheid te ontwikkel? Moontlik verrig jy nou al jare lank dieselfde werk en sover jy kan sien, sal jy dit nog vir baie jare doen. Wat, mag jy met reg vra, is die nut om te dink dat sake sal verander? Jy voel asof jy in ‘n doodloopstraat is waaruit jy nooit sal kan ontsnap nie.

Een van die feite van Christelike wedergeboorte is dat dit jou gesindheid verander. Waar jy vroeër sonder hoop of verwagting gelewe het, plant Ek, Messias, nuwe hoop in jou hart en laat Ek alle terneergedruktheid en wanhoop verdwyn. Wanneer jy in My waarlik begin lewe, kyk jy met nuwe oë van begrip en liefde na die lewe en jou medemens. Hierdie konsep van lewe wat Ek oordra, gee aan die lewe sin en betekenis, sodat jy nooit hoef te vra nie: “Is dit die moeite werd om te lewe?“ Wanneer My kragtige gedagtes jou denke vul en die Heilige Gees se krag jou gees deurweek, besef jy die ryke kwaliteit van jou geloof en sal jy nooit weer die sin van die lewe bevraagteken nie.

Moenie vrees dat jou lewe tot ‘n einde sal kom nie, maar eerder dat dit saam met My sal begin. Wees lief vir My, julle Vader en Meester in die hemel.

Amen.

# Openbaring 174

**DEUR MY, MESSIAS SE VREDE BEKOOR.**

*16 Januarie 2008 om 02h30*

Almal van julle hunker op die een of ander tyd in julle lewe na vrede en gemoedsrus. Die algemene onsekerheid in wêreldgebeure skep ‘n gevoel van onrustigheid. Siekte, dood, onveiligheid huishoudelike steurnisse veroorsaak bekommernis en onvrede in julle gemoed. Die lys is eindeloos, maar die resultate is altyd dieselfde: Bekommernis en stres. Baie van julle wat hierdie dinge ervaar, soek professionele hulp. Die psigiater se rusbank en kalmeermiddels word vir julle die aanvaarde lewenswyse. Ander, wie se wilskrag ontbreek, wend hulle tot dwelms of alkohol in ‘n poging om die realiteit van die teenswoordige uit te wis. Nog ander ly in stilte, terwyl die lewe vir hulle betekenis en sin verloor. Hulle leef voort in ‘n lugleegte wat beroof is van alles wat die moeite werd is.

Die enigste seker manier waarop jy al die druk en spanning van die lewe kan hanteer, is om ‘n geloof te besit wat ferm geanker is in My. Jou verhouding met My kan nie ‘n vlietende saak of ‘n kwessie van gerief wees nie. Jy moet ‘n permanente ervaring van eenheid met My in jou hele lewenswyse beoefen. Hou aam My vas in alle situasies. Praat met My, hoe desperaat jy ook al mag wees. Weet verseker dat Ek altyd met jou is. Al is dit vir jou moeilik om My vrede te begryp, sal jy dit herken as dit deur jou wese vloei en alle vrees besweer.

Die kern van vrede is Ek, Elohim; die geheim van vrede is vertroue. Kry vertroue in My en wees lief vir My, jou hemelse Vader.

Amen.

# Openbaring 175

**VERTEL DIE KINDERS.**

*16 Januarie 2008 om 22h20*

Voorregte bring verantwoordelikhede mee. Dis jou besondere voorreg om My, jou Elohim, te mag ken in al die heerlikheid van My verlossende genade. Maar dis ook jou besondere verantwoordelikheid om jou kennis en ervaring aan die volgende geslag mee te deel en om hulle op te roep om My na te volg.

Die mens is broos en ‘n klein mensie, ‘n kind, is die broosste van alle brooshede. Hierdie stukkie broosheid het Ek, Jahweh, in jou hande kom plaas. Jy moet hom of haar voed, koester, vorm, bou en versterk om te wees wat Ek wil hê hulle moet wees – ‘n beelddraer van My, Elohim. Kyk ‘n keer na jou hande en dink daaroor na dat dit nie net instrumente is om jouself te bedien nie. Dis godgegewe om ‘n brose mensie by die hand te neem en by al die aangrypende openbaringsoomblikke van My stil te staan en die aandag daarop te vestig. Verduidelik EK IS en dat Ek die een is wat julle navolg deur die lewe.

Dit is een van die kosbaarste en mooiste oomblikke in die lewe wanneer jy ‘n kind na My en die oorgawe aan My kan lei. Daar is soveel bewyse van die genade en liefde van My om jou in die natuur, die geskiedenis en die daaglikse lewe, maar veral in jou eie verlossing en heilservaring, dat jy oorgenoeg materiaal beskikbaar het vir jou tere taak. Hoe vroeër jy hierdie taak doen, hoe dieper sal dit insig vind. Maar dan moet jy self die pad loop wat Ek aanwys. Die beste vertelling van My genade geskied, nie deur jou tong nie, maar deur jou voorbeeld. Jou tong moet jou kwaliteit van lewe net verduidelik. So sal jy jou kind met jou meeneem op pad na My. Jou kind sal dan verstaan as jy sê: ”Die God is ons God, ons Elohim en Meester vir altyd. Ek sal julle altyd lei.”

Onthou, hulle is aan jou gegee en in jou hande geplaas.

Amen.

# Openbaring 176

### KYK, EK KOM GOU.

*17 Januarie 2008 om 00h15*

Ja, met hierdie woorde sluit die Skrif af. Kyk, daar moes nog baie eeue verloop het voor die koms van My, julle Messias. Maar Ek is haastig om te kom en is steeds besig om die verloop van dinge so te lei dat dit op die presiese oomblik op My koms sal uitloop. Daarom moet julle nie so dwaas wees om die beslissing vir My en My Ewige Koninkryk uit te stel nie.

Kyk, Ek kom gou! Julle moet geestelik paraat word! Ja, julle beleef reeds desperate toestande in die land. Julle mense word daagliks op die wreedaardigste maniere vermoor, verkrag en beroof. Julle word van julle voorregte ontsê. Boere word van hulle plase gedryf en daar is reeds wetgewing goedgekeur om julle te ontwapen. Ja, julle het vreemdelinge in julle eie land geword. Julle sal weer gesuiwer moet word van vreemde gode wat onder julle is en weer vir My, Elohim, ‘n altaar oprig. Kyk, My wette word vertrap. Maar in hierdie stryd sal Ek weer aan julle verskyn, wanneer Ek kom sal julle ‘n uitstorting van die Heilige Gees ervaar, maar dit sal eers gebeur nadat julle, julle weer tot My bekeer het en die vreemde gode verwyder is.

Daar staan geskrywe: “Onderwerp julle dan aan My; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.” Die ware feit is dat geen mens ooit deur My geroep word om ‘n opdrag van My uit te voer, sonder die salwing, of toerusting van die Heilige Gees om jou vir die taak te bekwaam, waarvoor Ek jou geroep het nie. As Ek jou roep, sal Ek jou ook toerus! Julle finale stryd vir vryheid en om dit te kry, sal saamval met My wederkoms. Eers nadat julle in julle benoudheid na My geroep het, julle bekeer het, julle sondes bely het, julle gereinig het en julle voor My verootmoedig het, sal die Verlosser kom. Die Skrif sê: “Vandag as julle My stem hoor, verhard nie julle harte nie.” Ja, My wil sal nooit suksesvol weerstaan word nie.

Wat julle nodig het, is weer ‘n manifestasie van My krag in julle lewens en onder My volk, sodat julle kan hoor wat Ek sê. Julle moet vergesel word met die krag van die Heilige Gees. Julle moet sê wat Ek sê, en doen wat Ek sê. In My teenwoordigheid oefen julle dan jul koninklike, priesterlike en profetiese amp uit. Deur volmaakte liefde teenoor mekaar en teenoor die God van liefde vervul, leef julle in volmaakte harmonie wat nooit deur geen enkele wanklank versteur word nie.

En nou moet julle tot ‘n besluit kom: Om My belofte aan te neem. Mag Ek jou die krag gee, dat jy wat hier lees, jou vandag nog sal oorgee aan My, jou Elohim en Vader in die hemel. Word Wakker!

Kyk, Ek kom gou! So spreek Ek, julle Hemelse Vader.

Amen.

# Openbaring 177

### DROEFHEID.

*17 Januarie 2008 om 01h25*

In hierdie oomblikke roep Ek, Elohim, jou liefdevol toe om na My toe te draai en in My rus te vind. Ek, die lewende Messias, wat jou verseker dat jy eindelik weer by My verenig sal wees, wag om jou teer vorentoe te lei uit jou droewige duisternis na My wonderbare lig en na die huis waarna Ek gegaan het om vir jou voor te berei. Terwyl dit mag wees dat woorde in jou holklinkend is, is dit waar dat My Gees

jou kan en sal vertroos, as jy maar net jou hart vir My wil oopmaak. Laat My toe om jou in jou droefheid by te staan en jou op My pad te lei. Nooi My in jou lewe in en Ek sal jou pad verlig en jou vul met My vrede. Ja, dan sal jy weer aan die sonkant van die lewe begin leef.

Droefheid is ‘n vrug; Ek Elohim laat dit nie op takke groei wat te swak is om dit te dra nie.

Amen.

# Openbaring 178

### DIE LOSPRYS VIR ‘N MENSELEWE.

*16 Januarie 2008 om 23h35*

Jy is nie ‘n uitsondering as jy soek na finansiële sekuriteit nie. Dis menslik. Finansiële sekuriteit is egter een ding, maar om voortdurend te strewe na materiële rykdom is ‘n ander. Moet nooit in die versoeking val om die waarde van jou lewe of enigiemand anders s’n in terme van besittings te bereken nie. Dis wel so in hierdie wêreld dat ‘n ryk man dikwels geëer en ‘n arm man geminag word. Maar dis verkeerd en sondig. Wat besit enige mens wat Ek, Elohim, nie aan hom gegee het nie? Sy geld? Wel, as Ek hom nie verstand en gesondheid gegee het nie, sou hou nooit die geld kon verdien het nie. As Ek hom nie uit sy ouers gebore laat word het nie, sou hy dit nooit kon geërf het nie. Daar is baie intelligente en gesonde mense wat nooit iets sal besit nie, bloot net omdat hulle uit hulle spesifieke ouers gebore is. As jy iets besit, moet jy My dank daarvoor en beskeie wees daaroor.

Of jy ryk of arm is, voor jou en elke ander mens staan die dood. Niemand sal daaraan ontkom nie. En die dood maak gelyk. In die dood is almal gestroop van alle besittings. Dis net Ek, Elohim, wat jou kan loskoop uit die mag van die dood en aan jou die ewige lewe gee aan die ander kant van die graf. Die prys wat Ek daarvoor moes betaal, was dat Ek, jou Messias, My lewe aan die kruis neergelê het. Met My eie bloed het Ek betaal, sodat die dood oor jou geen mag sal hê nie. Al is dit waar dat jy eendag moet sterf, is dit net so waar dat die dood jou as verloste kind van My, nie sal kom beroof van die ewige lewe nie. Die dood het vir jou in My net ‘n mylpaal geword wat jy bereik en verbysteek. Die ewige lewe is ook nie iets wat wag tot na jou dood nie, nee dit breek nou reeds deur in die vorm van jou geestelike goedere – die dinge soos geloof, liefde, goeie werke of dankbaarheid. Die losprys is betaal en jy behoort aan My of jy leef en of jy sterf.

Ja, die losprys is reeds betaal!

Amen.

# Openbaring 179

### MOENIE JOUSELF AFKRAAK NIE.

*17 Januarie 2008 om 02h30*

Daar is van julle wat die gawes wat Ek aan julle geskenk het, so minag dat die gawes later onbruikbaar word. Ander bekla die feit dat hulle so algemeen en alledaags is dat hulle geen gawes hoegenaamd het nie. Beide hierdie gesindhede is vir My ‘n droefheid. Ek, Elohim, het aan elkeen van julle ten minste een gawe gegee. Aanvanklik word dit kwalik opgemerk, maar dit is daar en wag om ontdek en ontwikkel te word. Jy het die verantwoordelikheid om eers daardie gawe te ontdek wat Ek aan jou gegee het, en om dit dan tot die maksimale potensiaal te ontwikkel.

Aanvanklik sal jy probleme ondervind en jy sal talle verskonings vind waarom hierdie gawes nie gebruik kan word nie: Jy is te besig, daar is nie tyd nie, jy ervaar werksdruk. Maar die hoofrede mag by jou verbygaan. Dit is dat jy bang is om aan My gawes te begin werk in geval jy misluk en dit nie kan voltooi

nie. Iemand fluister in jou oor dat jy nie reg is vir die taak nie, en jy aanvaar hierdie leuen klakkeloos, sonder 'n poging om te wys dat dit verkeerd is.

Ek, Elohim, gee nooit aan jou 'n gawe wat jy nie met inspanning en toewyding tot vervulling kan bring nie. Aanvanklik skyn dit bo jou natuurlike vermoë te wees, maar Ek gee aan jou die genade en die krag om geestelik sterk te word en die kern van die gawe wat Ek aan jou gegee het, te ontwikkel en tot volle ontplooiing te bring.

Onthou, indien jy deur ander gerespekteer wil word, is dit belangrik dat jy jouself sal respekteer.

Ek, jou Elohim, sê weer: "Ontdek dit en ontwikkel dit."

Amen.

# Openbaring 180

### GENADE.

*17 Januarie 2008 om 03h00*

Julle kan My nog steeds "julle Vader" noem, die grootste voorreg wat 'n nietige mens beskore is. Laat julle dan op hierdie dag julle seëninge tel en onwrikbaar weet dat Ek gister, vandag en tot in alle ewigheid dieselfde is.

Die genade van My sal met almal wees.

Amen.

# Openbaring 181

### SAAI DIE SAADJIE.

*17 Januarie 2008 om 03h10*

Jy moet ontdek dat jou medemens net so opreg soos jy is en agter die uiterlike die hart raaksien wat hunker na liefde, vriendskap en deernis. Jy moet jou boek van klagtes teen die lewe kan toemaak en rondom jou soek vir 'n plekkie waar jy 'n paar saadjies van blydskap en liefde kan saai. As jy gewillig is om hierdie dinge te doen, selfs al is dit net vir 'n dag, dan het jy jou goud gebring, en so sal jy ook My liefde ontvang.

Amen.

# Openbaring 182

### IS HEILIGMAKING JOU IDEAAL?

*17 Januarie 2008 om 03h15*

Oral in die wêreld word gefokus op voortreflikheid en volmaaktheid. In die kunste, die wetenskap en die sakewêreld, streef almal na maniere om metodes en masjinerie te vervolmaak in die naam van vooruitgang. In baie gevalle het volmaaktheid so 'n obsessie geword, dat die mens toegelaat het dat morele en geestelike standaarde daaronder ly. Die skoonheid van My skepping word dermate geplunder deur besoedeling en afvalstowwe, terwyl die mens se masjinerie voortrol. Wapens van dodelike aard

word vervaardig, omdat een volk die heerskappy oor 'n ander wil verkry. Persoonlike en etiese waardes neem 'n tweede plek agter monetêre wins.

Daar is net een volmaakte lewe wat die moeite werd is om te leef, en dit is die lewe wat Ek vir julle vooropstel. Niks anders kan aan jou ware vervulling en bevrediging gee nie, want die lewe in My is ewig en konstant. Alle ander dinge is maar minderwaardige substitute. Wat ookal jou taak, op welke terrein van die lewe dit ook mag wees: Indien jy ware voortreflikheid en volmaaktheid nastreef, moet jy seker maak dat Ek jou gids is in jou onderneming. Wy alles wat jy doen aan My; bly binne My wil in alles wat jy aanpak; handhaaf die standaarde wat Ek daargestel het. As dit jou ideaal bly, sal jy 'n graad van voortreflikheid en volmaaktheid bereik wat niks en niemand anders jou kan bied nie. Julle moet heilig wees!

Amen.

# Openbaring 183

### SOEK JY VIR MY (JAHSHUA)?

*17 Januarie 2008 om 02h00*

Daar is in hierdie dag baie mense wat naarstig probeer om My te vind. Julle soek My in aanbidding, bepeinsing, gebed en in studies van die Skrif. Julle sonder julle af; hou konferensies, seminare en werkswinkels in 'n poging om My te ontmoet. Duisende woon evangeliese saamtrekke by met die hoop om My te vind in die ekstase van lofprysing, of in die drama van Goddelike genesing en bekerings. Daar is ook hulle wie se eertydse lewende geloof die gloed daarvan verloor het en hulle hernu hulle pogings om by My, wat vir hulle vroeër soveel beteken het, uit te kom. Baie behaal sukses hierin en geniet die wonder van nuwe gemeenskap met My. Ander misluk weer en hulle geestelike lewe bly dor en kaal en troosteloos; hulle geloof taan en hulle dryf verder weg van My na wie hulle so naarstig soek en nodig het.

As jy eerlik soek om My te ontmoet, is een seker manier om My tussen mense te soek. Waar daar ook al 'n nood is, sal jy My sekerlik vind en Ek sal met jou wees in enige daad van barmhartigheid wat jy verrig. Die Messias wat jy soek, leef in die hart en denke van mense en in die glimlag van dankbaarheid wanneer jy liefde en deernis betoon. Dit is hier waar jy die Meester wat jy soek sal ontmoet. Dit is in die stilte wat Ek gevind word en deur misteries wat Ek Myself openbaar.

Wees lief vir My, julle hemelse Vader en Meester.

Amen.

# Openbaring 184

### TROTSE ERFENIS

*17 Januarie 2008 om 23h15*

Is jy trots daarop om 'n gelowige te wees? Is jy te alle tye gereed en gewillig om op te staan en getel te word deur die heerskappy van My oor jou lewe te bely? Of is daar tye wanneer jy stilbly of skaam is om jou geloof te erken uit vrees dat jy "uit" sal wees onder 'n besondere groep persone. Daar is baie geleenthede wanneer die gelowige hom met My moet identifiseer: As die morele gedrag van iemand in jou geselskap bevraagteken moet word; wanneer taal of grappe tot die rioolvlak daal; wanneer godslasterlike kommentaar gelewer word. Dit is maar enkele voorbeelde van tye wat vereis dat 'n gelowige hom sal losmaak van die algemene gesindheid, al beteken dit dat hy onpopulêr of bespot sal word.

Toe Ek op die punt was om gevange geneem te word en daar mense was wat My gesoek het, het Ek geen poging aangewend om hulle te bedrieg nie. My antwoord op hulle vraag spreek van opregte eerlikheid en oorgawe en gehoorsaamheid aan My wil. Ek sê sonder twyfel: “Dit is Ek!” My antwoord bewys die kwaliteit van My moed, want Ek het maar te goed geweet van die vernedering, verwerping en lyding wat sou volg. Volg My voorbeeld en put by My krag. Wees daarvan seker dat wanneer die tyd kom, jy ook met nederige trots sal kan bely dat jy ‘n gelowige is.

‘n Gelowige is iemand wat My leiding in hierdie wêreld deel.

Amen.

# Openbaring 185

### **WARE LIEFDE.**

*19 Januarie 2008 om 00h05*

Die woord “liefde” is seker die woord wat in enige taal die meeste gebruik word, maar die minste verstaan word. Oor die jare heen is dit gebruik om jou gevoelens teenoor kuns, kos vrye tyd en ontspanning aan te dui. Op ‘n persoonlike vlak word dit gebruik om jou gevoelens van toegeneentheid te beskryf. Dit word selfs gebruik in verband met klere en ander materiële besittings. Ja, tot watter lengtes sou jy gaan en watter opofferings sal jy gewillig wees om te maak ter wille daarvan?

Kyk, Ek, Jahshua Messias, het aan julle die betekenis van ware liefde kom demonstreer toe Ek My lewe gewillig vir jou en die hele mensdom gegee het. Om jou van jou sonde te red, was Ek gewillig om vir julle te sterf en julle straf om My te neem. Johannes sê: “Niemand het groter liefde as dit nie; dat Ek My lewe vir My vriende aflê.” Ware liefde behels die bring van offers ter wille van ander. Dit beteken om verdraagsaam, geduldig en begrypend te wees, selfs in die moeilikste omstandighede. Dit behels vergiffenis en die gee van jouself ter wille van ander. Dit beteken om ander lief te hê, soos wat Ek jou liefhet.

Ek sê weer: “Wees lief vir My.”

Amen.

# Openbaring 186

### **SOEK VIR GOEIE IN ANDER.**

*19 Januarie 2008 om 00h40*

Daar is gelowiges wat onbewustelik die funksie van die Heilige Gees vir hulleself toe-eien. Hulle is gedurig besig om ander mense van hulle sondes te probeer oortuig en aanhoudend op hulle foute te wys. Dit is die Heilige Gees se prerogatief om mense van sonde te oortuig en hulle tot ‘n werklike ervaring van My, die Messias, te bring. Wanneer ‘n gelowige gedurig ander mense veroordeel, is hy blind vir die dinamiese element van die Christelike evangelie: Dat alle mense in My nuwe skepsels kan word. Ja, baie is reeds gesê en geskryf oor die noodsaaklikheid om My eerste te plaas in jou lewe. Die oproep tot onderwerping aan My wil en tot gehoorsaamheid aan My bevele word telkens beklemtoon. Gelowiges word opgevorder om weg te draai van die eise van die samelewing, sodat hulle My met vreugde kan volg. So baie opregte gelowiges probeer voldoen aan die vereistes wat gelowiges opgelê word in hulle poging om ‘n gelowige lewe te lei. Indien hulle eerlik is, sal hulle bely dat dit makliker gesê as gedaan is.

‘n Nuwe skepsel in My is vergewe en al bly hy nog die prooi van versoeking, is hy by magte om dit in die krag van My, sy Verlosser, te hanteer. ‘n Ware gelowige sal die nuutgebore dissipel in ‘n nuwe lig sien.

Ja, hy sien nie meer die feilbare kant van die menslike persoonlikheid met al sy swakheid, onaangenaamheid en sonde nie, maar hy begin die verborge potensiaal vir die goeie verstaan in hulle wat hy teëkom. Hy sien die goeie selfs in hulle wat geen trou aan My bewys nie, en hy ontwikkel ‘n waardering vir alles wat waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig is. As julle al die versoekings en verleidings in ag neem wat in die moderne wêreld op julle pad gelê word, is dit verstaanbaar dat dit uiters moeilik is om ‘n lewe te leef wat beantwoord aan My eise. Dit vereis wilskrag en sterkte van karakter wat ver bo die vermoë van die gemiddelde mens is. Die tempo en spanning van die hedendaagse lewe plaas jou onder enorme druk. Hierdie druk word vererger wanneer jy geroep word om vir My te getuig in omstandighede wat reëlreg in stryd is met ‘n gelowige lewenstyl.

Dit is juis in hierdie omstandighede dat jy jou lewe moet oopstel vir die invloed van die Heilige Gees. Nooi Hom om beheer oor te neem oor jou hele wese en jy sal die krag van My ondervind wat jou in staat stel om alle struikelblokke te oorwin wanneer jy vir, deur en in My leef. Die toekoms van die hele menslike geslag hang daarvan af of julle die individuele siel meer volkome en volmaak onder heerskappy van die Heilige Gees kan bring. Wanneer die gelowige soek na die goeie in mense, vind hy dat die persoon geleidelik reageer op dit wat van hom verwag word. Dit mag tyd neem, maar as jy deur die intuïsie wat die Heilige Gees skenk, net die beste in mense soek, vind jy dat hierdie mense dikwels die uitdaging van My aanvaar. Ja, aanvaar My uitdaging!

Amen.

# Openbaring 187

### DIE BELONING VAN GEDULD.

*19 Januarie 2008 om 01h45*

Julle voel dikwels dat julle gebede kragteloos is; dat julle noodgeroep na My, Jahweh, op dowe ore val en dat Ek geen ag daarop slaan nie. Julle bid ernstig en opreg, maar dit lyk of daar geen antwoord kom nie. Dan begin julle twyfel oor julle geloof, of erger nog, oor die doel en waardes van gebed. Gevolglik beland baie van julle in ‘n geestelike wildernis. Julle moet besef dat Ek, julle Elohim, alwetend is en gevolglik oorskou Ek die lewe vanuit ‘n ewigheidsperspektief. Jy kan met geen mate van sekerheid verby die teenswoordige sien nie. Ek weet van alles wat vir jou voorlê, vandag en tot in die verre toekoms. Gevolglik sal Ek My antwoorde op jou gebede in ag neem wat vandag, môre en oormôre vir jou die beste is.

As gevolg hiervan moet Ek soms ‘n remmende hand op jou impulsiewe gees lê. Ek doen dit dikwels deur die antwoorde op jou gebede te weerhou, totdat die tyd daarvoor reg is. Moet nooit met My ongeduldig word of probeer om My antwoorde vooruit te loop nie. Soek My aangesig in gebed en bepeinsing en wees stil voor My. In My eie volmaakte tyd sal Ek My aan jou openbaar: Ek sal antwoord op jou smagtende noodroep tot My.

Die graad van julle geloof, is die graad van julle gebed. Die krag van julle hoop, is die krag van julle gebed. Die warmte van julle liefde, is die warmte van julle gebed.

Amen.’

# Openbaring 188

### ONS HEIMWEE NA GOD.

*19 Januarie 2008 om 02h35*

Psalm 61:3 “Ver uit die vreemde uit, in wanhoop, roep ek na U.”

‘n Immigrant het een middag op die rotse by die see gaan sit en verlangend oor die blou water in die rigting van sy geboorteland getuur. Toe hy daar was, was dit nie goed genoeg nie. Daarom het hy geëmigreer. Toe hy hier kom, was dit ook nie goed genoeg nie en het hy terugverlang. Terwyl hy daaroor nadink, besef hy dat, waarheen hy ookal mag gaan, daar altyd onrus en heimwee in hom sal wees. So is dit met elke mens. Dis ‘n gewoon menslike toestand. Dit spruit uit ons verlating van die paradys. Die verlange na die verlede is ten diepste ‘n verlange na die verre verlede van die paradys waar die mens met My, Elohim, gewandel het.

Hier is julle nou in die vreemde en hoor julle die uitnodiging diep in julle onderbewussyn of hart: “Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is.” Hou ouer julle word, hoe sterker trek die verlede en hoe sterker verlang julle na My. Hier het jy jou huis, familie, vriende, werk en nog baie ander dinge, maar dit alles is van verbygaande aard. As gelowige is jou ware burgerskap in die hemel en is jy hier ‘n vreemdeling. Die wêreld kan jou nooit sielerus gee nie. Jou uiteindelike tuiste kan nie hier wees nie. Dis by My!

Soos ‘n voëltjie wegvlieg van die grond met al sy gevare en veilig gaan skuil in die oorhangende takke van ‘n hoë boom, en soos ‘n dassie wegskarrel van die vlaktes en diep in ‘n rotsskeur inkruip buite bereik van die vyand, so vlug die gelowige spontaan en van nature na My, Elohim, jou toevlug en vesting. By My is jy in jou hoë boom en in jou klipskeur.

My liefde en trou wat jy deur die jare ervaar het, het in jou hart geregistreer en jy weet jy kan altyd daarop staatmaak. Hoor dan voortdurend die uitnodiging: “Kom na My toe!” en kom na My toe met al jou sorge en vreugde.

Ek seën jou vandag!

Amen.

# Openbaring 189

### TOTALE AFHANKLIKHEID.

*19 Januarie 2008 om 03h20*

Jy kan so maklik jou swaarkry ervaar as benadeling deur jou medemens. Hy is onredelik en onbillik. Hy staan in die weg van jou sukses. En hier binne-in jou ontwikkel dan ‘n gevoel teen hom. Sommige kom sover as om te haat.

Dis verkeerd!

Wel is dit waar dat jou medemens iets te make het met jou swaarkry, maar Ek is die outeur van die lewe. Jou vyand kan niks aan jou doen as Ek jou beskerm nie. My hande, wat Ek beskermend om My kinders hou, is ondeurdringbaar. So kan Ek jou bewaar teen die dade van jou teenstanders. Maar as Ek nie My hande om jou hou nie, kan geen mens jou help nie. Dis waarom jy jou lewensteenspoed in die eerste plek uit My hand ontvang.

Wanneer jy jou in soortgelyke omstandighede bevind, doen dan wat jy moet doen. Wend jou tot My met jou hand in jou boesem en nie met ‘n beskuldigende vinger na jou medemens nie. Dalk is jy nie so onskuldig soos jy wil uitmaak nie. Ek weet alles. Wat jou betref, buig jy maar onder My hand wat swaar op jou druk, bely jou tekortkominge, bid om ‘n hartsvernuwing en vra My om uitkoms. Dis wat Ek wil bereik met al die swaarkry in jou lewe. Ook dan, wanneer alles so donker is om jou, moet jy weet Ek is met jou.

Jy is in My hande. Ek is besig om met jou te handel. Ek kon jou gelos het, maar Ek doen dit nie, omdat Ek jou liefhet. Dis waarom jy tot My kan bid, al het jy die gevoel gehad dat Ek teen jou is. Jy weet dat Ek so naby aan jou is, dat jy net kan praat en Ek sal jou hoor.

Bid en vra My vir uitkoms!

Amen.

# Openbaring 190

### DIE EINDOORWINNING.

*19 Januarie 2008 om 04h00*

In My profetiese preke (Matt. 24 en 25) en veral in Openbaring, vind julle dinge wat op die toekoms betrekking het. In breë lyne word hier die geskiedenis van die Nuwe Bedeling getrek. So vind julle telkens in die Skrif dat dinge wat baie eeue van mekaar verwyder is, in een asem in die profesieë genoem word. Kyk in Matt. 24 lees julle byvoorbeeld die voorspelling van die verwoesting van Jerusalem en onmiddellik daarna praat Ek, Jahweh, Jahshua van dinge wat eeue later eers sou plaasvind. En tog hou hierdie dinge ook met mekaar verband. Uiteindelik sal die wêreld om dieselfde rede verwoes word en dit is omdat My volk My verwerp het. Namate die einde egter naderkom, sal die natuurverskynsels en hulle voorkoms al korter op mekaar en al erger wees. Kyk, die Skrif voorspel dat die ongeregtigheid sal vermeerder, terwyl die liefde van die meeste sal verkoel. Daar sal oorloë en gerugte van oorloë wees, terwyl nasies teen mekaar sal opstaan. Allerhande natuurrampe sal die wêreld teister: Aardbewings, hemelliggame uit hul bane geruk, hongersnode en pessiektes. Ook hierdie dinge merk julle al hoe meer op. Namate die einde naderkom, sal die mens se innerlike ook al hoe meer veranderinge ondergaan. Julle sal 'n massamens word wat die valse godsdiens navolg. Ja, al duideliker sien julle hierdie dinge in julle tyd na vore tree en word julle as gelowiges geroep om julle voor te berei vir die tyd van vervolging. Wanneer die mens nooit meer aan My, Messias en My wederkoms dink nie, sal Ek weer kom. Sigbaar sal Ek vir almal verskyn, dan sal almal sien dat Ek die Koning van hemel en aarde is en die bevoegdheid het om alle mense te oordeel. Dit beteken dat die mense, wat werklik in My as hul God en Verlosser geglo het, en die egtheid van hulle geloof deur die doen van goeie werke bewys het, vrygespreek sal word. Sal jy gereed wees om My te ontmoet as Ek verskyn?

Kyk, Ek herhaal weer soos voorheen: Ja, Ek kom gou! Wees gereed!

Amen.

# Openbaring 191

### DEUR MY KENNIS.

*21 Januarie 2008 om 04h30*

"Mag genade en vrede vir jou vermeerder word deur My kennis." Kyk, Ek het nooit iets gedoen sonder om dit vooraf te sê nie. En as jy nooit sommige van die dinge waarin jy glo nie sê nie, sal jy nooit in daardie areas in geloof wandel nie. En omdat jy dieselfde Gees van die geloof het – glo julle ook, daarom spreek julle ook. My heilige en goddelike krag het dinge aan julle geskenk, deur My kennis. Daarom, elkeen wat hom bely vir My voor die mense, sal Ek voor die Vader bely. En jy kan My, jou lewende Messias, loof daarvoor.

Kyk, soms het jy bely: "Ek weet nie wat om te doen nie. Dit sal nie werk nie. Ek glo nie dit gaan werk nie." Dan het jy daarvoor gebid, maar as jy nie die geloof het nie, dan het jy ook nie toegang tot die Vader gehad nie. Ja sommige van julle het werklik geloof in ongeloof! Kyk, die Woord sê: "Hy wat uit My Elohim gebore is, sal die wêreld oorwin." Ja, jy het oorwin, omdat Ek groter is as die een in die wêreld. Kyk, Ek sal intree vir jou deur My genade en My kennis. Geen onheil tref die regverdige nie.

Kyk, jy het 'n nuwe skepsel geword. Ja jy is gedoop met My Gees, en daarom wil Ek, Elohim, My vandag weer herhaal dat jou laaste dae op aarde gaan jou gelukkigste dae wees, en dit spreek Ek omdat jy My

behaag. Jou dae sal jou gees vul met vrugte. Ja, jy neem toe in My kennis en Ek sal jou versterk volgens My heerlike genade en krag. Geeneen sal jou ooit uit My Hand ruk nie. Ek, Elohim, is aan jou kant, Ek is in jou, wie kan dan teen jou wees?

My Woord wat in jou hart gebore word, word gevorm deur die tong en deur die mond uitgespreek, dan word dit 'n geestelike krag wat die vermoëns van My in jou loslaat. My seun, luister na wat Ek vandag vir jou sê: "Neig jou oor tot My Woord, laat dit nie wyk uit jou oë nie, bewaar dit binne-in jou hart, want dit is die lewe vir die wat dit vind.

Onthou vandag, aktiewe, werkende geloof in die Woord bring My dadelik op die toneel, maar vrees kan net vir Satan bring. Ja, baie van julle vra vandag wat is die waarheid? Ek, jou hemelse Vader, sê vir jou daar is net een waarheid en dit is die Woord, en My skrif is alleen die waarheid.

Vandag wil ek aan jou, My seun en My skryfkneg, sê dat jy weereens jou toets in geloof met My deurstaan het, daarom gaan Ek mense aan jou toevertrou, mense wat deur My genade en liefde versterk is. Jy moet gedurig in gebed met My wees en Ek sal jou lei en dinge gee waarvoor jy vra. Wees lief vir die wat lief is vir jou, en dit deur net so lief vir hulle te wees, so lief as wat Ek vir jou is. Kyk, jy kom uit 'n huis van liefde, en daarom moet jy die liefde voortdra. In My is alles moontlik. Wees net lief vir My, jou hemelse Vader en daar sal nog baie deure vir jou oopgemaak word, jy is 'n skat in My koninkryk. Hou so aan, My getroue kneg!

*(Hierdie gedeelte verwys na Bertus wat met sy ouers verenig is na 8 jaar wat hy hulle nie gesien het nie. Hulle was oorstelp van vreugde oor wat hul seun oorgekom het, en is ongelooflik versterk deur hierdie openbaringe van Vader aan hom.)*

Amen.

# Openbaring 192

### DIE NUWE LEWE.

*22 Januarie 2008 om 23h00*

Hoe heerlik is die seën wat elkeen ontvang wat in My glo. Daar vind nie net 'n verandering in jou gesindheid en leefwyse plaas nie, maar jy ontvang van My, Elohim uit die hemel, 'n algeheel nuwe lewe. Jy word opnuut gebore, uit My, Elohim gebore; ja, jy het oorgegaan uit die dood tot die lewe. Hierdie lewe is niks minder nie as die ewige lewe. Dit beteken nie, soos baie dink, dat julle nou nie meer sal sterwe nie en dat julle huidige lewe tot in alle ewigheid sal voortduur nie. Nee, die ewige lewe is die lewe wat Ek self, daardie lewe wat Ek van ewigheid af in My gehad het en wat in Messias sigbaar tot openbaring gekom het. Hierdie lewe is nou die deel van elke kind van My. Hierdie lewe is 'n lewe van onbegryplike krag. Wanneer Ek lewe gee aan 'n jong plantjie of dier, dan besit daardie lewe groeikrag waardeur die plant of dier vanself groot word. Lewe is krag. In die nuwe lewe wat in jou hart is, is daar die krag van die ewigheid. Die groei en wasdom van My kinders wat hom aan die werking van die nuwe lewe oorgee, is sekerder as die gesonde groei van enige boom of dier.

Daar is twee dinge wat hierdie krag en die vordering van die geestelike lewe verhinder. Die een is onkunde omtrent sy aard, sy wete en sy werking. Die mens, selfs die gelowige, het in homself geen begrip van die nuwe lewe uit My nie; dit gaan jou verstand te bowe. Jou eie verkeerde idees oor hoe om My te dien en te behaag is so diep by jou ingewortel dat, al dink jy dat jy My Woord verstaan en aanneem, jy tog op menslike en vleeslike wyse oor goddelike dinge dink. Julle moet elke dag soos blindes deur My gelei word. Die jong gelowige moet diep oortuig wees van sy onkunde omtrent die nuwe lewe, en sy vermoë om dit te begryp. Dit is slegs aan mense met so 'n nederige, kinderlike gesindheid wat Ek My verborgenheid bekend maak.

Die tweede hindernis is gebrek aan geloof. In die lewe van elke plant en elke dier en elke kind is daar genoeg krag om dit te laat grootword. Ek, Elohim, het in die nuwe lewe die heerlikste voorsiening

gemaak vir genoeg krag om My kind alles te laat word wat hy moet wees. Ek, Messias self, is sy lewe en lewenskrag. Maar omdat hierdie kragtige lewe nie sigbaar is, of gevoel kan word nie, maar te midde van menslike swakhede werk, begin die jong gelowige dikwels twyfel. Hy glo nie dat hy sal toeneem in goddelike krag en sekerheid nie. Hy begryp nie dat die nuwe lewe 'n lewe van geloof is nie, waardeur hy op die lewe wat daar in My, Messias vir hom is, staatmaak, al sien of voel of ervaar hy niks nie. Laat elkeen wat die nuwe lewe ontvang het, die vaste geloof aankweek: Dit is die nuwe lewe wat in My werk; dit werk met goddelike krag; jy kan en sal word wat Ek wil hê jy moet wees; Messias self is jou lewe; jy moet My elke dag aanneem as jou lewe deur My, Elohim, aan jou gegee, en Ek sal in volle krag jou lewe wees.

Hierdie nuwe lewe is in My, en die Heilige Gees is in jou om al wat in My is, in jou oor te dra. Ja, Ek leef in jou deur die Heilige Gees. Vergeet nooit nie dat al die wette van hierdie nuwe lewe teenstrydig is met alle menslike idees oor hoe om My te behaag. Vrees jou eie idees terdeë en laat My, wat jou lewe is en wat ook jou wysheid is, jou alles leer.

So spreek Ek, julle hemelse Vader.

Amen.

# Openbaring 193

### DIE DOEL VAN CHRISTUS SE SENDING.

*23 Januarie 2008 om 00h15*

Die groot verwydering tussen My, Elohim en die mens het plaasgevind toe die mens in ongehoorsaamheid homself onafhanklik verklaar het van My. Hulle het gedink dat hulle daardeur bevry is, maar in werklikheid het hulle die slawe geword van invloede wat sterker as hulle was. Die eie ek het My vervang; liefde is omskep tot wellus en selfbehaging. Ja, hulle eensydige onafhanklikheidsverklaring van My was rampspoedig, want gebeure daarna het bewys dat hulle in hulle eie wysheid en krag hulself en die wêreld nie kan beheer nie. Al het hulle van My af weggedraai, het Ek nie van hulle af weggedraai nie. Ek het neergedaal tot die vlak van hulle en is verpersoonlik in die lewe en werk van Jahshua Messias. Die doel van Messias se koms, was om die gapende kloof wat hulle van My geskei het, te oorbrug.

Deur die Messias se aardse bediening het Ek, Elohim, aan julle getoon wat julle deur My krag kan word. Julle kan bevry word van sonde, in die verrykende ervaring van My inwonende Gees deel, en 'n steeds ryker gemeenskap met My beleef. Kyk, volgens die Nuwe Testament is dit My ernstige begeerte om, hulle wat van My geskei is, te rehabiliteer. Ek het nie verander nie. My liefde is ewig en hulle wat My en My standaarde aanneem, vind dat hulle verhouding met My volkome herstel is.

Amen.

# Openbaring 194

### JY IS KONINGSKIND.

*23 Januarie 2008 om 01h18*

Jy durf nooit geestelik minderwaardig voel nie. Jy sien miskien hoedat ander betrokke is by gemeentelike bedrywighede, terwyl jy verbygegaan word. Dit lyk of jou vriende oorborrel van die vreugde van My, terwyl jou wandel met My, kleurloos en gebeurtenisloos verloop. In gebed en studiegroepe is dit ander mense wat praat en bid, maar jy sit stil. Ander se kennis is soveel beter as joune, dat dit jou skuldig en onbekwaam laat voel.

Jy moet net altyd onthou dat, toe Ek jou as My kind aanvaar het, Ek dit nie gedoen het op grond van jou kennis, werk of waardigheid nie. Dit het suiwer en alleen afgehang van jou geloof in My en jou aanvaarding van My as jou Verlosser en Saligmaker. Jy sal onthou dat die een misdadiger aan die vloekhout verseker is van sy aanname, nie deur sy prestasies nie, maar suiwer deur sy oorgawe en die genade van My.

Ek aanvaar jou vir wie en wat jy is. Al wat Ek van jou vra, is dat jy in My sal glo en My sal aanvaar as die Elohim van jou lewe. Reageer met blydskap op hierdie uitnodiging en ondervind elke dag die genade en liefde van jou Vader-Elohim. Kyk, Ek, julle hemelse Vader, neem nooit iets van My kinders sonder om julle iets beters in die plek daarvan te gee nie.

Amen.

# Openbaring 195

### DIE PROFETIESE WOORD.

*23 Januarie 2008 om 02h10*

Hierdie Godswoord is baie vas. Dit sê dat julle daaraan moet vashou, totdat iets vir en met julle gebeur. Dit moet vir julle lig gee. Die lewe self is ongelukkig alles behalwe ‘n mooi droom. O ja, daar kom wel soms mooi oomblikke. Daarom moet die profesie hoop bied. Maar wat die Skrif vir die toekoms bied, is mooi. Die profesieë bied ‘n lamp in die duisternis.

Die profesie sê julle moet vashou, totdat die môrester in julle harte opgaan. Die Skrif noem My, Jahshua, self die blink môrester. Ek bring ‘n nuwe dagbreek. Ja, dis die begin van ‘n nuwe era, wanneer die fantastiese toekomsbeeld van die Skrif begin om te ontvou. Dit sal die groot openingsdag van die toekoms wees. Daarna sal die groot opvoering van die ewigheid volgens Goddelike bestel volg. Heerlike gedagte! Die uitgelese mense van die ewigheid sal dan saam vergader. Ja, hulle is die gelowiges van alle eeue. Hulle is diegene wat deur My salig verklaar is. Hulle het in hierdie lewe van My rus ontvang, en sal dan in My ewige rus ingaan. Julle hoef nie daaraan te twyfel nie; die skares van die hemel sal saam vergader; die engele sal juig. Niemand wat daar moet wees, sal afwesig wees nie; niemand wat nie daar hoort nie, sal toegang verkry nie. Niemand sal aan diens wees nie; al diens wat dan gelewer sal word, is om aan My voete neer te val. Ek self is verbind aan die sukses van die profetiese ontvouing. Ek waarborg die dag. Die profetiese woord staan vas – soos Ek, Elohim self.

Toe die dissipels op My hemelvaartdag bekommerd na die wolke kyk, toe sê die manne: “Moenie bekommerd wees nie; die groot dag kom nog.” Ek sal kom soos Ek weggegaan het. Ja, moenie bekommerd wees nie!

Amen.

# Openbaring 196

### DIS ‘N GEES VAN LOF.

*23 Januarie 2008 om 22h30*

Die gees van lof strook met die geestelike inhoud van Daniël se lewe. Daniël se gebruik was om driemaal per dag te bid en om lofprysinge voor My, Elohim, te betuig. Dit was sy gewoonte. Dink net hoe ingrypend ‘n mens se lewe moet verander, as jy soos Daniël moet doen. By Daniël was sy optrede nie die gevolg van gevaar of noodsaaklikheid nie; dit was sy lewenstyl! Hy was besiel met ‘n gees van lof. Daniël loof My asof niks anders saak maak nie. En waar Ek geloof word, is My verheerliking onafwendbaar! As gevolg van hierdie gebruik van oorgawe aan My is Daniël ‘n rustige man. Hy het geleer wat rus waarlik beteken. Dis om My te loof en te vertrou. Dit bring rus en daar is berusting,

ongeag die omstandighede. Kyk, die rustige optrede van Daniël dwing selfs die koning om te erken dat Daniël die kneg van My, die lewende Elohim is. Wat julle moet verstaan, is dat daar by Daniël 'n intieme waardering en 'n intense genieting van My en sy godsdiens was. Hy het geweet van ware rus en geloofsvertroue! Daar kan nie lof aan My wees as daar nie 'n persoonlike belewenis van My is nie. Die lof kom uit 'n hart wat My geniet en intiem waardeer.

Kyk, julle wil nie graag die negatiewe woord bybring nie, maar tog moet julle bevestig: Die sondaar sal My nie loof nie; iemand wat in sy geestelike lewe agterlosig is, sal My nie loof nie. Ja, Daniël het hom verlustig in My!

Hierdie voortreflike gees wat in Daniël gevind is, is ook 'n gees van vertroue. Wie My loof, weet hoe om My te vertrou. Wanneer jy My vertrou en My loof, doen Ek vir jou dinge. Ek is getrou en Ek gee rus.

Kom Ek stel 'n paar duidelike vrae. Moet julle eers 'n pad van verguising loop, voordat julle sal toestem tot My verheerliking? Moet daar eers iets in jou lewe gebeur voordat julle sal wil buig? Moet daar eers 'n krisis kom wat julle lewe of julle huis tref, voordat julle aan 'n voortreflike gees in julle binneste sal toegee? Sal julle dan eers om genade smeek, soos Ek alleen dit kan gee. Wie daagliks buig, sonder die aandrang van 'n krisis, sal rus ken. Ek gee rus, en hierdie rus hou stand by die man en vrou met die voortreflike gees van lof aan My en vertroue in My.

Kom kry rus by My, jou Elohim.

Amen.

# Openbaring 197

### GEESTELIKE VREUGDE.

*23 Januarie 2008 om 23h55*

Dit moet sekerlik waar wees dat die rus wat Ek, julle Elohim, gee en waarvan julle meer leer, namate julle leer om met My saam te beweeg, tot vreugde; ja, tot geestelike vreugde in julle lewe aanleiding moet gee. Ek wat rus gee, moet ook tevredenheid kan gee. Om nou oor geestelike vreugde te praat, moet julle 'n bietjie na die geskiedenis teruggryp, want Ek het nog altyd rus gegee, en met die rus val ook geestelike vreugde en tevredenheid saam. Dis baie noodsaaklik dat julle met blydskap die lewe moet kan ingaan. Kyk, as die volk Israel My volk wil wees, moet hulle na my stem luister. Ja, hulle moet My seëninge kan geniet.

Geestelike vreugde is nie net 'n vreugde omdat dit met julle in die lewe goed gaan nie. Dis nie vreugde in die vorm van die beloning wat tydelike genot bring nie. Dis meer as dit. Dis veel eerder die verwesenliking van onafgebroke gemeenskap met My. Streng gesproke is die volk Israel by onderskeiding anders as die ander nasies, bloot vanweë hulle godsdiens.

My boodskap aan julle is dat as julle daarin sou slaag om My insettinge te onderhou, julle vir julleself geestelike vreugde, rus, veiligheid en voorspoed verseker. Ja, dit sou dan gepas wees om sekere aspekte van hierdie rus en vreugde na te gaan.

Kom, en beweeg saam met My!

Amen.

# Openbaring 198

### TWEESPALT IN DIE BINNESTE.

*23 Januarie 2008 om 23h55*

Elke persoon ken tot ‘n meerdere of mindere mate die innerlike konflik van ‘n verdeelde persoonlikheid. Daar is tye wanneer jy ‘n oorweldigende begeerte het om ‘n eerbare lewe te leef wat geen kompromie maak nie. Geestelike dinge maak dan ‘n sterk appèl aan jou. Jy is vol vertroue dat jy geen gemene of onwaardige gedagtes sal huisves nie en Ek is vir jou ‘n werklikheid in sulke tye. Dit is moontlik dat juis terwyl jy hierdie gevoelens van ekstase ervaar, jou geestelike verdediging verslap en godsdienstige trots en hoogmoed jou geloof in My, jou hemelse Vader, begin ondermyn. Jy verflou geestelik en geniet nie meer die geestelike krag wat jy eenmaal ondervind het nie.

Onder sulke omstandighede is dit moeilik om jou geestelike entoesiasme te handhaaf. Jy weet wat jy moet doen, maar jy vind dit onmoontlik om dit te doen. Jou laer natuur is in stryd gewikkel met jou denke, wen die geveg en maak jou tot slaaf van die sonde. Dit wat ‘n onophoudelike stryd tussen reg en verkeerd in jou gees kan wees, kan alleen besleg word as Ek, jou Messias, in volkome beheer van jou lewe is. As jy volkome aan My oorgegee is en die versekering het dat My lewende teenwoordigheid jou deel is, sal My verenigende en oorwinnende krag tot jou beskikking wees en word jy ‘n verenigde persoonlikheid.

Die eerste stap na die herstel van die siel is kennis van julle eie sonde.

Amen.

# Openbaring 199

### VRYHEID HET SY EIE VERANTWOORDELIKHEID.

*24 Januarie 2008 om 03h00*

Die woord “vryheid” is ‘n baie misbruikte woord. Dit word gebruik om opstandiges te monster en in die naam van vryheid word gruwelike misdade gepleeg. Julle wat die valse leiers volg wat aan julle vryheid beloof, bevind julle gewoonlik onder ‘n nuwe vorm van slawerny. Ware vryheid kan alleen gesmaak word, as die mens se gees vry word van haat, kleinlikheid en naywer, want ware vryheid het ‘n geestelike kwaliteit wat geken en ervaar word deur almal wat My liefhet en dien.

Die oorgrote meerderheid mense leef in slawerny. Hulle mag nie bewus wees van die bande wat hulle bind nie, want hulle het al so gewoond daaraan geraak dat dit ‘n vasgelegde gewoonte geword het. Vooropgestelde idees en verkeerde denkwyses word in hulle negatiewe gesindheid weerspieël. Opvlieënde humeure wat in haat en bitterheid tot uitdrukking kom, openbaar slegs hierdie slawerny wat hulle bind.

Die boodskap van die evangelie bring bevryding vir almal wat gevange gehou word deur die destruktiewe invloede wat julle innerlike wese beheer. Ek, die lewende Messias, vergewe sonde en bevry julle van die bande van die Bose. Dit is ‘n gawe van My volgemaakte liefde as dit in geloof aangeneem word. Soos wat jy My seën se bevryding beleef, sal jy omskep word tot ‘n nuwe, vrye wese wat in harmonie, vrede en liefde met My en jou medemens leef.

Amen.

# Openbaring 200

## DIE KRAG VAN MY WOORD.

*25 Januarie 2008 om 02h00*

Die gelowige moet insien dat hy alles enkel en alleen deur die geloof kan ontvang en volbring. Hy moet slegs glo; Ek Elohim sal sorg dat vervul word wat beloof is. Die gelowige moet elke môre opnuut in My glo en glo dat die nuwe lewe aan hom gegee is en in hom werk. Ek, Messias sorg dat die lewe in hom werk. Omdat julle hierdie krag nie voel nie, dink jy maklik dat jy nie kan glo soos jy behoort te doen nie. Hierdie dwaling kan jou lewe lank vir jou tot skade wees.

Verstaan dit: Die Woord is lewendig en kragtig; deur die Woord is jy wedergebore; die Woord werk in jou geloof; die geloof is deur die Woord. Neem die Woord eenvoudig aan met die vertroue dat dit in jou sal werk. Hou jou met die Woord besig en gee tyd daaraan. ‘n Goddelike lewe lê in die Woord opgesluit. As jy dit in jou binneste dra, sal dit lewe en jou tot stand bring; dit sal ‘n sterk geloof in jou werk wat tot alles in staat is. Jy het My Gees in jou. As jy die Woord aanneem as My Woord wat werk in wat julle glo; as jy op die Woord vertrou om in jou te werk, en op My, die lewende Elohim, wat dit laat werk, dan sal daardie gebod in jou die lus en krag tot gehoorsaamheid wek. Ja, as jy die bevel oorweeg en jou daaraan onderwerp, dan wek dit by jou die begeerte en die wil om te gehoorsaam, dan gee dit jou die moed om te glo dat jy kan doen wat Ek, jou Vader sê. Die Woord werk beide geloof en gehoorsaamheid. Die gehoorsaamheid van die gelowige is geloofsgehoorsaamheid. Jy moet glo dat jy deur die Gees die vermoë besit om te doen wat Ek wil, want deur die Woord werk My, Elohim, se krag in jou. Die Woord as die bevel van My, jou lewende Elohim wat jou liefhet, is jou krag.

Daarom moet die gelowige leer om die Woord gelowig aan te neem. Al verstaan jy dit aanvanklik nie, moet jy aanhou om dit te oordink. Neem dit en hou dit vas; dit sal jou werk met goddelike krag volvoer; die Woord wek op en sterk tot geloof en gehoorsaamheid.

Julle moet nooit die Woord en My, jou lewende Elohim van mekaar skei nie. Onthou die Gees en die Woord gaan altyd saam.

Kom, en beoefen die geloof wat jy het. Neem ‘n belofte van My, Elohim; sê aan jouself dat dit waar is; kom na My en sê vir My dat jy op My reken om dit te volbring; peins oor die belofte en hou daaraan vas in jou omgang met My; reken op My om vir jou te doen wat Ek sê. Ek sal dit beslis doen.

Amen.